# A R B E I D

## PRINSIPIELE ONDERSOEK VAN ARBEID MET 'N KRITIESE TOESPITSING OP ENKELE AKTUELE HOOFPROBLEME VAN DIE ARBEIDSETIEK

Proefskrif ingehandig by die P.U.
vir C.H.O. in die fakul-
teit van Lettere en
Wysbegeerte.

deur

E.J.G. NORVAL, M.A., B.D. (P.U. vir C.H.O.)

Ter verkryging van die graad
DOCTOR PHILOSOPHIAE

PROMOTOR : PROF. Dr. H.G. STOKER.

# VOORWOORD

By die afronding van hierdie studie gaan my gedagte onwillekeurig terug na die jaar 1956 toe die destydse Minister van Arbeid, Mnr. Jan de Klerk, die Potchefstroomse Universiteit versoek het om aandag te skenk aan navorsing m.b.t. arbeidsvraagstukke. Omdat ek destyds voornemens was om 'n proefskrif aan te pak, het Prof. Dr. H.G. Stoker in 'n skrywe aan my gesuggereer dat ek 'n studie moet maak van Arbeid en Arbeidsetiek. Omdat 'n Protestants-Christelike en Calvinisties-wysgerige arbeidsbeskouing nog in die kinderskoene staan, en 'n Christelike georiënteerde Arbeidsetiek nog eintlik gebou moet word, het ek my dadelik aangetrokke gevoel tot die moontlike bydrae wat hier gelewer kan word in belang van die Christelike Wetenskap.

In 1957 is ek vir etlike maande na Europa en Israel, en het ek vir ongeveer drie weke die kongres van die Internasionale Arbeidsorganisasie in Geneva bygewoon. Deur bemiddeling van Minister J.de Klerk en sy personeel het ek talle onderhoude gevoer met verteenwoordigers van werknemersorganisasies, werkgewersorganisasies en verteenwoordigers ( regerings-afgevaardigdes)van etlike lande wat lede van die Arbeidsorganisasie is. Die diskussies het meestal gegaan oor die belangrikste arbeidsprobleme van die verskillende lande. hier het ek ook o.a. 'n lang onderhoud gehad met die Sekretaris van die Katolieke Arbeidersbond van Nederland.

Terwyl ek in Nederland was, het ek navorsing gedoen in die biblioteek van die Vrye Universiteit asook in die Koninklike Biblioteek van Den Haag. Dit was vir my leersaam en waardevol om kennis te maak en diskussies te voer met Prof. Dr. W.F. de Gaay Fortman ('n kenner veral van Arbeidsreg), Prof. Dr. Ir. H. van Riessen, Dr. R. Schippers en Dr. P.J. Bouman (lg. is van Groningen) e.a. Ek wil ook nog die naam noem van Prof. Dr. G. Brillenburg Wurth vir die literatuur en insiggewende wenke

wat ek van hom ontvang het.

Graag wil ek my diepe erkentlikheid betuig teenoor die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing vir die studiebeurs aan my toegeken om vanaf Durban na die P.U. vir C.H.O. te Potchefstroom te reis vir studie en om biblioteke te besoek.

Ook 'n woord van innige waardering aan Dr. P.J. Meyer Voorsitter van die Beheerraad van die S.A.U.K. en Dr. G.D. Scoltz, Redakteur van "Die Transvaler" vir hulle nuttige wenke. Dit was vir my 'n unieke voorreg om met hierdie leidende figure in ons openbare lewe nader kennis te kon maak.

Gedurende die afgelope ses jaar het ek verskillende fabrieke besoek en baie inligting van fabrieksbestuurders en personeeldirekteure verkry oor die praktiese aspekte van industrieë, personeelaangeleenthede, arbeidsverhoudinge ens. Ook het ek onderhoude gehad met bestuurslede van vakbewegings en ek wil veral die naam noem van Mnr. G.H. Beetge vir literatuur en vriendelike belangstelling wat ek van hom ontvang het.

Hier moet ook melding gemaak word van die voortreflike dienste van verskillende biblioteke o.a. die biblioteek van die V.U.; die biblioteek van die P.U. vir C.H.O.; die biblioteek van die Universiteit van Natal; die biblioteek van die Teologiese Skool te Potchefstroom, e.a. Die besondere hulpvaardigheid van die betrokke bibliotekarisse en hulle assistente verdien alle waardering.

Ook aan die administratiewe personeel van die P.U. vir C.H.O. my opregte dank en waardering vir hulle vriendelike bereidwilligheid om inligting te verstrek wat gevra is.

Baie dank en waardering is ek verskuldig aan my eggenote aan wie ek hierdie studie opdra. Haar opoffering en bystand het dit vir my moontlik gemaak om navorsing in die buiteland te kon doen, en haar onderskraging word hoog op prys gestel.

Aan die volgende professore van wie ek tussen die jare

1944 en 1950 my akademiese vorming ontvang het, wil ek baie dankie sê vir die prinsipiële leiding en intense belangstelling: Proff. S. du Toit; J.P. Jooste; P.J.S. de Klerk en S.P. v.d. Walt en W.J. Snyman. Ek dink ook met dankbare herinnering terug aan die voorreg om te kon sit aan die voete van manne soos wyle Prof.Dr. J.D. du Toit en wyle Prof. J.C. van Rooy.

Aan my hooggeagte promotor Prof. Dr. H.G. Stoker wil ek veral baie dankie sê vir alles wat hy vir my gedoen het gedurende die jare wat ek hom ken. Met hom het ek kennis gemaak teen die einde van die jaar 1942, 'n tydperk van oorlog en onstuimigheid. Agter doringdraad ingekamp in Koffiefontein, waar die kennismaking geskied het, was dit my voorreg om verskillende klasse in Wysbegeerte, gevorderee Wysbegeerte, Sielkunde en Sosiologie by te woon wat deur my geagte promotor aan ons Koffiefonteinse "Universiteit" gedoseer is. Dit was aangename ure vir my wat toe vir die eerste maal kennis gemaak het met die Calvinistiese Wysbegeerte en die Christelike Vakwetenskappe. Sy kritiese gees, geniale onderskeidingsvermoë, liefde vir die wetenskap, sy werkvermoë, sy dryfkrag, indringende metodes, breë belesenheid, vakkennis, ens. het my diep beïndruk en waarlik besiel. Ek moet baie dankie sê vir die bekwame leiding, persoonlike belangstelling en inspirasie wat ek van my geagte promoter ontvang het asook vir die gebruik van sy persoonlike boekery. Ook mag ek nie nalaat om die naam van Mevrou Stoker te noem nie, wat altyd met haar vriendelikheid, belangstelling en verversinge klasse en samesprekings met my promotor geïnspireer het.

Ook wil ek besondere dank betuig aan die Eerw. Kerkraad van die Gereformeerde Kerk, Johannesburg-Oos, wat my met my studie in talryke opsigte tegemoet gekom het en aan my in 1964 agt maande studieverlof toegestaan het, sodat ek meer aandag aan my studie kon wy. Dit word hoog waardeer.

By die afronding van hierdie akademiese proefskrif is my hart opreg vervul met diepe ootmoed en dankbaarheid teenoor die Almagtige God wat my die nodige gesondheid en krag geskenk het om dit te kon doen. Aan Hom al die eer.

......

# INHOUD

Bladsy.

Voorwoord .......... i
Inhoudsopgawe .......... v
Inleiding .......... 1
AFDELING A : ORIENTERING .......... 7
HOOFSTUK 1. .......... 7
Algemene ensiklopediese oriëntering m.b.t. Teologie, Wysbegeerte en Vakwetenskap .......... 7
1. Teologie .......... 7
2. Wysbegeerte .......... 9
3. Vakwetenskap .......... 12
4. Hul onderskeid .......... 13
5. Hul samehang .......... 14
HOOFSTUK 2. .......... 17
Spesiale ensiklopediese oriëntering m.b.t. Teologiese, Wysgerige en Vakwetenskaplike Etiek .......... 17
1. Teologiese Etiek .......... 17
a. Die sedelike in die algemeen .......... 17
i. Die Absolute grond van die sedelike .......... 17
ii. Die sedelike as oeronderskeie idion ("verskynsel") van Goddelike oorsprong .......... 18
iii Die sedewet as wet van God .......... 19
b. Die sedelike in die besonder. .......... 21
i. Die sedelike en die sondeval .......... 21
ii. Die sedelike i.v.m. verlossing en heiligmaking .......... 22
2. Wysgerige Etiek .......... 23
a. Die sedelike in algemene visie .......... 23
b. Die sedelike in wysgerige visie .......... 26
i. Die wesensgrond van die sedelike .......... 26
ii. Die afhanklikheidsgrond van die sedelike .......... 29
iii. Die plek van die sedelike in die kosmiese geheel .......... 30

Bladsy.

3. Vakwetenskaplike Etiek .............................. 31

4. Hul onderskeid en samehang.......................... 32

HOOFSTUK 3. ............................................ 34

Oriëntering m.b.t. onderskeie wetenskappe en wetenskaplike dissiplines ........................................ 34

1. In die algemeen ..................................... 34

2. Teologiese Oriëntering .............................. 34

a. Die vertikale versus die horisontale blikrigting 34

b. Die orde van skepping en die orde van sondeval.. 35

c. Algemene en Besondere genade .................. 36

3. Wysgerig-kosmologiese oriëntering ................. 37

a. Die orde van skepping en die orde van sondeval en verlossing ............................ 37

b. Eenheid en differeniasie i.v.m. die geskape kosmos ....................................... 40

i. Inleidende opmerkinge ..................... 40

ii. Vier fundanentele perspektiewe van eenheid en differensiasie ................... 41

(a) Die absolute eenheidsgrond van die kosmos ............................ 41

(b) Die formele of universele eenheid van die kosmos......................... 42

(c) Die eenheid van die kosmos as dié van samehangende verskeidenheid .......... 42

(d) Die eenheid van die kosmos as herstel van verskeurdheid ............... 43

iii. Die kosmiese idiostansies: stof, plant, dier en mens ........................... 45

(a) In die algemeen ..................... 45

(b) Die oorsprongsvraag aangaande idiostansies ................................ 45

iv. Die kosmiese dimensies in hul onderskeid en samehang ..................... 46

Bladsy.

(a) Die kosmiese dimensie van modaliteite 48

(b) Die kosmiese dimensie van (individuele en sosiale) idiostante strukture. 49

(c) Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse .......................... 51

(d) Die kosmiese dimensie van waardes.... 54

v. Die kosmiese wetsorde (w.o. die normatiewe wetsorde) ......................... 55

4. Wysgerig - Antropologiese oriëntering.............. 58

a. Inleiding - Antropologieë ..................... 58

b. Mensbeskouing is belangrik ................... 59

c. Mensbeskouing afhanklik van Godsbeskouing....... 60

d. Enkeling en samelewing......................... 61

e. Menslike gesag ............................... 64

f. Menslike vryheid, toerekenbaarheid en verantwoordelikheid ............................... 67

g. Intermenslike verhoudinge .................... 71

5. Etiese oriëntering ................................ 73

a. algemeen ...................................... 73

b. Sedewet, etiese beginsel en etiese norm......... 75

c. Vergelyking van bostaande met ander Calvinistie-beskouinge ................................ 78

AFDELING B : ARBEID. ................................ 84

HOOFSTUK 4 ........................................... 84

Arbeid as sodanig. ................................... 84

1. Inleidende opmerkinge ............................. 84

2. Arbeid ontleed volgens die kosmiese dimensies ....... 85

I. Algemene opmerkinge .......................... 85

II. Analise van arbeid volgens kosmiese dimensie van gebeurtenisse ......................... 86

a. Arbeid en die dinamiese ................... 86

b. Arbeid en doel ............................ 87

Bladsy.

c. Arbeid as middelhandeling ................ 90
d. Ander soorte van doelstellinge............ 92
e. Die kontinuiteit van arbeid .............. 95
f. Arbeid is nie skeppend nie.............. .... 97
III. Analise van arbeid volgens die kosmiese dimensie van modaliteite ........................ 98
IV. Analise van arbeid volgens kosmiese dimensie van (individuele en sosiale) idiostante strukture............................ ...... 100
V. Analise van arbeid volgens die kosmiese dimensie van waardes ........................ 104

HOOFSTUK 5.......................................... 107
Arbeid in perspektiviese verband ..................... 107
1. Arbeid en die mens ................................ 107
2. Arbeid en die kosmos .............................. 112
3. Arbeid in vertikale verband ........................ 116

AFDELING C : ARBEID EN DIE SEDELIKE.

HOOFSTUK 6. Arbeid en die sedelike..................... 128
1. Arbeid en die sedelike in horisontale verband ....... 128
2. Arbeid en die sedelike in vertikale verband.......... 144

AFDELING D : ENKELE HOOFPROBLEME I.V.M. DIE ARBEIDSETIEK 149

HOOFSTUK 7. Arbeid en die arbeider .................... 149
1. Industrialisasie ..... ............................ 149
2. Massifikasie ......................................... 164
a. Die aard (kenmerke) van massifikasie............ 164
b. Die oorsake van massifikasie..................... 166
c. Die gevolge van massifikasie..................... 167
d. Probleme i.v.m. die oorwinning van massifikasie.. 168
3. Outomatisasie ........................................ 171
a. Die voor- en nadele van outomatisasie........... 171

Bladsy.

b. Outomatisasie in arbeidsetiese visie.......... 176

HOOFSTUK 8 .......................................... 178

Die vakbeweging ..................................... 178

1. Historiese uiteensetting .......................... 178

2. Die Christelike vakbeweging........................ 185

3. Christelik-sosiale beweging in Nederland........... 189

4. Die stryd om die Inter-konfessionalisme............ 192

5. Die Christelik-Nasionale Vakverbond................ 193

6. Verbond van Protestants-Christelike Werkgewers in Nederland. ........................................ 195

7. Die Ondernemingsrade in Nederland.................. 196

8. Verder besprekinge en kritiese opmerkinge.......... 199

9. Algemeen .......................................... 210

AFDELING E : KONFRONTASIE MET ANDERSDENKENDES ........ 211

HOOFSTUK 9 .......................................... 212

I. Liberalisme en Kapitalisme......................... 212

1. Die Liberalisme.................................... 212

2. Die Kapitalisme.................................... 217

3. Kritiek op Liberalisme en Kapitalisme.............. 223

HOOFSTUK 10 ......................................... 234

II. Die Roomse Katolisisme............................ 234

a. Inleiding ......................................... 234.

b. Die Rooms-Katolieke Stelsel ....................... 234.

c. Rooms-Katolieke opvatting van arbeid en sedelike arbeid ........................................... 238

d. Rooms-Katolieke samelewingsbeskouing en belangstelling in sosiale vraagstukke...................... 242

e. Kritiese opmerkinge ............................... 245

i. Kritiese opmerkinge oor die Rooms-Katolieke stelsel.......................................... 245

ii. Kritiese opmerkinge oor Rooms-Katolieke opvatting van arbeid en sedelike arbeid. 250

Bladsy.

iii. Kritiese opmerkinge op die Rooms-Katolieke samelewingsbeskouing en belangstelling in sosiale vraagstukke......... 251

HOOFSTUK 11. ...................................... 253

III. Karl Marx en die Marxisme ...................... 253

A. Motivering vir keuse van Marx.................... 253

B. Algemene oorsig en betekenis van Marx se leer. ... 253.

C. Die mens en sy arbeid volgens Marx................ 255

D. Wantoestande onder die kapitalistiese stelsel volgens Marx ....................................... 258

E. Noodwendige oorwinning oor die wantoestande deur die Kapitalisme geskep volgens Marx .............. 261

F. Kritiese opmerkinge oor Marx se beskouinge ....... 268

a. Kritiek op Marx se beskouinge van die mens en sy arbeid ................................ 268

b. Kritiek op Marx se beskouinge oor die wantoestande onder die kapitalistiese stelsel...... 280

c. Kritiek op Marx se beskouinge t.o.v. die noodwendige oorwinning oor die wantoestande deur die Kapitalisme geskep. ..................... 287

d. Enkele opmerkinge oor Marx en die Marxisme... 296

SLOT ............................................... 298

1. Samevatting ................................... 298

a. Arbeid volgens die orde van skepping......... 298

b. Arbeid volgens die orde van sondeval en verlossing (resp. van verskeurdheid en herstel). 305

c. Arbeid en die sedelike L..................... 309

2. d. Pleidooi vir 'n selfstandige Protestants-Christelike Arbeidsetiek.................... 311

Literatuurlys ...................................... 314

........

# I N L E I D I N G.

"Wie zich verdiept in de overvloedige en rijk geschakeerde literatuur over de menslijke arbeid, bemerkt spoedig dat er omtrent het begrip arbeid allermins eenstemmigheid bestaat. Velen onthouden zich van iedere omschrijving, anderen noemen alleen de facetten, die in het bijzonder hun aandacht hebben getrokken, slechts enkelen doen een poging het wezen van de arbeid grondig en ondubbelzinnig te omschrijven."[1] Aldus konstateer van Biemen nog in 1950 die leemte aan 'n indringende en positiewe arbeidsanalise en arbeidsvisie.

Tereg toon van Biemen m.i. aan, dat arbeid as lewensfunksie met sy ingewikkelde struktuur vanuit verskillende kante benader kan word. Ek noem net enkele wetenskappe wat elk nuwe gesigspunte kan bied, nl. Teologie, Wysbegeerte, Psigologie, Fisiologie, Sosiologie, Ekonomie, Etiek, ens. "Elk van deze aspecten biedt op zichzelf zoveel boeiende gegevens, dat men gemakkelijk anderen niet minder belangrijke over het hoofd ziet."[2]

Wanneer Brillenburg Wurth skryf oor die mens en sy arbeid, asook oor die arbeider, dan noem hy dit een van die belangrikste fasette van die sosiaal-ekonomiese problematiek. Alleen "als wij een duidelijke voorstelling ervan hebben gevormd, wat de arbeid naar zijn diepsten wezen is, zal het mogelijk zijn voor de problemen, die op de arbeid betrekking hebben, een bevredigende oplossing te vinden."[3]

Die opvatting wat die mens van arbeid huldig hang ten nouste saam met sy godsbeskouing, asook met die beskouinge wat hy huldig oor die mens en die kosmos. So word juis ook die arbeidsbeskouing en arbeidsetiese beskouing van 'n persoon ipso facto beïnvloed en grootliks bepaal deur o.a. sy mensbe-

---

1) Van Biemen - De zedelijke waardering van de arbeid in het industrialisme, p. 19.
2) Ibid.
3) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 232.

skouing. Dit maak dit derhalwe vir die doel van hierdie verhandeling 'n vereiste om kortliks verskillende antropologiese sieninge nader te betrag. Dit sal in 'n aparte hoofstuk gedoen word.

Die snelle ontplooiing van Kapitalisme en Industrialisme met hulle nasleep van steeds verdergaande arbeidsverdeling, van verdringing en vervanging van mensl ike arbeid deur masjienwerk, van bestaande onsekerheid en periodieke werkloosheid ens., het vir menige mens arbeid van sy sin en waarde beroof. Hier kan ook genoem word, dat die huidige krisis m.b.t. die probleem wie en wat die mens is, en wat sy doel in die kosmos is, baie daartoe begedra het, om die arbeidsproblematiek te vergroot en te vertroebel.

" Het uitermate grote belang, dat de arbeid in het industrialistisch beschavingstijpe voor de mens en gemeenschap heeft, zowel naar de positieve als negatieve zijde, de invloed die de moderne arbeid heeft op psychische en geestelijke gesteldheid van degenen die hem verrichten, alsmede de moeilijkheden voor de christelijke ethiek en anthropologie die hier liggen - dit alles maakt een dieper ingaan op deze problemen noodzaaklik." (1) De Volder wys daarop dat die nadere bepaling van arbeidsetiek eers in die 19 de eeu in studie geneem is, en dat voorheen 'n omlynde definisie van arbeidsetiek ontbreek het.
" Eers als het wezen van de arbeid is gekend, kunnen zijn rechten en plichten worden afgeleid." (2)

Terlocps kan hier net genoem word, dat dit opvallend is dat die meeste standaard Ensiklopedieë geen nadere beskrywing van wat arbeid is bied nie. Wel word uitvoeriag uitgewei oor arbeidswetgewing, arbeidsverhoudinge, arbeidsreg ens., maar 'n indringende arbeidsanalise ontbreek ten ene male.

---

(1) W. Banning: Moderne Maatschappij Problemen, Haarlem, 1955, p. 146.
(2) N. De Volder: Arbeid en Economische Orde, Standaard Boekhandel, Leuven, 1946, p. 1

Navorsing van verskillende arbeidsbeskouinge en die bestudering van die arbeids- en arbeidsetiese problematiek het my tot die oortuiging gedwing dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n skerpsinnige en prinsipiële analise van wat arbeid is asook sedelike arbeid. Dit sal baie bydra om die bestaande Protestants-Christelike arbeidsbeskouing te presiseer en te verdiep. Dit is besonderlik nodig omdat daar veelvuldige probleme bestaan i.v.m. arbeid en sedelike arbeid in die algemeen, en omdat daar talle probleme opduik i.v.m. die arbeidsetiek. 'n Ongepresiseerde arbeidsopvatting bring verwarring in die probleme van arbeid en sedelike arbeid.

Dit kan m.i. egter nie betwyfel word nie, dat daar 'n onbetwisbare behoefte bestaan aan 'n Protestants-Christelike georiënteerde ontleding van arbeid en aan 'n Protestants-Christelike Arbeidsetiek. Daar moet m.i. bv. o.a. ernstig besin word oor die vraag hoe die Skrifgefundeerde beginsels, norme en behorenseise (w.o. die etiese norm van persoonsliefde), op die terrein van die arbeid en o.a. in die veelvuldige arbeidsverhoudinge erken, gewaardeer en gerealiseer kan en behoort te word. Met my navorsing het ek baie probleme raakgeloop. Ek noem slegs enkele hier:

a. Die terme "arbeid" en "sedelike arbeid" is besonder veelsinnig. Presisering is hier beslis noodsaaklik.

b. Die idionne (of "verskynsels) van arbeid en van sedelike arbeid is besonder ingewikkeld. Besonder ingewikkeld is ook die verhoudinge waarin die idionne (of "verskynsels") van arbeid en van sedelike arbeid staan tot God, mens en wêreld.

c. Ek het gevind dat analises van arbeid en van sedelike arbeid uitgaan van verskillende (onderling botsende) standpunte (veronderstellinge), in die lig waarvan arbeid en die sedelike gesien en ondersoek word. Dit is nodig om arbeid en sedelike arbeid vanuit 'n Protestants-Christelike uitgangspunt in studie te neem.

In hierdie proefskrif word ruim spasie aan oriëntering gegee, en ek wil graag motiveer wat aanleiding daartoe gegee het. Arbeidsetiek staan nie los van die ander wetenskappe nie. Bowendien moet ek met my analise van arbeid en sedelike arbeid ruim gebruik maak van onderskeidinge wat ek van ander betrokke wetenskappe leen, en in die lig waarvan ek my analise maak. Daarom is oriëntering dringend nodig.

Eerstens is nodig 'n algemeen ensiklopediese oriëntering om my navorsing in ensiklopediese perspektief te stel. Hierdeur word dit moontlik om aan te dui waarom ek in my ondersoek gebruik maak van gegewens van die betrokke onderskeie, maar samehangende wetenskappe. Tweedens is 'n spesiale ensiklopediese oriëntering nodig m.b.t. Teologiese, Wysgerige en Vakwetenskaplike Etiek omdat dit van betekenis is om die agtergrond te stel, in die lig waarvan ek in my analise van sedelike arbeid die betrokke onderskeidinge maak. In die derde plek is dit nodig m.b.t. elk van die onderskeie wetenskappe of dissiplines 'n oriëntering te bied, (nl. Teologie, Wysgerige Kosmologie, Wysgerige Antropologie en Etiek.), omdat onderskeidinge hier gevind word wat met die analise van arbeid en van sedelike arbeid gebruik kan word.

Graag wil ek dit duidelik en onomwonde hier stel dat ek ook uitgaan van 'n standpunt (vooronderstellings, aannames), in die lig waarvan ek arbeid en sedelike arbeid ondersoek ('n neutrale ondersoek is uitgesluit) en dit is noodsaaklik om met hierdie enigsins breed opgestelde oriëntering my oor die agtergrond van my ondersoek van arbeid en sedelike arbeid te verantwoord. Maar dieper as hierdie oriëntering is my protestants-christelike standpunt, wat deur die oriëntering (en deur my ondersoek van arbeid en sedelike arbeid) veronderstel word, en wat daarop neerkom, dat ek gebruik maak van beide die lig van God se Woord op arbeid en die sedelike arbeid en uitsprake in Gods Woord oor arbeid en sedelike arbeid.

Na bogenoemde oriënteringe gaan ek vervolgens indringend in op die vraag wat arbeid is, en wel arbeid as sodanig en arbeid in perspektiviese verband, want arbeid kan nie reg verstaan word as dit nie ook gesien word in sy verhouding tot mens, kosmos en God nie. Daarna gaan ek in hierdie proefskrif in op die vraagstuk van arbeid en die sedelike, sowel in horisontale as in vertikale verband. Hierdie ontledinge (sowel as die voorafgaande) is noodsaaklik om uiteindelik te kom tot 'n uitbouing van 'n PROTESTANTS-CHRISTELIKE ARBEIDSETIEK.

Dit is m.i. egter onvoldoende om te bly staan by 'n algemene ontleding van arbeid en van sedelike arbeid. Die onhoudbaarheid hiervan kan o.a die beste getoets word en vasgestel word, deur my eie bevindinge te toets aan enkele aktuele, konkrete hoofprobleme in die Arbeidsetiek. Hierdie toetsing het 'n verdere voordeel; die betrokke probleme self roep om 'n protestants-christelike ondersoek en beantwoording. Daar bestaan vanselfsprekend baie ander probleme, maar ek het veral die vier uitgekies, omdat hulle m.i. sulke ingrypende onsekerhede, onrus, konflikte ens. veroorsaak het op die terrein van die arbeid en in die bestaan van die arbeider.

Omdat 'n mens se eie standpunt en eie siening insake arbeid en sedelike arbeid eers dan in verantwoorde en skerpe lig te staan kom, as dit krities gekonfronteer word met die standpunte en sieninge van andersdenkendes, en omdat verder die standpunte en sieninge van andersdenkendes oor arbeid en sedelike arbeid self tot 'n kritiese ondersoek uitdaag, en ten slotte omdat dit alles van besondere belang en betekenis is vir die bou van 'n Protestants-Christelike arbeidsetiek, het ek dit noodsaaklik geag om my bevindinge krities te konfronteer met dié van andersdenkendes.

As afsluiting het ek dit nodig geag om 'n beknopte saamvattende oorsig te gee van wat ek in my ondersoek gevind het, en in besonder om op grond van dit alles te pleit, nie net vir die

bestaansreg nie, maar ook vir die noodsaaklikheid van 'n selfstandige Protestants-Christelike arbeidsetiek. Ek besef baie goed, (omdat soiets nog maar in sy kinderskoene staan) dat ek hier slegs aanvoorwerk gedoen het, maar as dit wat ek bied iets kan beteken vir die uitbou van so 'n ETIEK, dan beskou ek my arbeid ryklik beloon.

# AFDELING A : ORIENTERING.

## HOOFSTUK 1.

### Algemene ensiklopediese oriëntering m.b.t. Teologie, Wysbegeerte en Vakwetenskap.

1. TEOLOGIE:

Omdat ek later in die afdeling: Teologiese Orientering (hoofstuk 3) gaan skrywe oor die openbaring van God, die sondeval en verlossing in Christus, en omdat alle kosmiese idionne (of "verskynsels"), idiostansies (soos stof, plant, dier en mens) en idiostante strukture [1)] w.o. die idion "arbeid" gesien kan word in hulle verhouding tot die Skepper d.w.s. vertikaal (in respectu Dei) asook omdat Teologie m.i. die wetenskap is van die revelatio Dei en Sy verhouding tot alle geskape dinge, ag ek dit van pas om hier 'n nadere beknopte uiteensetting te gee van wat m.i. Teologie is.

Vooraf moet gekonstateer word, dat daar verskillende beskouinge bestaan oor wat Teologie is, en wat sy taak, terrein ens. is. Daar is bv. 'n Rooms Katolieke Teologie, 'n Lutheraanse Teologie, 'n Dialektiese Teologie e.a.Daar bestaan ook enkele buite-christelike Teologieë soos bv. die Islamse- en die Joodse Teologieë. In hierdie verhandeling sal ek my hoofsaaklik beperk tot die Christelike Teologieë en meer in besonder tot die Gereformeerde Teologie.

---

1) Vir 'n nadere verduideliking van hierdie terme verwys ek na my gedeelte oor wysgerig-kosmologiese oriëntering (Hoofstuk 3, 3, iii) en na Philosophia Reformata, 29 e Jaargang 1964, waarin Stoker skryf oor "Die Kosmiese Dimensie van Gebeurtenisse." Hierdie tydskrif is die orgaan van "De Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte."

Honig wys daarop dat "Theologia" sowel "spreken van God" as "spreken over God" kan beteken "daar Theos in dergelijke samenstellingen nu eens subject, en dan weer object is."[1] Honig noem Teologie op 'n ander plek 'n sprake "namens God". Die mens kan egter alleen spreek oor God as God Homself aan die mens openbaar. Teologie is derhalwe die scientia revelatiorum Dei. Nie God Self wat vir die homo sapiens onkenbaar is nie, maar Sy revelatio wat gegee is "in forma et pro mensura humana", word die objek wat deur menslike wetenskap ondersoek word.

Volgens Kuyper is Teologie 'n cognitio wat vir ons lig ontsteek nie primêr oor die creatio nie, maar oor en veral oor die Creator, en so oor die principium et finis omnium rerum.[2] Teologie is m.i. die wetenskap van die openbaring van God en van Sy verhouding tot alle dinge. Die vraag is net waar moet die revelatio gevind word. Vir die Jood is dit die Ou Testament en vir die aanhangers van die Islam is dit die Koran. Die Christen-Teoloog glo egter dat God se Woord vir ons skriftelik vasgelê is in die Sacra Scriptura, die vir ons geopenbaarde waarhede van God. God openbaar Homself ook in die Natuur wat Sy Skepping is.

Doel van die wetenskappe en wetenskapsbeoefening moet o.a. wees die vermeerdering van die gloria Dei, en dit geld in besonder vir die Teologie. Teologie is geen apprehensiewe maar wel diskursiewe wetenskap. Dit dink na, beoordeel en vat saam. God het nie net geroep om na te sê nie, maar ook om na te dink wat Hy in Sy openbaring aan ons voorgedink het. Doel van die Teologie is nooit die spekulatiewe uitspin van die idee van die Absolute nie, maar die doel bly soos Kuyper dit formuleer: " den bergstroom doorwadend, den berg zelven naderbij te komen, en zóólang in het zweet haars aanschijns het bergpad op te stijgen, tot eindelijk het hoogste punt, de top zelve, waar het

---

1) A.G. Honig: Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek, J.H. Kok, Kampen, 1938, p. 31.
2) A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, J.H. Kok, Kampen, Deel II, p. 190, 1909.

panorama, de kenisse Gods zich ontsluiert, bereikt wordt." 2)
Ek wil konkluderend die volgende omvattende definisie van Teologie formuleer en poneer: Teologie is 'n cognitio Dei et cognitio rerum in respectu Dei, vir sover Hy Homself aan die mens geopenbaar het. Uitgaande van hierdie definisie van Teologie beskou die Calvinistiese wysgeer dit sy reg en plig om te verneem wat God se Woord ons aangaande menslike arbeid self openbaar en boweal watter lig die Woord van God op menslike arbeid werp.

2 WYSBEGEERTE:

Wysbegeerte is die wetenskap wat hom horisontaal tot die totaliteit van die samehangende verskeidenheid van die kosmos beperk of altans behoort te beperk.[1] Die Wysbegeerte ondersoek die kosmos, (stof, plant, dier en mens), die aards geskape heelal, en nie die hemel nie. Dit ondersoek die radikale verskeidenheid in die totaliteit van die kosmos asook die samehang van hierdie verskeidenheid, in die kosmiese totaliteit nl. " Wie sie alles zum Ganzen webt". Verder wil die Wysbegeerte vasstel wat die plek van 'n radikaal onderskeie idion in die kosmiese totaliteit is. Dit geld bv. ook van arbeid en die sedelike. (Hieroor later meer).

Die Wysbegeerte word onderskei as die wetenskap van die kosmiese totaliteit (met sy verskeidenheid en samehang) van die Teologie en die Vakwetenskappe. Dit is van belang om daarop te let (want dit is vir die analise van arbeid en van sedelike arbeid ook van belang) dat ons in die talle wysgerige beskouinge twee anti-tetiese denkrigtinge aantref nl. die Teosentriese of Transendensie Wysbegeerte en die Kosmosentriese of Immanensie Wysbegeerte. Eersgenoemde gebruik in sy wysgerige ondersoek

---

1) H.G. Stoker: Die Kosmiese Dimensie van Gebeurtenisse, in: Philosophia Feformata, a.w. p. 4.
2) Encyclopaedie der Godgeleerdheid, p. 190.

naas die kosmos as bron van kennis ook die Woord van God, en ondersoek die kosmos sodoende "in U lig". Ook ontleen hierdie denkrigting belangrike leenstellinge van die Teologie, soos bv. die kreatuurlike onselfgenoegsaamheid van die kosmos, die abnormaliteit van die kosmos en die afhanklikheid van die kosmos van God die Skepper, asook sy wetsonderworpenheid. Dit is bepalinge wat vir ons ondersoek van arbeid en sedelike arbeid van betekenis is.

Die tweede denkrigting verwerp of negeer die Heilige Skrif as bron van kennis. Hierdie rigting gaan uiteen in 'n aansienlike getal nuanseringe wat elk een of meer binne-kosmiese gegewe(ns) (idion of idionne) verabsoluteer en uiteindelik vergoddelik. Die gevolg hiervan is dat hulle die grense van die wysbegeerte oorskry, en in allerlei antinomieë verstrik raak. Ook dit het invloed op die betrokke analises van arbeid en van sedelike arbeid. Enkele van hierdie kosmosentriese denkrigtinge is o.a. die volgende: materialisme, rasionalisme, vitalisme, humanisme, sosialisme, individualisme, liberalisme, kommunisme, evolusionisme, pragmatisme ens.

Volgens die Teologie is God die Archê, die causa sui et omnium rerum. Maar dit is slegs vir die Teologie om vas te stel Wie die Archê is, en hoe die kosmos van Hom afhanklik is. Hierdie waarheid mag die wysbegeerte van die Teologie leen, maar sodra die wysbegeerte self wil bepaal wie die Archê is, beoefen hy openlike of bedekte Teologie, wat "aan 'n onverifieerbare kosmiese ekstrapolasie moet ly, omdat die gegewens slegs in die kosmos as sodanig gesoek moet word." 1)

Die wysgeer ondersoek die kosmos in sy teosentrisiteit maar weier om dit uit sy teosentrisiteit te verstaan. Laasgenoemde is die "Aufgabe" van die Teologie. Dit is vir my belangrik dat die Calvinistiese Wysbegeerte afgesien het van alle

---

1) H.G. Stoker: Calvinisme en Wysbegeerte in: Standpunte, Nrs. 6, 7 en 8, 1947 tot 1948.

pretensie om oor God te filosofeer. Dit wil nie spekulatief wees nie, maar hom sover moontlik tot die geskape universum beperk, maar dan die universum "in U lig" gesien. Calvinistiese Wysbegeerte is radikaal teosentriese Wysbegeerte. Dit weier om die Absolute Grond van die kosmos intra-kosmies te soek. Ook dit is van belang vir ons ondersoek van arbeid en van sedelike arbeid.

Fundamentele kritiek moet hier op die kosmosentriese Wysbegeerte gelewer word, omdat hierdie Wysbegeerte 'n onselfgenoegsame kosmiese idion teoreties verabsoluteer, iets wat neerkom op 'n verteologisering daarvan; en dit het sy invloed op die analise van arbeid en van sedelike arbeid.

Enige sintese tussen die genoemde anti-tetiese denkrigtinge is onaanneemlik omdat so 'n geforseerde sinkretisme lei tot ondermyning en selfs paganisering van die Christendom en in onoplosbare antinomieë verstrik raak. Daar is egter geen middeweg nie. Die konsekwente wysgeer aanvaar of gelowig die Heilige Skrif as openbaring van God, en erken sodoende dat die Archê ekstra-kosmies is, of hy verwerp of negeer die revelatio Dei en soek die oorsprong van alle dinge binne die kosmos, of spekulatief na aanleiding van iets binne die kosmos. In laasgenoemde geval moet hy 'n binne-kosmiese idion verabsoluteer (vergoddelik).

Die Calvinistiese Wysbegeerte net soos die ander Wysbegeertes soek na grondideë. Die grondidee wat die Wysbegeerte slegs met behulp van die Teologie kan vasstel, vorm die religieuse apriori van sy Wysbegeerte. So tref ons op grond van hierdie grondideë enkele nuanseringe aan binne die kring van Calvinistiese wysgere. Vir Vollenhoven en Dooyeweerd is die grondidee van die Wysbegeerte die WET, vir Bavinck is dit die REVELATIO en vir Stoker is dit die CREATIO. Ek skaar my graag aan die kant van Stoker, omdat dit ook my oortuiging is, dat die creatio as grondidee ruimer as die ander twee is, en die ander twee insluit.

Die uiteensetting van die twee anti-tetiese denkrigtinge is m.i. baie belangrik en van groot belang vir die behandeling van die onderwerpe wat in hierdie proefskrif aangesny word. Iemand se arbeidsbeskouing en sy visie op die sedelike kan nooit neutraal wees nie, en dit sal saamhang en beïnvloed word deur sy houding tot die waarhede van die Heilige Skrif en tot die betrokke wysgerige beginsels. So sal bv. oorbeklemtoning en selfs verabsolutering sowel as devaluasie van arbeid die direkte gevolge wees van 'n kosmosentriese arbeids- en arbeidsetiese visie.

Om tot 'n juiste en gebalanseerde arbeidsvisie en arbeidsetiese beskouing te kom is dit vir die Calvinistiese wysgeer noodsaaklik om op sowel die vertikale as op die horisontale betrokkenheid (gerigtheid) van arbeid en sedelike arbeid te let, om die absolute oorsprong van alle dinge (ook van arbeid en die sedelike) buite die kosmos te soek, d.w.s. in God, te vind en om in die lig van laasgenoemde arbeid en sedelike arbeid self as sodanig te ondersoek.

3. VAKWETENSKAP :

'n Vakwetenskap ondersoek 'n besondere saamhorige groep van kosmiese idionne en het nie met die kosmos as geheel te doen nie. Dit ondersoek 'n unieke en eiesoortige "onderdeel" (of kant of aspek) van die kosmiese geheel en wel in sy eie besondere en onherleibare eie-aard. Vakwetenskappe ondersoek elk 'n kring-soewereine, onherleibare groep saamhorige "verskynsels" van die kosmies-wetsgebonde verskeidenheid. Dit bestudeer 'n wets-gebonde "verskynsel"-groep in sy besondere aard en besondere wetmatigheid. In teëstelling met die totaliteitsvisie van die Wysbegeerte, is die blikrigting van die Vakwetenskap partikulier of "spesialisties". Dit ondersoek die besondere in sy besonderheid.

Die kosmos kan dus in sy totaliteit, samehang en eenheid

ondersoek word, of die oë kan gerig word op sy onherleibare veelheid en verskeidenheid, asook op saamhorige idionne ("verskynsels") van hierdie verskeidenheid in hulle eiesoortigheid. Die lig van Gods Woord het betekenis vir die erkenning van sowel die eenheid as die radikale verskeidenheid. Ek bepaal my in hierdie studie tot die Christelike wetenskap-opvatting. Dit voorkom beide monisme sowel as pluralisme.

In die kosmos is radikale, onherleibare verskeidenheid net so oorspronklik as die eenheid, maar albei is onselfgenoegsaam en rus in die transendente Skeppingswil van God. Elke wetenskap, hoewel soewerein in eie kring en vry in eie bevoegdheid, is universeel verbonde met alle ander wetenskappe, omdat elke kosmies-oorspronklike groep van "verskynsels" universeel saamhang met die ander. Elk van die wetenskappe is onselfgenoegsaam in die sin, dat hulle in hulle voortgang aangewys is op die onderlinge wisselwerking met die ander wetenskappe. Ons handhaaf as Christen-wetenskaplikes sowel die soewereiniteit van elke wetenskap as die wisselwerking tussen al die wetenskappe.

Waar arbeid en sedelike arbeid besondere idionne is (wat met ander saamhang) en hulle in hulle besonderheid ondersoek kan word, is bostaande onderskeiding vir hierdie studie ook van belang. Ons moet onderskei tussen 'n teologiese, 'n wysgerige en vakwetenskaplike benadering van arbeid en van sedelike arbeid, en hulle verband nie uit die oog verloor nie.

4. HUL ONDERSKEID:

Na bogenoemde onderskeiding spring die onderskeid van die drie wetenskaplike dissiplines dadelik in die oog. Teologie kan van die Wysbegeerte en die Vakwetenskappe onderskei word, omdat die Teologie by al die bronne van kennis ook die openbaring van God in Sy Woord as bron van kennis het. Sy standpunt

"in U lig" bied die ruimste perspektiewe. Die Calvinistiese Wysbegeerte erken die prioriteit van die Teologie (i.c. die Gereformeerde Teologie). 'n Verdere verskil geld die veld van ondersoek. By ander wetenskappe stel die navorser hom in 'n sekere sin bo die onderwerp van sy studie, maar dit is anders in die geval van die Teologie. As God Hom nie genadiglik geopenbaar het aan die mens nie, is daar niks verder om oor Hom en Sy verhouding tot die geskape dinge te ondersoek nie. In die geval van die Teologie, staan die subjek (die mens) in kinderlike ontvanklikheid benede die "objek" van sy studie. Ek wil dit egter hier beklemtoon dat die skrifwaarhede die mens se verstand te bowe gaan, en dat religieuse geloof in God se Woord hier ook 'n radikale voorwaarde is. Ons het reeds gesien by die uiteensetting van wat Calvinistiese Wysbegeerte is, dat daar 'n radikale onderskeid is tussen God en kosmos (d.w.s. die "aards geskape" heelal) en dat dit buite die terrein van die Wysbegeerte val om oor God te filosofeer. Die Teologie is geen onderdeel van die Wysbegeerte nie. Wysbegeerte is ook geen onderdeel van die Teologie nie. Beide is ook geen vakwetenskappe nie. Vakwetenskap en Wysbegeerte is ook geen Teologie nie. Die kosmos is nie God nie, en God is ook te onderskei van die kosmos. God Self is nie kosmos nie en niks in God is geskape of aards nie.

Wysbegeerte is die wetenskap van die deur God geskape en onder Sy wetsorde gestelde kosmos as totaliteit en van die samehang van die radikale verskeidenheid in die kosmiese totaliteit. 'n vak-wetenskap ondersoek egter 'n groep saamhorige idionne ("verskynsels"), wat deur 'n besondere, van ander groepe van "verskynsels" onderskeie aard, saamgebind is in hulle besonderheid. Dit ondersoek dus 'n unieke, eie-soortige "onderdeel" (aspek) van die kosmos in sy unieke eie-aard of besonderheid.

5. HUL SAMEHANG:

Geen wetenskap kan suksesvol in isolasie van die an-

der gevorm word nie. 'n Intieme wisselwerking tussen Teologie, Wysbegeerte en die Vakwetenskappe is nodig, omdat die verskeidenheid: God en kosmos, asook die binne-kosmiese verskeidenheid saamhang. Ondanks die vrye wisselwerking word die soewereiniteit in eie kring van elke wetenskap gehandhaaf en die een word nie aan die ander opgeöffer nie.

Die Teologie het die Wysbegeerte en die Vakwetenskappe nodig vir sover dit God se direkte werksaamheid i.v.m. die kosmiese totaliteit en verskeidenheid wil begryp.

Die Wysbegeerte het die algemene resultate van die vakwetenskappe nodig vir die bestudering van die samehang in die totaliteit van die kosmiese verskynselgroepe. Alleen met die hulp van die Wysbegeerte kan die algemene resultate hulle aangewese plek vind.

Die Wysbegeerte het die Teologie nodig omdat die Teologie insigte kan voorsien, wat vir die Wysbegeerte dit moontlik maak om o.a. die religieuse apriori van die kosmos in te sien, tussen God en kosmos te onderskei en om die wetsbepaalde onselfgenoegsaamheid van die kosmos (en kosmiese totaliteit)te leer waardeer. Die Wysbegeerte ontleen sy grondideë (soos kreatuurlikheid van die skepping, godsidee ens.) aan die Teologie.

Die Teologie moet die Vakwetenskap laat insien o.a. hoe onselfgenoegsaam die voorwerp van sy ondersoek is en hoe die eieaard, uniekheid en wetsbepaaldheid van die voorwerp van ondersoek deur God verorden is, d.w.s. dat die Vakwetenskappe bv. altyd rekening sal moet hou met die regering en bestiering van God.

Die Vakwetenskappe het die Wysbegeerte nodig omdat die Wysbegeerte die Vakwetenskap sy beperktheid laat insien en also waarsku teen vakhoogmoed. Dit help die vakwetenskap om sy gebied te bepaal en te omlyn asook van die ander wetenskappe te onderskei. Dit bepaal ook die afhanklikheid van die Vakweten-

skappe, en help om die grondbeginsels van laasgenoemde vas te stel.

Resumerend kan ons konstateer dat elk van Teologie, Wysbegeerte en die Vakwetenskappe as wetenskappe bestaansreg het, en dat hulle met behulp van openbaringslig duidelik te onderskei is. Die beginsel van "vryheid in eie bevoegdheid" ken aan die wetenskappe as geheel en aan elke wetenskap afsonderlik sy besondere werkterrein (veld van ondersoek) toe, en die beginsel van "soewereiniteit in eie kring" ken aan elk sy besondere relasionele gesag toe. Teologie is onder geen omstandighede Wysbegeerte nie. Teologie mag nie verfilosofeer word nie. Wysbegeerte is geen ancilla van die Teologie nie, en mag nie verteologiseer word nie. Teologie en Wysbegeerte is geen Vakwetenskap nie. Vakwetenskap is geen Teologie nie, en mag nie Teologie of Wysbegeerte beoefen nie.

Soos later aangetoon sal word het hierdie onderlinge wisselwerking en samehang van die verskillende wetenskappe ook groot waarde, nut en betekenis vir die beter verstaan van die idion arbeid en van sedelike arbeid. Ons mag en kan bv. 'n arbeidsteologie, 'n arbeidsfilosofie en diverse vakwetenskappe m.b.t. arbeid nie op een of ander wyse vereenselwig nie, maar behoort hulle skerp te onderskei. Maar ons mag hulle ook nie van mekaar isoleer nie en behoort die bevindings van die een (vir sover nodig) in die diens van die ander te stel. Eers in onderlinge wisselwerking (sonder prysgawe van die kringsoewereiniteit van elk) is vrugbare vorming van elk en algar in onderlinge verbondenheid saam moontlik.

# HOOFSTUK 2.

## Spesiale ensiklopediese oriënteering m.b.t. Teologiese, Wysgerige en Vakwetenskaplike Etiek.

Daar heers verwarring en meningsverskille oor wat Etiek is. Omdat ons in hierdie proefskrif aan arbeidsetiek besondere aandag gee, is dit o.i. nodig om eers iets oor ons opvatting van Etiek te gee, waarby ons noodwendig moet onderskei tussen Teologiese, Wysgerige en Vakwetenskaplike Etiek. Maar ons behandel dit slegs in sover as wat dit vir ons problematiek in die arbeidsetiek nodig is. Beperking is noodsaaklik.

1. TEOLOGIESE ETIEK:

a. Die sedelike in die algemeen:

i. Die Absolute Grond van die Sedelike:

Op die vraag wat die grond van die sedelike is, het Stoker drie gronde onderskei nl. die Absolute Grond, die wesensgrond en die afhanklikheidsgrond.[1] Die Teologie het hoofsaaklik met die eerste, die Absolute grond, die Archê, te doen. Alles wat ons ken, nl. die kosmos, die mens, die plant en die dier (ook die sterrehemel) is deur God geskape en word deur Hom bestier. Niks in die skepping is absoluut en selfgenoegsaam nie. Alles vind sy oorsprong in God. God is die Absolute Grond van alle dinge, en dus ook van die sedelike. God het die mens geskape, hom sy sedelike aanleg gegee en die norm van die sedelike in prinsiepe gestel. God het die sedelike in 'n afhanklikheidsrelasie tot Homself en tot die nie-sedelike geplaas. Die sedelike besit iets eie-soortigs en unieks, 'n unieke eie-aard, maar tog is dit nie selfgenoegsaam nie. Dit mag derhalwe nie in ons denke verabsoluteer resp. verafgood word nie. Net God is Absoluut. Die Absolute Grond van die sedelike moet dus nie in die sedelike self gesoek word nie, anders word sodoende die binne-kosmiese idionne (of "verskynsels") vergoddelik.

---

1) H.G. Stoker: Die Grond van die Sedelike, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1941, p. 5.

Daar bestaan ook die gevaar dat die mens die sedelike kan oorskat, omdat dit so 'n besondere plek inneem in die geheel van kosmiese idionne. Die sedelike is nie iets ewigs nie, maar bly altyd 'n binne-kosmiese, kreatuurlike, wetsgebonde en tydsgebonde idion intiem met die ander idionne verweef. Die diepste grond van die sedelike is die skeppingswil van God. God is bo-sedelik omdat Hy bo-kreatuurlik is. Die sedelike is wel wetsgebonde en wetsbepaald, maar nie God nie. Omdat God God is, mag ons nie sedelike bepalings op Hom toepas nie, want daardeur word God moralisties tot iets kreatuurliks verlaag. Dit is derhalwe duidelik dat ons in ons analise sedelike arbeid nie mag verabsoluteer nie en ook nie oorskat nie. Dit is geheel en al iets kreatuurliks.

ii. <u>Die Sedelike as oeronderskeie idion ("verskynsel") van Goddelike oorsprong:</u>

God se Woord leer baie duidelik dat Hy van niks in die skepping afhanklik is nie. Hy het die wêreld geskape en die radikale verskeidenheid en die onderlinge samehang daarvan in die kosmos gelê. God het elke idion volgens sy eie soort geskape en elke modaliteit volgens sy eie aard ens. Die sedelike mag dus nie tot iets anders herlei word nie.

Daar bestaan 'n radikale oerverskeidenheid, wat deur God in die kosmos gelê is. Ons onderskei in die kosmos tussen die vier kosmiese idiostansies nl. mens, dier, plant en stof. Ons onderskei verder tussen godsdiens, kultuur en natuur, en wat die kultuur betref tussen die sedelike, die juridiese, kuns, taal, die logiese ens. Wat die natuur betref onderskei ons tussen die psigiese, die vitale, die fisiese beweging, ruimte, getal ens.

Openbaringslig gee ons die reg om die volgende stellinge te poneer, nl. dat God die kosmos geskape het, en in die kosmos 'n verskeidenheid gelê het. Dit is 'n oerverskeidenheid

wat sy oorsprong in God het. God het nie die sedelike apart en selfstandig geskape nie, maar God het met die mens die sedelike geskape. Die ryk gevarieerde verskeidenheid is kosmies oorspronklik in die sin, dat elk van hierdie te onderskeie idionne nie tot mekaar of tot iets anders herleibaar is nie.[1)]

Die Skriflig bewaar die gelowige navorser vir miskenning van die kosmiese verskeidenheid, asook die herleiding van wesensverskillende verskynsels tot mekaar. Die sedelike is 'n oer-onderskeie kosmiese idion van goddelike oorsprong. Dit is oor - spronklik alhoewel dit onselfgenoegsaam is. Ons moet sedelike arbeid dus in sy uniekheid eerbiedig. Ons mag dit nie tot iets anders herlei nie of vervals nie, en ons mag dit ook nie oorskat of onderskat nie, omdat dit in sy uniekheid sy oorsprong in God vind.

iii. Die sedewet as wet van God.

Behalwe dat die sedelike sy oorsprong in God het, het dit ook eie norme en wette (i.c. sedewette of sedenorme) wat ook hulle oorsprong in God vind. " Zoals alle dingen in God hun oorsprong hebben so heeft ook al wat wet mag heten in God haar oorsprong. Overal waar wij van 'wet' spreken, zien wij steeds achter de wet God als wetgever."[2)]

Die totaal van al God se ordinansies en verordeninge vir al die bestaande dinge is Sy wetsorde. God staan bo die kosmiese wetsorde en dus ook bo die sedewet. God stel en bepaal die sedewet en God verwag van die mens gehoorsame onderwerping aan die wet. En waar God die mens aanspreek daar is die mens aanspreeklik en verantwoording verskuldig. Daar is baie faktore wat die mens se toerekenbaarheid verminder, bv. geestelike versteuringe, aanleg, ens., maar dit hef nog nie alle toerekenbaarheid en verantwoordelikheid op nie.

---

1) Vir die gevare waarin die skrifverwerper of skrifignoreerder verval, wil ek verwys na my M.A. verhandeling, p. 78.
2) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven, p. 29.

Daar is teoloë wat die hele dekaloog as 'n sedewet beskou, maar hierop kan ek nie hier verder ingaan nie. Ons moet hier ook aandag skenk aan die sg. "ingeskape sedewet", wat reeds voor die sondeval by die mens (of in die mens) aanwesig was. Alhoewel hierdie term "ingeskape sedewet" nie sonder 'n mate van reserwe gebruik kan word nie, word dit tog in teologiese kringe gebruik, en hieronder moet dan verstaan word die vermoë om onmiddelik tot kennis van die sedelike te kom, wanneer die mens hom in 'n sedelike situasie en verhouding bevind. Dit wil sê die mens kom tot kennis van die sedewet ook sonder die besondere openbaring van God.

Die sedewet het 'n goddelike oorsprong. Daar kan nie van 'n outonome sedewet gespreek word nie, maar wel van 'n teonome sedewet. Sonder die skeppingswil van God sou die sedewet nie daar gewees het nie, en sonder God se onderhoudingswil sal die sedewet ook nie kan voortgaan en voortbestaan nie. Die sedewet is as sedewet onselfgenoegsaam en afhanklik van God. Die sedewet moet gesoek, geken en verwesenlik word tot Eer van God. Omdat sedelik-wees die vervulling is van die roeping van die geskape mens, moet die sedewet deur die mens gehoorsaam word.

Met hierdie siening van die sedewet, staan die anomisme wat geen sedewet erken nie asook die subjektivisme wat die sedewet sien as 'n subjektiewe menslike bepaling veroordeel, want hierdie standpunte lei óf tot relativering óf onderskatting van die sedewet. 'n Verder afwyking is die standpunt van die nomisme, wat die sedewet verabsoluteer (bv. die humanistiese nomisme van Kant e.a.) en sodoende die sedewet oorskat. Die fout om die sedewet op God toe te pas, moet ook afgewys word, want dit verlaag God tot iets kreatuurliks as ons Hom aan die sedewet onderwerp en die sedewet vir Hom laat geld.

Ons moet hier ook onderskei tussen die sedewet wat God in prinsiepe vir die mens gestel het, en menslike positivering (en formulering) daarvan. Lg. moet met eg. ooreenstem, maar kan ook faal. Dit is egter 'n probleem waarop ek in my proefskrif nie ver-

der ingaan nie. Ek wil net hier noem, dat die sedewet vir arbeid ook sy oorsprong vind in God. Dit moet in sy uniekheid eerbiedig word, en mag nie oorskat of onderskat word nie. Dit mag m.a.w. nie verabsoluteer of gerelativeer (of gesubjektiveer) word nie.

b. Die sedelike in die besonder.

i. Die sedelike en die sondeval.

Deur die sondeval en die daarmee gepaardgaande verduistering van die verstand, het die menslike insig in die sedewet gewyk. In die gevalle en daarna deur God vervloekte mens het egter die besef van goed en sleg en daarmee van sedelike norme en gebooie wat hy nie mag oortree nie, gebly. Maar in vergelyking met die mens in die status integritatis, het ons by die mens van die status destitutis net 'n baie verswakte kennis van God. Ook vind ons by die gevalle en vervloekte mens 'n begeerte om teen die wette van die Here in te gaan, i.p.v. 'n vanselfsprekenheid om God se wette te gehoorsaam en te onderhou.

Deur die sondeval en die daaropvolgende vloek van God, het daar in die lewe van die mens wat na die beeld van God geskape is, groot ommekeer en verskeurdheid gekom. Die mens het sondaar geword. Hy het 'n oortreder van God se heilige wet geword, 'n wet wat tewens ook sy eie lewenswet is. As gevolg van die sondeval en vervloeking is die mens se insigte in die sedelike verhoudinge verduister en persoonsliefde is verwissel met haat en nyd teen die naaste, die mede -beelddraer van God. Die sedelike verhouding wat in liefde gefundeer was is verbreek en versteur. 'n Abnormale verskeuring van verhoudinge was die gevolg. Alhoewel getemper deur die gratia communis het die kwaad nogtans voortgewoeker en sedelike verhoudinge en persoonsliefde verabnormaliseer.

So blyk dit dan dat die teologiese etiek hom ook besighou met die bestudering van die sedelike in sy verhouding tot die sondeval, omdat die sedelike ook deur die sondeval intens geraak is, die mens ook as sedelike wese verdorwe en verskeur is, ook in sy verhouding tot ander mense, en dat persoonsliefde daardeur vervals is. Omdat sy insig in die sedewet verduister is, vind ons dat persoonsliefde in persoonshaat vervorm is.

Hierdie onderskeidings is van belang vir die ontleding van die problematiek van sedelike arbeid, w.o. juis ook van sedelike arbeidsverhoudinge.

ii. Die sedelike i.v.m. verlossing en heiligmaking.

God is sowel heilig as regverdig. Nou eis God die regverdige dat die mens tot Hom bly staan in die verhouding waarin hy (die mens) oorspronklik gestel was, d.w.s. vry van skuld, terwyl God as die Heilige wil dat elke mens innerlik rein en heilig moet wees en lewe. Deur die sondeval het die mens uit sy vorige staat van onskuld geval en onrein geword. Dit is derhalwe nodig dat die mens in sy vorige staat herstel moet word, en dat hy innerlik van die smet van die sonde bevry en gereining moet word, asook dat sy skuld teenoor God versoen moet word. Dit volg in die prosesse verlossing, regverdiging en heiliging deur die heiligende werk van die Heilige Gees op grond van die verlossingswerk van Christus. Logies gaan die justifikasie aan die heiliging vooraf, dit is 'n juridiese daad wat oombliklik voltrek word. Die sanktifikasie egter strek oor die lewensduur van die in-Christus-herstelde sondaar. Christus het in beginsel nie alleen verlossing en bevryding van sondeskuld deur Sy versoeningswerk verwerf nie, maar ook bevryding van die heerskappy van die sonde. Die herstelde en versoende mens is ook aktief in die proses van heiliging. Langs die weg van die afsterwing van persoonlike sondes, word die sedelike lewe en die lewensvisie van die mens gelouter.

Die mens wat van nature (volgens skriftuurlike opvatting) geneig is om sy naaste te haat, sal in die proses van heiliging liefde tot sy naaste openbaar, aanvanklik nog in baie geringe mate, maar dit neem geleidelik toe sodat die verhouding tot die self en die naaste gaandeweg geheilig word. So word persoonsliefde geheilig, al is dit net in beginsel, en waar voorheen gebrek aan liefde was, tree nou tevoorskyn geheiligde persoonsliefde.

Dit is baie belangrik om die aandag daarop te vestig dat ook in die proses van heiliging die mens sondaar bly en weer telkens terugslae belewe en vertraag word in die proses, sodat daar nie altyd 'n egalige groei en toename is in die weg van kennis en heiliging nie. Oorwinning van sondė en kwaad (en daarmee finale herstel in verskeurdheid en konflikte m.b.t. sedelike arbeidsverhoudinge) kan die mens nie uit homself bewerkstellig nie. Finale oorwinning van sonde en kwaad (ook van sedelike arbeidskwaad en arbeiders-euwels) is uiteindelik slegs moontlik deur die Soendood van Christus.

Alle menslike herstel van sedelike arbeids-wantoestande is parsieel en herberg telkens die kiem van nuwe wantoestande. Wat die Teologiese Etiek hier laat sien is (a) die met die erns van die sonde gegewe nodigheid tot herstel, (b) die onmoontlikheid vir die mens om self herstel te bewerk en (c) die rigting waarin die gelowige mens in hierdie stryd sal stry ooreenkomstig sy van God gegewe roeping en wetsorde volgens die geopenbaarde Woord van God.

## 2. WYSGERIGE ETIEK.

### a. Die sedelike in algemene visie.

Dit is moeilik om in 'n definisie vas te lê wat die sedelike presies is. Tog beleef elke mens dit bv. wanneer iemand anders leed aangedoen word, wanneer hy 'n leuen vertel, wanneer hy in dagblaaie lees van wrede aanrandings of gesinsmoorde ens. Juis omdat die sedelike so 'n algemeen-menslike idion ("verskynsel") is, en omdat dit so 'n prominente rol in die mens en in intermenslike verhoudinge speel, vind ons al die eeue groot belangstelling vir hierdie kosmiese idion("verskynsel").

Sodra ons egter nader wil bepaal wat die sedelike eintlik is, dan ontdek mens hoe uiters gekompliseerd en hoe moeilik formuleerbaar die sedelike werklik is. Daar is ook alles behalwe eenstemmingheid onder navorsers oor wat die sedelike qua sedelike eintlik is. Tog is dit nodig dat ons met die analise van sedelike arbeid weet wat met "sedelike" bedoel word.

Omdat die geskiedenis van die Etiek weinig lig bied en eintlik 'n verwarrende hoeveelheid teorieë bied, is dit die veiligste weg om die sedelike "verskynsels" (manifestasies) self te ondersoek, om sodoende na te gaan wat die wese en fundamentele eie-aard van die sedelike as skeppingsidion (skeppings-"verskynsel")is.Dit is egter eers nodig om te weet waar om die "sedelike" te vind.

Weereens moet genoem word, dat ons o.a. veral twee groepe van anti-tetiese denkrigtinge aantref, twee beskouingswyses wat mekaar weerspreek, en dat pogings om hulle te verbind misluk. Dit laat die navorser in antinomieë verval waarin hy verstrik raak. Daar is dié groep wat die mens (in ooreenstemming met die lig wat die Heilige Skrif ons bied) sien as die beelddraer van God. Hulle handhaaf 'n <u>wesensverskil</u> tussen mens en dier. Vir hierdie rigting is die sedelike 'n unieke, onselfgenoegsame menslike idion ("verskynsel") met 'n eie-aard, eie oorsprong, eie wese en eie bestemming. Die voorstanders van hierdie denkrigting beskou die sedelike as 'n idion ("verskynsel") wat slegs by die mens gegee is, en in innige of wesenlike verband staan met die verhouding van mens tot mens (d.w.s. tot die eie persoon, of tot 'n ander persoon, die naaste of tot 'n samelewingskring.) Die Woord van God word hier ook gebruik as lig vir die ondersoek van die sedelike as sodanig.

Die ander groep wat die Heilige Skrif ignoreer of verwerp, hef die wesensverskil tussen mens en dier op. Sommige skrywe sedelike ook aan diere toe en ander erken nie die bestaan van die sedelike as sodanig nie.

Ons tref ook hier die tweeërlei houding aan teenoor die sedelike. Daar is diegene wat die sedelike verabsoluteer en die ander wat die sedelike devalueer.

Al is die sedelike inherent in die mens gegee, is die menslike persoon meer as die sedelike. Die mens staan behalwe in verhouding tot die mens (homself en medemens) ook in verhouding tot God en wêreld, asook tot godsdiens, kultuur en natuur. En as totale mens is hy meer as die som van die verhoudings waarin hy staan. Die sedelike het egter o.i. slegs te doen met die mens as mens in sy verhouding tot die mens as mens (homself en ander).

Dit is vanselfsprekend dat in die verhouding waarin die een mens tot die ander (enkeling of samelewingskring) staan nie net die sedelike tot manifestasie kom nie, want die mens staan tot sy medemens (enkeling of samelewingskring) ook in ander as sedelike relasies, bv. die linguale, estetiese, ekonomiese, juridiese, politieke ens. Ek wil graag opnuut benadruk en herhaal wat ek in my Magister-verhandeling ook genoem het, nl.: " Al word nie net die sedelike openbaar in die verhouding van mens tot mens nie, moet ons tog hier die aandag daarop vestig, dat die sedelike die mees innerlike-, die innigste, die diepste- die eintlike kernverhouding is, waarin die een mens tot die ander (of tot homself) kan staan."[1] Maar die sedelike verhouding vereis die totale menslike persoon in 'n bepaalde aspek tot homself en 'n ander totale menslike persoon.

Die linguale verhouding tussen mens en mens betref net die taalse (bv. spreek); die estetiese net die skoonheids- en kunsverhoudinge; die ekonomiese net die ekonomiese (produksie, distribusie en verbruik van ekonomiese goedere, loonverhoudinge, ens.); die juridiese net die regsverhoudinge, (bv. die maak en erkenning van kontraktuele ooreenkomste); die politieke net verhoudinge in staatsverband (bv. stemreg) ens. Die sedelike eg-

---

1) Norval- Die onderskeid en verband....p. 30.

ter is gegee waar die mens as hele persoon tot die mens as hele persoon in sy mees innerlike verhouding te staan kom, m.a.w. waar die relasie een is van hart tot hart (hetsy 'n sedelik-goeie verhouding, bv. die van liefde, trou, hulpvaardigheid ens. of 'n sedelik-slegte verhouding, bv. die van liefdeloosheid, haat, ontrouheid, mishandeling ens.) Hieruit mag nie afgelei word dat die sedelike slegs in 'n relasie opgaan nie, want die sedelike is gegee met die hele persoon (alle betrokke aanleg, aktes, funksies, handelinge ens.) as mens in sy relasie tot die hele persoon (homself of 'n ander) as mens(met sy betrokke aanleg, aktes, funksies, handelinge ens.) M.a.w. die sedelike is nie die verhouding waarin mense staan nie, maar is die syn, aktes, funksies,handelinge van 'n mens in sy verhouding tot die syn, aktes, funksies, handelinge van 'n mens (hetsy homself of die ander.)

Arbeidsetiek het dus te doen met die arbeider (as persoon met sy aanleg, aktes, funksies, handelinge ) tot homself (en daarmee tot sy eie arbeid) en tot ander (w.o. sy medearbeider, sy werkgewer, sy arbeidskring [1] ens.) as menslike persoon (persone).

b. Die sedelike in Wysgerige visie.

In die lig van die reeds genoemde Absolute Grond van die sedelike is dit noodsaaklik dat die skrifaanvarende wysgeer wat die sedelike verskynsels wil bestudeer hom moet besin oor die grondprobleme van die sedelike nl. die wesensgrond en die afhanklikheidsgrond van die sedelike asook die plek wat die sedelike inneem in die kosmiese geheel.

i. Die wesensgrond van die sedelike.

Hierbo het ons die sedelike in omvattende sin omskrywe, waarby die sedelike en die onsedelike beide ingesluit is.

---

1) Voetnoot - Die arbeider staan ook in sedelike verhoudinge tot ander, w.o. sy gesin, volk, ens. Ook staan ander persone en kringe in 'n sedelike verhouding tot die arbeider. Arbeidsetiek is nie isoleerbaar van ander etieke nie.

In hierdie verduideliking van die wesensgrond van die sedelike beperk ons ons egter tot die sedelike in die sin van die sedelik-goeie soos dit omvattend gegee is met persoonsliefde en aan die sedenorm beantwoord.[1)]

In die eie-aard van die sedelike, in sy onherleibaarheid tot iets anders, in sy uniekheid, in sy eie-soortigheid, in sy enigsoortigheid en besonderheid ens., vind ons die wesensgrond van die sedelik as sedelike. Dit impliseer ook dat die sedelike nie herlei mag word tot die nie-sedelike nie. Die sedelike as modaliteit is anders as die modaliteit van getal, ruimte en beweging. Dit is iets anders as die organiese lewe van die plant, dier en mens. Die sedelike mag nie psigologies weg verklaar word nie. 'n Analise van die sedelike toon die eie-aard daarvan, en dit mag met geen ander idion ("verskynsel") vereenselwig word nie.

Elkeen van die nie-sedelike verskynsels in die kosmos het ook hulle uniekheid en eie-aard, en die sedelike vind beslis nie sy wesensgrond in hulle nie.

Die sedelike is iets eiesoortigs en die sedewet het 'n eie-aard wat geen ander wet het nie. Die sedelike is enig-aardig en soewerein in eie kring, kosmies-betreklik en wetsgebonde. Daar bestaan talryke norme, deugde, pligte, waardes, vryheid, intuïsie ens. Iets moet egter bykom, voordat hulle as sedelik gekwalifiseer kan word. Die iets wat moet bykom, moet tipies menslik wees, primêr uitgedruk (gemanifesteer) in die intra- en intermenslike verhoudinge. Op die vraag wat die iets is, (d.w.s. wat die sedelik-goeie is) antwoord die Calvinistiese Wysbegeerte dat dit die liefde is, wat as persoonsliefde in die verhouding van die mens tot homself en sy medemens sy hoogste realisasie (uitdrukking) vind. Sedelike liefde is egter nie absolute liefde nie, maar wel menslik-relasionele en kreatuurlike liefde.

---

1) Voetnoot- Stoker het hom genoop geag om die onderskeiding tussen die sedelike (wat die goeie en slegte insluit) en die sedelike (die goeie wat aan die sedenorm beantwoord) te aanvaar na aanleiding van 'n belangrike vinding van P. G.W. du Plessis, gegee in sy proefskrif: Opskorting van die etiese, Potchefstroom, 1962.

In persoonsliefde (liefde van menslike persoon tot menslike persoon, hetsy homself of sy medemens - en wel as enkeling of samelewingskring) vind die sedelik-goeie sy eie-aard, sy kringsoewereiniteit, sy "outonomie" en daarmee sy besondere sedelike wetmatigheid. In die persoonsliefde[1] vind die sedelike sy onselfgenoegsame oorspronklikheid en sy partikuliere universaliteit. Persoonsliefde is iets anders as die erotiek, sentimentaliteit of seksuele drange en begeertes. Persoonsliefde is iets anders as die liefde tot God. Laasgenoemde liefde is 'n totaliteitsliefde, 'n absolute oorgawe met heel jou hart, met heel jou siel, met heel jou verstand, en met al jou kragte aan die Absolute van wie die mens volkome afhanklik is. Waar persoonsliefde motiewe, intensies, kennis, tradisie, gesindheid, genot, pligte, deugde, norme, waardes, ens. bepaal en kwalifiseer word hulle sedelike "verskynsels."

Sedelike d.w.s. persoonsliefde is nie "absoluut" nie, maar relasioneel. Dit is van die onselfgenoegsame mens tot die onselfgenoegsame mens gerig. Hierdie liefdesoorgawe van mens tot mens, is nie absoluut nie, maar kreatuurlik. Hierdie persoonsliefde "rig sig tot die mens as 'n wese, wat meer is as dier, plant en stof, nl. as beelddraer Gods; tot die mens met die ewigheid in sy hart gelê; tot die mens as natuurbeheerser, as kultuurskepper, as vervuller van 'n goddelike roeping; tot die mens as koningskind, as kind van God; tot die mens in sy volle en unieke skepselaard. Daarom is dit iets anders as natuurliefde (liefde tot stof, plant en dier), iets veel meer verhewens. Dit spruit uit sy volle, maar onselfgenoegsame menslikheid uit en rig sig tot die mens."[2]

Dat die sedelik-goeie as persoonsliefde vir ons analise van probleme in die Arbeidsetiek van besondere betekenis is, letten-

---

1) In sy: Die grond van die sedelike, noem Stoker die sedelike nog persoonlikheidsliefde. Hy het egter na die publikasie van hierdie werk die sedelike persoonsliefde genoem, wat m.i. 'n verbetering is.

2) Stoker- Die grond van die sedelike, p. 28.

de op die vereiste liefdesverhouding van die arbeider (tot homself en daarmee sy arbeid) en tot sy medemens in sy arbeidskring, spreek vanself. Dit werp ook sy besondere lig op vraagstukke van euwels en wanverhoudinge in die arbeids-wêreld.

......................

Tot dusver het ons die sedelike (in enger sin) ontleed. Die "sedelike" word egter ook in ruimer sin gebruik. In enger sin m.i. word die sedelike beperk tot die spesifiek etiese soos dit deur die norm van persoonsliefde ("jy moet jou naaste liefhê soos jouself") bepaal word. In ruimer sin word dikwels onder die sedelike verstaan alles wat die mens behoort te doen soos dit deur alle normae agendorum bepaal word. Hiervolgens moet ons onderskei tussen 'n etiek in enger sin en 'n etiek in ruimer sin. Tog is die sedelike in enger sin m.i. die kern van die etiek in ruimer sin. Met die behandeling van probleme in Arbeidsetiek sal ons egter ook op die sedelike in ruimer sin moet neerkom. Die onderskeid tussen die sedelike in enger en enger sin word hier net genoem. Later sal ek nog meer hieroor skrywe (Hoofstuk 3, 5 oor: Etiese Oriënteriing)

ii. Die afhanklikheidsgrond van die sedelike.

Mens vind in die kosmos nie net radikale verskeidenheid nie, maar ook die samehang daarvan. Daar is dan ook velerlei verband en onderlinge betrokkenheid van die sedelike op die nie-sedelike. Die sedelike kan nie in isolasie bestaan nie. Met die res van die kosmos vorm dit 'n onverbreekbare band. Hierdie verband vorm 'n deel van die onselfgenoegsame samehangende verskeidenheid in die kosmos en vorm 'n onselfgenoegsame samehangende eenheid. Die sedelike is vir eie-aard en eie bestaan afhanklik van tyd, getal, ruimte, beweging, bewussyn, taal, godsdiens ens. Die sedelike is met alle idionne ("verskynsels") in die kosmos vervleg en is op verskillende maniere afhanklik van die nie-sedelike. Deur sy afhanklikheid en verbondenheid met die nie-sedelike verloor die sedelike nie sy eie-aard nie. Die analise van die sedelike moet

vrugbaar gebruik maak van die ander kosmiese idionne ("verskynsels"). Wie met sy ontleding van die sedelike sy verband met die nie-sedelike ignoreer, is in sy werk tot sterilisasie en onvrugbaarheid gedoem. Daar moet onderlinge wisselwerking van die ondersoek van die sedelike met die nie-sedelike wees, en dergelike erkenning van die wisselwerking mag die sedelike nooit in die nie-sedelike laat opgaan nie.

In die onderlinge teenverhoudinge en wisselwerkinge moet die soewereinitiet en uniekheid van die sedelike en van die radikaal onderskeie nie-sedelike gehandhaaf word. Die wysgeer wat die Absolute Grond van die sedelike erken, handhaaf op grond van sy insigte ook die kosmiese afhanklikheidsgrond van die sedelike van die nie-sedelike.

Soos die sedelike afhanklik is van die nie-sedelike, is sedelike arbeid afhanklik van nie-sedelike arbeid, en as deel van die verskeidenheid vorm dit saam die samehangende verskeidenheid in die kosmos. Sedelike arbeid is ook afhanklik van ander nie-sedelike idionne ("verskynsels") wat ek nie hier gaan opsom nie.

iii. <u>Die plek van die sedelike in die kosmiese geheel.</u>

In die kosmiese veelheid, gevarieerdheid en verskeidenheid het elke binne-kosmiese idion ("verskynsel") sy eie-aard en spesifieke plek en en taak om te vervul. In die samehang van die omvangryke en sinvolle gedifferensieerdheid het ook die sedelike sy eie plek en betekenis vir die geheel. Om die onmisbaarheid van die sedelike in die geheelsstruktuur nader toe te lig is dit lonend om 'n analogie te gebruik uit die getalleryk. Word bv. die getal 10 opgehef uit die ryk van die getalle, word meteens die getalleryk opgehef. Net so sal wanneer die sedelike in die kosmos opgehef word, die hele kosmos "vernietig" word.

Ook vir die arbeidsetiek is dit van kardinale betekenis om die betrokkenheid van sedelike arbeid op die hele menslike samelewing en die hele kosmos, waarin die mens sy roeping het, nie uit die oog te verloor nie.

3. VAKWETENSKAPLIKE ETIEK.

Met die oog op die latere uiteensetting oor arbeidsetiek, wil ek hier net kortliks noem, dat daar onderskei kan word tussen verskillende soorte wetenskaplike etieke, bv. Mediese Etiek, Sosiale Etiek, Pers-Etiek, Opvoedkundige Etiek, Juridiese Etiek, Kultuur-Etiek, Tegnologiese Etiek, Huweliks-Etiek, Sport-Etiek, Bedryfs-Etiek ens.

Deurdat die Vakwetenskaplike Etiek met partikuliere en veral met besondere analises te doen het, wat buite die gebiedsveld van die Teologiese en Wysgerige Etiek val, en omdat die Vakwetenskaplike Etiek opereer met spesifieke metodes, norme, wette, beginsels, feite, waardes, motiewe, neigings, doelstellinge, ens., wat verskil van dié van die Teologiese Etiek, sal sy doel en opus operandi anders wees as die van die eersgenoemde twee dissiplines. Die Vakwetenskaplike Etiek het met besondere verhoudinge te doen, en wil telkens vasstel hoe in verskillende relasies persoonsliefde gerealiseer (of gekrenk) word. Daar is o.a. die volgende relasies:

a. Die konkrete mens tot homself.

b. Die mens tot 'n medemens as enkeling.

c. Die mens tot 'n menslike samelewingskring.

d. Die enkeling tot die enkeling binne 'n samelewingskring.

e. Die samelewingskring tot die enkeling.

f. Een samelewingskring tot 'n ander samelewingskring.

g. Samelewingskring tot homself as samelewingskring.

Waar dus eties 'n besondere of spesifieke groep van idionne ("verskynsels") in hul besonderheid ondersoek word, het ons met 'n Vakwetenskaplike Etiek te doen. Vir elke Vakwetenskaplike Etiek geld die beginsel van soewereiniteit in eie kring en universele wisselwerking met ander wetenskappe.

Die Vakwetenskaplike Etiek het met 'n omvangryke veelheid van besondere of spesiale sedelike "verskynsels" te doen. Dit be-

staan uit 'n verskeidenheid van besondere of spesiale situasies, verhoudinge, kringe, doelstellinge, ens., wat wetenskaplik onderskei en beoordeel kan word. Maar omdat al hierdie verskynsels saamhang, is dit ook die taak van die Vakwetenskaplike Etiek om die besondere samehang en verband van die sedelike "verskynsels" bloot te lê. Dit is nooit los geïnsuleerde en geïsoleerde "verskynsels" sondér meer nie, maar daar is wisselwerking, verband, eenheid, samehang ens.

Christelike Vakwetenskaplike Etiek is een van die jongste etiese dissiplines, maar wat vanweë sy vollediger visie op die sedelike 'n ereplek verdien in die geledere van die verskillende etiese dissiplines, en in die organisme van die wetenskappe. Met die oog op die beter begryp van die latere uiteensetting oor Arbeidsetiek, wil ek samevattend die volgende stel, dat (Christelike) Etiek as Vakwetenskap bestaansreg het, selfstandig uitgebou moet word, noodsaaklik is, en nie tot onderdeel van enige ander wetenskap herlei moet word nie. Dit moet langs eie weg selfstandig, mondig en vrugbaar ontwikkel, soewerein in eie kring.

Ondersoek van die verskillende Etieke en die bepaling van die noodsaaklikheid van 'n Christelike Vakwetenskaplike Etiek het ook groot betekenis vir die ondersoek van die bestaansreg en noodsaaklikheid van 'n eie Protestants-Christelike Arbeidsetiek.

## 4. HUL ONDERSKEID EN SAMEHANG.

Uit die voorafgaande uiteensetting van Teologiese Etiek, Wysgerige Etiek en Vakwetenskaplike Etiek, het dit duidelik geword dat daar wel onderskei kan word tussen die drie genoemde etiese dissiplines. Alhoewel die drie duidelik-onderskeibare dissiplines elk 'n eie taak en eie blikrigting het, elk sy eie metodes gebruik, die betrokke wette (norme) onderskei en elk 'n eie visie op die sedelike gee, is dit uiters belangrik om daarop te let, dat hulle ook in noue verband staan tot mekaar.[1)]

---

1) Vir 'n verdere uiteensetting van die drieërlei blikrigting nl. van die Teologie, Wysbegeerte en Vakwetenskap, verwys ek na Stoker se Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 242 - 244.

Hulle verkeer in intieme wisselwerking met mekaar en vul mekaar aan. Die een het in die volvoering van sy eie taak die betrokke bevindings van die ander nodig. Alhoewel elkeen bestaansreg het en noodsaaklik is as aparte, selfstandige en mondige wetenskaplike dissipline, bied die drie tesame 'n totaliteitsvisie wat die sedelike in sy eenheid en volle grootheid voor ons stel.

Hierdie drieërlei benadering van die sedelike verryk ons kennis van die sedelike, sodat ons beter insig kry in die wese, waarde, aard ens. van die sedelike. Om derhalwe een van hierdie dissiplines sy bestaansreg te ontsê, beteken oorvereenvoudiging van die sedelike, verarming van ons kennis van die sedelike en verenging van die omvattende eenheid van die sedelike. Omdat die sedelike 'n eenheid is, en die drie dissiplines drie verskillende visies daarop gee, moet elkeen van die drie die ander veronderstel en aanvul. Dit beteken dat tussen hulle die intens moontlikste wisselwerking moet bestaan. Slegs in die mate wat die drie dissiplines mekaar bevrug, sal elkeen na waarheid kan ontwikkel.

.............

# HOOFSTUK 3.

## Oriënteringe m.b.t. onderskeie Wetenskappe en wetenskaplike dissiplines.

1. In die algemeen. Arbeid asook arbeid en die sedelike kan vanuit onderskeie (spesiale) wetenskappe en wetenskaplike dissiplines benader word, w.o. Teologie, Wysbegeerte, Fisiologie, Sielkunde, Ekonomie, Regswetenskappe, Sosiologie, Staatsteorie, Opvoedkunde ens. Ek wil kortlik illustreer met 'n voorbeeld. Sielkunde is 'n besondere wetenskap met sy besondere veld van ondersoek, onderskeidings, metodes, ens. 'n Sielkundige analise van arbeid sal hieraan beantwoord. Dus behoort ons eers kennis te hê van Sielkunde, voordat ons 'n sielkundige analise van arbeid behoort aan te pak. Mutatis Mutandis geld dit vir elke wetenskap wat vanuit sy gesigspunt arbeid ondersoek.

Met die oog op die doel van my tema wil ek my egter beperk tot 'n Teolgiese, Wysgerig-kosmologiese, Wysgerig-antropologiese en Etiese oriëntering.

2. Teologiese Oriëntering.

Aangesien ek reeds gesê het wat Teologie is,[1] gaan ek dit nie hier herhaal nie. Ek wil in hierdie gedeelte net enkele bevindings stel wat vir die analise van arbeid en sedelike arbeid van belang is. Ek sal vervolgens vier van die bevindinge hier verduidelik:

a. Die vertikale versus die horisontale blikrigting. Onder vertikaal verstaan ons 'op God gerig' ('in betrekking tot God staande'). Teenoor God wat hom geroep het om as kultuurskepper in die kosmos arbeidsaam te wees, het die geskape mens 'n dure verpligting. Met sy arbeid en optrede in die kosmos moet die mens antwoord op die roep van God. Hy is verantwoordelik teenoor God. Hy moet beantwoord aan sy bestemming. Dit is God wat aan die geskape mens opgedra het om die Tuin van Eden te "bewerk en te bewaak" (Genesis 2 vers 15). Hierdie siening van menslike arbeid

---

1) sien pp.7 tot 9.

as opdrag van God tot Sy Eer en bewerking en bewaking van die geskape kosmos met al sy idionne ("verskynsels") is die vertikale blikrigting wat die Teologie voorsien. Onder horisontaal verstaan ons die gerigtheid van die kreatuurlike op die kreatuurlike. Met die ondersoek van arbeid en die sedelike arbeid moet die tweëerlei blikrigting nl. die vertikale en die horisontale altyd in gedagte gehou word, maar slegs die skrifgelowige kan kom tot die vertikale blikrigting. Dit is egter die taak van die Teologie om die skrifwaarhede eksegeties te verklaar, te verdiep en toe te pas, ens. sodat dit ook deur die ander wetenskappe vrugbaar gebruik kan word.

b. Die orde van skepping en die orde van sondeval en verlossing.

Stoker vestig die aandag op 'n m.i. baie pertinente en vir die verstaan van die kosmiese idionne ("verskynsels") baie belangrike onderskeiding wat Calvyn in sy Institusie "die orde van skepping" en "die orde van sondeval en verlossing" noem. Wat normaalweg gebeur by die ondersoek van 'n kosmiese idion ("verskynsel") soos bv. arbeid, die sedelike, die beeld van God, die mens, vryheid, ens., is dat begin word met die idion ("verskynsel") soos ons hom vandag aantref onder die vloek van God, en dan word teruggegryp (daarna en daarvandaan) na die oorspronklike idion ("verskynsel") voor die sondeval en dus voor die val en verskeurdheid van mens en aarde. Volgens die genoemde dubbele orde metode behoort egter die ondersoek van die idion ("verskynsel") nie by "die orde van sondeval en verlossing" te begin nie, maar by "die orde van die skepping". Die idion ("verskynsel") soos ons dit hier ontwaar moet eers ondersoek word afgesien van die invloed van die verwording van hierdie idion ("verskynsel"). Daarna behoort ons te vra wat die uitwerking van die sonde op die idion ("verskynsel") wat ondersoek word, was.

As ons nie volgens hierdie metode handel nie, sal ons die idion ("verskynsel") as sodanig vanuit sy verskeurdheid en verwarring, dus die normale uit die abnormale verstaan en gevolglik 'n skewe of onjuiste insig in die idion ("verskynsel") vorm. Die positiwiteit en realiteit van sonde moet hier benadruk word.

c. Algemene en Besondere genade. In die Gereformeerde Teologie word gespreek van algemene en besondere genade. Kuyper het drie boekdele geskrywe oor die sg. "Gemeene Gratie". Na die val van die mens het God die mens uit die Tuin van Eden laat drywe en die poorte van die Tuin is deur Gerubs bewaak. Die vervloekte en van-God-vervreemde mens sou na siel en liggaam aan ewige verderf en dood onderworpe wees, indien God nie uit genade in Christus ewige lewe vir uitverkorenes verorden en gewaarborg het nie. God se besondere genade word bewys aan hulle aan wie Hy Sy Heilige Woord bekend maak, deur Sy Heilige Gees wederbaar en bring tot geloof en waarheid. Hulle is diegene wat deur wedergeboorte, bekering en geloof kom tot die ewige lewe. Dit is hulle wat herstel word en deel het aan die weldade en genade deur Christus aan die kruis verwerf.

God het egter nie na die sondeval Sy beloofde oordele onmiddelik voltrek nie. Die mense het nog jare gelewe en genade van God ontvang. Ook diegene wat nie kom tot die ewige waarhede en ewige lewe nie, ontvang nog lewensjare en deel in die goeie gawes in die skepping van God. Hulle ontvang gesondheid en lewenskragte om te kan arbeid en in hulle lewensbehoeftes te kan voorsien. Ook deel hulle in die sonskyn en reën en geniet hulle van die vrugte van God se skepping. Dit noem ons God se algemene genade. Alle mense deel in die algemene genade van God, ook al ontken hulle Sy bestaan en al verwerp of negeer hulle Sy Woord. Ons spreek in die dogmatiek van besondere genade (gratia specialissima)en van die algemene genade (gratia communis)

Hierdie insigte is ook van belang vir die ondersoeker van arbeid, sedelike arbeid en die problematiek van arbeid en arbeider. Ook op arbeidsterrein, in industrieë ens. kan die Skrifverwerpende en Skrifignorerende werkgewer en werknemer nog veel verrig wat goed is, en sedelik-goed is, omdat die algemene genade van God die arbeidende mens nog onderskraag ondanks sy houding en gesindheid teenoor God en Sy opdragte.

Maar alleen wanneer die arbeidende mens in die lig van God se besondere Openbaring en vernuut deur Sy besondere genade arbei, ~~dan~~ kan hy sy arbeid weer sien as opdrag en roeping van God om Hom te verheerlik en Sy skepping te bewerk en te bewaak.

d. God se bestiering, regering en voleinding.

Vir my as gereformeerde teoloog en calvinistiese wysgeer is die Bybel die geïnspireerde en onfeilbare Woord van God. Hierdie Heilige Skrif leer dat God die hemel en die aarde in die begin geskape het. Dit leer ook dat God die skepping regeer, dat Hy in Sy Alwysheid dit bestier en Sy raadsplan met die skepping (die mens ingesluit) gaan voleindig.

Die arbeidende mens en die mens wat sedelik handel leer uit die Woord van God dat God as Koning regeer oor alles wat Hy geskape het, dat Hy dit met wysheid bestier en ondanks die sondeval en die daaropvolgende vloek oor die mens en die aarde, Hy Sy Werk sal voleindig. In Christus sal God uit genade gevalle sondaarmense weer met Homself versoen en die vervloekte skepping van die vloek bevry.

3. Wysgerig-kosmologiese oriëntering.

Hierdie afdeling is bedoel as agtergrond om onderskeidinge wat ek later gaan gebruik te verduidelik, en om probleme wat ek later gaan stel beter te verstaan. Ek wil hier aandag skenk aan die volgende belangrike sake:

a. Die orde van skepping en die orde van sondeval en verlossing.

b. Eenheid en differensiasie i.v.m. die geskape kosmos.

c. Die kosmiese (w.o. normatiewe) wetsorde.

a. Die orde van skepping en die orde van sondeval en verlossing.

Ek het reeds in die afdeling "Teologiese oriëntering" daarop gewys [1] dat Calvyn onderskei tussen twee ordes. Van hierdie dubbele orde metode kan ook vrugbaar gebruik gemaak word deur die Wysbegeerte soos sal blyk uit die verdere uiteensetting.

---

1) Sien p. 35.

" Die onderskeiding van die kosmos (w.o. die héle mens) volgens 'die orde van die skepping' én volgens 'die orde van sondeval en verlossing' beteken nie 'n invoering van 'n dualiteit of dualisme (bv. na analogie van die Rooms-Katolieke leer van twee terreine, t.w. dié van natuur én dié van genade nie) want beide 'ordes' het betrekking op die héle kosmos (w.o. die héle mens)."[1]

Volgens hierdie metode van onderskeiding, ondersoek ons dan eers die idion ("verskynsel") volgens "die orde van die skepping" en daarná die "verwording" van die idion ("verskynsel") soos dit "verword" het a.g.v. die vloekuitwerking. Dit is dus een en dieselfde idion ("verskynsel") bv. arbeid, die sedelike, die mens, die beeld van God, vryheid, ens., wat vanuit twee blikrigtings benader word.

Die vraag is nou natuurlik hoe ons volgens "die orde van die skepping" 'n idion ("verskynsel") kan ken, waar ons juis in hierdie bedeling met die idionne-onder-die-vloek te doen het, en dit sou ook nie gedoen kon word nie, as ons nie die lig en kennis van God se geopenbaarde Woord gehad het nie. Dit is moontlik om met die Skriflig by benadering 'n voorstelling van die gegewe idion ("verskynsel") afgesien van die invloed van onde en verval daarop te vorm.

Deur met jou ondersoek beide gesigspunte te onderskei,wat m.i. 'n metodologiese vereiste is, word verwarring van probleme voorkom. In hierdie studie sal beide arbeid en die sedelike arbeid as skeppingsidionne ("skeppingsverskynsels") ondersoek word volgens hierdie metode van dubbele onderskeiding. Dit sal m.i. die verstaanbaarheid van die idionne ("verskynsels") tot voller reg laat kom, en dit sal tot groter begrip lei van die beperkte moontlikhede om sonde, kwaad, verval, verwording ens. te bestry.

Persoonlik verkies ek vir ons wysgerige analise die ander

---

1) Stoker, e.a. - Homo viator, p. 28.

formulering van die twee ordes deur Stoker, nl. die van "die orde van skepping" en "die orde van verskeurdheid en herstel", nie alleen omdat die mens sowel as die res van die skepsels deel het aan die vloek en herstel in Christus nie, maar omdat verlossing en herskepping as sodanig teologiese onderskeidinge is wat die Wysbegeerte behoort te veronderstel, maar self nie ondersoek nie, terwyl die Wysbegeerte met die kosmos en die mens in verval te doen het, te doen het met die sonde, kwaad en verskeurdheid wat die wysgeer orals (universeel) ontwaar en met die roeping wat die mens het om die kwaad te bestry en die verskeurdheid te herstel. As ons dan die menslike (noodsaaklike) pogings van herstelling van die verskeurdheid in die lig van die genoemde teologiese onderskeiding besien, dan word dit duidelik dat die absolute en finale oorwinning van sonde en kwaad slegs deur Christus moontlik is en nie deur die mens bewerkstelling kan word nie.

Menslike pogings om kwaad te oorwin en verskeurdheid te herstel, is altyd gedeeltelik en parsieel, en bevat telkens weer die kiem van nuwe kwaad en nuwe verskeurdheid. Dit ontneem die mens egter nie die plig en roeping om die kwaad te bestry en die verskeurdheid te oorwin nie, iets wat deur die algemene genade asook die besondere genade van God moontlik is.

Bostaande toegepas op ons ontleding van arbeid en van sedelike arbeid hou in dat ons beide eers volgens "die orde van die skepping" (d.w.s. volgens hul eie-aard, afgesien van kwaad en verskeurdheid) moet ondersoek, dat ons vervolgens die uitwerking van die sonde en afval op hulle moet nagaan en dat ons daar die pogings om by hulle kwaad te bestry en verskeurdheid te oorwin krities nagaan. Terloops mag nog opgemerk word, dat al die botsende teorieë oor arbeid en sedelike arbeid (en oor die bestryding van wantoestande) ook 'n resultaat is van die sonde en die val van die mens. Daar moet op gelet word dat die wysgerige benadering van ons probleme in die lig van beide ordes verskil van die teologiese benadering daarvan.

b. Eenheid en differensiasie i.v.m. die geskape kosmos.

i. Inleidende opmerkings.

In 'n onlangs gepubliseerde artikel gebruik Stoker sekere terme wat ek vir die eerste keer in sy publikasies teëgekom het, en wat ek graag hier wil noem. Ek gaan ook in die vervolg van hierdie terme gebruik maak, omdat hulle m.i. die differensiasie asook die koördinasie van die kosmiese verskeidenheid verhelderend vertolk. Dié dinge, gegewens, data, voorhandene, ens. waarvan die kennende mens bewus word om hom heen, bv. 'n perd, 'n boom, 'n klip, 'n kleur, 'n gebeurtenis, arbeid, ens., noem Stoker "idionne". "Elk van hulle is 'n idion, 'n positiewe eie eenheid, onderskeie van elke ander positiewe eie eienheid....'Idionne'druk nie net die eie eienheid van 'syndes' uit nie want ook bv. bepaalde relasies tussen samehange van bv. syndes is idionne."[1] Hy gebruik die term "idion" omdat terme soos "verskynsel", "gegewens", "objekte", die "voorhandene", die "synde", ens. nie net meersinnig is nie, en met allerlei botsende teoretiese voorveronderstellinge belas is nie, maar omdat geeneen van hulle presies weergee wat die onderskeie kenbare (in hulle onafhanklikheid van menslike kennis) eintlik is nie.

Verder toon Stoker aan dat vir ons vorming van kennis en wetenskap ons idionne vind en ontdek en dat ons na aanleiding van idionne kennis en wetenskap vorm. Was daar nie soiets soos idionne nie, dan kon ons nie vir die waarheid van ons kennis ons daarop beroep nie. Onder die idionne neem stof, plant, dier en mens 'n besondere plek in. Hulle het 'n bepaalde afgerondheid en 'n bepaalde eiestandigheid, wat die ander idionne mis. Weens die afgeronde eiestandigheid van elk van die vier genoemde idionne, noem Stoker hulle idiostansies.[2]

---

1) Stoker: Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29: 6-7, 1964.
2) Ibid., p.7.

Uit die Woord van God[1] en uit die ontwaring van die kosmiese idionne tesame is in hulle onderskeid en samehang as kenbaar geopenbaar: die Skepper, God Drie-Enig, asook die skepping (met sy engele en aardse idionne w.o. idiostansies). Die wysgeer rig sy ondersoek op die totaliteit van die kosmos asook op die samehang van die radikale, onherleibare verskeidenheid van die kosmos. Dit ondersoek ook die plek wat 'n radikaal onderskeie idion in die kosmiese totaliteit beklee. Die verband met God en met die radikale en relatiewe verskeidenheid mag egter nie uit die oog verloor word nie. Stoker wys m.i. tereg daarop dat die betrokke samehange onderskeidelik in samewerking met teoloë en vakwetenskaplikes behoort gevind en opgestel te word.[2] Met betrekking tot die kosmies kenbare kan ons vier fundamentele perspektiewe van eenheid en differensiasie onderskei in die Calvinistiese Wysbegeerte.

ii. Vier fundamentele perspektiewe van eenheid en differensiasie.

(a) Die Absolute Eenheidsgrond van die kosmos.

God Drie-Enig, die Archê, Skepper van hemel en aarde is die Absolute Eenheidsgrond van die kosmos. Hiervolgens aanvaar die Calvinistiese Wysbegeerte 'n teosentriese, transkosmiese eenheidsbeginsel van die kosmiese totaliteit en samehangende verskeidenheid. In die lig van hierdie eenheidsprinsiepe behoort die wysgeer die kosmos as kosmos (arbeid en sedelike arbeid ingesluit) te ondersoek. Hierdie beskouing staan radikaal teenoor die kosmo-sentriese wysbegeerte wat die laaste of absolute grond van alle dinge (dus ook arbeid en sedelike arbeid) in die kosmos of na aanleiding van iets in die kosmos soek, en daardeur geneig is om die kosmos of iets in die kosmos te verabsoluteer.

---

1) Volgens Stoker is idionne kreatuurlik en mag ons die term idion nie op God toepas nie.
2) Stoker: Die kosmiese dimensies van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29. 6 - 7, 1964.

Aanvaarding van hierdie eenheidsprinsiepe bewaar die navorser van oorskatting asook onderskatting van beide arbeid en sedelike arbeid. Niks in die kosmos is absoluut nie, en dus ook nie arbeid en sedelike arbeid nie.

(b) <u>Die formele of universele eenheid van die kosmos.</u>

Hierdie eenheid is gegee met die gemeenskaplike kreatuurlikheid van die kosmos (w.o. stof, plant, dier en mens). Hiervolgens is God die Skepper in geen opsig kreatuurlik nie, en is die kosmos in geen enkele opsig met God identies nie. Die natuuropenbaring van God, Sy immanensie, alomteenwoordigheid en teenwoordigheid in die kosmos beteken geensins dat die kosmos geheel of ten dele met God identies is nie. "Volgens die onderskeid van God en kosmos en ooreenkomstig die grondidee van ons teosentriese wysbegeerte, nl. die skeppingsidee, kan ons die 'formele' eenheid van die kosmos vind. Sy gelykheid van aard vind die hele kosmos en alles wat tot die kosmos behoort (stof, plant, dier en mens) daarin dat dit kreatuurlik is, en as sodanig onselfgenoegsaam, in alles afhanklik van God, geheel en al tydsbepaald, ens. en dat dit in sy geheel en dele wetsbepaald is, d.w.s. onder die wetsorde van God staan." 1)

Bloot formeel d.w.s. bloot kreatuurlik gesien, is die hele kosmos, is die idionne in hulle kreatuurlikheid gelyk. Hulle staan ewe onmiddelik voor God, onder Sy wet en onder Sy voorsienige bestier. Ons sal met ons ontleding van arbeid en sedelike arbeid altyd hul kreatuurlikheid in gedagte moet hou.

(c) <u>Die eenheid van die kosmos as dié van samehangende verskeidenheid.</u>

Die veelheid en die relatiewe sowel as radikale (onherleibare) verskeidenheid van die kosmos hang saam op talryke en diverse wyses. Hierdie samehange noem Stoker die "materiële eenheid" van die kosmos. " Hierdie eenheid is gegrond sowel in die abso-

---

1) Stoker. Eenheid en differensiasie. <u>Koers</u>, XXX: p. 26, 1962.

lute teosentriese as in die 'formele' eenheid van die kosmos en hierdie eenheid behoort in die lig van die twee voorafgaande eenheidsbeginsels verstaan te word." 1)

Die kosmosentriese wysbegeerte relativeer en nivelleer selfs die radikale verskeidenheid van die kosmos, omdat dit sy absolute eenheidsgrond in die kosmos vind. Iets in die kosmos of van die kosmos moet hulle absoluut maak d.w.s. verabsoluteer. Vir die teosentriese wysbegeerte is die Archê transkosmies, ekstern-kosmies, nl. God die Skepper, en vind die radikaal (onherleibaar)kosmiese verskeidenheid asook sy samehang sy oorsprong in God. Om in te dring in dit wat kosmies oorspronklik is, is 'n belangrike taak van die wysbegeerte. Verder is dit van belang om in te sien dat die beginsel van "soewereiniteit in eie kring" gegrond is in die radikale verskeidenheid van die kosmos wat sy oorsprong in God het.

Wysbegeerte is egter ook 'n totaliteitswetenskap, en die wysgeer sal die fundamentele soorte van samehang van veelheid en verskeidenheid opspoor. Hy sal hulle onderskeid ondersoek en hulle verbondenheid nagaan om dan sodoende vas te stel hoe hulle binne die kosmiese totaliteit vervleg is, sonder om die radikale verskeidenheid te relativeer of te nivelleer.

Volgens die wysbegeerte van die skeppingsidee is die mens die kroonpunt van God se skepping. Om hierdie rede sal die wysgeer besondere aandag wy aan die mens en sy unieke posisie in die kosmos ondersoek en bepaal. Hierdie standpunt is van besondere betekenis vir die analise van arbeid en sedelike arbeid.

Volgens bostaande sal ons arbeid en sedelike arbeid in hul onherleibare uniekheid asook hulle samehang met die res van die kosmos moet leer sien, en wel in hulle verbondenheid met die mens.

(d) Die eenheid van die kosmos as herstel van verskeurdheid.

Ek gee die volgende as aanvulling by wat ek reeds hieromtrent gestel het. 2) Deur die eeue heen het wysgere geworstel

---

1) Stoker: Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29; p. 26, 1964.
2) sien p. 35, en 38 - 39.

met die probleme van sonde en die kwaad. Baie vrae is gevra en baie antwoorde is verstrek. Fundamentalitêr kan vanuit die kosmos op hierdie vrae nie antwoorde voorsien word nie. Die sonde en die kwaad kan hier ontwaar word, maar ons kan dit slegs reg (na waarheid) sien, wanneer ons dit "in U lig" besien. Alleen God se Woord gee vir ons die laaste en beslissende antwoord en laat ons die sonde en die kwaad in sy volle erns, werklikheid en positiwiteit in die kosmos verstaan.

In die lig van God se Woord oor sonde en kwaad, ondersoek die Skrifaanvarende wysgeer sonde en kwaad in hulle kosmiese verband en sien dit as 'n positiewe en verskeurende krag wat werklik bestaan en die hele kosmos deurtrek. Die wysgeer sal die onderskeie tipes van sonde en kwaad in hulle verskeurende werkinge in die kosmos ondersoek, maar hy behoort geen teodiseë aan te bied nie. Die mens kan nie en is nie geroep om God se dade (en Sy toelating van sonde en kwaad) uit homself te regverdig nie.

"Omdat God ook nog die oorspronklike geskape goeie in Sy skepping in stand hou, tref ons reeds in die kosmos 'n herstel van kwaad en bestryding van sondes aan. Maar hierdie oorwinning van kwaad en sondebestryding, hierdie herstel van verskeurdheid is slegs relatief, en geen volkome en finale herstel nie." 1)

Met hierdie visie kan ons nie anders as om die meliorisme, die vooruitgangsgeloof asook die Arminianisme en Pelagianisme met hul vryheidsbeskouings te veroordeel nie. Die kosmosentriese wysbegeerte kan aan die vraagstuk van verskeurdheid en herstel daarvan nie reg laat geskied nie. In die lig van die genoemde eenheid behoort die wysgeer die totaliteit van die kosmos, sy samehangende radikale verskeidenheid en die plek van die radikaal onderskeie idion (w.o. ook arbeid en die sedelike arbeid) in die totaliteit

---

1) Stoker: Die beginsel. Eenheid en differensiasie. Koers, [illegible] : p. 31, 1962, No's 1 en 2.

van die kosmos te ondersoek. Dit is belangrik om arbeid en sedelike arbeid ook te sien in verband met sonde en kwaad asook die bestryding en oorwinning van die sonde en kwaad. Veral vir die spesiale en aktuele probleme i.v.m. die arbeidsetiek is dit baie belangrik dat hierdie onderskeidinge in ag geneem moet word. In die lewe van die arbeidende mens en op arbeidsterrein het sonde en kwaad groot verskeurdheid in verhoudinge ens. gebring, en die oorwinning van die kwaad kan die euwels verminder en die verhouding verbeter en herstel.

iii. Die kosmiese idiostansies: stof, plant, dier, mens.

(a) In die algemeen.

Wanneer die mens sy oog rig op die verskeidenheid om hom, dan bemerk hy spoedig dat daar veral vier entiteite (resp. "ryke") is nl. die stoflike dinge, plante, diere en mense. Ons noem hulle (soos reeds verduidelik) idiostansies. Of daar nog meer is mag nog blyk na verdere navorsing. Dit is hierdie vier idiostansies ("ryke") wat die oog vang. Hulle is konkreet en met eiestandigheid en afgerondheid gegee. Met hierdie vier onderskeidinge moet die wysbegeerte en die vakwetenskappe hulle navorsing begin.

Hier kan gekonstateer word dat die idiostansies radikaal onderskeie is. Die een is nie tot die ander herleibaar nie. Dit blyk sodra ons hulle volgens die onderskeidinge van die kosmiese dimensies ondersoek. Elkeen van hulle is 'n oorspronklik idiostante geheel met 'n besondere aard en bestemming. Aan die anderkant is hulle op diverse wyse met mekaar verbind.

(b) Die oorsprongsvraag aangaande idiostansies.

Ons glo dat op grond van die ontwaarbare radikale verskeidenheid van die idiostansies, asook op grond van die Woordopenbaring, dat alle idiostansies uiteindelik hulle oorsprong vind in die skeppingswil van God. Volgens Gods Woord en die radikale verskeidenheid van die idiostansies is hulle oorsprong uiteindelik geleë in die skeppingswerk en skeppingsorde van God. Oor die oorsprongsvraag van die mens volgens die evolusioniste en krea-

tief evolusioniste kan ek ongelukkig nie hier uitwei nie.

Waar dit hier egter veral op aankom, is dat vir ons analise van arbeid en van sedelike arbeid die unieke idiostansie, die mens (die enigste idiostansie wat na God beeld geskape is) ... van uitnemende betekenis is, omdat arbeid en sedelike arbeid wesentlik menslik is, en slegs in sy volle menslikheid reg verstaan kan word. Maar hieroor handel die onderafdeling oor Antropologiese oriënteering.

iv, <u>Die kosmiese dimensies in hul onderskeid en samehang.</u>

Die onderskeiding tussen die vier kosmiese idiostansies bring die ondersoeker egter nie ver nie. Daar moet ook o.a. onderskei word tussen hulle eienskappe, funksies, aktiwiteite, onderlinge relasies ens. Dit blyk egter dadelik dat daar in hierdie opsig 'n legio van onderskeidinge moontlik is. Maar indien die Wysbegeerte as totaliteitswetenskap en as wetenskap van die samehang van die radikale verskeidenheid sy taak behoorlik sal vervul, moet getrag word om 'n sistematiese oorsig oor die radikale verskeidenheid en sy samehang te vind. Deur middel van universele onderskeidinge (wat vir stof, plant dier en mens geld) te ontdek kan ons 'n sistematiese oorsig oor die radikale verskeidenheid en sy samehang verkry. Vir die analise van arbeid en sedelike arbeid is hierdie universele onderskeidinge onmisbaar.

Vanuit en in die lig van die transkosmiese Eenheidsgrond asook van die formele eenheid van die kosmos gaan ek in hierdie onderafdeling die vier kosmiese idiostansies nader ondersoek.[1] As die wysgeer nou let op die ooreenkoms en verskil tussen die primêre idiostansies, dan duik daar 'n onoorsigtelike verskeidenheid van idionne op. Ons sien egter in hierdie subafdeling af van die onderling herleibare, d.w.s. relatiewe verskeidenheid van idionne, en rig die oë wysgerig op die radikale, fundamen-

---

1) Stoker onderskei ook tussen primêre en sekondêre idiostansies en toon aan dat op die vraag of daar meer as vier idiostansies is en of daar moontlike tussentipes bestaan, dit moet geantwoord word, dat dit nog nie oortuigend aangetoon is nie. <u>Philosophia Reformata</u>, 29: p. 28, 1964.

tele, oorspronklike en nie tot mekaar herleibare verskeidenheid van kosmiese idionne. Hierdie lg. onderskeidinge kan weer partikulier wees soos die van die onderskeid tussen 'n perd en 'n olifant ens. of dit kan universeel wees. Hierdie universele kosmiese onderskeidinge word deur Stoker kosmiese dimensies genoem. Hy onderskei vier van hulle. Hulle is die volgende: a. die kosmiese dimensie van modaliteite; b. die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture; c. die kosmiese dimensie van gebeurtenisse en die kosmiese dimensie van waardes.[1) M.a.w. die hele kosmos het aan al die kosmiese dimensies deel.

Elk van die kosmiese dimensies is oorspronklik en belig 'n eie kant van die idiostansies. Die een kosmiese dimensie is nie herleibaar tot die ander nie. Hulle hang op diverse wyses intiem saam. Die visie van die kosmos wat 'n kosmiese dimensie bied is abstrak, omdat dit 'n betrokke kant van die konkrete kosmos uitlig. Dit is egter geen subjektiewe denkkonstruksie nie, omdat 'n kosmiese dimensie 'n kant van die kosmos self is. "Kosmiese dimensies dien dan ook as onderskeidings wat ons in ons ondersoek van die kosmos die verskeidenheid laat oorsien. Ons mag egter nie by hierdie abstrakte visie bly staan nie, en moet die daarmee verkreë resultate van ondersoek telkens weer aan die konkrete kosmos (stof, plant, dier en mens) verifieer." [2)

Dit is belangrik om in hierdie onderafdeling oor die kosmiese dimensies ook te let op die feit dat die kosmiese dimenssies 'n rangorde veronderstel, waarvolgens die een in die ander gefundeer is. Kosmiese dimensies hang op verskillende wyses saam. Dit blyk bv. daaruit dat ons kan spreek van geskiedenis (gebeurtenis), van taal (modaal), van sedelike (modaal), opvoeding (gebeurtenis), van skole (idiostant-struktureel), opvoeding (gebeurtenis), staat (idiostant-struktureel.), reg (modaal) ens.

---

1) Dooyeweerd onderskei net drie, nl. tyd, modaliteit en individualiteitsstrukture. Hy noem hulle dimensies van die menslike ervaringshorisonne.
2) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 164.

Wat ons hoofprobleme betref kan ons bv. spreek van sedelike(modaal), arbeid (gebeurtenis), en van fabrieks-(idiostant-struktureel) arbeid (gebeurtenis) ens. Ook kan ons idionne met ander dimensies gegee vanuit 'n bepaalde dimensie benader, bv. arbeid behoort primêr in die lig van die kosmiese dimensie van gebeurtenisse ontleed te word. Weet ons wat arbeid is (dinamies gesien) kan ons vanuit hierdie lig die modale soorte, die idiostant-strukturele tipes en die aksiale bepalinge van arbeid ondersoek, soos ons dit in latere hoofstukke doen.

Ek het reeds genoem dat die kosmiese dimensies 'n rangorde veronderstel, waarvolgens die een in die ander gefundeer is. Ek wil dit hier net baie kortliks verduidelik. Die kosmiese dimensie van waardes is gefundeer in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse; die kosmiese dimensie van gebeurtenisse is gefundeer in die kosmiese dimensie van idiostante strukture en die kosmiese dimensie van idiostante strukture is gefundeer in die kosmiese dimensie van modaliteite. Oor die aangeleentheid van dimensionele antisipasies en dimensionele retrosipasies in onderskeiding van modale anti- en retrosipasies kan ek nie hier uitwei nie.

(a) <u>Die kosmiese dimensie van modaliteite.</u>

Omdat ons modale soorte van arbeid kan onderskei en die sedelike onder een van die modale kringe ressorteer is vir die analise van arbeid en sedelike arbeid modaliteite van groot belang.

Dit is nie maklik om 'n definisie van 'n modaliteit te gee nie. Ek wil hier voorkeur geen aan 'n term wat deur Stoker gebruik word, nl. <u>hoedanigheid</u> of <u>synswyse</u>. Onder modale bepaling (hoedanigheid of synswyse) verstaan ons o.a. die getalsmatige, die ruimtelike, die fisiese, die biotiese, die psigiese, die logiese, die linguale, die estetiese, die ekonomiese, die juridiese en die sedelike (of etiese). Hiervan onderskei Stoker 12 [1] en Dooyeweerd 15.[2] Ek sluit my in hierdie studie by Stoker aan.

---

1) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 165.
2) Vir Dooyeweerd is die sosiale en die historiese ook modaliteite, asook die energetiese.

Op die vraagstuk aangaande die onderskeid (fundamentele aard of sinskern van elk) en samehang (w.o. rangorde, substrate en superstrate, antisipasies en retrosipasies, subjek-objek verhouding ens.) van hierdie modale kringe gaan ek nie in nie, maar ek volstaan hier met die volgende opmerkings wat vir hierdie ondersoek van belang is. Die modaliteite is radikaal onderskeie. Die een kan nie tot die ander herlei word nie of in terme van die ander verklaar word nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat slegs die mens as idiostansie deel het aan alle modaliteite, (terwyl die dier net aan die vyf laagstes, die plant net aan die vier laagstes en stof net aan die drie laagstes deel het.) Vir ons onderwerpe (analise van arbeid en sedelike arbeid) is die leer van die modaliteite van besondere gewig, omdat ons met ons analise van arbeid modaal onderskei en omdat die behandeling van sedelike arbeid die modale bepaaldheid van die sedelike veronderstel.

(b) <u>Die kosmiese dimensie van (individuele en sosiale) idiostante strukture.</u>

In die wetenskap word die term <u>struktuur</u> in meersinnige betekenis gebruik. Die vier kosmiese idiostansies het deel aan struktuur. Weens hulle eiestandige, afgeronde en relasionele afgerondheid, het die idiostansies deel aan 'n eie en wel idiostante struktuur. Waar idiostansies 'n individuele en 'n sosiale sy het, noem ons hierdie kant van die kosmos die kosmiese dimensie van (individuele en sosiale) idiostante strukture, (i.p.v. 'individualiteitstrukture' of soos van Riessen dit noem: "identiteitstrukture."[1]) Ons verstaan onder struktuur die bou van die kosmiese idiostansies. Wat mens tref is dat die idiostansies elk 'n eiesoortige, afgeronde en oorspronklike strukturele <u>eenheid</u> is. In al die gevalle is die geheel meer as die som van die dele.

---

1) Stoker - Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. <u>Philosophia Reformata</u>, 29: p. 30, 1964.

By elk van die strukture is die modaliteite op 'n besondere wyse verbind. Elkeen van die idiostansies het aan die betrokke modaliteite deel, maar op 'n besondere wyse, waarby die hoogste modaliteit van 'n idiostansie die leidende rol vervul.

Ons let vervolgens op die verskeidenheid van sosiale strukture. Onder sosiaal verstaan ek vir die doel van hierdie studie die verbondenheid van een of meer idiostansies (individue of lede) in 'n betrokke groep of kring. Elk van hierdie samelewingskringe, (bv. by plante, diere of mense) vorm 'n sosiale strukturele eenheid.

Elke samelewingskring het deel aan al die betrokke modaliteite ('n plantlike aan vier, 'n dierlike aan vyf, en die menslike samelewingskring aan al twaalf.) Die hoogste modaliteit waaraan 'n samelewingskring deel het vorm die leidende een wat 'n besondere funksie in die strukturele eenheidsbepaling van die kring het. By menslike samelewingskringe (nie algar nie) is daar ook 'n bepaalde modaliteit, wat 'n funderende is en ook sy besondere funksie het in die eenheidsstruktuur van die betrokke samelewingskring. Die eenheid van 'n samelewingskring volgens sy strukturele binding van modaliteite noem ons die vertikale eenheid van die kring.

Maar in elke samelewingskring het ons ook wat ons 'n horisontaal-strukturele eenheid noem. Elke lid van 'n kring het aan die betrokke modaliteite deel. Maar elke lid staan as lid binne die kring in verhouding tot die ander kringlede. Hierdie onderlinge verhouding (bv. vader, moeder, broer en suster in 'n gesin) bied die tweede strukturele eenheidsbepaling van 'n sosiale kring. Op hierdie onderskeiding tussen horisontale en vertikale strukturele eenheid van 'n samelewingskring, kom ons later weer terug.[1] Dit is ook van belang dat ek nog hier wys op struktuurvervlegting of enkapsis. 'n Voorbeeld van struktuurvervleg-

---

1) Sien onderafdeling: Antropologiese oriëntering, onder : Gesagsprobleem. Sien ook Hoofstuk 8 i.v.m. die Vakbeweging.

ting is 'n huwelik wat enkapties met gesin vervleg is, d.w.s. sonder dat die huwelik of gesin daardeur sy struktuureenheid verloor het. Enkapsis kan ook so omskrywe word as die verbondenheid van samelewingskringe op so 'n wyse, dat elkeen sy unieke eieaard en besondere identiteit behou. Ekologiese struktuurvervlegting noem ek net hier.

Vir die analise van arbeid en van sedelike arbeid is die leer van idiostante strukture van besondere betekenis,want vir die mens as arbeider (en as arbeider in sedelike opsig), om die onderskeie kringe waarvan die arbeider lid is en saam met ander arbei en om die vervlegting van hierdie kringe met ander (wat ook met die betrokke arbeid saamhang) reg te verstaan, is 'n insig in die leer van (individuele en sosiale) idiostante strukture onmisbaar.

(c) Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse.

Die twee vorige genoemde kosmiese dimensies het die kosmos primêr in sy prinsipiële en vaste bepaaldheid laat sien, terwyl die kosmiese dimensie van gebeurtenisse dit primêr in sy feitlike en dinamiese bepaaldheid laat sien.

Dit is die idiostansies: stof, plant, dier en mens, wat aktief is, wat handel, wat aan gebeurtenisse deel het. Met die kosmiese dimensie van gebeurtenisse let ons primêr op die dinamiese, bv. die leeu brul en die bom ontplof op die spoorwegstasie. Die hele kosmos is dinamies bepaal.

Kenmerkend van hierdie gebeurtenisse is hul suksessiewe opeenvolging in tyd, hul kousale en hul teleïese (doel) bepaaldheid.

Op tyd en kousaliteit gaan ek in hierdie studie nie in nie, vir sover dit vir my analise van arbeid nie van primêre belang is nie, maar wel op die teleïese (doelgeaardheid) van gebeurtenisse. Sonder 'n juiste insig in wat die leer van doel (teleologie) bied, sal arbeid moeilik reg ontleed kan word. Ons beperk

ons tot die volgende onderskeidinge: (i) immanente, interne of outo-teleologie. Dit tref ons aan by gebeurtenisse wat in hulleself 'n doel bevat, bv. in die mieliepit is op een of ander wyse die doel van die pit opgesluit, nl. die te worde mielieplant. Arbeid mag immanente, interne of outo-teleologiese bepalinge veronderstel, maar dit word self nie daardeur gekenmerk nie.

(ii) transendente, eksterne of hetero-teleologie. Dit is gegee waar iets of 'n gebeurtenis vir iets anders tot doel strek, in iets anders sy doel vind. Huise dien tot beskutting vir diere en mense. Dierekrag staan in diens van die mens. Arbeid is transendent, ekstern of heteroteleologies bepaald. Dit word verrig vir iets buite die arbeid self.

Dit is ook van belang dat ons hier onderskei tussen (i) Doelmatigheid. Doelmatige handelinge tref ons aan by bevrugting, ontkieming, groei ens. Ook by senu-motoriese aktiwiteite soos bloedsomloop, asemhaling ens. Arbeid mag doelmatige aktiwiteite veronderstel maar word nie daardeur gekenmerk nie. (ii) Doelbepaaldheid. Doelbepaalde aktiwiteite tref ons aan by dier en mens (doelmatigheid by plant, dier en mens). Hulle is psigies outokineties (bewus), maar nie idioargies (selfbewus, selfheersend, selfbeheersend) nie. Kenmerkend hier is doelvoorstellinge wat outo-kineties bevredig word. Ons kan hier dink aan die instinktiewe gedrag van diere. Arbeid mag doelbepaalde handelinge veronderstel, maar word self nie daardeur gekenmerk nie. (iii) Doelstellendheid. Doelstéllende aktiwiteite tref ons net by die mens aan. Dit is idioargiese handelinge wat onder norme staan, en die moontlikheid van keuse veronderstel. Hulle is daarom toerekenbaar en verantwoordelik. Doeleindes word doel-bewus gestel en verwesenlik. Die betrokke doel word toerekenbaar en verantwoordelik gekies (gestel) en aanvaar. Ons kan hier dink aan die oprigting van 'n industrie, vervaardiging van ekonomiese goedere ens.

Verder is ook van belang die onderskeiding middel en doel.

Onder middel verstaan ons hier nie dinge (soos grawe, byle ens.) nie, maar aktiwiteite of handelinge. Arbeid is handelinge wat as middel dien om 'n gestelde doel te realiseer. Ons kan spreek van middel-handelinge en daar bestaan baie soorte. Die relasie van middel-doel moet ook skerp onderskei word van die relasie oorsaak-gevolg. By lg. is die voorafgaande (oorsaak) en by eg. die nakomende (die te verwesenlike doel) die bepalende of determinerende.

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid gebeurtenisse by stof, plant, dier en mens ens., bv. beweging van 'n pen, groei van 'n plant, kos-soek van 'n dier en kunsskepping van 'n mens, verskil radikaal. Om hierdie verskille indringend te ontleed, moet teruggegryp word op onderskeidinge wat die kosmiese dimensies van modaliteite, strukture en waardes ons bied ens.

Maar alle gebeurtenisse hang op diverse wyse (kousaal en teleïes) saam en wel <u>tussen</u> idiostansies en ook <u>in</u> elke idiostansie ens.

Omdat arbeid 'n aktiwiteit is, is ontleding van arbeid volgens kosmiese dimensie van gebeurtenisse van primêre betekenis. Maar vir die verstaan van arbeid, is dit ook noodsaaklik om die kosmiese dimensie van gebeurtenisse te sien i.v.m. die ander kosmiese dimensies o.a. om modale <u>soorte</u> en idiostant-strukturele <u>tipes</u> van arbeid te kan onderskei.

Aan die radikale verskeidenheid van die gebeurtenisse gee die beginsel van vryheid in eie bevoegdheid uitdrukking, en vir die universele samehang van die radikaal onderskeie gebeurtenisse geld die prinsiepe van universele afhanklikheid van eie bevoegdheid. Om die idionne arbeid, kousaliteit, doel, menslike vryheid ens. beter te verstaan, en te omskrywe, is die kosmiese dimensie van gebeurtenisse wat die <u>dinamiese</u> karakter van die kosmos "vertolk" m.i. onontbeerlik.

(d) <u>Die kosmiese dimensie van waardes.</u>

Die hele kosmos het deel aan 'n goed-sleg onderskeiding. Voorbeelde van "goed" en "sleg" is o.a. die volgende: vroom en sondig; sedelik-goed en sedelik-sleg; juridies reg of onreg; ekonomies nuttig of nadelig ens. Goed en sleg is waardes (positiewe waardes resp. negatiewe waardes of onwaardes). Ons kan 'n waarde (resp. onwaarde) 'n kwalifikasie noem, waaraan o.a. die idiostansie deel het, as dit aan sy aard, bestemming en wet ens. beantwoord al dan nie. Waarde mag nie hier verwar word met wat die ekonomie waarde (of prys) noem nie.

Vir sover die hele kosmos, insluitende die idionne die skeppingswerk van God is, dra dit die stempel van die Skepper en is dit alles kragtens oorsprong <u>goed</u>. Vir sover dit alles deur God vervloek is, en sonde en kwaad in die kosmos heers, is dit <u>sleg</u>. " 'n Unieke waarde kom die mens as beelddraer van God toe, as ook 'n fundamentele onwaarde aan die krenking daarvan."[1]

Stoker wys daarop dat die omskrywing van waardes (resp. onwaardes vier belangrike bepalinge inhou:

(i) Waardes is kwalifikasies van wat hy 'n draer van die waarde (resp. onwaarde) noem.

(ii) Waardes (resp. onwaardes) kan nie met wetmatigheid vereenselwig word nie. Dit vereis nie net beantwoording aan die betrokke wet (te) of norm(e) nie, maar ook aan die betrokke wese en bestemming van die draer.

(iii) Waarde kwalifiseer elke werklike iets en sy handeling op 'n nuwe wyse, en dit is as sodanig 'n nuwe en oorspronklike idion, maar tog geen <u>beginsel</u> nie.

(iv) Met die betrokke wese, bestemming en wet is die betrokke doel gegee. Doeleindes is ook waardebepalend; maar self

---

1) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 179.

geen waarde is nie. Dit stel ons teenoor dié teorieë wat waardes tot doeleindes van menslike doen en late stel. Positiewe waarde kan beskryf word as 'n "luister" waaraan iets deel kry as dit beantwoord aan sy wese, wet, norm, bestemming ens. Dit maak aanspraak op agting. "Teaal gesien is dit 'n afglans (kreatuurlike beeld) van die heerlikheid, goedheid, wysheid en majesteit van God, wat die wese, bestemming en wet van die geskape "dinge" bepaal het." 1) Waardes getuig ook dat dinge wel-gedoen en wel-bepaal is. 'n Negatiewe waarde(resp. onwaarde) is 'n ontluistering wat dikwels met vuilheid, besmetting en bevlekking getipeer word. Dit is iets wat afstoot en dit is 'n getuienis van verwerplikheid. Waardes bestaan objektief en is ondinamies. Die mens het deel aan waardes (i.c. negatiewe waardes resp. onwaardes) waaraan die ander idionne nie deel het nie, nl. sonde.

Vanuit die gesigspunt van die kosmiese dimensie van waardes kan die ander kosmiese dimensies benader word, en dan onderskei ons tussen modale, idiostant-strukturele en dinamiese waarde bepalinge, 'n verskeidenheid wat op diverse wyses saamhang. Gesien i.v.m. die verhouding van die geskape kosmos tot God kan ons vanuit die kosmiese dimensie van waardes al die in die kosmos voorhande spanninge, konflikte, stryd ens. sien as 'n stryd tussen goed en kwaad wat uiteindelik gegrond is in die stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis.

Die insigte wat die kosmiese dimensie van waardes ons bied, kan vrugbaar gebruik word i.v.m. die kwessie van goeie en slegte arbeid asook die hele aangeleentheid van arbeidskonflikte, arbeidsonvrede, versteurde arbeidsverhoudinge ens. waarop ek later breedvoerig op terugkom.

v. <u>Die kosmiese wetsorde (w.o. die normatiewe wetsorde)</u>.

Die hele kosmos (en daarmee alle idionne) is onderworpe

---

1) Stoker - Beginsels en metodes....., p. 180.

aan die kosmiese wetsorde. Ons onderskei kosmos (en daarmee alle idionne) en wette wat daarvoor geld. Albei moet aanvaar word. Ons verskil van die anomisme (wat wet verwerp en in toeval glo); van subjektivisme (wat ontken dat wet onafhanklik van die mens se kennis daarvan bestaan) en nomisme (wat die wet verabsoluteer). God is Wetgewer van die kosmiese wetsorde.

Daar moet onderskei word tussen die wet en ons kennis van die wet wat feilbaar is. Ook moet onderskei word die wet self en die mens se positivering van die wet. In hierdie gedeelte gaan ek hoofsaaklik aandag gee aan die kosmiese wetsorde en daaronder in besonder aan norme.

Alle wetenskappe (wetenskaplikes) wat wette opspoor veronderstel op een of ander wyse 'n orde. Wette bestaan slegs daar waar ons orde vind. Wet is 'n bepaling van orde. Ons kan die volgende kenmerke van 'n wet hier kursories noem: (i) Wet is 'n bepaling van orde; (ii) Die kosmos het self deel aan wet wat "objektief" staan en onafhanklik bestaan van die kennis daarvan. (iii) Die kosmiese wetsorde vind sy oorsprong in God. Dit is kreatuurlik, onselfstandig en geheel in God se hande. (iv) Wette geld. Hulle is van krag vir die kosmiese idionne. (v) Wette geld vir die hele kosmos en God mag nie volgens kosmiese wette beoordeel word nie. (vi) Wette geld universeel. Die hele kosmos met al die idionne is wetsonderworpe. (vii) Kosmiese wette is vas. Dit is gegrond in die onveranderlikheid en vastheid van God se Raad.

Daar is 'n legio wette in die kosmos wat samehang. Daar is wette vir die idionne en wette vir die kosmiese ~~dimensie~~ dimensie in hulle radikale verskeidenheid en samehang.

'n Norm is 'n ordebepaling van wat behoort te geskied, d.w.s. behoort gedoen te word. Norme moet deur mense gehoorsaam word, en norme veronderstel, omdat daar 'n moontlikheid van keuse gegee is, toerekenbaarheid, en omdat onderworpenheid aan behorenseise vereis word, verantwoordelikheid. "God stelt de norm, Hij meet het leven naar zijn maatstaf, die niet op willekeur berust, maar waarvan de maten door zijn wezen zijn geijkt."[1]

---

1) Van den Berg, J. Normen. (In Christelijke Encyclopedie, 1960, 5: 232.

Stoker onderskei tussen algemene en universele wette, en so ook tussen algemene en universele norme. Die algemene norm (net soos die algemene wet) laat die unieke, eenmalige en onherhaalbare nie tot sy reg kom nie. Vaste behorenseise is gegee met algemene (modale en idiostant-strukturele) norme. Hieronder val die tien gebooie, die dubbele liefdesgebod van Christus, ken, dink, en estetiese norme vir huwelik, gesin, volk, staat, ens. Waar vaste behorenseise algemene riglinies vir die menslike doen en late gee, daar stel die universele kontingente behorenseise die behore vir die geval van 'n kontingente moontlikheid van keuse. ' Wat egter nie vergeet mag word nie, is dat vaste behorenseise hulle grond in die skeppingswil van God vind en dat die kontingente behorenseise hul grond in die bestieringswil van God vind.

Norme kan oortree word, maar tog is hulle vas. Hulle bly sonder uitsondering vir alle mens oral en altyd geld, ook daar waar hulle oortree word. Dit geld ook vir norme i.v.m. arbeid en sedelike arbeid.

Die mens kom tot kennis van die wet, deur die daaglikse ervaring daarvan, deur selfevidente insigte en veral is belangrik dit wat God in Sy Woord openbaar nl. dat wette (ordinansies) hulle oorsprong vind in Hom. Hierdie skriftuurlike openbaring is prinsipieel die fundamenteelse lig waarin ons die kosmiese (w.o. normatiewe) wetsorde kan beskou.

Bogenoemde insigte is belangrik vir die bepaling wanneer arbeid goed is, ("goed" in sy onderskeie betekenis bedoel: arbei goed, arbeid vir die goeie ) hoe en waarvoor mens behoort te arbei en vir toerekenbaarheid, verantwoordelikheid en vryheid van arbeid (en sedelike arbeid). Dit is ook van belang vir die beoordeling van arbeidskonflikte ens. Aandag moet ook gegee word aan die spesifieke (intrinsieke of interne) arbeidsnorme.

## 4. Wysgerige Antropologiese oriëntering.

### a. Inleiding - Antropologieë

Ensiklopedies kan antropologie gekwalifiseer word as 'n familie van wetenskappe waarvan teologiese antropologie, wysgerige antropologie en vakwetenskaplike antropologieë (w.o. fisiese biologiese, karakterologiese, etiese, sosiologiese, etnologiese, sielkundige, staatkundige, opvoedkundige ens. ) lede is. Omdat elk van die antropologieë (elk met sy selektief-relevante probleemstellinge) met die mens te doen het, behoort hulle nie in isolasie van mekaar beoefen te word nie, maar behoort hulle mekaar onderling te bevrug.[1] Die wysgeer ondersoek die plek en die rol van die mens in die samehangende verskeidenheid van die kosmiese totaliteit. Berkouwer maak die belangrike opmerking dat die vraag wat die mens is, in die middelpunt van teologiese en wysgerige belangstelling staan. Ontelbaar is die studies en onoorsigtelik is die literatuur wat hierdie vraag tot kerntema maak. 'n Evident-onweerspreekbare antwoord is nog nie gevind nie. In teëstelling met die vakwetenskaplike antropologieë wat elk slegs 'n bepaalde "deel" van die mens ondersoek, rig die wysgerige antropologie sy oog op die "hele" mens. Dit rig sy oog op die samehang van die (fundamentele) verskeidenheid in en van die mens met die mens as 'n geheel, en op die verbondenheid van individu en samelewingskringe in die mensheid as eenheid. "Waar die teologiese antropologie (vertikaal) veral die verhouding en afhanklikheid van die mens van God ondersoek, daar rig die wysbegeerte (horisontaal) sy oog op die verhouding en wedersydse afhanklikheid van die mens van die wêreld (die totaliteit van die kosmos; stof, plant, dier en mens sélf)." [2]

---

1) Stoker, e.a. Die betekenis van " Die mens as beeld van God" vir die wysgerige antropologie. Homo viator, p. 20
2) Stoker, H.G. Die mensbeskouing in die wysbegeerte. Koers. XXVII: p. 180, 1960.

b. <u>Mensbeskouing is belangrik.</u>

Omdat dit die mens is wat arbei en sedelik kan arbei is dit belangrik vir die latere ontledinge van arbeid en sedelike arbeid dat aandag gewy word aan die ondersoek van die wie en wat ens. die mens is. Talryke wysgere toon m.i. tereg aan dat die huidige mens homself verloor het in die sin, dat hy nie eintlik meer weet wie en wat hy is nie, en wat sy rol en bestemming in die kosmos is nie. Hierdie stand van sake maak dit m.i. van aktuele belang vir die wysgerige (en per implikasie ook die vakwetenskaplike) antroloplogieë om hulle oor die vraag te besin of hulle ondersoek van die mens uitsluitlik behoort uit te gaan van die mens sélf (al is dit ook in sy verhouding tot die kosmos) én of hulle met hulle ondersoek - en wel in fundamentele sin - nie juis ook die verhouding van die mens tot God in oënskou behoort te neem nie.

Dooyweerd toon aan dat die vraag oor die mens 'n sentrale plek inneem in die <u>kontemporêre</u> Europese denke, en dat na elke periode in die historie van die westerse denke, waarin alle belangstelling gekonsentreer was op die kennis van die buite-wêreld die mens onbevredig gevoel het. "In this situation human reflection always turns again to the central riddle of man's own existence. As soon as this riddle begins to puzzle human thought it seems as if the external world recedes from the focus of interest."[1]

Dit gaan nie tans slegs om 'n <u>ontologiese</u> belangstelling nie, maar om die <u>konkrete</u> mens met al sy mag en vermoë, sy drifte en dryfvere, sy ras en nasionaliteit ens.

Die fundalentele eenheid van die mens is daarin geleë dat hy God kan ken en dien, of hom afvallig aan 'n afgod kan verslaaf. Tweedens is dit daarin geleë dat hy 'n beelddraer van God

---

1) Dooyeweer- In the twilight of western thought, p. 173.

is. Ons vind in die derde plek die eenheid van die mens daarin dat hy 'n moontlikheid van keuse ontvang en onder wette en norme staan. Lg. kan hy oortree en daarom is hy verantwoordelik vir sy keuse en daarin kan hy ook sy vryheid openbaar. God se Woord leer vir ons dat die mens geen God en geen goddelike wese is nie, maar ook dat hy geen dier of louter stoflike wese is nie. In vergelyking met die dier is die mens koningskind, is hy bestemd om die aarde te onderwerp, te heers oor al wat lewe, en sodoende kultuur te skep en geskiedenis te vorm. Die lewe van die mens is 'n geroepe lewe. Die van die dier nie. God roep die mens en dit verplig hom om te antwoord.

Vir die humanis is die mens die sentrum van die heelal, en is dit die mens ~~wat~~ in sy soewereine hoogheid en met sy intrinsieke waarde wat aan homself en die lewe sin en betekenis gee. Volgens die naturalisme is die mens 'n natuurwese. Hy is 'n speelbal en produk van natuurkragte. Hy is 'n wese sonder gees, en is onderworpe aan natuurlike drifte en dierlike instinkte.

c. Mensbeskouing afhanklik van Godsbeskouing.

Met nadruk het Calvyn die stelling poneer dat die kennis van die mens nooit losgemaak kan word van die kennis van God nie. "Daarentegen staat het vast, dat de mens nooit tot een zuivere kennis van zichzelf geraakt, tenzij hij eerste Gods aangezicht aanschouwd heeft, en van diens aanblik afdaalt tot het beschouwen van zichzelf."[1] So bly 'n beslissende dimensie van menswees nl. sy verhouding tot God buite beskouing. So val die sleutel tot waaragtige selfkennis weg. Vir Dooyeweerd is die Heilige Skrif "the only key to true self knowledge in its dependency on the true knowledge of God. It is also the only judge both of all theological and philosophical views of man."[2]

---

1) Calvijn: - Institutie Deel I, 1, p.2.
2) Dooyeweerd - In the twilight of western thought, p. 186.

Volgens die Heilige Skrif is die mens in strictu sensu God se mens. Hy is deur God geskape en word deur Hom in stand gehou, bestier en onderwerp aan Sy wetsorde. Die mens is dus mens kragtens sy betrokkenheid op God. Omdat hierdie menslike beeld prinsipieel onselfgenoegsaam en kreatuurlik is, behoed dit ons van oorskatting asook onderskatting van die geskape mens. Die vraag na die beeld van God is 'n teologiese vraag, maar die vraag na die beeld van God is 'n wysgerige vraag.

Dit is belangrik om daarop te wys dat in die Christelike mensbeskouing rekening gehou word met die korrupsie en val van die mens asook met die herstel (versoening) in Christus (volgens "die orde van sondeval en verlossing") Ek noem hierdie Christelike mensbeskouing omdat ek in die lig hiervan my latere probleme ondersoek. Die mens sonder God het geen sin nie. Die mens is afhanklik van God en staan in verhouding tot God as geskape idiostansie teenoor sy Skepper. Ons mensbeskouing is afhanklik van ons Godsbeskouing.

d. Enkeling en Samelewing.

Die mens as kreatuur, kroonpunt van God se skepping en beelddraer van God, staan in verhouding tot ander mense in die kosmos. Hy is ingeskakel in verskillende samelewingskringe. Die mees omvattende onderskeiding in die kosmos vir sover dit die mens as idiostansie aangaan, is dié van die konkrete menslike persoon aan die een kant, en die van die universele eenheid van die menslike samelewing aan die anderkant. "Die konkrete menslike persoon is 'n unieke individueel-sosiale besonderheid. Hy het twee ewe fundamentele, onderling onherleibare maar mekaar komplementerende en nie van mekaar isolerende sye, t.w. 'n individuele en 'n sosiale sy." 1)

Om die mens net primêr te beskou as individu of net as

---

1) Stoker, H.G. Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid......Koers, XXX: No.9; p. 484, 1964.

sosiale wese, is 'n abstraksie, want die mens is aan die eenkant die mees geindividualiseerde en aan die anderkant die mees gesosialiseerde idiostansie in die kosmos. Stoker stel dit m.i. baie treffend soos volg: "Hy is die knooppunt van al die samelewingskringe waartoe hy behoort en hy is as héle persoon bv. huweliksgenoot, gesinslid, volksgenoot, staatsburger, kerklidmaat, lid van 'n beroepskring, lid van 'n vereniging, buurman ens.As totale konkrete persoon is sy individuele sy en die sosiale sy (sy lidmaatskap van die betrokke kringe) in hom "einheitlich" verenig."[1) Die konkrete geskape mens is ook 'n eenheid van liggaam en siel.

Teenoor die konkrete mens as enkeling vind ons die onderskeie patikuliere, konkrete samelewingskringe. Ons kan onderskei tussen primêre, sekondêre en tersiêre kringe. Primêre samelewingskringe is die volgende: huwelik, gesin, volk, kerk, staat, ens., elk met 'n besondere struktuur en gesagsverhouding, leidende en funderende funksies en besondere bestemming. Sekondêre samelewingskringe is o.a. die volgende idiostante strukture: skool, universiteit, fabriek, hospitaal, klub, vakvereniging, ens.elk met 'n besondere struktuur, gesagsverhouding en een of meer leidende maar geen funderende funksie nie, en 'n besondere bestemming.

Wat die tersiêre (inter-indivuele) samelewingskring aanbetref vind ons die volgende: buurskap, vriendskap ens., elk met 'n losse struktuur sonder gesagsverhouding en met 'n besondere bestemming.

Net soos die menslike persoon as individueel-sosiale besonderheid 'n eenheid is, wat deel het aan en hom uitdruk in al die kosmiese dimensies, is ook die samelewingskring 'n eenheid wat deel het en hom uitdruk in al vier kosmiese dimensies. Net soos die konkrete mens as strukturele eenheid deel het aan al die modaliteite maar meer is as die som daarvan, het ook die samelewingskring deel aan al die modaliteite.

---

1) Stoker - Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid veral in samelewingsverband. Koers, XXX: No.9: 484, 1964.

Die eenheid van die samelewingskring word vertikaal daarin geopenbaar dat elke lid deel het aan al die modaliteite. By algar word die eenheid veral bepaal deur die leidende funksie. Hier wil ek twee voorbeelde noem, nl. kerk en staat. By eersgenoemde is die leidende funksie godsdiens (erediens) in gemeentelike verband, en by lg. is dit die juridiese (regsvorming, -handhawing) By primêre kringe word die kringe eenheid bowendien bepaal deur die funderende funksies. Ook hier wil ek kerk en staat as voorbeelde noem. By die kerk is dit die sedelike (persoonsliefde tussen medegelowiges). By die staat is dit die fisiese (gebieds-of landsband).

Die eenheid van die samelewingskringe word horisontaal daarin geopenbaar dat lede van 'n betrokke kring verbonde is aan mekaar. Dit is 'n sosiale verbondenheid in onderlinge kringeenheid.(bv. man en vrou in huwelik). 'n Samelewingskring vereis horisontale en vertikale eenheidsbepaling in onverbreeklike samehang.

Wat die tersiêre samelewingskringe aanbetref vind ons dat die onderlinge verband baie los is en dat geen funderende of leidende modaliteit vasgestel kan word nie.[1)]

Dit is belangrik om daarop te let, dat hierdie verskeidenheid van samelewingskring en samelewingskring asook van enkeling en samelewingskring onherleibaar is. Die enkeling is geen samelewingskring, (idiostante struktuur) die huwelik is geen volk nie en die staat is geen kerk nie. Elkeen van hierdie verskeidenheid van enkeling en samelewingskring het sy eie-aard, struktuur, gesagsverhouding, betrokke modale leidende en funderende funksies, bestemming ens. Elkeen het ook sy eie relevante moontlikheid van keuse (voorwaarde vir vryheid) en staan onder behorenseise (is dus verantwoordelik). Die konkrete mens as personale besonderheid kan nooit geïsoleer word van sy betrokkenheid en verbonden-

---

1) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 173.

heid met die partikuliere samelewingskring nie. Bogenoemde onderskeiding tussen enkeling en samelewingskring, veral die gedeelte oor die sekondêre samelewingskringe is van uiterste belang vir die latere analise van arbeid en arbeidsverhoudinge (vakbeweging) ens. Hierdie insigte verhoed die navorser om te verval in 'n gereduseerde mensbeskouing bv. modale reduksionisme waar die mens bv. bloot as ekonomiese wese beskou word (ekonomisme), asook idiostant-strukturele reduksionisme, bv. individualisme, sosialisme ens.

Dit sou nie onvanpas wees om hier ten slotte net te noem dat vir die Skrifaanvarende ondersoeker die mensheid sy oorsprongseenheid vind in Adam.[1] Deur die val en vervloeking van die mens en die daaropvolgende herstel (versoening) van die uitverkorenes het daar skeiding gekom tussen die geskape mense. In Christus egter vind die herstelde (versoende) mensdom weer hulle eenheid as wedergeborenes en vrygemaaktes deur Sy Middelaarsbloed.

e. Menslike gesag

" Die sosiale resp. die verbinding tussen individu en individu ('lid' en 'lid') is ook 'n struktuurbepaling van 'n samelewingskring. Let maar op die verhouding van man as man en vrou as vrou in 'n huwelik, of die onderlinge verhouding van vader, moeder en kind in 'n gesin. O.a. speel in hiérdie struktuurverbindding die gesagsverhouding (ouers-kinders; onderwyser-leerling; staatsowerheid-onderdaan; werkgewer-werknemer; kerkraad-gemeente; ensovoorts) sy essensiële rol. Die gesagsverhouding in 'n betrokke samelewingskring word veral gekwalifiseer deur dié modaliteit wat daarin 'n leidende funksie het." [2]

Etimologies kom die woord gesag van seggenskap. Die een enkeling of samelewingskring het seggenskap oor (oefen seggenskap uit) oor 'n ander enkeling of samelewingskring. Die handhawing van gesag vereis wel mag, maar mag kenmerk nie die wese van gesag nie.

---

1) Handelinge 17 vers 26.
2) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 173.

Gesag maak aanspraak op gehoorsaamheid, maar mág nie. Wanneer gesag verloop in blote magsuitoefening, dan is dit nie meer gesag nie, dan beantwoord dit nie meer aan sy doel nie.

Gesag vereis gehoorsaamheid van die gesagsonderdaan aan die gesaghebber (gesagdraer), maar vereis weer van die gesaghebber verantwoordelikheid teenoor die gesagsonderdaan. Teenoor die nihilisme en die anargisme wat gesag as sodanig verwerp, en net mag ken, moet ons antwoord dat also die magsonderworpe mens verneder word.

Gesag is moontlik omdat die kosmos nie alleen fundamentele gelykheid as feit bied nie. Gesagsverhoudinge impliseer 'n fundamentele ongelykheid. Die Calvinisme erken beide die fundamentele gelykheid en die fundamentele ongelykheid. Die gelykheid vind ons daarin dat die mens almal uit een bloed geskape is en in Adam hulle hoof en eenheid vind. Ook is alle mense as kreatuurlike wesens (idiostansies) gelyk voor God in hulle kreatuurlikheid. Die ongelykheid (ouderdom, aanleg, somatiese proporsies, intellektuele aanleg ens.) moet erken en waardeer word.

Gesag is in die orde van die skepping geleë en gesagsverhoudinge is altyd persoonlik, of dit nou die Absolute, Soewereine gesag van God is, en of dit die betreklike (afgeleide) gesag van die een mens teenoor die ander mens (of kring) is. "Die gesagsverhouding is in die betrokke samelewingskring as sodanig inherent. Elke betrokke samelewingskring het sy eie eenheid, eie struktuur en eie roeping, maar omvat 'n veelheid van lede en 'n verskeidenheid van funksies. Hierdie veelheid en verskeidenheid binne die kring vereis 'n ordening, en met hierdie ordening is die gesagsamp gegee." 1) Die gesagsamp is 'n struktuurprinsiepe van die betrokke kring en die gesagsverhouding vorm 'n inherente bestanddeel van die kreatuurlike ordening van die menslike samelewing as sodanig. Daar bestaan geen gesagsamp vir die hele menslike samelewing nie. Elke kring het sy eie gesag met sy besondere aard

---

1) Stoker - Praktiese Calvinisme, p. 18.

en vorm. Elke gesag is slegs soewerein in eie kring. Gesag vertikaal gesien vind sy oorsprong in God. God het die onderskeid tussen gesaghebber en gesagsonderdaan self bepaal, en die mens is verantwoordelik aan God hoe hy die gesag beoefen en gehoorsaam. Daarom is die diepste grond van menslike gesag die Absolute Soewereiniteit van God. Eerbeid vir gesag is die plig van die geskape mens. Die mens wat hom verhef teen die Godgestelde gesag verhef hom in werklikheid teen God self. En omdat God die gesaghebbers daarstel oor die gesagsonderdane is eerbiediging van menslike gesag nooit vernederend nie. Diere kan nie gehoorsaamheid betoon nie, en kan nie verantwoordelik vir hulle dade gehou word nie, en derhalwe tref ons geen gesag en gesagsrelasies by diere aan nie.

Ek het reeds gewys op die dubbele gestruktureerdheid van die samelewingskringe, In die horisontale verhouding binne 'n samelewingskring van een idiostansie (vertikaal-gestruktureerd gesien) teenoor 'n ander idiostansie (vertikaal-gestuktureerd geneem) ontwaar ons die onderskeid van gesaghebber en gesagsonderdaan. En hierdie gesagsrelasie verskil van samelewingskring tot samelewingskring. Hierdie gesagsverhouding is dus net so gevarieerd as die samelewingskringe waarin die gesag beoefen word.

Dooyeweerd het ons die skitterende insiggegee dat 'n menslike samelewingskring deel het aan al die modale kringe (resp. modale wetskringe). 'n Horisontaal-strukturele analise ontbreek egter by Dooyeweerd asook 'n heenwysing na die kosmiese dimensie van gebeurtenisse.[1] En soos reeds aangetoon tref ons die gesagsrelasie juis aan in die horisontaal-strukturele analise tussen lede van 'n samelewingskring aan. In die huwelik is dit die hele man as hele man wat staan teenoor die vrou as hele vrou. Albei het deel aan al die modaliteite en albei is sosiaal (horisontaal-struktureel) verbonde. [2]

---

1) Stoker - Beginsels en metoses in die wetenskap, p. 173.
2) Sover my bekend vind gesag in die Wysbegeerte van die Wetsidee plek in die juridiese wetskring. Gesag word dus modaal gesien. Modaal gesien alleen kan aan die veelsydige gesagsidion nie die in die kosmos te ontware dinamiek reg laat geskied nie.

Die geskape mens is 'n beelddraer van God en ook in sy gesagsbeoefening (gesagshandhawing) is die mens die kreatuurlike beeld van God wat die Absolute Gesaghebber is.

Kerklike gesag is godsdienstig-eties bepaal en die gesag van die werkgewer in die industrie bv. teenoor sy werknemer is ekonomies bepaal.

Ware verantwoordelike gesagsbeoefening kosmies-horisontaal beskou, moet as afgeleide (betreklike) gesag in die religieus-vertikale gesag gefundeer wees. (Die God wat van die gesaghebber verantwoordelikheid en van die gesagonderdaan gehoorsaamheid vereis.) Omdat God 'n God van orde is, het Hy gesag as ordende idion in die skepping verorden en die mens moet dit aanwend tot verheerliking van God.

Die bogenoemde insigte i.v.m. menslike gesag is baie belangrik vir die analise van gesag en arbeid en van gesag en sedelike arbeid wat later aan die beurt kom. Van groot belang is ook die insig dat net soos 'n samelewingskring hom uitdruk in al die onderskeie modale bepalinge maar sy strukturele eenheid verkry deur sy funderende (en leidende) bepalinge, die gesagsverhoudinge ook doen. Al staan dus gesag (staats) primêr onder leiding van die juridiese, is die etiese (bv.) nie daarvan isoleerbaar nie. Hierdie insig is veral belangrik vir die latere gedeelte oor die verhoudinge tussen werkgewer en werknemer. Al staan fabrieksgesag bv. primêr onder leiding van die ekonomiese, kan ook hier die sedelike nie geïsoleer word van die ekonomiese nie.

f. Menslike vryheid, toerekenbaarheid en verantwoordelikheid.

Uitgaande van die Skriftuurlike opdrag dat die geskape mens as kosmiese idiostansie oor die geskape kosmos (insluitende al die kosmiese idionne) moet heers en dit moet bewerk en bewaak, is dit essensieel dat die mens wat so as kroonpunt van die skepping en knooppunt van al die samelewingskringe moet heers oor die kreatuurlike vry moet wees.

In die analise van menslike vryheid beklemtoon Stoker baie

pertinent die volgende: (i) die afhanklikheid van die Algenoegsame as 'n voorwaarde vir menslike vryheid; (ii) die moontlikheid van keuse as 'n verdere voorwaarde van menslike vryheid en (iii) die onderworpenheid aan behorenseise as 'n derde voorwaarde vir menslike vryheid.

Wat die eerste voorwaarde aanbetref, moet gekonstateer word dat menslike vryheid onselfgenoegsaam is. Dit is 'n skeppingsidion met 'n betreklike, mens-afhanklike (relasionele) bestaan. Hierdie onselfgenoegsame idion vind sy oorsprong in en verkry sy betekenis in en van die Algenoegsame God. Omdat nou die onselfgenoegsame sy grond vind in die Algenoegsame, behoort elke wysgeer met sy navorsing en ondersoek van menslike vryheid krities en verantwoordelike rekenskap te gee van die vertikale veronderstellinge waarvan hy in sy ondersoek uitgaan. Wie dit nie doen nie loop gevaar dat hy die vryheid of verabsoluteer of nivelleer, ens. Volgens die wysbegeerte van die skeppingsidee is vryheid geheel en al kreatuurlik van aard, en vind dit sy oorsprong in die vrymag van God, asook sy unieke aard, moontlikheid, sin, doel, geroepenheid en onderwerpenheid ens.

Wat die tweede voorwaarde aanbetref, moet ons daarop let dat om werklik vry op te tree die mens die moontlikheid moet ontvang om iets te doen of na te laat om dit te doen. Dit is 'n kiesmoontlikheid wat veel meer is as net 'n moontlikheid van die wil. "Menslike vryheid begin met kiesing. (Ons verstaan ook 'kiesing' in ruimer sin en nie net as 'wilskeuse' nie. Want ook aan die mens se geloof, gewete, liefde, insig, kunswaardering, ens. lê 'n moontlikheid van keuse ten grondslag, en derglike aktes is nie tot 'wil' herleibaar nie)."[1]

Die kiesmoontlikheid lê ten grondslag aan menslike vryheid, en dit is die ontiese voorwaarde vir vryheid, waarsonder menslike vryheid nie kan bestaan nie. Die kiesmoontlikheid is onties begrens want die mens is nie God nie. Die oorgang van die moontlikheid van keuse tot vryheid vereis 'n eie inisiatief.

---

1) Stoker, H.G. Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid....Koers, XXXI: Nr. 9 . p. 484, 1964.

Kragtens hierdie inisiatief is menslike vryheid toerekenbaar, kan die mens van sy doen en late rekenskap gee en kan van die mens rekenskap geeis word.

Die derde voorwaarde is die van onderwerping aan norme. Onder die norme waaronder die mens staan word gereken sowel die normatiewe wetsorde as die aansprake of aangesprokenheid vanuit die historiese situasie. Die mens wat hom van sy kreatuurlike onderworpenheid (of onderworpe staat) wil emansipeer om daarmee as't ware aan God gelyk te wees, hef daarmee sy eie begronding en dus sy eie vryheid op, en verslaaf hom aan 'n verabsolutering van die eie onselfgenoegsaamheid. Die mens kan nie vryheid realiseer tensy hy hom onderwerp aan behorenseise nie. Beantwoording aan behorenseise gee aan vryheid sy orde. Menslike vryheid is verantwoordelik. Daar moet antwoord op die norme gegee word. Sonder die voorwaarde van onderworpenheid aan die behorenseise kan menslike vryheid nie verantwoordelik wees nie. Die vertikale vraag na die norme stel die mens onmiddelik vertikaal in sy verhouding tot die Absolute, tot God. Die mens het dus kiesmoontlikheid en behoort aan norme wat gegee is antwoord te gee. En hier is ook die moontlikheid van skuld gegee, as die mens wat die kiesmoontlikheid ontvang die behorenseise nie gehoorsaam nie.

Baie belangrik is m.i. die insig van Stoker dat vryheid gesien in verhouding tot die kosmos in die eerste instansie heerskappy is. Vir sover vryheid vorming van kultuur is, is dit kultuurskepping. In sy verhouding tot die Skepper is menslike vryheid diens, terwyl die verhouding van menslike vryheid tot die medemens as beelddraer van God, liefdesorg is. "Maar al drie tipes van menslike vryheid (heerskappy met insluiting van kultuurskepping, liefdesorg en diens) het as voorwaarde die moontlikhede van keuse en die onderworpenheid aan behorenseise."[1] Stoker onderskei ook tussen partikuliere vryheid en totale vryheid.

---

1) Stoker, H.G. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29 . 49, 1964.

Laasgenoemde is sy vryheid (sy héle vryheid) wat met die kern van die mens se bestaan gegee is, nl. sy verhouding tot die kosmos (heerskappy), tot die medemens (liefdesorg) en tot God (diens) En tesame: antwoording op die moontlikhede wat God aan hom skenk. In dit alles tree die mens op as koningskind, 'medearbeider' Gods op aarde, kind van God, die vrye. Dit is ook verkeerd om die totale vryheid vanuit 'n partikuliere vryheid te verstaan, resp. tot 'n partikuliere vryheid te reduseer.

Vryheid is derhalwe heerskappy oor die kosmos (insluitende kultuurskepping), sorg vir die mens as beelddraer van God en diens aan God, en tesame is vryheid as antwoording verdiep tot vryheid as roepingsvervulling.

Ons het hierbo menslike vryheid behandel volgens wat Calvyn "die orde van die skepping" noem, d.w.s. soos die mens is afgesien van die sonde. Ons moet egter onthou dat (vir die Skrifgelowige) die sonde 'n "nuwe orde" (resp. wanorde) toegevoeg het aan die skeppingsorde, en dat ons daarom nie die orde vanuit die wanorde moet verstaan nie. Ons moet op grond van kennis ontvang uit die Heilige Skrif wanorde as afwyking van die orde leer sien. Dit is derhalwe nodig om vryheid ook te bestrag volgens wat Calvyn "die orde van sondeval en verlossing" noem.

Sonde het die mens van sy diepste grond ontwortel. As sondeslaaf het hy die moontlikheid om vir of teen God te kies verloor. Maar die mens het mens gebly. "Deur die ontworteling het die mens nie sy vryheid as heerskappy en antwoord verloor nie, maar dit is verbreek en vervals." [1] Ontworteld van sy Grond soek die verslaafde mens sy vryheid in eie redding, d.w.s. in sy moontlikheid van keuse en vorm hy hom die valse vryheidsideaal as 'n slaaf. [2] Sonde het verskeurdheid in die lewe van die gevalle mens gebring. Deur sy sonde het die mens nie net sy eie bestemming nie, maar ook dié van die kosmos verkrag, en kom die wêreld, weëns die ver-

---

1) Stoker, H.G. Die mensbeskouing in die wysbegeerte. Koers, XXVII. 194, Jan-Febr. 1960.
2) Ibid.

valsing, nie net met onties leidende nie, maar ook met onties verleidende vrae tot die mens. "Vryheid en slawerny, heerskappy en oorheersing, skepping van kultuur en wankultuur, kiesmoontlikheid en dwang, wetsvervulling en wetsoortreding, leiding en verleiding, antwoord en wan-antwoord, daad en wandaad, bestemmingsverwesenliking en -verkragting (van mens én wêreld), roepingsvervulling en -versaking deurdring mekaar in álle menslike doen en late." 1) Dit is volgens Stoker onvermydelik en onuitwykbaar die geval ook by die wedergeborene en bekeerde mens wat in beginsel die herworteling van sy vryheid in die vrymag van God "herskenk" is, maar wat in hierdie bedeling sondaar bly. Vandaar die stryd in die hart van elkeen, tussen enkelinge, tussen enkeling en samelewingskring en tussen samelewingskringe op alle terreine van menslike doen en late- alles uitdrukking van die stryd tussen die Ryk van die lig en die ryk van die duisternis. 2) Hierdie vraagstuk van vryheid en kwaad moet analities o.a. in die geval van elke modale, strukturele en dinamiese tipe ondersoek word, en juis ook in elke antropologie, maar in hierdie studie sal ek nie daarop ingaan nie.

g. Intermenslike verhoudinge:

Ek wil in hierdie gedeelte oor antropolgiese oriëntering nog enkele opmerkinge maak oor menslike verhoudinge. Individue staan teenoor mekaar in allerlei verhoudinge. Daar is die verhouding van een huweliksgenoor teenoor die ander; die van die kind teenoor die ouer, en die ouer teenoor die kind; die van die kind teenoor sy broer of suster; die van die onderwyser teenoor die hoof, kollega of kinders; die van die kinders teenoor die onderwyser en teenoor mekaar, die van die lidmaat teenoor die ampsdraer en die van die ampsdraer teenoor die lidmaat en teenoor sy medeampsdraers; die van die burger teenoor die staat; die van die werkgewer teenoor sy werknemer en die werknemer teenoor sy werk-

---

1) Stoker, H.G. Die mensbeskouing in die wysbegeerte. Koers, XXVII: 194, Jan.-Febr. 1960.
2) Ibid.

gewer; die van die vakbeweginglid teenoor die bestuurslede en van die bestuurslede teenoor die vakbeweginglede; die van die een vakbeweging teenoor die ander en teenoor die vakbond en federasie (of konfederasie) van vakbonde; die van die vereniging van werkgewers teenoor die vereniging van werknemers, ens. In die verskillende verhoudinge waarin die een mens of samelewingskring teenoor die ander staan, kom hy (hulle) ook in verskillende gesagsrelasies te staan wat of gesagsbeoefening of gesagsgehoorsaming (of albei) vereis, asook geleentheid bied vir die realisering of verkragting van menslike vryheid. Hierdie enkele gedagtes oor menslike verhoudinge het ek net genoem as agtergrond vir die latere uiteensetting oor arbeidsverhoudinge, arbeidssedelike verhoudinge, vakbewegingе ens.

Ten slotte kan daarop gewys word dat die volgende insigte vir die analise van arbeid en sedelike arbeid van groot belang is, nl. dat (i) arbeid onverstaanbaar is sonder die mens; (ii) ons mensbeskouing ons arbeidsbeskouing bepaal; (iii) die mens as beeld van God arbei, omdat God werk (en werk tot nou toe); (iv) ons modaal verskillende <u>soorte</u> van arbeid kan onderskei en idiostant-struktureel verskillende <u>tipes</u> van arbeid kan onderskei. (v) arbeid 'n eenheid vorm met die samelewingskringe; (vi) dat die onderskeiding van arbeidsnorme van belang is vir die verdere analise van arbeid en sedelike arbeid; (vii) verslawing, verskeuring van en konfkikte in die samelewingskringe ernstige gevolge het op die arbeider ens. (Antropologiese analise is van groot betekenis vir arbeidsanalise wat medebepaal word deur die antropologiese analise). (viii) o.a. menslike arbeid om tot sy reg te kom menslike vryheid nodig het; (ix) dat arbeidsprobleme in verband staan met gesagsprobleme; (x)dat gesagseerbiediging onontbeerlik is vir die goeie orde en verhouding op die terrein van arbeid, ens.

5. Etiese oriëntering.

a. Algemeen.

Dit is van belang vir die latere analise van sedelike arbeid dat aandag gegee word aan die onderskeiding wat gemaak word tussen etiek in ruimere sin en etiek in engere, meer beperkte sin. Vir die voorstanders van ruimere opvatting van etiek, is etiek die wetenskap van die behore, wat die mens behoort te doen, van die behorenseise. Hierdie opvatting is m.i. onaanneemlik, omdat ons behorenseise en behore aantref in alle normatiewe bepalinge van die mens m.b.t. sy denke, sy taal, sy kuns; m.b.t. die ekonomiese, juridiese, die sedelike; m.b.t. individu en samelewingskringe asook die samelewingskringe onderling; m.b.t. huwelik, gesin, volk, staat, nasie en maatskappy ens.; maar ook m.b.t. die verhouding van die mens tot God, tot die godsdiens en kerk. (lg. word genoem teologiese etiek). Al is die etiek 'n normatiewe wetenskap is nie alle norme etiese norme nie, bv. linguale of estetiese ens. norme is nie sedelike norme nie. Onder hierdie ruimere opvatting kan ook die opvatting van Brillenburg Wurth genoem word, wat etiek omskrywe as "de leer van de menselijke handelen onder de leiding van de zedelijke norm."[1] Daar is beslis talle van menslike handelinge wat nie sedelike handelinge is nie, en 'n handeling kan nie 'n sedelike handeling gemaak word net deur dit in verband te bring met die sedelike norm nie.

Die algemene behorensleer of algemene leer van behore en behorenseise wat die antwoord veral gee op die vraag: "Wat behoort ek te doen," noem Stoker roepingsleer. Volgens die algemene roepingsleer moet ons uitgaan van die waarheid dat die hele menslike lewe 'n geroepe lewe is. Dit is geroepe deur God. Van God het die mens sy taak ontvang en vir die hele lewe het God norme gestel. Wat hierdie omvattende roepingsleer aanbetref sluit dit vir Stoker die volgende normatiewe wetenskappe in bv.

---

1) Schippers, R. ~~Brillenburg Wurth, G.~~ Ethiek. (In Christelijke Encyclopedie 1957, 2:645.)

etiek, ekonomie, estetica, ens. Troost stem saam met Stoker dat die hele menslike lewe 'n geroepe lewe is en "in de gehele breedte onder Gods wet gesteld is," maar hy gee voorkeur aan die benaming "praxisleer" of "praxelogie, "omdat in deze term op een bredere problematiek geduidt wordt, dan in de naam 'roepingsleer', welke ons inziens te direct is toegespitst op de concrete en situatiewe roeping tot een bepaalde opdracht. Wel zouden we de individuele roeping (van persoon of groep) inderdaad als één der themata van de praxelogie willen beschouwen."[1] Ruimte ontbreek egter om op hierdie verskil van siening dieper in te gaan.

Etiek in engere sin soos ek dit sien, is die wetenskap van die behore en behorenseise gegee met persoonsliefde (self- en naasteliefde). Etiek in hierdie sin spits hom vereers op die modale toe (kosmiese dimensie van modaliteite), insluitende die besondere onderskeiding van die etiese asook die samehang van die etiese met die nie-etiese. Vervolgens verdien aandag die rol van die etiese soos gegee in die kosmiese dimensie van idiostante strukture, die kosmiese dimensie van gebeurtenisse (w.o. sedelike vryheidsleer ens) en die plek van die etiese in die samehang van waardes. (kosmiese dimensie van waardes). Hiervolgens val al die ander behore en behorenseise genoem onder die algemene roepingsleer nie onder etiek nie.(ook al mag hulle verband met die etiese nie oor die hoof gesien word nie.)

Volgens hierdie opvatting is dan etiek die wetenskap wat te doen het met dit wat die mens behoort te doen (of behoort na te laat om te doen) t.o.v. die realisering of krenking van persoonsliefde. Dit gaan dan oor die behorenseise wat betrekking het op die verwesenliking en verwerkliking van die eie- en naasteliefde intra- en intermenslik. Etiek in hierdie lig betrag het dan net te doen met dit wat die mens behoort te doen (of na te laat om te doen) m.b.t. homself en sy medemens as enkeling

1) Troost - Casuïstiek en situatie-etiek, p. 361 - 362.

en dan ook nie in alle verhoudinge nie, maar slegs in die liefdesverhouding wat vir ons die sedelike is soos dit aan die norm beantwoord.[1)]

Van kardinale belang vir hierdie subafdeling oor etiese oriëntering is die onderskeiding van die drie gronde van die sedelike nl. (i) die Absolute grond; (ii) die kosmiese afhanklikheidsgrond en (iii) die wesengrond. Omdat ek reeds voorheen van hierdie gronde gespreek het, sal ek dit nie hier weer herhaal nie.[2)] Ek wil net dit noem, dat vir die Skrifgelowige God die Absolute Grond van die sedelike is omdat Hy alles geskape het; die unieke en onherleibare aard van die sedelike wat God daaraan gegee het is sy kosmiese wesensgrond en die unieke en onherleibare afhanklikheidsverhoudinge, waarin die sedelike in die skepping tot die nie-sedelike staan, is sy kosmiese afhanklikheidsgrond. Dit is alleen die Woord van God wat uit verwarring red deur ons te leer om al die gronde, afsonderlik en in samehang aan ons analises en teoriebou ten grondslag te lê.

b. Sedewet, etiese beginsel en etiese norm.

Die sedewet: "jy moet jou naaste liefhê soos jouself", kan in talle besondere sedewette uiteengestel word. Die laaste ses wette van die dekaloog is hiervan voorbeelde. Hulle is m.i. almal sedewette, besondere bepalinge van die algemene wet van persoonsliefde in die verskillende verhoudinge (aktes funksies ens.) waarin mens tot mens staan. "Oral waar mens tot mens in een of ander verhouding staan, kan die wet analities op daardie verhouding toegepas word. En omdat die verhoudinge legio is, kan talryke spesiale sedewette opgestel word, wat die bewys lewer van hoe vrugbaar hierdie prinsiepe is vir die uitbouing van 'n normatiewe etiek."[3)]

---

1) Ek het reeds op p. 27 (voetnoot) verwys na die onderskeiding tussen die sedelike(wat die goeie en slegte insluit) en die sedelike (die goeie wat aan die sedenorm beantwoord).Hierdie opvatting van die sedelike mag nie verwar word met die etiese (sedelik) in ruimer sin wat alle norme, ook die van denke, kuns, ekonomie, godsdiens ens. insluit nie, en die etiese (sedelike) in enger sin wat net die spesifiek-etiese (o.i. persoonsliefde ) omvat nie.
2) sien p.p. 17 - 18, en 26 - 30.
3) Stoker - Die grond van die sedelike, p. 31.

In die Calvinistiese Wysbegeerte word gespreek van die beginsel van "soewereiniteit in eie kring" waar o.a. die etiese van die res van die kosmiese verskeidenheid onderskei word. Die innerlike samehang en vervlegting met die verskillende oorspronklike onherleibare verskeidenhede (i.c. tussen die etiese en die a-etiese), word weer uitgedruk in die beginsel van "universaliteit in eie kring". "Waar die etiese in radikale onderskeid van, naas en vervleg met die a-etiese bestaan, vra ons na die beginsel van die etiese op grond waarvan die etiese juis die etiese is en hom onderskei van alles wat nie eties qua eties van aard is nie. Dit is die vraag na daardie beginsel wat die soewereiniteit waarborg en die universaliteit in eie kring kwalifiseer."[1]

Du Plessis toon verder m.i. tereg aan dat vir die etiese as sodanig die beginsel nog niks sê van 'n onderskeid tussen die eties-goeie en die eties-slegte nie. Vir 'n bepaling van wat die etiese as sodanig is in onderskeid van (en in samehang) met die a-etiese is 'n beginsel nodig. Die etiese beginsel sê enkel wat die etiese na sy eie-aard is en wat die nie is nie. "Dit baken die etiese in sy radikale onderskeid van die nie-etiese (bv. die ekonomiese, die logiese, die fisiese,ens.) af." [2]

Die beginsel van die etiese dui die oorspronglike aard, wese, sinskern van die etiese aan. Dit sê vir ons waar die etiese "begin" en "eindig" en dit baken die gebied van die etiese af en geld net vir daardie hele etiese gebied.

Die vraag na die <u>norme</u> van die etiese volgens Du Plessis kom ter sprake waar die eties-goeie teenoor die eties-slegte staan. Die etiese norme help ons by die bepaling van die onderskeid tussen die eties-goeie en -kwade. Die etiese norme stel slegs wat eties-goed is. Daar is 'n groot verskeidenheid etiese norme. Die etiese norme vir bv. die gesin is anders as die

---

1) Du Plessis, P.G.W. Etiese aard en etiese norm. <u>Philosophia Reformata</u>, 28 : 185, 1963.
2) <u>Ibid.</u>

etiese norme vir die bedryf. Saam vorm die norme egter 'n eenheid.

Omdat die sedelike 'n modaliteit is, sal ek my vir sover dit die norme betref bepaal tot die modale norme. Hulle geld o.a. vir die godsdienstige, die sedelike, die ekonomiese, die estetiese, ens. Hierdie modale norme geld net vir die idiostansie, die mens en nie vir die ander idiostansies nie. Hulle stel die behore, dit wat die mens behoort te doen. Norme kan oortree word en so kan ook die sedenorme oortree word. Die norme (i.c. die sedenorme) het 'n dringende karakter en dit eis gehoorsaamheid. Nieteenstaande egter die modale norme (ic. die sedenorme) oortreebaar is, is hulle vas, ook daar waar mense hulle oortree. Hulle bly vir oral en altyd vas. "Deur hulle blywende geldigheid ook waar die mens hulle oortree, staan die mens by die oortreding van norme veroordeel en skuldig, iets wat by natuurwette nie moontlik is nie."1) Ons kennis van die sedelike norme asook ons positivering van hulle kan egter met die geskiedenis verander, ontwikkel en selfs foutief geformuleer word. (so kan ook onderskei word tussen die etiese beginsels en ons opvatting daarvan)

Norme (i.c. sedenorme) is in prinsipiële sin algemeen geldig m.a.w. prinsipieel noodsaaklik, want hulle sê vir elke mens hoe hy behoort te handel.

Etiese beginsels is onoortreebaar, terwyl soos genoem etiese norme oortreebaar is. "Die beginsel van die etiese omsluit of bepaal die eties-goeie en eties-kwade in dié sin dat byvoorbeeld 'n eties-slegte daad nog steeds 'n etiese aangeleentheid is. Al sou die mens 'n etiese norm oortree, ontdoen hy hom daarmee nie van die kompetensie tot etiese optrede nie." 2)

Bogenoemde analise is van belang vir die latere ontleding van sedelike arbeid en vir die arbeidsnorme wat geldig is op die terrein van arbeid en die arbeider.

---

1) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 221.
2) Du Plessis, P.G.W. Etiese aard en etiese norm. Philosophia Reformata, 28 : 187, 1963.

c. Vergelyking van bostaande met ander Calvinistiese Beskouinge.

Dit sal goed wees om by hierdie ondersoek van ooreenkomste en meningsverskille tussen Calviniste onderling, te onderskei tussen vroeëre mede-Calviniste soos Calvyn, Kuyper, Geesink, Hepp e.a. en die meer resente en kontempoêre Calviniste soos Dooyeweerd, Vollenhoven, Stoker, Brillenburg Wurth e.a.

Ooreenstemming wat ons by al die bogenoemde navorsers vind is die besef van die besondere plek van die sedelike in die wêreld en dat die sedelike idion nie los van die Skepper van die sedelike staan nie. Almal stem ook ooreen dat die mens die enigste idiostansie is wat sedelik handel en dat vir die verstaan van die sedelike God se Woord nodig is.

Wat die vroeëre groep aanbetref is dit belangrik om daarop te wys, dat vir hulle die wil, dade en gedrag as die wesensgrond van die sedelike beskou is. Dit was die konsekwensie daarvan dat die sedelike foutieflik m.i. aangedui is as die agendorum. "De thetische dogmatiek omvat tweeërlei terrein, zoowel de norma credendorum als de norma agendorum, en om zich volledig uit te drukken zou men dus moeten zeggen, dat de Dogmatiek uit twee deelen bestaat: de Alethetiek en de Ethiek....De gewoonte blijven ook wij daarom volgen, doch niet zonder de uitdrukkelijke verklaring, dat de Ethiek door ons als het tweede deel der Dogmatiek, hetwelk de norma agendorum onderzoekt, onder de dogmatologische vakken wordt gehandhaaft."[1]

Die kritiek van Stoker (waarmee ek instem) op bogenoemde standpunte is dat die wesensgrond van die sedelike nie in die wil dade of gedrag gesoek moet word nie, maar in persoonsliefde, en dat die norma agendorum 'n te ruim studieveld vir die sedelike is, want dit sluit o.a. godsdienstige, politieke, ekonomiese se, juridiese handelinge is, wat o.i. iets anders is as die etiese handelinge. Verder ontbreek die insig in 'n Christelike vakwetenskaplike etiek en word die etiek by die genoemde navorsers as dogmatiese dissipline beskou en nie as selfstandige

---

1) Kuyper - Encyclopaedie der heilige godgeleerheid, III, p.417

vakwetenskap behandel nie. Die etiek mag nie as wetenskaplike dissipline van enige ander wetenskap behandel word nie. [1)]

Dit is ook belangrik om die aandag daarop te vestig dat die vroeëre Calviniste die hele dekaloog as sedewet beskou het. Die dekaloog is dan die wil van God vir die sedelike lewe van die mens. Stoker, Brillenburg Wurth e.a. handhaaf dat die dekaloog nie net 'n sedewet is nie, maar ook sedewet. Dit is godsdienstig-sedelike gebooie, onskeibaar, maar wel onderskeibaar as godsdienstige gebooie (eerste tafel) en sedelik gebooie (tweede tafel). Taljaard kritiseer nie slegs diegene wat die hele dekaloog as sedewet behandel nie as hy skrywe: "want so vroeg reeds en miskien nog vroeër as by Flavius Justinus, die Apologeet en Irenaeus die teenstander van die gnostici, kry ons al die groot fout wat onder invloed van die paganistiese denkers gemaak is, dat die sentrale wet as sedewet gesien is", maar hy kritiseer ook diegene wat die twee tafels van die dekaloog onderskei as godsdienstige- en sedewet. Hy skrywe hieroor soos volg: "'n Tweede fout het daarin bestaan dat die twee tafels van die dekaloog geskei is, en een daarvan, die tweede tafel, dan die sedewet geword het." [2)]

---

1) Stoker skrywe die volgende van die etiek van Calvyn: "The ethics of Calvin is fundamentally theological...first, although Calvin in clear and penetrating fashion drew from God's word the principles of morality, he did not bequeath to us any ethical system. Secondly he dealt with morality in its profound interrelation with religion as a religious morality, without making a clear distinction between the two. In the third place, he regarded morality almost as everything belonging to the norma agendorum, and made no distinction- at any rate no sharp distinction-between morality in the spesific sense, and other normative acts, as for instance the logical, juridical, economic and aesthetic. (Stoker e.a. Calvin contemporary prophet, p. 127.

"Calvin's general and special ethics form a unity which places the whole life of the christian in the service of the triune God, and which requires that in our personal lives we shall be sober, just towards our neighbours and devout towards God, a unity which includes both life within the church and the life of home, state or society." (Ibid 141)

2) Taljaard, J.A.L. Die mens, die liefde en die sedelike. Koers. XXIII : 304 -305, Junie 1956.

Dit is ook van belang om daarop te let dat Calviniste daarin ooreenstem dat die sedelike kreatuurlik, uniek, onherleibaar, aan Gods wetsorde onderworpe is, ens.

Dit is opvallend dat die huidige en resente Calviniste die sedelike verbind met liefde en trou. Die mensingsverskille betref net die nadere bepalinge. " Zowel de wijsbegeerte der wetsidee, alsook Stoker, zien de eigenaard der zedelijkheid in de liefde. Maar bij nadere toezien blijkt de verschillende visie op de leer der dimensies hier toch op allerlei wijze door te werken. Stoker brengt hier nl. een beperking aan van de liefde tot de 'persoonsliefde'."1) Met hierdie opvatting gaan Troost ('n voorstander van die wysbegeerte van die wetsidee) nie akkoord nie. "Wel word ook ons inziens in de persoonsliefde, en dan met name in de huwelijksliefde, de schoonste en rijkste ontsluiting gezien van de inter-menselijke liefdesfunctie." 2) Dooyeweerd sê dat die modale sinkern van die etiese funksie gesoek en gevind moet word in liefde in tydelike betrekkinge. 3) Volgens Vollenhoven is die sedelike verhouding gegee in huwelik en vriendskap.4) Taljaard (wat hom vir sy opvatting beroep op 'n collegediktaat van Vollenhoven, soek die kern van die liefde in trou en dan spesiaal trou in hulik en vriendskap.5)

Brillenburg Wurth beperk die sedeliefde egter net tot die naasteliefde. Hy stem selfs met Barth saam as hy skrywe: "Maar zijn prinsipiële afwijzing van de voorstelling van een gebod van zelfliefde lijkt ons zeker verantwoord." 6) Hy gaan nog verder deur te beweer dat ons selfliefde nooit iets regmatigs en van

---

1) Troost - Casuïstiek en situatie-ethiek, p. 328.
2) Ibid.
3) Dooyeweerd - De wijsbegeerte der wetsidee, p. 98.(Deel II)
4) Vollenhoven - Isagogé philosophiae, p. 22.
5) Taljaard. Die mens, die liefde en die sedelike. Koers XXIII : p. 313, Junie 1956.
6) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven, Deel I, p. 247.

God erken is nie maar "veeleer een aan de echte liefde tegengesteld affect." [1] Ook die volgende aanhaling uit die werke van Brillenburg Wurth is 'n duidelike weerspieëling van sy opvatting oor selfliefde: "Wat Christus dan ook bedoelt, als Hij ons gebiedt onze naaste lief te hebben als ons zelf is allerminst om de zelfliefde ons te gebieden of die als norm voor onze naasteliefde ons voor te houden: dat wij onze naaste moeten liefhebben in dezelfde geest of in dezelfde mate als wij ons zelf liefhebben....van nature zoekt elke mens zichself te handhaven." [2]

Met bogenoemde opvattinge van Brillenburg Wurth kan ek my nie vereenselwig nie, en ek onderskryf die standpunt van Stoker dat selfliefde en naasteliefde kwalitatief en onties gelykwaardig is. Deur die sedelike net te beperk tot naasteliefde word die begrip persoonsliefde vereng, en die omvattendheid van die sedelike aangetas.

Troost wys m.i. tereg daarop dat Stoker nie diereliefde as 'n sedelike subjek-objek-relasie sien nie. Diere-marteling is s.i. geen sedelike (sedelik-slegte) handeling nie, en dan gee Troost sy standpunt soos volg: "dat deze relatie als subject-object-relatie niet minder onder de morele wet de liefde staat, dan de inter-menselijke verhouding." [3] Met hierdie opvatting wat ook in stryd is met die opvattinge wat Stoker oor die sedelike huldig kan ek my nie vereenselwig nie. Soos reeds voorheen gemeld word die sedelike primêr uitgedruk in intra- en intermenslike verhoudinge. Die mens kan nie tot die dier in enige sedelike relasie te staan kom nie. Wel kan deure diere-mishandeling 'n gebrek aan selfliefde tot uiting kom, want deur so 'n vergryp aan 'n dier word die menslike persoon verlaag.

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven, p. 248.
2) Ibid.
3) Troost - Casuïstiek en situatie-ethiek, p. 329.

Die reeds genoemde uiteensetting insake die onderskeid en samehang tussen (Gereformeerd-) Teologiese Etiek, (Calvinisties-) Wysgerige Etiek en (Christelik-) Vakwetenskaplike Etiek rus op:
i. die gegewe onderskeiding tussen Teologie, Wysbegeerte en Vakwetenskap, en meer in besonder tussen Gereformeerde Teologie, Calvinistiese Wysbegeerte en Christelike Vakwetenskap.
ii. die gegewe bevindinge dat sedelikheid persoonsliefde is, d.w.s. self- en naasteliefde is, en
iii. die bevinding dat die sedelike idionne in teologiese (Gereformeerd-Teologiese) viesie, in wysgerige (Calvinisties-Wysgerige) visie en in Vakwetenskaplke (Christelik-Vakwetenskaplike) visie betrag kan word.

As mede-Calviniste bostaande drie beskouing nie kan aanvaar nie, sal hulle vanselfsprekend tot ander resultate moet kom, as die standpunt in hierdie studie verdedig. Indien dit wel onderskryf word, sal 1. die sedelike m.i. tot groter reg en erkenning kom, en die eenheid van die volle sedelikheid velhelderend daargestel word, 2. die sedelike beter geken en gewaardeer word en 3. dit duideliker ingesien word dat die sedelike nie tot die dekaloog beperk moet word nie, of dat in die dekaloog duideliker onderskei word tussen die godsdienstige wette en die sedelike wette (norme) maar dat ook onthou word, dat die hele Heilige Skrif sowel as die kosmos waarin die sedelike bestaan en ontwikkel, norme vir die sedelike openbaar

Dat daar meningsverskille tussen Calviniste onderling oor die wese van die sedelike bestaan hoef niemand te verontrus nie, want die meningsverskille is eerder 'n teken van die aktualiteit, dinamiek en vrugbaarheid van die Cllvinistiese benadering van die sedelike idion. Ons vind egter dat die meer resente en die kontemporêre Calviniste die spesifiek etiese soek in teëstelling tot die vroeëre opvatting van die norma agendorum en die verteologiserende opvatting van die sedelike. Die meer resente Calviniste soek die wese van die sedelike elders.

Om die onderlinge mensingsverskille tussen Calviniste

reg te waardeer moet hulle eers in die lig van hulle gemeenskaplike agtergrond gesien word (w.o. Skriflig, mensbeskouing - mens is geen God, geen dier, maar beeld van God, verantwoordelik, gevangene -val en verlossing ens.), maar algar saam verskil bv. van die Humanisme, Naturalisme ens.

Dit is egter opvallend dat by die meeste Calviniste wat 'n studie van die etiese gedoen het, die liefde-probleem 'n kernrol in hulle opvattinge en etiese beskouinge speel.

Ek wil graag hierdie gedeelte afsluit met die opmerking dat wat ek hier gegee het baie kortliks en onvolledig is, maar ongelukkig kan ek vir die doel van hierdie proefskrif nie meer aandag hieraan wy nie.

.........

# AFDELING B : ARBEID.

## H O O F S T U K 4.

## ARBEID AS SODANIG.

### 1. Inleidende opmerkinge:

Dit is uiters belangrik dat vir die doel van hierdie studie dit duidelik gestel word wat hier verstaan word onder die term: "ARBEID". Ons spreek in die algemeen van die werk van God, die werk van mense, dierewerk en masjienwerk. Ek sal egter alleen by die mens van arbeid spreek. Hiervolgens is dit die mens alleen wat arbei. Verder in sover ek in hierdie proefskrif dikwels die term "arbeid" gebruik het en nog sal gebruik, wil ek dit duidelik stel, dat ek hieronder verstaan nie die resultaat van die arbeid van die mens nie, maar die arbeid sélf van die mens, en wel as handeling of aktiwiteit. Met arbeid bedoel ek dus 'n spesifieke en unieke menslike aktiwiteit.

"Arbeid, zo mogen wij wel voorop stellen, is een menselijke bezigheid."[1] Brillenburg Wurth sê verder in arbeid "ligt opgesloten, dat, althans in eigenlijke zin alleen bij de mens van 'arbeid' gesproken kan worden."[2] Ook in die fisika kom die terme: arbeid, arbeidskrag, arbeidsvermoë ens. voor, maar dan word dit slegs in oordragtelike sin gebesig, en t.o.v. diere spreek ons nie van arbeid nie.[3] Van Riessen wys ook daarop dat arbeid in die eerste instansie 'n menslike aktiwiteit is.[4] Hellpach maak egter geen wesenlike onderskeid tussen die "arbeid" van mense en diere nie, en vir hom is arbeid nie 'n aktiwiteit wat tot die wese van die mens alleen behoort nie. "Devolder bindt daarentegen de arbeid wel aan de mens, doch verontachtaamt te veel de sociale karakter."[5]

Menslike arbeid as skeppingsidion kan nie tot enige ander

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 232.
2) Ibid, 233.
3) Ibid, 233.
4) Van Riessen, H. Arbeid. (In Christelijke Encyclopedie, 1956, I : 295.)
5) Van Biemen - De zedelijke waardering van de arbeid, p. 21.

idion herlei word nie.

Menslike arbeid is 'n unieke eiesoortige aktiwiteit wat van die werk van God onderskei word o.a. daarin dat menslike arbeid kreatuurlik is en aan die kosmiese wetsorde onderworpe is, terwyl die werk van God ewig is en bo alle wette en norme verhewe is. Die werk (arbeid) van die mens kan van dierewerk en masjienwerk o.a. daarin onderskei word dat die mens 'n kiesmoontlikheid ontvang het, t.o.v. van die arbeid wat hy kies en verrig of nalaat om te verrig. Hierdie moontlikheid van keuse wat die arbeidende mens ontvang het maak hom egter toerekenbaar. Die arbeidende mens behoort ook die norme wat geld vir arbeid te gehoorsaam en die gehoorsaming van die norme of nie-gehoorsaming daarvan maak hom verantwoordelik. Menslike arbeid is dus toerekenbaar en verantwoordelik, wat nie van dierewerk en masjienwerk gesê kan word nie. [1]

2. Arbeid ontleed volgens die onderskeie kosmiese dimensies.

I. Algemene opmerkinge.

Ek het reeds aangetoon [2] dat ons in die kosmos vier kosmiese idiostansies kan onderskei. Daar is egter behalwe hierdie partikuliere onderskeidinge ook nog universele onderskeidinge moontlik. Hierdie universele onderskeidinge van die kosmiese idionne noem Stoker kosmiese dimensies. [3] Die vier kosmiese dimensies wat hy onderskei bied elkeen 'n universele kant van die idionne (w.o. die idiostansies). Hulle is oorspronklik en nie herleibaar tot die ander nie. Hulle is ook nie verstaanbaar in terme van die ander nie, en hulle hang op diverse wyse saam, intiem saam.

Kosmiese dimensies laat die kosmos met sy idionne (w.o. idiostansies) van 'n besondere universele kant sien, en bied sodoende 'n bepaalde siening daarvan. So bied ook elkeen van die vier dimensies 'n besondere visie op arbeid as kosmiese idion,

---

1) Wat die mens self betref moet ons arbeid onderskei van bv. ken, wil, liefhê, skep, sorg, diens ens., omdat nie alle menslike aktiwiteite arbeid is nie.
2) Sien pp. 45 -46.
3) sien pp. 46 - 48.

en dit is van besondere belang en betekenis vir die beoogde analise van arbeid. Arbeid as sodanig (d.w.s. in sy oorspronklike en eintlike sin as aktiwiteit) openbaar hom (word ontwaar) in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Sien ons arbeid in sy verbondenheid met die drie ander kosmiese dimensies, onderskei ons m.b.t.arbeid resp. modale soorte, idiostant-strukturele tipes en waardes van arbeid. Arbeid het nie verskillende kante (soos bv. die idiostansies) nie, maar is aktiwiteit en kan daarna in die lig van die ander kosmiese dimensies in modale soorte van arbeid, in idiostant-strukturele tipes van arbeid en in sy aksiale onderskeidings ondersoek word.[1]

II. Analise van arbeid volgens kosmiese dimensie van gebeurtenisse.

a. Arbeid en die dinamiese.

Daar is reeds daarop gewys dat ek slegs die werk van die idiostansie, mens, arbeid noem.[2] Ek wil graag in hierdie analise die idion arbeid vind (ontdek) om dit te ondersoek. (Ek begin by die werklike, konkrete idiostansie, die mens). En nou is die aanvangsvraag vanuit watter kosmiese dimensie arbeid as aktiwiteit kenbaar word. Geeneen van die kosmiese dimensies van modaliteite, idiostante strukture of waardes "getuig" (openbaar of manifesteer) presies wat arbeid, d.w.s. as aktiwiteit is nie. Modale, idiostant-strukturele en aksiale onderskeidinge veronderstel reeds wat arbeid is en bied ons slegs nadere bepalinge van arbeid. "Benader ons egter arbeid as aktiwiteit vanuit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse, dan gaan daar meteens 'n lig op. Want arbeid ís 'n gebeurtenis, ís 'n aktiwiteit. Hiér is arbeid as aktiwiteit sélf te vinde. Hier kan arbeid as aktiwiteit sélf 'getuig' van wat dit presies is..." [3] Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse openbaar as universeel o.a. die verandering, wording, groei, ontstaan-vergaan, skeiding-verbinding,

---

1) Tussen die idiostansie en arbeid kan onderskei word. Die idiostansie (mens bv.) is meer as arbeid wat aktiwiteit is. Arbeid as aktiwiteit hoort by die mens tuis.
2) Sien p. 84.
3) Stoker, H.G. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29 : 39, 1964

ontwikkeling, wilsbeslissing, handeling ens.

Waar die kosmiese dimensies van modaliteite en idiostante strukture die kosmos primêr in sy prinsipiële bepaaldheid laat ontwaar, daar doen die kosmiese dimensie van gebeurtenisse dit primêr in sy dinamiese bepaaldheid. In die kosmos vind ons beweging. Daar is aksie, en die idiostansies doen iets. Hulle handel. Gebeurtenisse en prosesse vind plaas in die tyd. Selektief relevant hier is die dinamiese. Die hele kosmos is dinamies bepaald. Daar is 'n groot verskeidenheid onderskeibare gebeurtenisse in die kosmos. Hulle is radikale onderskeibare gebeurtenisse. Baie van hierdie gebeurtenisse geskied outomaties (soos die werk van 'n masjien)en ook outokineties (soos 'n skeikundige reaksie, asemhaal, stofwisseling, instinktiewe handelinge by diere ens.) en is nie toerekenbaar en verantwoordelik nie.(Dit staan nie onder norme nie, maar onder natuurwette). Arbeid daarenteen is nie outomaties of outokineties nie, want dit is aan norme onderworpe, en is (weens moontlikheid van keuse) toerekenbaar en (weens onderworpenheid aan behorenseise) verantwoordelike aktiwiteit. Bowendien veronderstel arbeid menslike heerskappy oor die natuur, skepping van kultuur, sorg vir medemens en diens aan God, wat almal funksies vereis waaraan stof, plant en dier geen deel het nie.

b. Arbeid en doel.

Ek het reeds aangetoon dat die kenmerkende van dinamiese gebeurtenisse hulle suksessiewe opeenvolging in tyd asook verder hulle kousale en hulle teleïese (teleologiese) bepaaldheid is.[1)] Oorsaak- gevolg relasies is nie herleibaar tot middelgebruik-doel relasies nie. Dit is moontlik om die oorsake van arbeid te ondersoek, maar ek bepaal my in hierdie ontleding o.a. meer tot 'n teleïese (of teleologiese) ondersoek, wat m.i. eerder sal laat blyk wat arbeid as aktiwiteit presies is. Doel is vir die analise van arbeid van primêre belang. Daar bestaan egter verskillende

---

1) sien p. 51.

tipes van doel en slegs een hiervan is vir arbeid as sodanig relevant. Dit is van belang vir hierdie studie dat daar onderskei word tussen doelmatige, doelbepaalde en doelstellende aktiwiteite. Aangesien ek dit voorheen reeds gedoen het,[1] gaan ek my in hierdie onderafdeling hoofsaaklik bepaal by doelstéllende aktiwiteite.

Doelstéllende aktiwiteite tref ons alleen by die mens aan. Doelstellende handelinge geskied selfbewus, saakbewus, doel-bewus, toerekenbaar en verantwoordelik. Die mens onderskei sy moontlikhede, stel die doel vir sy handelinge, kies dit, aanvaar dit en verwerklik dit. Die mens is die enigste kosmiese idiostansie wat sy doel self- en saakbewus kan stel en dit toerekenbaar en verantwoordelik kan aktualiseer. "Arbeid is... doelstèllende handeling of aktiwiteit. Sonder doelstelling is van arbeid geen sprake nie."[2] Waar dierewerk doelbepaald (Zielmäszig)is en masjienwerk outomaties, tref ons by die geskape mens doelstéllende arbeid aan. Menslike arbeid word gekenmerk deur "Zweckmäszigkeit", en menslike doelstellinge is idioargies (selfheersend). Graag wil ek om alle misverstand uit die weg te ruim daarop wys, dat wanneer ons sê dat arbeid gekenmerk word deur sy doelstéllende aktiwiteite, dit nie bedoel dat die arbeid sélf sy doel stel nie.(Die is die mens wat die doel stel wat hy met sy arbeid wil ten uitvoer bring (verwerklik)

Omdat die mens kan arbei, deur God geskape en geroep is om te arbei moet hy nooit wanneer hy arbei sy doelstelling of gestelde doel uit die oog verloor nie. Want in die mate wat hy die doelstelling uit die oog verloor, word dit sinloos. Slegs deur met die doelstelling van die arbeid rekening te hou, handel hy toerekenbaar en verantwoordelik. Dit is die mens wat die doel stel en dit is die mens wat die handeling inisieer. "Arbeid is dus menselijke activiteit, vrij en altijd min of meer nieuw en

---

1) Sien p. 52.
2) Stoker. Die kosmiese dimensies van gebeurtenisse, Philosophia Reformata, 29 : 40, 1964.

uniek, geestelijk en veelal ook lichamelijk; hij vraagt zorg, moeite en inspanning en hij is doelgericht en beoogt resultate, waarvan de zin buiten de arbeidende mens gelegen is."[1] Vir Brillenburg Wurth is arbeid 'n inspanning wat op 'n bepaalde nuttige doel gerig is.[2] Dit kan dus ook so geformuleer word dat arbeid doelstéllend en derhalwe doelgerig is. Sombart skrywe die volgende van die doelstellinge van arbeid: "Der Mensch lebt, indem er seine Kräfte betätigt. Die menschliche Tätigkeit unterscheiden sich dadurch (oder wird von uns unterscheiden) von der tierische, dasz sie ein vernunftsgemässes Handeln d.h.ein Handeln nach Zwecken ist. Diejenige menschliche Tätigkeit, die einem ausser ihr liegenden Zwecke dient können wir als Arbeit dem Spiel gegenüberstellen, dasz in sich selbst jenen Zweck findet."

Om arbeid reg te verstaan te verstaan behoort ons verder tussen immanente en transendente doelstellings te onderskei.

Gebeurtenisse kan immanent- (intern-, outo-) teleïes (teleologies) wees. Ons tref dit daar aan waar die aktiwiteite in hulleself 'n doel het. Dit is inherente doelgerigtheid. So vind ons latent in die kiembou van die mieliepit dit wat later sal ontkiem en in die regte kultuur tot mielieplant sal opgroei. Dit is waar volgens Stoker die "doel in die betrokke werk-like en werkende sélf aanwesig is."[3]

Gebeurtenisse kan egter ook transendent- (ekstern-, hetero-) teleïes (teleologies) bepaal wees. Hierdie tipe aktiwiteite vind ons daar waar 'n sekere handeling vir iets anders tot doel dien en in iets anders sy doel vind. Tereg word m.i. in die so pas aangehaalde standpunte van Brillenburg Wurth en Sombart resp. gestel dat die sin van arbeid buite die arbeidende mens geleë is, en dat menslike arbeid "einem ausser ihr liegenden Zweck" dien.

---

1) Van Riessen. Arbeid. (In Christelijke Encyclopedie, 1956, I : 295.)
2) Sombart - Der moderne Kapitalismus, I, p. 7.
3) Stoker - Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29 : 40, 1964.

Ek wil graag die volgende voorbeelde ter illustrasie noem nl.: (i) die doel van hierdie proefskrif (o.a. die ontleding van arbeid) is transendent aan die arbeid wat hieraan bestee word; (ii) die huis wat 'n bou-kontrakteur wil bou is 'n doel buite sy bouarbeid en (iii) die skilderstuk wat die kunsskilder hom ten doel stel is aan die skilderarbeid van die skilder transendent. Arbeid mag van immanent teleïese (teleologiese) bepalinge gebruik maak, maar dit is vir arbeid nie kenmerkend nie. Arbeid vind sy doel nie in homself nie, maar in iets wat aan die menslike arbeid transendent is. Menslike arbeid is as arbeid transendent- (ekstern-, hetero-) teleïes (teleologies) bepaal. Omdat die doel van arbeid transendent is, terwyl die leuse "arbeid terwille van arbeid" die doel van arbeid immanent maak, is die leuse "arbeid terwille van arbeid" net so sinloos soos 'n poging bv. om die sterre van die galaktiese konstellasie te probeer tel, net om dit te wil tel.

Die verskil tussen arbeid en spel is o.a daarin geleë dat eg. doelgerig is en 'n gestelde doel wil verwerklik. Die doel van arbeid is m.a.w. transendent-teleïes (transendent-teleologies). Lg. wat "in sich selbst jenen Zweck findet" (volgens Sombart se opvatting) is immanent-teleïes (immanent-teleologies). " De inspanning die arbeid altijd vraagt, de moeite en zorg, die hij geeft, hangen samen met het feit, dat arbeid een resultaat beoogt en vruchten af wil werpen, die invloed uitoefenen op de levenspraktijk."[1] Op die probleem van die samehang tussen arbeid en spel kan ek in hierdie studie nie ingaan nie, maar ek wil net die aandag daarop vestig dat hier ook 'n aangeleentheid is wat wag op verdere ondersoek.

c. <u>Arbeid as middelhandeling</u>.

Vir die verdere analise van arbeid en vir 'n beter begrip van wat arbeid is, is veral die onderskeid tussen <u>middel</u> en <u>doel</u> van belang. Wanneer ons hier van <u>middel</u> spreek dan dink ons nie hier aan dinge soos stoele, lessenaars, boeke ens. nie. Ons dink ook nie aan organe soos bene, tande, ore, arms ens. nie, maar

1) Van Riessen. Arbeid. (In Christelijke Encyclopedie, 1956, I, 295)

wel aan handelinge resp. aktiwiteite. Want arbeid is 'n handeling wat as middel aangewend word om 'n gestelde (transendente) doel te dien. Middelaktiwiteite kan insidenteel wees, bv. 'n bepaalde fisies-chemiese stof kan, maar hoef nie as voedsel te dien nie. Arbeid as middel-handeling is noodwendig aan sy betrokke transendente doel gebind. "Arbeid kan nie anders as om 'n middel tot 'n aan hom transendente doel te wees nie."[1) Waar 'n handeling of aktiwiteit nie 'n middel vir transendente doelaktualisering is nie, daar is geen arbeid nie. Arbeid vind sy eerste "betekenis" of "sin" in sy betrokkenheid as middel-handeling op sy doel wat buite hom geleë is. Menslike handelinge wat aangewend word as middel sonder om 'n gestelde doel te verwerklik kan nie as arbeid kwalifiseer nie.

Om moontlike misverstand uit die weg te ruim, wil ek dit baie duidelik hier stel, dat ek in my analise van arbeid, arbeid in omvattende sin, d.w.s. alle arbeid beoog. (Dit sluit intellektuele-, geestes-, handearbeid ens. in). Alhoewel ek later om redes wat ek sal noem baie aandag skenk aan die industrie-arbeider wil ek dit tog onomwonde stel dat arbeid vir my nie net handearbeid of fabrieksarbeid is nie.

Alle kategorieë werkgewers (hetsy groot of klein ondernemers, Kapitaliste ingesluit) arbei. Alle persone in uitvoerende en gesagdraende hoedanigheid soos bv. direkteure, bestuurders,ens. arbei.(hulle arbei as verteenwoordigers van die werkgewer.) Alle werknemers (en hier dink ek aan alle groepe, soorte, ens.) arbei. Verder arbei die politikus, die medikus, die kunstenaar, die argitek, die advokaat, die predikant, die onderwyser, die dosent, die polisieman, die offisier, die boer, die padmaker, die klerk, die huisvrou, ens.

Tussen menslike arbeid (as menslike middel-handeling) en die eksterne, transendente doel wat gestel en verwerklik moet word, kan masjinale werk ingeskuif word. Masjinale werk is hier 'n middel vir arbeid as middel-handeling, 'n middel vir 'n middel dus. Meganisasie en tegniek skuif al meer masjinale werk

---

1) Stoker - Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29:41, 1964.

tussen menslike handelinge en sy transendente doel in, en dreig aan die een kant om arbeid en doel al meer te skei, om arbeid en doel van mekaar te skei en eintlik van mekaar te vervreem. Aan die ander kant dreig die masjien om die arbeid van die mens te vervang, 'n substituut vir menslike arbeid te word en so die mens ondergeskik aan die masjien te maak. "Dit is die gevaar van outomatisasie en die parasitiese (arbeid ver-ont-sin-nende", verontmenslikende) invloed van masjienerie op arbeid, waarby die mens en sy arbeid al meer teruggedruk word en byna uitgeskakel word, die arbeidende mens self al meer 'deel' van die masjinale proses word. Daarenteen is 'n voorwaarde van arbeidsvreugde dat die intieme verband van arbeid met sy betrokke doel bewaar bly." [1]

Hoe meer middele tussen arbeid en sy doel ingeskuif word, hoe "sinloser" word arbeid daardeur. Menslike arbeid word m.i. so veront-menslik. Dit wil voorkom asof die proses van toenemende meganisasie die arbeider (arbeidende mens) laat kies óf om die arbeid wat hy verrig as doel op sigself te gaan beskou, óf om die arbeid in sy sinloosheid te aanvaar en die doel daarvan uitsluitlik te sien in iets wat bykom (en eintlik 'n begeleidende doel van arbeid is) nl. loon, salaris, vergoeding ens.

d. <u>Ander soorte van doelstellinge</u>.

Daar is ook ander teleïese (teleologiese) differensiasies wat hier gemaak kan word wat van belang is vir die latere uiteensetting van die arbeidsetiese problematiek. Hulle is o.a. die volgende:

(i) Geheelsdoel en parsiële doel. Hierdie onderskeiding is van belang vir die vraagstuk van arbeidsverdeling. As die bou van bv. 'n woonhuis as geheel doel gesien word is die doel van die messelarbeid 'n parsiële doel van die geheel. Die bou van 'n woonhuis kan weer 'n parsiële doel wees van 'n omvangryke skema bv. die <u>bou van 'n kompleks van woonhuise</u> in 'n woonbuurt (die geheelsdoel).

---

1) Stoker - Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse, <u>Philosophia Reformata</u>, 29:41, 1964.

(ii) Nader (onmiddellike) en verder afgeleë doelstellinge: Hiervoor kan ons ter illustrasie noem die vervaardiging van bomme en mortiere, en die gebruik wat militêre persone later daarvan gaan maak.

(iii) Sentrale en periferiese doelstellinge. Die arbeid aan 'n stuk graniet om 'n beeld daaruit te kap deur 'n beeldhouer kan as sentrale en die uitstalling van die voltooide beeld as die periferiese doelstelling aangedui word.

(iv) Essensiële en bykomstige doelstellinge. Ons kan hier dink aan die skrywe van 'n boek en die opdra van die boek daarna aan 'n ouer, vriend ens.

(v) Eintlike en begeleidinde doelstellinge. Dit is belangrik om dit hier te benadruk, dat 'n arbeider wat arbei, o.a. ook arbeid verrig vir die loon wat hy ontvang om in sy (en sy afhanklikes se) behoeftes te voorsien, maar nie as eintlik doelstelling van die betrokke arbeid self nie. Bv. 'n onderwyser voed die leerlinge op en onderwys hulle (d.w.s. hy arbei) nie primêr om die salaris nie. As dit die doel van sy arbeid is vervals hy arbeid. Dat egter loon of salaris as begeleidende doelstelling van betekenis is, spreek vanself, omdat hier geld "wie nie arbei nie sal nie eet nie" en "die arbeider is sy loon waardig". Die vraagstuk van arbeid en loon laat ons egter arbeid in 'n heeltemal ander perspektief sien, as wat hierdie analise van arbeid beoog.

Arbeidsdoelstellinge hang saam, sowel die doelstellinge van die arbeid van die enkeling as die van 'n samelewingskring, (ja uiteindelik van alle mense) ook wat die perspektiviese orde van arbeidsdoelstellinge van geval tot geval mag wees.

Al die genoemde doelstellinge kan ons die horisontale, kosmies-gerigte doelstellinge noem in onderskeid van die religieuse, op God gerigte doelstellinge, d.w.s. die vertikale, doelstellinge, (w.o. bv. arbeid tot eer van God en as Hom dienende roepingsvervulling.) Daar bestaan geen religieus-neutrale arbeid nie.

Ek wil net hier noem dat die mens in drieërlei verhouding m.i. tot God staan, nl. die teale, religieuse en godsdienstige verhoudinge.[1]

Dit is nodig om daarop te wys dat albei die vertikale sowel as die horisontale doelstellinge fundamenteel ewe belangrik is. Die horisontale gerigtheid is uiters belangrik om te verhoed dat ons nie 'n <u>eensydige</u> visie op arbeid ontvang nie. Die mens het nie net 'n taak in verhouding tot God ontvang nie, maar ook 'n opdrag m.b.t. die hele kosmos (stof, plant, dier en mens.) Die vertikalè doelstellinge (bv. verheerliking van God) hef nie die horisontale doelstellinge (met hulle kreatuurlike aard) op nie. Die vertikale doelstellinge kan nie die horisontale doelstellinge vervang nie.

Onder horisontale (arbeids-)doelstellinge verstaan ons die gerigtheid (betrokkenheid) van die kreatuurlike op die mede-kreatuurlike, d.w.s. die gerigtheid (betrokkenheid) van mens, dier, plant en stof op mens, dier, plant en stof. Daar is ook by arbeid 'n spesifieke gerigtheid op die idionne (w.o. idiostansies) in die kosmos. Die horisontale arbeidsteleologie bied sy eie probleme en kan nie herlei word tot die vertikale arbeidsteleologie nie. Om verwerklik te kan word is die <u>vertikale</u> in die <u>horisontale</u> gefundeer maar die horisontale arbeidsteleologie vind sy sinsverdieping en uiteindelike singewing in die vertikale arbeidsteleologie.

Waar ons nou uit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse arbeid gevind het, en dit hierna sien in sy verbondenheid met wat ander kosmiese dimensies bied, kan ons nou arbeid in sy modale soorte onderskei en daarmee modaal bepaalde doelstellinge, soos bv. intellektuele arbeid, linguale arbeid, kunsarbeid, ekonomie-arbeid, juridiese arbeid, sedelike arbeid. Verder kan ons arbeid

---

1) Sien hoofstuk 5: Arbeid in vertikale verband, p 116 waar dieper op hierdie verhoudinge ingegaan word.

onderskei in sy idiostant-strukturele tipes en daarmee idiostant-strukturele bepaalde doelstellinge van arbeid, soos bv. gesinsarbeid, volksarbeid, staatsarbeid, ens. Arbeidsdoelstellinge is verder ook onderskeibaar volgens die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. "Doelstellings word hier gestel volgens wát jou hand en wat jóú hand hiér en dáár en nóú en dán vind om te doen, en as meer as een doelstellings jou om verwerkliking 'aanspreek' dan sal jy let op wat die swaarste weeg."[1] Dit is 'n moeilike vraag om te beantwoord of arbeidsdoelstellinge ook gegee is vanuit die kosmiese dimensie van waardes.

As ons nou daarop let dat alle arbeid as middel transendente doelstellinge dien, en arbeid nie sy doel immanent in homself het nie, dan word dit besondere duidelik hoe verkeerd die leuse is van arbeid terwille van arbeid en hoe hierdie leuse arbeid self sinloos maak. "Die arbeid is geen doel op homself nie en besit ook geen sodanige doel wat afgeskei kan word van die hoogste doel nie. Wel het arbeid ook 'n doel vir die gesin en die maatskaplike lewe, maar dit mag nie losgemaak word van die roeping wat God die mens gegee het nie." [2] Sodra arbeid verhef word tot 'n doel op sigself, word die mens volgens Duvenage gedenatureer tot 'n arbeidsdier.[3]

e. Die kontinuiteit van arbeid.

Die hele lewe van die idiostansie, mens, staan (vertikaal gesien) onder roeping. Van sy roeping kom die mens nooit los nie. (kry hy nooit vakansie nie). Onder sy roeping val (horisontaal gesien) spesifieke taakeenhede. Ek is nie bewus van 'n beter woord om die bedoelde te formuleer as "taakeenheid" nie. Die volgende is voorbeelde van taakeenhede: 'n kunsskilder skilder die woonstel; die onderwyser lei die matriek-leerlinge vir die matrikulasie-eksamen op; die vervaardiging van 'n motorkar; die

---

1) Stoker - Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29:42-43, 1964.
2) Duvenage - Beroepsarbeid in die lig van die Gereformeerde Etiek, p. 102.
3) Ibid.

bewerking van die land deur die boer ens. "Vir die volvoering van 'n taakeenheid is arbeid 'n onmisbare middel. Maar as middel is nie die arbeid self nie, maar die volvoering van die taakeenheid vormend..." 1) So 'n taakeenheid kan afgehandel, afgerond of afgesluit word. Daaraan kan dan niks meer gedoen word nie, bv. 'n huis word klaar gebou, 'n stuk grond word omgespit, 'n boek word deurgelees, ens. Dit is egter anders met arbeid. "Kenmerkend van arbeid is egter sy onafheid, Arbeid (al word dit deur rus, ontspanning, maaltye, slaap ensovoorts onderbreek) is nooit afgehandel, afgerond, afgesluit, áf nie. As middel-handeling gaan dit van een taakeenheid tot 'n volgende taakeenheid oor, van skilderstuk tot skilderstuk, van gebou tot gebou, van probleem tot probleem, man matrikulasieklas tot matrikulasieklas, van hofsaak tot hofsaak; en as bv. 'n kantoorarbeider na sy kantoor-arbeid tuis kom, arbei hy in sy tuin, help hy daarna arbeidend sy kinders bad en studeer hy na aandete vir 'n unisersiteitseksamen; hy hou aan arbei. Ook God werk tot vandag toe."2)

Menslike arbeid vorm eintlik 'n kettingreeks van kontinue handelinge m.b.t. verskillende taakeenhede wat afgehandel moet word. Daar is altyd take om te verrig. Arbeid as middel word gebruik in suksessiewe, kontinue doelrealiseringe. Al is arbeid gerig op 'n eksterne, transendente doel, is dit belangrik om daarop te let dat die kontinuïteit, die onafrondbaarbeid, die onafhandelbaarbeid van arbeid sodanig is, dat dit aan arbeid 'n relasionele selfstandige karakter en betekenis gee. Arbeid as skeppingsidion is menslike arbeid in voortgang, opvolging, herhaling, kontinuïteit ens. Arbeid is as arbeid nie net aan een bepaalde of net een taakeenheid verbind nie, en bly arbeid as sodanig met opeenvolging (verwisseling) van take.

Maar al is arbeid noodwendig aan eksterne doelstellinge verbind, gee die voortgang, die onafsluitbaarbeid, die onafrond-

---

1) Stoker - Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29:43, 1964.
2) Ibid.

baarbeid en onafhandelbaarheid van arbeid aan arbeid as sodanig 'n relasionele selfstandige karakter wat parasities kan word en in die lewe van die arbeidende mens oorheersend kan word. Hierdie arbeidsparasitisme word in die hand gewerk deur oororganisasie, oorspesialisasie en akkumulasie van taakeenhede. Dit kan gebeur in die gedrang van die moderne lewe veral, dat die arbeidende mens behalwe sy gewone arbeid, nog soveel ekstra taakeenhede moet bydoen, dat daar eventueel feitlik geen tyd meer vir enigiets anders as net vir arbeid is nie. So 'n toestand van sake dreig om die religieus-veranker̲de arbeidsvreugde te ontneem, want die mens se roeping strek verder as net sy beroepsarbeid. Die mens moet ook tyd tot sy beskikking hê vir rus, ontspanning ens. asook tyd om vriende en kennisse te besoek, kerkdienste by te woon ens. Deur die relasionele selfstandigheid van arbeid kan die arbeider as arbeider gekenmerk word.

f. Arbeid is nie skeppend nie.

By die afhandeling van 'n taakeenheid deur die arbeidende mens, kan iets nuuts tot stand kom, bv. wanneer 'n beeldhouer 'n beeld uitkap uit graniet. In die volbrenging van die taakeenheid deur die beeldhouer bemerk ons 'n kreatiewe moment. Daar ontstaan 'n beeld uit die graniet. Vir die taakvolbrenging is o.a. nodig: insig in die taak , insig in die doelstelling, insig in die betrokke norme, insig in die wette ens. Benodig is dus 'n omvattende konsepsie van wat te doen staan en verder is beplanning nodig. Die mens tree aktief (handelend) op onder leiding van sy taakstelling en gestelde doel. Die rol wat inspirasie kan speel in die doelverwesenliking kan hier net genoem word.

Daar moet onderskei word tussen die skeppingswerk van God en die "skeppingsarbeid" van die geskape mens. God se skeppingswerk is Goddelik en bo-kreatuurlik en nie aan wette onderworpe nie. Die mens se "skeppingsarbeid" is kreatuurlik, tydelik en aan die kosmiese wetsorde (en norme) onderworpe.

Die mens is egter 'n werktuig in die Hand van God, en God voorsien die geskape mens van materiaal. Vir Berdjajew is die mens "voor arbeid in de zin van scheppende omvorming van de natuurlijke elementen door de menslijke geest bestemd. De scheppende arbeid verleent hem koninklijke positie in het midden van de natuur. Elke mens ook de geringste, is tot dit scheppen geroepen."1)

Uit die feit dat die mens 'n beelddraer van God is mag ons aflei dat die mens in 'n mate "medeskepper" is. God skep iets wat voorheen absoluut nie daar was nie, maar die onselfgenoegsame mens "skep" iets nuuts van iets anders wat voorhande is. Skepping is beslis meer as arbeid. Arbeid kom slegs voor in intransiewe verband in linguale gebruik. Ons skep iets, maar ons arbei nie iets nie. Die mens skep kultuur en gebruik in die proses arbeid as middel-handeling, maar arbeid self is nie skeppend nie. "Arbeid behoort, naar bijbelse overtuiging, tot de scheppingsorde". En met gebruik van sy arbeid as middel-handeling kan die mens self "skeppend" (in sekondêre sin) optree in die verwerkliking van sy gestelde doel.

Arbeid is as middel nie skeppend nie, maar die volvoering van die taakeenheid is vormend "skeppend". Arbeid self is nie skeppend nie, maar dit word "skeppend" in diens gestel van 'n gestelde taak of doel.

III. <u>Analise van arbeid volgens kosmiese dimensie van modaliteite.</u>

In die analise van arbeid volgens die kosmiese dimensie van gebeurtenisse het ons arbeid as aktiwiteit ontleed en verstaan. Hier kom aan die beurt om vanuit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse arbeid in sy samehang te ondersoek met wat die ander kosmiese dimensies bied. As ons arbeid volgens die modaliteite onderskei, is dit duidelik dat alle modale ontledinge van arbeid arbeid veronderstel en ons nie laat sien wat arbeid qua arbeid is nie. Maar die kosmiese dimensie van modaliteite laat ons die modaal bepaaldheid van arbeid en sy doelstellinge ontwaar, m.a.w. hiervolgens kan ons die modale <u>soorte</u> van arbeid onder-

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijke leven in de maatschappij p. 248.

skei. Alle modaliteite is vir menslike arbeid van belang. Maar omdat arbeid as sodanig(normatief bepaal is, kiesmoontlikheid veronderstel, toerekenbaar en verantwoordelik is) doelstéllend is, het slegs die normatiewe (bo-psigiese) modaliteite vir die analise van arbeid spesifieke betekenis.

Ons kan dus in sover dit die bo-psigiese modaliteite aanbetref onderskei: intellektuele (dink-) arbeid; linguale (taal-) arbeid bv. die samestelling van Die Afrikaanse Woordeboek; estetiese arbeid; ekonomie-(goedere vervaardigende en distribuerende) arbeid; juridiese arbeid (opstelling van hofsake, wette ens.); etiese arbeid i.v.m. opvoeding, armversorging ens.; arbeid op die gebied van die godsdienstige.

Daar moet ook gelet word op die modale soorte arbeid. Hierdie insig is belangrik vir die latere uiteensetting van sedelike arbeid. Doelstellinge aan arbeid transendent (en noodwendig met arbeid verbind) kan modaal onderskei word en in hulle modale bepaling van arbeid ondersoek word.

Arbeid as middelhandeling dien tot verwesenliking van sekere doelstellinge. So gesien dien die modale soorte arbeid die modaal onderskeibare doelstellinge. Die intellektuele arbeid dien bv. kennis, linguale arbeid dien bv. taalgebruik, estetiese arbeid dien bv. die skepping en waardering van kuns, ekonomie-arbeid (nie ekonomiese arbeid nie, want alle arbeid behoort ekonomies te wees)dien bv. die vervaardiging van gebruiksgoedere, juridiese arbeid dien bv. die vorming en handhawing van die regsorde, etiese arbeid dien bv. liefdesorg en godsiensarbeid dien bv. die welsyn van die kerk. Die modaal onderskeibare doelstellinge hang saam. Hierdie insig is baie belangrik vir die latere analise van sedelike arbeid en die misbruik wat van arbeidende mense gemaak is. Ekonomie-arbeid en kunsarbeid kan mens in strictu sensu nie van die sedelike modaliteit isoleer nie.

Ons sou "geestelike" of "kulturele" arbeid as modale arbeidsoorte kan kwalifiseer, maar hande-arbeid is as sodanig nie modaal bepaald nie. "Hande-arbeid" word dikwels teenoor "geestelike" of "kulturele" arbeid geplaas.

Hierdie stelling is moeilik houdbaar omdat sonder die "geestelike" en "kulturele" bepaling, daar geen "hande-arbeid" is nie.[1] Want alle arbeid is normatief (m.a.w. geestelik of kultureel) bepaal, en dus hande-arbeid ook. Nie net die fabrieksarbeider of die messelaar arbei met sy hande nie, maar ook die medikus, die musikus, die skrywer, die kantoorklerk, die laboratorium-navorser, die polisie, die milisie, ens. (al tref ons by lg. nog meer voet- as handearbeid aan). Uit beide oogpunte betrag kan daar nie 'n duidelike en skerp onderskeiding van "geestelike" "kulturele" en "hande-arbeid" getref word nie.

Die term "hande-arbeid" hou die gevaar in van isolasie van arbeid van sy transendente of eksterne doelstellinge, d.w.s. van arbeid teenoor sy doelstellinge te verselfstandig. Dit is hier van belang om te wys op die onhoudbare en depresiërende kwalifikasie van sekere soorte arbeid, as kafferarbeid.[2]

IV. Analise van arbeid volgens K.D. van (individuele en sosiale) idiostante strukture.

Omdat die kosmiese idiostansies 'n individuele en sosiale kant openbaar is dit belangrik om te onderskei tussen die individuele en sosiale kant van die idiostante strukture. Ons kan arbeid(ontleed volgens die kosmiese dimensie van gebeurtenisse) in sy samehang met die individuele en sosiale idiostante strukture ondersoek. Die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture openbaar nie wat arbeid as handeling is nie, maar veronderstel arbeid as handeling; maar dit (nl die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture) laat ons tipes van arbeid en van doelstellinge van arbeid onderskei.

Die idiostant-strukturele analise van arbeid is van belang omdat dit ons idiostant-strukturele tipes van arbeid laat onderskei. Omdat idiostante strukture twee kante het, soos genoem,

---

1) Ek wil graag my erkentlikheid betoon teenoor Prof. Stoker van wie se klasaantekeninge oor arbeid en sedelike arbeid en dikwels gebruik gemaak het, en ook nog verder in hierdie studie gebruik maak.

2) Histories (selfs by die ou Grieke) maar ook nou nog) word bepaalde soorte van ekonomie-arbeid, hande-arbeid genoem; dit word dan globaal onderskei van en gestel teenoor "ander" arbeid. Dit sou die moeite werd wees om dit histories te ontleed; veral omdat handearbeid gedepresieer word as 'n soort

kan ons tipes van arbeid hiervolgens indeel, nl. individuele arbeidstipes nl. kinderarbeid, vroue-arbeid, arbeid van kunstenaar ens. en sosiale arbeidstipes bv. volkse arbeid, kerkse arbeid ens. Behalwe die idiostant-strukturele tipes van arbeid kan ons hier ook onderskei idiostant-strukturele (individuele en sosiale) doelstellinge van arbeid, bv. ek arbei ook vir my gesin, vir my volk vir my kerk ens. Ons kan hier onderskei arbeid van 'n individu, arbeid van 'n samelewingskring, arbeid vir 'n individu of samelewingskring. Arbeid van 'n kind (kinderarbeid) kan dus onderskei word van arbeid vir 'n kind (deur die ouers ens.)

Aan die een kant is alle arbeid in die sin individueel dat elke arbeider self arbei en sodoende vir sy arbeid self verantwoordelik is; elkeen het individueel betrag sy besondere roeping en taak, wat hy nie op ander kan afskuif nie. Hierdie insig is veral van belang vir die uiteensetting m.b.t. die arbeid en die sedelike. Geen arbeid bly tot 'n individu as sodanig beperk nie. Arbeid individueel beskou kan nie van sy sosiale verbondenheid geïsoleer word nie. Niemand arbei uitsluitlik kragtens, deur en vir homself nie.

Elke mens en so ook die arbeidende mens, is lid van diverse samelewingskringe gelyktydig. Hierdie verband van kring tot kring via die konkrete menslike persoon mag nie uit die oog verloor word nie. Dit beteken dat 'n staat, industrie ens. 'n arbeidende mens nie geheel en al vir eie belang ens. mag opeis nie. Ook mag nie van hom soveel verwag word in die een samelewingskring dat sy verpligtinge t.o.v. die ander kringe nie tot reg kom nie. Ook hierdie insig is van groot belang vir die sedelike arbeid, (veral ook die werkgewer-werknemer verhouding)

Volgens die beginsel van harmoniese differensiasie (van roeping, take, funksies, struktuur, arbeid ens.) staan die arbeid in een kring tot diens van 'n ander kring, vul die arbeid van die een kring die arbeid van die ander kring aan, is die ar-

---

minderwaardige arbeid. Ongelukkig kan ek nie hierop dieper ingaan nie.

beid van die een kring afhanklik van die arbeid van die ander kring. Mutatis Mutandis geld dit ook vir die arbeid van die een arbeidende mens tot die ander arbeidende mens in onderskeie kringe asook van een arbeidende mens tot ander kringe ens. Samelewingskringe is nie van mekaar isoleerbaar nie, en die een mag nie t.k.v. die ander ontwikkel of die belange van 'n ander usurpeer nie. Die beginsel van harmoniese differensiasie 1) is van groot belang vir die bevordering van konflikvrye arbeidsverhoudinge.

Dit is ook belangrik om daarop te wys, dat harmoniese differensiasie ook binne samelewingskringe noodsaaklik is. Dit is die prinsiepe van arbeidsverdeling binne 'n samelewingskring. Ons kan die huwelik as voorbeeld noem. Hier vind ons onderlinge arbeidsverdeling binne 'n samelewingskring. Ons het ook die prinsiepe van arbeidsverdeling binne die fabriek ens. Die een kringlid is nie isoleerbaar van die ander nie, mag die ander nie domineer nie. Die arbeid van die een het die arbeid van die ander nodig, kan dit aanvul en is afhanklik van die arbeid van die ander.

Ek het reeds aangetoon dat 'n samelewingskring struktureel-horisontaal ontleed kan word en dat ook 'n struktureel-vertikale analise van 'n kring moontlik is. In hierdie struktureel-vertikale analise tref ons o.a. die gesagsrelasie aan (man-vrou, ouers-kinders, werkgewers-werknemers, bestuur en lede van vakvereniging). Dit is noodsaaklik dat dit hier duidelik gestel word, dat gesaghebbers sowels as gesagsonderdane arbei. Dit is interessant om daarop te let, dat in die gewone spraakgebruik ons gesagsonderdane normaalweg werknemers of arbeiders noem, maar normaliter werkgewers nie arbeiders genoem word nie. Die taal mag ons hier nie parte speel nie. Werkgewers arbei ook.

Ook wat die gesagsrelasies aanbetref is die beginsel van har-

---

1) Die prinsiepe van harmoniese differensiasie wat deur Stoker in sy publikasies gebruik word. Ter illustrasie kan bv. 'n huwelik geneem word. Die man verskil van die vrou wat fisiologiese, karakter, psigologiese en nog meer eienskappe ens. aanbetref, (dit is differensiasie), maar hulle vul mekaar aan (as komplementerende partye), is afhanklik van mekaar en is tot diens van mekaar. Terwyl ons dus differensiasie in die huwelik het, is daar ook harmonie tussen die partye of kan daar harmonie wees. Dus spreek ons van die beginsel van harmoniese differensiasie. Dit geld ook vir kerk en staat ens.

moniese differensiasie belangrik want as 'n samelewingskring in die sin verbrokkel dat die gesagsdraers (bv. werkgewers of hulle wettige verteenwoordigers) teenoor die gesagsonderdane organisatories te staan kom, is die kringeenheid struktureel ondermyn, resp. verbreek. Hier kan 'n baie belangrike vraag gestel word wat vir die latere uiteensetting oor die vakbeweging verhelderend kan wees. Die vraag is of die bestaan van arbeidersverenigings wat slegs uit gesagsonderdane bestaan en organisatories die werkgewers beveg, dwing ens. geregverdig kan word? Behoort 'n arbeidersorganisasie nie beide werkgewers en werknemenrs in te sluit nie?

Dit is interessant om verder daar op te let, dat die organisasie van arbeidende gesagsonderdane (werknemers) en wel organisatories versprei oor 'n groot aantal bedrywe, juis moontlik is omrede die reeds behandelde relasionele selfstandige karakter van arbeid. I.v.m. die latere uiteensetting van sedelike arbeid en arbeidsverhoudinge kan voorloping die vraag gestel word, in hoeverre organisasies van onderdaan-werknemers (arbeiders) uiteenskeuring van arbeid in sy transendente doelstellinge beteken asook 'n sinloosmaking van arbeid as arbeid met die gevolg dat veral die bykomstige transendente doelstellinge soos loonverhoging, vermindering van werksure, ens. die hoof aandag geniet.

Die vertikaal-strukturele beskouing van die samelewingskringe waarin elke kringlid as 'n strukturele eenheid gesien en in verhouding tot elke ander kringlid as eenheid gestel word, laat ons die arbeidende gesaghebber as strukturele geheel of eenheid teenoor die gesagsonderdaan as strukturele geheel of eenheid sien. Dit beteken dat hulle onderlinge verhoudinge alle modaliteite betrek en bv. op ekonomie-gebied (handel, industrie, ens.) die bestaande of leidende verhouding tussen gesaghebber en gesagsonderdaan wel primêr ekonomies is, maar dat meteen in hierdie verhouding, die sedelike, juridiese en ander modaliteite nie uitgeskakel mag word nie.

Onderlinge pligte en verpligtinge binne 'n ekonomie-kring is nie net beperkbaar tot die ekonomiese verhoudinge nie. Ook hierdie insigte is van belang vir die analise van sedelike arbeid.

V. Analise van arbeid volgens die kosmiese dimensie van waardes.

Ek het reeds kortliks aangetoon wat ek verstaan onder die kosmiese dimensie van waardes.[1] Hier sal net sover moontlik aangetoon word hoe hierdie dimensie in verband gebring kan word met menslike arbeid as skeppingsidion. Waarde (in positiewe en in negatiewe sin) is 'n positief ontwaarbare (resp. intuïtief, bv. emosioneel keurbare) idion en meer as net wetmatigheid, al kan dit ook in direk, deur bv. toepassing van norme, afgelei resp. geken word. Arbeidswaardes word medebepaal deur die waarde van die transendente doelstellinge (modaal, idiostant-struktureel en dinamies), maar het as relasioneel-selfstandige reeks van handelinge self deel aan waardebepaling. Alle horisontale, kreatuurlike bepaalde waardes verkry hulle verdieping en waardebepaling van beantwoording m.b.t. vertikale (religieuse) bepalinge.

Wat die vierde kosmiese dimensie, nl. dié van waardes aanbetref, is dit 'n moeilike vraag om te bepaal of ons ook hier arbeidsdoelstellinge gegee is (en of hulle onderskeibaar is). Arbei ons vir gelukkigheid, welsyn ens? M.i. nie as direkte of onmiddelike doelstelling nie. Die arbeidende mens vind geluk in sy arbeid as hy bv. die doelstellinge (volgens die ander drie kosmiese dimensie onderskei) behoorlik nastreef en aktualiseer. (d.w.s. op indirekte wyse). Bowendien hang die waardebepaaldheid van jou arbeid daarvan af hoe jy (goed of sleg) arbei en is dit 'n kwalifikasie van hoe jy met arbeid as middel die genoemde (en beoogde) doelstelling verwerklik.[2]

Althaus sê die volgende: "Die Arbeit hat damit die Würde einer Gottesordnung, Diese ihre Würde wird in der Freude, die Sie

---

1) sien p.54.
2) Stoker - Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Philosophia Reformata, 29:43, 1964.

in sich trägt, erlebt. Wir schulden es den uns anvertrauten Menschen sie zum Arbeiten zu erziehen und ihnen zu einer Arbeit zu helfen."[1]

Waarde (positiewe) ver-skyn, ontstaan ens. as 'n idiostansie of handeling aan sy betrokke wese, bestemming en norm beantwoord. Waar dit nie geskied nie, het ons onwaarde. Ook hierdie insig is van belang vir die latere arbeidsetiek. Ek dink hier bv. aan die norme: (i) die mens behoort te arbei, (ii) die mens behoort goed te arbei en (iii) die mens behoort te arbei vir die goeie. As arbeid bv. aan die norme beantwoord is dit goed anders as dit nie aan die arbeidsnorme beantwoord nie, is dit sleg.

Ek het in my analise van die kosmiese wetsorde (w.o. die normatiewe wetsorde) [1] die aandag daar-op gevestig, dat die hele kosmos (en daarmee alle idionne) onderworpe is aan die kosmiese wetsorde. Dit geld ook vir diè idion arbeid. Arbeid is ook gebind aan sy eie en eksterne norme en is daarmee ingeskakel aan die hele normatiewe wetsorde. Die al of nie beantwoording aan die normatiewe wetsorde is positief of negatief waardebepalend vir die arbeid. (In die gedeelte oor sedelike arbeid kom ek hier op terug ). Hier kan ook genoem word modale norme, idiostant-strukturele norme waaraan betrokke arbeid moet beantwoord, asook aan kontingente behorenseise. (wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag). [2] Ek wil hier ook noem die invloed van die sondeval en vloek op menslike arbeid, maar ek sal later hier op dieper ingaan. So ook die verlossing van die mens en die betekenis daarvan vir menslike arbeid. Die gevalle mens soek selfverlossing-ook van die euwel wat die arbeid aankleef- maar ook deur middel van arbeid. Met arbeid kan die kwaad in die kosmos bestry word, maar arbeid verlos die mens nie van sonde nie. Ook hierop gaan ek later breedvoeriger in.

---

1) sien pp. 55 - 57.

2) Prediker 9 vers 10.

Die mensheid as geheel het ook 'n gesamentlike geroepenheid (enkelinge en alle samelewingskringe) tot gesamentlike arbeid (in harmoniese differensiasie). In soverre aan die geroepenheid positief beantwoord word is die gesamentlike arbeid goed en in soverre dit nie positief beantwoord word nie, is dit sleg. So is beide die oorskatting en die onderskatting (devaluasie) van arbeid 'n onwaarde. Die analise van arbeid volgens die kosmiese dimensie van waardes is belangrik, omdat dit o.a. dié gesigspunt bied wat Calvyn "die orde van sondeval en verlossing" noem.

Afsluitend wil ek nog net noem dat arbeid ook deur die mens ingeskakel word in die stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis. Hierdie vertikale perspektief is ook van belang omdat dit die aandag daar-op vestig dat arbeid wat goed gedoen word en vir die goeie gedoen word van belang is vir die bevordering van die Ryk van die Lig, en dat arbeid wat sleg gedoen word en vir die slegte gedoen word (vir slegte doelstellinge verrig word) die ryk van die duisternis bevorder.

Wat die kosmiese dimensie van waardes aanbetref, kan gemeld word, dat hier nog ruim veld vir ondersoek is, en dat literatuur hieroor uiters skaars is.

.....o.....

# HOOFSTUK 5.

## ARBEID IN PERSPEKTIVIESE VERBAND.

### 1. ARBEID EN DIE MENS.

Ek het in die vorige hoofstuk die idion arbeid o.a. ook ondersoek volgens die kosmiese dimensies. Dit is nodig om in hierdie onderafdeling daar op te wys dat die mens as idiostansie meer is as die som van die behandelde vier kosmiese dimensies. Arbeid moet ook nie net volgens die kosmiese dimensies ontleed word nie, maar moet altyd i.v.m. die hele konkrete mens en sy samelewing betrag word.

Die konkrete mens as individueel-sosiale besonderheid in sy veelsydige verbondenheid in samelewingskringe en die eenheid van die mensheid, bevind homself in die geskape kosmos en besit o.a. die aanleg om te arbei. As kreatuurlike idiostansie is ook sy arbeid kreatuurlik, en omdat die mens geskape is na die beeld van God en dus 'n beelddraer van God is, is menslike arbeid beeld van die werk van God. Dit gee die adel aan menslike arbeid.

Die redes waarom 'n persoon arbei sal deur verskillende mense verskillend vertolk word, maar ons kan dit stel dat arbeid behoort tot die bestaan van die mens. Arbeid is 'n ontiese prinsiepe en nie 'n sedelike prinsiepe nie. Arbeid behoort onties-konstitutief tot mens-wees, tot die syn van die mens. Juis ook hier verskil die mens van die ander idiostansies, stof, plant en dier, wat nie kan arbei nie.

Arbeid as menslike aktiwiteit of handeling is mens-afhanklik. Dit het geen selfstandige los-van-die-mens bestaan nie. Arbeid as kosmiese idion bestaan slegs in relasie tot die geskape en lewende mens. Die sogenaamde selfstandige karakter is inderwerklikheid 'n relasionele bestaan. Arbeid bestaan nie los-van-die-mens nie, maar word deur die arbeidende mens as middel-handeling in doelaktualisering gebruik. Doelstellende aktiwiteite vind ons net by die mens alleen.

Nie alleen besit die geskape mens die aanleg om te arbei nie, maar die kosmos (en daarmee al die idionne) bied die moont-

likhede en geleenthede vir die mens om te kan arbei.

Dit is 'n fout (en onreg teenoor die mens) om die mens as abstrakte homo faber te sien. Die mens is meer as nét arbeider. Aangesien die begrip homo faber meer dui op die arbeidende mens wat dinge vervaardig, die eintlike tegnikus, verkies ek om te spreek van die homo laborans, en hieronder verstaan ek dan die mens wat arbei (alle arbeid van alle arbeidende mense). Die mens is egter ook nie net homo laborans nie. "Niet alle menselijke bezigheid draagt het karakter van arbeid. Het mens-zijn gaat niet in het verrichten van arbeid, in de arbeider-zijn op. De mens heeft niet altijd bezig te zijn; hij zou dan ook niet kunnen. Naast zijn arbeid heeft in zijn bestaan ook de rust een eigen plaats en een eigen functie. Maar ook al zijn bezigheid is nog geen arbeid. Men heeft wel gesproken van de mens als 'homo faber!' Daarmee bedoelde men, dat arbeid toch wel zijn voornaamste eigenlijke bestemming zou uitmaken."[1] Brillenburg Wurth toon ook verder aan, dat veral in die laaste tyd, die mens al meer oog gekry het vir die feit dat naas arbeid spel ook 'n eie sinvolle sy van die menslike bestaan en die menslike bestemming vorm. Behalwe homo faber of beter homo laborans, is die mens ook o.a. homo ludens. Bowendien is hy nog meer as dit.[2]

"Gott gibt uns Anteil nicht allein an seinem Wirken, in dem Rufe zur Arbeit, sondern auch an seinem Ruhen, in dem Rufe zur Freiheit von der Pflicht und Mühsal der Arbeit..."[3] Die mens is egter nie net in die kosmos om te arbei of te speel nie (of te rus nie) maar sy take, funksies ens. strek nog verder. Hy woon kerkdienste by, verkeer met sy medemens op sosiale terrein, hy kan in sy vrye tyd kreatief besig wees, ens. Die mens is in alles wat hy doen en laat 'n geroepene, en van sy roeping kry hy nooit vakansie nie. Dit is egter reg dat die mens, wat sy be-

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 233.
2) Die mens word ook soms tot 'n homo oeconomicus gereduseer soos bv. deur die Marxisme gedoen.
3) Althaus - Grundriss der Ethik, p. 78 - 79.

roepsarbeid betref, op vakansie gaan en sy vakansie geniet.

Arbeid kan nooit van die mens geïsoleer word nie, en die beskouing wat iemand van arbeid het, hang saam met die beskouing wat hy huldig oor die mens. So sal die Skrifgelowige navorser arbeid horisontaal betrag maar dit veral ook vertikaal fundeer as opdrag en roeping van God tot Sy verheerliking, terwyl diegene wat die mens nie as geskape wese sien nie, arbeid slegs horisontaal en materialisties sien.

Opvallend is ook die arbeidsbeskouing van die Oosterling. "De Oosterling is de bij uitstek meditatieve en contemplatieve mens. De rust, de stilte, het niets-doen lokken hem veel meer aan dan het bezig zijn. De Oosterling werkt dan ook merendeels alleen, voorzover dat voor de instandhouding van zijn leven onvermijdelijk is, maar eigenlijke arbeidsliefde kent hij veel minder."[1]

Wat die ontwikkeling van die arbeidsbeskouing van die Weste aanbetref, "valt ook in antieke beschaving een sterke depreciatie van de arbeid te constateren. De hande-arbeid werd hier zo goed als uitsluitend aan de slaven overgelaten."[2] Die ideaal van die vrye Griek was veral 'n lewe gewy aan die wysgerige bespiegelinge en aan die staatsdiens.

Volgens die Calvinistiese arbeidsbeskouing (wat my beskouing ook is) is hande-arbeid nie iets minderwaardigs nie. Die arbeidende mens wat hande-arbeid verrig hoef hom geensins te skaam nie. Daar is niks onedels en infra dignitatis in hande-arbeid nie. Die stigma wat kleef aan hande-arbeid is beslis in stryd met die skriftuurlike lig wat ons van arbeid ontvang. Alle arbeid in die kosmos moet bydra om die kultuuropdrag ens. van die mens te volvoer. Sonder hande-arbeid kan die mens nie sy volle roeping en bestemming vervul en verwesenlik nie.

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven.... p. 234.
2) Ibid.

Alhoewel ek in die onderafdeling oor arbeid en die kosmos o.a. dieper sal ingaan op die stelling dat arbeid nie net vir die mens daar is nie, wil ek dit tog hier net kortliks noem. Horisontaal betrag het die arbeidende mens ook 'n opdrag, taak of roeping m.b.t. die ander idiostansies en idionne. Die mens mag nie (behoort nie)al sy arbeid ten bate van sy mede-mens en homself aan te wend nie. Die idionne (w.o. die ander drie idiostansies) het ook aanspraak op die arbeid van die mens. Die potensialiteite in die kosmos gelê wag op die arbeidende mens om hulle te aktualiseer. Sonder menslike arbeid kan die natuur nie in kultuur omvorm word nie.

'n Aspek van arbeid wat ook hier genoem kan word en deur baie navorsers beklemtoon word, is die stelling dat die arbeider die vrugte van sy arbeid werd is. Die arbeidende mens het aanspraak op die vrugte van sy arbeid. Die arbeidsvreugde wat die arbeidende mens belewe hang grotendeels saam met die arbeidsvrugte wat hy ontvang vir sy inspanning en sweet. "Nach der göttlichen Schöpfungsordnung hat grundsätzlich jeder Mensch das Recht auf den Boden, aus dem er leben kann. Da aber infolge der Arbeitsteilung und der ganzen städtisch-industriellen Entwicklung nur ein Teil der Menschen sich tatsächlich der Urproduktion widmet, hat sich die Forder ing des gerechten Anteils am fruchtbaren Boden in die Forderung des gerechten Anteils am Arbeitsertrag überhaupt verwandelt, wobei aber das Bodenproblem immer ein besonderes bleibt."[1) Ek kan die opvatting van Brunner van harte onderskryf, want m.i. het die arbeidende mens ooreenkomstig sy roeping en opdrag ontvang van God, aanspraak op arbeid en op die vrugte van sy arbeid.

Waar ons aan die een kant parasiete veroordeel wat nie self wil arbei nie, en op ander wil teer vir hulle onderhoud en bestaan, moet ons ook aan die ander kant arbeidusurpasie veroordeel. Dit vind ons waar een persoon die arbeid van 'n ander slegs vir sy eie voordeel gebruik, en dit ten koste van die ander.

---

1) Brunner - Gerechtigkeit, p. 177-178.

Ek het reeds aangetoon[1] dat menslike arbeid beeld is van die werk van God. Ek wil die analogie hier verder voer. God het die wêreld geskape, Hy hou dit in stand en regeer die hele skepping. Die mens "skep" ook (al is dit in sekondêre sin, omdat hy iets wat reeds bestaan omvorm in iets anders), hy onderhou die dinge wat hy "geskep" het en hy regeer ook koninklik oor die skepping waaroor God hom gestel het, in sy koninklike amp (die amp van die gelowige). Die mens doen dit d.m.v. sy arbeid.

God is vry maar ook die mens het vryheid van God ontvang. menslike vryheid is egter kreatuurlik en onderworpe aan die kosmiese wetsorde. Van die idiostansies is die mens die enigste idiostansie wat geskape is na die beeld van God en wat omdat hy kan arbei, deur sy arbeid (sy kultuurvormende aktiwiteite) kan regeer oor die res van die kosmos. Die mens is heerser oor die kosmos (insluitende al die idionne) o.a. ook omdat hy instaat is om te arbei. Die mens heers wanneer hy arbei en hy heers oor sy ar-arbeid. Menslike vryheid veronderstel en vereis ook arbeidsvryheid. Die mens is nie bestem om as arbeidsslaaf in die kosmos te lewe nie. Sy arbeid mag hom ook nie oorheers nie. Wanneer die mens as arbeidende mens toerekenbaar, verantwoordelik en vry arbei (in wets- en roepingsvervulling) dan handhaaf hy die koninklike adel wat met arbeid d.w.s. "heers" gegee is, want arbeid is ook heerskappy. Ook hierin is die mens wat arbei beelddraer van God, en menslike arbeid duidelik 'n beeld van die werk van God, wat heers oor die skepping en 'n Vrye Wese is.

....O....

---

1) sien p. 107.

## 2. ARBEID EN DIE KOSMOS.

Ek het reeds in die vorige onderafdeling [1] genoem dat arbeid nie net vir die mens daar is nie. Dit is die konkrete mens wat arbei en arbeid is afhanklik van die mens as idiostansie en kan nie van die mens geïsoleer word of onafhanklik (selfstandig) van die mens bestaan nie. Tog word al die arbeid in die kosmos nie slegs tot voordeel van die mens self of sy medemens(e) daargestel nie. Alhoewel 'n ruime porsie van menslike arbeid vir eie onderhoud en vir die van afhanklikes ens. beskik word, is arbeid as skeppingsidion nie net ten bate van die mens verorden nie. Dit is die mens wat arbei, maar menslike arbeid staan ook in baie intieme verband met die hele kosmos (al die idionne ingesluit). Die hele kosmos is toevertrou aan die mens, en dus ook aan die arbeidende mens. Die arbeidende mens is geroepe om die kosmos wat aan hom toevertrou is te bewaak en te bewerk asook die aarde te onderwerp en daaroor te heers.[2] Die arbeidende mens moet die bestemming van die kosmos verwesenlik deur o.a. van natuur kultuur te vorm. Ook die ander kosmiese idiostansies (d.w.s. stof, plant en dier) het "aanspraak" op die arbeid van die mens. In die kosmos is baie moontlikhede gelê deur die Skepper met die skepping daarvan. Die kosmos self kan nie al die potensialiteite verwerklik nie. Dit moet egter gedoen word, en dit is die arbeidende mens wat dit doen. Die mens is nie geroepe om al sy arbeid antroposentries vir eie welsyn en welsyn van mede-beelddraers aan te wend nie.

As kreatuur behoort die mens tot die kosmos en die kosmos behoort tot hom, nou en hiernamaals op die nuwe aarde waarmee die hemel (wat nou gewyk het) verbind sal wees. Hy arbei dus as kreatuurlike en as kosmiese wese. Die kosmos, die sorg vir die kosmos is aan hom toevertrou- ook vir sy arbeid. Dit sê oneindig

---

1) sien p. 110.
2) Génesis 2 vers 15, en Gen 1. 28.

veel, want die kosmos bied ook vir sy arbeid onoorsigtelike arbeidsmoontlikhede: (i) Die arbeidende mens kan die moontlikhede van die natuur aktualiseer en kultuur skep. Daardeur word wat in die kosmos as moontlikheid gelê is, gerealiseer en maak die mens van natuur kultuur (wat juis in die bestemming van die kosmos opgesluit lê) en (ii) die arbeidende mens staan in die kosmos (as beeld van God) in verhouding tot die mens - homself en sy naaste (as beeld van God). Ook die hiermee gegewe moontlikhede aan sy sorgende liefde is legio en groots. Ons mag hier dink aan die aktualisering van die ekonomiese, juridiese en sedelike moontlikhede asook aan die vorming van huwelik, gesin, volk, staat en al die maatskaplike institute, asook aan die vorming van geskiedenis. Ook hier word in die kosmos gegewe moontlikhede gerealiseer.

Dit alles - dat hy kosmiese wese is, sy plek in die kosmos waarin hy arbei, die moontlikhede om van die natuur kultuur te vorm en die moontlikhede met sy kreatuurlike mens-wees gegee - toon die mens se bestemming op aarde, sy roeping in die kosmos aan. M.a.w. die mens het nie net tot taak om God te dien (in enger sin) en ook nie net om sy menslike moontlikhede te aktualiseer nie, hy moet die bestemming van die hele kosmos verwerklik. Dit alles toon vir ons hoe onmisbaar arbeid as middel in die kosmos is, om o.a. van natuuridionne kultuuridionne te maak. Arbeid is vir sy bestaan afhanklik van die idiostansie, mens, en die kosmos is afhanklik vir sy bewerking en bewaking (ontginning, bebouing, kultuurvorming, onderwerping, beheersing ens.) van die arbeid van die mens.

Diere kan werk, maar dit moet onder aansporing en toesig van die mens geskied. Uit hulle eie kan diere nie die skepping bewerk en bewaak nie. God het die mens geroep om met sy arbeid die moontlikhede met die skepping in die kosmos gelê te verwerklik. Hierdie onderskeiding het die geskape mens tebeurt geval, 'n onderskeiding wat ook groot verantwoordelikhede meebring.

Kwaad het die kosmos binne gekom. Die geskape mens moet die kwaad bestry. Hy moet die kosmos teen die kwaad bewaak. Hy moet die hele kosmos (natuur, kultuur, stof, plant, dier en mens) bewaak. Sy bestryding van die kwaad is relatief en bevat die kiem van nuwe kwaad, maar die mens moet dit bestry. Die herskepping van die kosmos (die oorwinning van die kosmiese kwaad) geskied egter finaal deur Christus aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is.

Dit is uiters belangrik om die aandag te vestig op die universaliteit van arbeid. Die arbeidende mens mag nooit die universele betrokkenheid van sy arbeid uit die oog verloor nie. Die hele kosmos is toevertrou aan die bewerking, bewaking, onderwerping en beheersing van die geskape mens. Alle mense tesame arbei in belang van die hele kosmos. Oral in die kosmos word gearbei en alle arbeid is o.a. ook in belang van die hele kosmos. Ons kan "universeel" hier onderskei in tweeërlei betekenis nl.: (i) universeel is arbeid op die hele kosmos betrokke (alles het op menslike arbeid "aanspraak")[1] en (ii) "universeel" arbei alle mense (in samehangende verskeidenheid) saam. Ons kan spreek van "universaliteit" in kosmiese sin en "universaliteit" in menslike sin.

Die universele verbondenheid van arbeid moet ons nie net kousaal nie, maar veral en eerstens teleïes sien. Die mens wat arbei stel sy arbeid as middel in diens van 'n samehangende verskeidenheid van geheels en parsiële, van nadere en verder afgeleë, van sentrale en periferiese, van essensiële en bykomstige, van eintlike en begeleidende ens. doelstellinge van arbeid.[2] Die teleïe van arbeid kan ook volgens die kosmiese dimensies onderskei word, en as die dimensionele samehang eerbiedig word, sal alle isolasie van arbeid vermy word. Een mens arbei nie alleen nie. Ander mense arbei ook, en terwyl die een arbeidende mens besig is om sy

---

1) "Aanspraak" het ek telkens in hakies geplaas, omdat stof, plant en dier nie in werklike aktuele sin nie, maar in analoë sin tot die mens "spreek", die mens tot aktualisering van hul moontlikhede "roep". In strictu sensu is dit God wat deur hierhierdie gegewe moontlikhede die mens "aanspreek", "roep".

2) Sien p. 93.

arbeid as middel-aktiwiteit aan te wend om sekere gestelde doeleindes te verwerklik, is ander arbeidende mense besig om hulle arbeid aan te wend tot doelaktualisering.

Die universaliteit van arbeid kan ook daarin gesien word, dat enkeling en enkeling, enkeling en samelewingskring, samelewingskring en samelewingskring, samelewingskring en samelewing kan saam-arbei aan die bereiking van gesamentlik-gestelde doeleindes. 'n Span wetenskaplike kan saam-arbei aan 'n gemeenskaplike projek. Die arbeid kan verdeel word. Met die erkenning van die universaliteit van arbeid (in die sin van alles het op menslike arbeid "aanspraak")is meteen die prinsiepe van arbeidsverdeling (arbeidsdeling) gegee.

Dit is m.i. baie belangrik dat hier nog genoem word dat menslike arbeid behoort tot die kosmos. Dit behoort integraal tot die kosmos, soos bv. 'n elektron, 'n sel, diere-instink, ens. integraal tot die kosmos behoort. In prinsipiële sin kan arbeid nie van die kosmos en die kosmos nie van arbeid geïsoleer word nie. Arbeid is 'n inherente deel van die kosmos. Dit is geïntegreer in die samehangende verskeidenheid van die mens en die kosmos (al die idionne ingesluit). Die hele kosmos het alle menslike arbeid nodig en dit maak menslike arbeid so universeel in albei betekenisse.

Ondanks die uiters prominente en onmisbare rol wat menslike arbeid in die kosmos speel, moet tog op twee gevare of euwels gewys word. Eerstens mag die betekenis van arbeid as skeppingsidion nie oorskat word nie. Hier moet gewys word op die humanistiese bv. sosialistiese oorskatting (resp) vergoddeliking van arbeid.. Alleen God is absoluut en geen binne-kosmiese idion mag vergoddelik (verabsoluteer) word nie. Vir Marx is dit slegs arbeid wat die menslike bestaan uit sy diepe val kan verlos. Hier het ons 'n duidelike voorbeeld van arbeidsoorskatting. (Hieroor later meer) Tweedens mag die betekenis van arbeid nie onderskat word nie. "Terwijl de moderne specialisatie in't algemeen reeds waardeverlies van de arbeid meebrengt (blikverenging, verstarring, verbreking van het contact met het eindresultaat en met de persoon voor

wie het bestemd is), neemt dit zodanig toe bij consequente toepassing, dat de zojuist beschreven laatste faze ervan als een ontoelaatbare devaluatie van de arbeid beschouwd moet worden. De arbeid heeft daar zijn wezenlijke karakter verloren..." 1) Ek het reeds gewys op die onderskatting (depresiasie) van handearbeid by die Grieke.2)

Alhoewel dit ook eintlik by die devaluasie van arbeid behoort wil ek tog apart nog noem die verenging of reduksie van arbeid tot mensbelange alleen wat ons o.a. aantref by die humanisme. Dit sal uit die volgende onderafdeling waar arbeid in vertikale verband ondersoek word, duideliker word, dat arbeid primêr Godgerig is, en nie in die eerste instansie vir die voordeel van die mens verorden is nie (of uitsluitlik vir menslike voordeel daargestel is nie ).

3. ARBEID IN VERTIKALE VERBAND.

In hierdie subafdeling gaan dit oor arbeid en God. Arbeid word nou gesien in respectu Dei. Volgens die Geopenbaarde Woord van God is dit God wat die kosmos met al die idionne (w.o. die idiostansies)geskape het. God het die mens geskape en hom in die kosmos met 'n opdrag geplaas. Die mens is geroepe om sekere dinge te doen en daarvoor het hy die aanleg ontvang en word vir hom geleenthede gegee. God het ook die kosmos met die idionne so geskape dat die mens met hulle kan besig wees, hulle kan omvorm, hulle kan beheers ens.

Ek wil graag hier noem die drieërlei verhouding waarin die idionne (w.o. die idiostansies) tot God staan. Dit is nl.: (i) die teale verhouding waarin alles wat geskape is tot God staan. Stof en plant en dier en mens is deur God geskape, word deur Hom in stand gehou, geregeer, bestier, voleindig ens. en onder Sy wetsorde gestel, en openbaar Sy grootheid, wysheid, krag en ma-

---

1) Van Riessen - De maatschappij der toekomst, p. 171.
2) Sien p. 109.

jesteit en dien uiteindelik tot Sy verheerliking, (ii) die godsdienstige verhouding waarin die mens in sy godsdiens tot God staan. Dit is daar waar die mens hom direk tot God rig en God aanspreek, dien en die lof van God verkondig. Ons dink hier aan die aanbidding van God, die gebruik van die genademiddele, lofsange ens. Ook waar in die geval van die nie-Christelike godsdienste, die mens hom direk tot sy afgod wend en bv. aan die afgod offers bring en bv. die afgod aanbid, het ons met godsdiens in enger sin te doen en (iii) die religieuse verhouding. Dit is die universele verhouding waarin die mens tot God staan. Dit is die verhouding waarin die mens nie net in sy godsdiens nie maar ook in al sy ander handelinge tot God staan. Dit is bv. waar die mens in die uitvoering van die goddelike raadsplan en sy persoonlike roeping onder die wetsorde van God, tot eer van God wetenskap, taal, kuns,ens. vorm, ekonomiese goedere vervaardig, reg vorm, sedelik handel, huwelik, gesin, staat en volk vorm, geskiedenis maak ens. Religie word ook genoem godsdiens in ruimer sin. God het die mens die aanleg gegee om hom te dien en die mens daartoe die talente, gawes en geleenthede gegee. God het in die natuur die moontlikhede gelê om tot kultuur omvorm te word en dit alles onder Sy normatiewe wetsorde geplaas. God het al hierdie take aan die mens as 'n roeping opgelê. "Hierdie diens van God (in ruim sin) t.o.v. al sy doen en late noem ons religie om dit van godsdiens (die diens van God in enger sin) te onderskei."[1] Alle kultuurarbeid van die mens is in diepere sin religieus bepaal. Die algemene kultuurvorming as die van God gestelde roepingsvervulling is die mens se religieuse werksaamheid. Omdat God aan die mens Sy beeld gegee het, verhef dit die mens tot mede-arbeider [2] van God op aarde. So gesien is alle kultuurarbeid wel geen godsdiens nie, maar religie.

---

1) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 118.
2) Sien voetnoot p. 118.

Genoemde drie verhoudinge waarin alles in die kosmos (dus ook die arbeid van die mens) staan is vertikale relasies.

Omdat hierdie analise van arbeid in hoofsaak 'n arbeidswysgerige analise is (asook 'n vakwetenskaplike) gaan ek my nie besighou met die teologiese problematiek m.b.t. arbeid nie. Ek wil graag menslike arbeid "in U lig" besien. Ek wil arbeid in sy vertikale gerigtheid eerstens ondersoek volgens die beginsel van "die orde van die skepping" en daarna volgens "die orde van sondeval en verlossing ". Volgens eersgenoemde orde is dit nodig om te benadruk dat God arbeid in die kosmos verorden het, en dat Hy die mens geroep het om in die kosmos te arbei. Omdat die geskape mens 'n beelddraer van God geskape is, is die arbeid van die mens soos reeds tevore aangetoon beeld van die werk van God.[1)]

Dit is ook belangrik om te let op die feit dat God na die skepping van die kosmos (met al die idionne w.o. ook die idiostansies) Hom nie onttrek het van dit wat Hy geskape het nie en dit ook nie aan eie lot oorgelaat het nie. Volgens die Heilige Skrif hou God alles nog in stand en regeer Hy dit. God voorsien in die behoeftes van die idiostansies en regeer die kosmos volgens vaste wette (w.o. die normatiewe wetsorde ook val). Dit is God wat aan die mens opdrag gee om te arbei. Dit is God wat roep tot arbeid en die mens antwoord deur die arbeid wat hy in die kosmos verrig.

Terwyl die mens arbei is hy "mede-arbeider" van God,[2)] omdat God in die verwesenliking van Sy goddelike raadsplan ook gebruik maak van die arbeid van die mens. Omdat egter menslike arbeid kreatuurlike, wetsonderworpe arbeid is, kan dit nooit gelyk gestel word aan die Goddelike werk nie. Die onselfgenoegsame mens is

---

1) Sien p. 107.
2) Daar is verskillende Calviniste wat in hulle kritiek op die Rooms-Katolieke en Skolastiese leer van Sinergisme wat leer dat mens as selfstandige en outonome grootheid met die genade van God meewerk om salig te word, die gedagte bestry dat die mens "mede-arbeider" van God is. Ek handhaaf "mede-arbeiderskap" in Gereformeerd-skriftuurlike sin, waarby alles wat die mens doen in God se hande is, waarby God die geskiedenis (ook die arbeid van die mens) lei, maar waarby die mens in sy kreatuurlike(toerekenbare en verantwoordelike) aard deur God geroep (en ook bruik)word om as middel in Gods hand Sy raadsplan te verwesenlik.

afhanklik van God van Wie hy sy aanleg, geleenthede, kragte, ens. ontvang. Omdat die arbeidende mens 'n mede-arbeider van God is, is die arbeid van die mens 'n middel in die hand van God vir die verwesenliking van Sy raadsplan en die voleinding van alle dinge. Net soos menslike vryheid heerskappy oor die kosmos en diens aan God veronderstel, is menslike arbeid heerskappy oor die kosmos en diens aan God die Skepper. In die bewerking, bewaking, onderwerping en beheersing van die aarde, verheerlik die geskape mens sy Skepper, dien hy Hom en antwoord hy op die roep van God.

Dit is duidelik uit die Woord van God, dat arbeid sy oorsprong vind in God. "Die Arbeit des Menschen hat ihren Ursprung so in einem vorbedachten Ratschluss Gottes und wird dem Menschen bei seiner Erschaffung mitgegeben."[1] Ek wil graag die volgende aanhaling van Brillenburg Wurth hier gee omdat dit m.i. 'n uiters belangrike aspek m.b.t. arbeid na vore bring: "Arbeid behoort, naar bijbelse overtuiging, tot de scheppingsorde. Het gaat om een onderdeel, en wel een heel voornaam onderdeel, van onze menslijke scheppingsopdracht. Als schepselen Gods, inzonderheid als mensen Gods, geformeerd naar Zijn evenbeeld, is het onze roeping om te arbeiden." [2] Hierdie arbeidsbeskouing veroordeel en verwerp die opvatting dat arbeid as straf op die sondeval (dus as 'n vloek) eers na die sondeval die mens opgelê is. Arbeid mag nie volgens die beginsel van "die orde van die skepping" as straf of vloek gesien word nie. Dit is die mens met sy skepping meegegee. Dit behoort by die skeppingsorde en het nie eers op 'n later stadium bygekom nie.

Sien ons arbeid in die lig van "die orde van sondeval en verlossing", moet dit benadruk word, dat menslike arbeid (soos ook al die ander idionne) deur die vloek van God na die sondeval ingrypend aangetas is. Menslike arbeid is deur die vloek geskend.

---

1) Bienert - Die Arbeit nach der Lehre der Bibel, p. 49
2) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 244.

Op die terrein van die arbeid het die verwoestende gevolge van die kwaad deurgewerk. Ook op die terrein van die arbeid is die arbeidende mens 'n sondaar. As gevolg van die destruktiewe gevolge van die kwaad begryp die arbeidende mens sy bestemming nie meer so goed nie. As gevolg van die vloek van God het iets met arbeid gebeur. Deur die sonde en die daaropvolgende vloek het daar eintlik 'n verskeurdheid van arbeid en 'n versteuring van arbeidsverhoudinge gekom. Hierdie versteuringe word openbaar in: (i) die verhouding van die mens tot die kosmos; (ii) die verhouding van die mens tot die samelewing; (iii) die verhouding van die mens tot God en (iv) die verhouding van die mens tot arbeid.[1]

Omdat arbeid deur sommige mense as straf op die ongehoorsaambeid van die gevalle en god-vervreemde mens gesien word, bestaan die opvatting dat arbeid self 'n vloek is en dat ons hiernamaals nie sal arbei nie (van alle arbeid verlos sal wees). Hierdie beskouing is onskriftuurlik. Ook hiernamaals sal ons arbei, maar dan sal arbeid nie meer aan kwaad (die gevolge van die vloek) deel hê nie. Arbeid as sodanig (volgens "die orde van die skepping") is <u>goed</u> en noodsaaklik. Ons sal slegs verlos en bevry word van die verskeurdheid, stryd, moeisame spanning ens. waaraan arbeid nou in hierdie bedeling deel het.

Ek stem saam met Brunner as hy skrywe: "Es ist falsche Exegese, aus der Geschichte vom Sündefall herzuleiten, die Arbeit sei eine Folge der Sünde....Nur die Muhsal der Arbeit wird als Fluch der der Sünde folgt, dargestellt."[2] Die straf wat God die mens opgelê het was o.a. die volgende: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet...[3] I.p.v. te arbei met lus en verkwikking, maak die arbeidende mens nou kennis met spanning, sweet, skeuring, stryd, konflikte, vermoeidheid, oorspanning, onvrede, ooreising, oorheersing, verdriet, verveeldheid, matheid, afguns, verslawing,

---

1) Habermehl - Ons dagelijks werk, pp. 10-14.
2) Brunner - Gerechtigkeit, p. 174.
3) Génesis 3 vers 19.

frustrasies, verydeling, onlus, ens. ens. Die arbeidende mens moet homself so inspan dat die vreugde wat altyd gepaard (saam) o.a. met sy arbeid gegaan het verdwyn het, om plek te maak vir o.a. verveeldheid, onvergenoegdheid, verydeling ens. Arbeid onder die vloek het o.a. geword slaafse roetine en die vryheidselement het soek geraak. I.p.v. arbeidsvryheid kry ons arbeidsverknegting. Brillenburg Wurth sê m.i. tereg dat dit slegs die Bybelse gedagte van die vloek (en die gevolge daarvan) oor die arbeid is wat die diepste verklaring van die moderne arbeidsproblematiek kan bied.

As Thilicke skrywe oor die gevolge van die sondeval en daaropvolgende vloek dan skrywe hy soos volg: "darum ist die Arbeit durch Mühe und Schweiss belastet, darum kann sie 'Muhsal und Qual' sein, darum weiss die Spruch- und prophetische Literatur davon, dass Sie auch von Sinnlosigkeit und Leehre bedroht sein kann"[1] Die gevolge van die sondeval het die mens op allerlei wyse getref. Tillich sê dat die mens deur die sondeval sy diepte-dimensie verloor het, (d.w.s. sy religie). Deur hierdie "Verlust der Dimension der Tiefe" het volgens Tillich die mens ook die antwoord op die vraag na die sin van die lewe verloor.[3] Ek kan my vereenselwig met die standpunte van beide Thilicke en Tillich.

Dit is belangrik dat ons let op die feit dat ondanks die sondeval en daaropvolgende vloek van God, die opdrag en verantwoordelikheid vir die gevalle mens voortduur om die aan hom toevertroue deel van die skepping te bewerk en bewaak (asook te onderwerp en daaroor te heers). In die worstelstryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis behoort die mens homself te skaar aan die kant van die Ryk van Lig. Hy moet die kwaad bestry, die vloekwerking help stuit. Met arbeid kan die kwaad in die kosmos bestry word. Al kan die vervloekte mens in 'n vervloekte skepping nie sy roeping uitlewe nie,[2] kan hy nogtans arbei en met sy arbeid die kwaad bestry. Al vereis sy arbeid sweet en inspanning kan die mens met sy arbeid die deurwerking van die vloek se gevolge teëgaan en probeer stuit.

---

1) Thilicke - Theologische Ethik, (Zweiter Band, Teil I), p.399
2) Ek bedoel dit in die sin dat hy deur die sondewerking en die kwaad in die kosmos verhinder, frustreer, ontrou ens. word.
3) Tillich - Die Verlorene Dimension, p. 49.

Met arbeid kan die kwaad in die kosmos bestry word, maar arbeid kan die mens nie van sonde verlos nie. Wanneer die mens van sy sonde bevry word, word ook sy arbeidsopvatting gewysig. Ons het arbeid gesien in verband met die sondeval en vloek en ek gaan nou arbeid in verband met verlossing (herstel in Christus) betrag.

Wat ook al die rampspoedige en destruktiewe gevolge van die sondeval vir die hele skepping (insluitende menslike arbeid) mag wees, Gods Woord leer vir ons dat ondanks God die wêreld vervloek het, Hy ook genade bewys in Christus. Hier moet sowel die besondere as die algemene genade genoem word. Selfs arbeid onder die vloek kan nog tot groot seën wees vir die mens. Hiervan sê Bienert die volgende: "Die Tatsache dass die Arbeit auch mit grosser Mühsal verbunden und von Misserfolgen begleitet ist, schliesst den Segen und die Freude darüber nicht aus, mach ihn als Segen nur um so deutlicher."[1] Oor die algemene en besondere genade skryf Sikkel soos volg: "Het Woord Gods leert ons, dat de goddelijke genade, die het menselijke leven en de Schepping redt en in eere opheft, zoowel de algemeene als de bijzondere genade, zich ondanks en tegen de zonde aan het scheppingswerk Gods en aan de ordinantiën Gods over dat scheppingswerk aansluit. De genade erkent en eerbiedig het geschapen werk Gods, dat door de kracht Gods naar den raad zijns willens onder zijn ordinantiën bestaat. Zij werkt er bewarend, verlossend en vernieuwend op in; en door de verzoening, vrijmaking, ontwikkeling en volmaking van dat werk brengt zij de Schepping met en door den mensch en de menschelijke gemeenschap tot glorie, tot verheerlijking van Hem, uit wien en door wien alle dingen zijn."[2]

Aan die algemene genade het die Skrifverwerper en Skrifignoreerder ook deel. God laat Sy son skyn oor alle mens (dus ook oor die godloses). Alle mense in die wêreld geniet van die voorregte en seëninge wat God in die kosmos skenk (of die mens Hom erken, eer en dien of nie)

---

1) Bienert - Die Arbeit nach der Lehre der Bibel, p. 53.
2) Sikkel - Vrijmaking van den arbeid, p. 72.

Genade van God beteken altyd die einde van demonie en dus ook die einde van arbeidsdemonie. Wanneer ons dink aan die besondere genade dan is dit Christus wat prominent figureer in die herstel en oprigting van die vervloekte mens (asook die hele vervloekte kosmos met al die idionne) en die-in- beginsel opheffing van die vloek. Christus het vleesgeword om die werke van die duiwel te verbreek,[1] en om die invloedsfeer van die satan reeds in hierdie bedeling te stuit en te verminder. Die besondere genade van God in Christus beteken die in beginsel oorwinning van die arbeidsvloek (o.a.). Die gevalle en vervreemde mens word weer met God versoen en in Sy gemeenskap herstel. Die vleesgeworde Verlosser, Christus, het die gevalle en vervloekte mens (en ook sy arbeid) van demoniese oorheersing verlos deur Sy versoeningsarbeid.

Die arbeidende mens in sy deur Christus herstelde verhouding tot God, sien sy arbeid in 'n ander lig en perspektief as die Skrifverwerper en -ignoreerder. Alhoewel die vloek nog maar in beginsel opgehef is, en die arbeidende mens in hierdie bedeling nog sug onder sy arbeidslas, het die las van die arbeid nogtans vir die versoende mens baie draagliker geword. Vir lg. verdwyn tot 'n groot mate die sinloosheid van arbeid en hy kan sy arbeid weer sien in respectu Dei as opdrag van God.

Volgens Habermehl word a.g.v. die opheffing van die vloek (en die gevolge daarvan) o.a. ook die verskeuring van arbeid en die versteuring van verhoudinge (i.c. arbeidsverhoudinge ens.) in beginsel herstel. "Het is een blijde boodschap, die God ons in Christus brengt, dat onze arbeid, wanneer zij in Hem werd verricht, eenvoudig niet zinloos en vergeefs kan zijn; deze arbeid tóch zinloos en vergeefs noemen is zelfs een loochenen van het werk van Christus." [2] In Christus is ons bevry van die angste en sorge vir ons lewensonderhoud en die kruis (ook die arbeidskruis) word makliker om te dra.

---

1) I Johannes 3 vers 8.
2) Habermehl - Ons dagelijks werk, p. 21. Hierdie standpunt kan ek volkome onderskryf.

Alhoewel die opheffing van die vloek nog maar in hierdie bedeling in beginsel geskied, word die invloedssfeer van die satan daardeur beperk en sy werke verbreek. Met die wederkoms van Christus sal ook die arbeid volkome van die vloek bevry word, en sal die herbore mensheid op die nuwe aarde individueel en kollektief hulle arbeid in heiligheid en volmaaktheid aanwend tot die verheerliking van God.

Die kennis wat die Heilige Skrif ons bied m.b.t. die sondeval en die kwaad in die kosmos bewaar ~~die~~ ons van illusionisme. Die vloek en die gevolge daarvan o.a. ook vir die arbeid mag nie in die formulering van ons arbeidsbeskouing buite rekening gelaat word nie. Menslike arbeid het nie ongeskonde daar afgekom nie. Slegs die aarvaarder van die waarhede wat die Woord van God ons bied m.b.t. vervloeking van die aarde (en dus ook die arbeid) kan kom tot die diepste verklaring van die moderne arbeidsproblematiek. Die arbeidende mens moet nie maar handevouend die status quo aanvaar nie, maar hy moet tog weet, dat solank ons lewe en arbei in hierdie deur sonde ontwrigte wêreld, ons steeds teleurstellinge frustrasies, onlus ens. ook op arbeidsterrein sal ondervind. Die ideaal van volmaakte arbeidsvreugde en volkome arbeidsvoldoening kan slegs gedeeltelik in hierdie bedeling bereik word

Wie arbeid so sien in sy vertikale gerigtheid op God en kennis dra van die sondeval en vloek, word bewaar van oorskatting van arbeid, want arbeid is kreatuurlik en onder invloed van die vloek. Hy word ook bewaar van onderskatting van arbeid want hy weet dat sy arbeid beeld is van die werk van God, en dat sy arbeid deur God gebruik word. Hy word sodoende mede-arbeider van God. Arbeid het betekenis in die kosmos en vir die kosmos ens.

Ek het reeds genoem dat gesien in die lig van "die orde van die skepping" arbeid deur God as middel gebruik word vir die verwesenliking van sy Raadsplan. Ons mag óók in die lig van "die orde van sondeval en verlossing" arbeid onder die vloek en arbeid in herstelde verband sien as middel om die Raadsplan van God te verwesenlik en alle dinge te voleindig.

Ek het reeds aangetoon dat die idiostansie, die mens die enigste idiostansie is wat sy moontlikhede onderskei, die doel vir sy handelinge stel, kies, aanvaar en verwerklik.[1] Arbeid is volgens die arbeidsbeskouing wat in hierdie proefskrif poneer word doelstéllende aktiwiteit. Die arbeidende mens wat ook deur God geroepe is om te arbei mag nooit wanneer hy arbei sy doelstellinge uit die oog verloor nie. Slegs in dié mate wat hy rekening hou met die doelstellinge van sy arbeid, handel hy toerekenbaar en verantwoordelik. Soos aangetoon is die doel van arbeid transendent.[2] Ook het ek gewys op die onderskeiding wat gemaak moet word tussen horisontaal kosmies-gerigte doelstellinge en die vertikaal op God gerigte doelstellinge.[3]

Van die drieërlei vertikale verhoudinge waarin alles in die kosmos (dus ook menslike arbeid) tot God staan [4]het die vertikale arbeidsteleïe (arbeidsteleologie) veral met religie, met die religieuse arbeidsdoelstellinge te doen. Lg. geld vir álles wat die mens doen (en nie net vir sy arbeid nie) maar dit geld dan ook vir álle arbeid. Alle arbeid sowel van die gelowige Christen as van die afgodies-gelowige is religieus bepaal. Daar is geen religieus neutrale arbeid nie. God gee die mens sy aanleg en talente vir, sy omstandighede, geleenthede en kanse en roep hom tot arbeid. God stel dit alles onder Sy wetsorde en die mens kan met sy arbeid God eer en verheerlik of daarin tot skuld en skande word.[5]

Menslike arbeid is die beeld van die werk van God, soos herhaaldelik genoem, en arbeid ontvang juis van sy religieuse bepaaldheid sy adel. Baie belangrik is m.i. die volgende insigte nl. dat wanneer arbeid in sy religieuse en vertikale doelstelling (tot eer van God, tot vervulling van 'n goddelike roeping) gesien,

---

1) sien p. 88.
2) sien p. 89.
3) sien p. 93.
4) sien pp. 116 - 118.
5) Hier wil ek nogmaals my erkentlikheid betoon teenoor Prof. Stoker van wie se klasaantekeninge ek vir hierdie gedeelte dikwels gebruik gemaak het.

gemotiveer en beleef word, dan moet die volgende onthou word:
(a) dat hierdie religieuse doelstellinge geld vir álles wat die mens doen (ook vir sy rus en spel, vir sy kultuurbou en godsdiens ens.)en hierdie religieuse doëlstellinge as sodanig geen spesifieke onderskeid bied vir die doelstellinge van arbeid en die doelstellinge van wat nie arbeid is of meer as of iets anders is as arbeid nie en (b) dat hierdie doelstellinge 'vertikaal' gerig is en nie die 'horisontaal' gerigte arbeidsdoelstellinge kan vervang nie, al word die 'horisontale' in die vertikale' gefundeer en deur die 'vertikale' gelei en verdiep.

Dit is belangrik om daar op te let, dat die horisontale arbeidsteleïe sy eie problematiek stel en nie tot die vertikale herlei mag word nie, al is dit in lg. gefundeer. Die vertikale teleïe as sodánig kan nie die problematiek van die horisontale arbeidsteleïe oplos nie. Van baie groot belang is m.i. die volgende onderskeiding 1) nl. dat wanverhoudinge wat by die horisontale teleïe van arbeid ontstaan (bv. in die geval van outomatisasie) mag 'verdra' word deur die gegewe horisontale arbeidsspanning of -nood in sy 'vertikale' fundering te hou (bv. deur te bly besef dat selfs hier nog die eer en verheerliking van God die doelstelling van arbeid is), maar hierdie wanverhouding word daardeur nie uit die weg geruim nie : juis ook <u>horisontaal</u> moet die wanverhouding oorwin word. Ek noem nog 'n voorbeeld nl. dat ek ook in my krankheid tot eer en verheerliking krank kan wees, maar daarmee is die plig van genesing nie opgehef nie.

Die vertikale doelstellinge van arbeid is vir die Skrifgelowige arbeidende mens altyd die gloria Dei. Menslike arbeid gesien in respectu Dei, bied vir ons die vertikale blikrigting en laat ons arbeid en arbeidsteleïe sien in verband met die skeppingsopdrag, arbeidsvloek en arbeidsherstel in Christus 2)

---

1) Vir hierdie m.i. uiters belangrik insig is ek afhanklik van Prof. Stoker, wat ook daarop wys dat dit 'n aspek is wat nie tot reg kom in die proefskrif van Duvenage (Beroepsarbeid in die lig van die Gereformeerde etiek) nie.
2) Onder skeppingsopdrag bedoel ek die arbeidsopdrag, die roeping om te arbei.

Dit laat die arbeidende mens sy roeping, bestemming en opdrag beter verstaan. Dit lei ook tot 'n besondere en verdiepte arbeidswaardering, omdat die mens insien en begryp dat sy arbeid in die eerste instansie vir God verrig word, maar dat al die idionne (w.o. die idiostansies) die voordeel van sy arbeid geniet. Arbeid betrag in vertikale visie word in ooreenstemming met die skriftuurlike visie daarvan o.a ook gesien as die verwesenliking van die Raadsplan van God met die skepping. In die ontwikkeling van die Raadsplan en die voltooiing van alle dinge is menslike arbeid ingeskakel, en vorm arbeid in die kosmos 'n baie belangrike onderdeel van die menslike aktiwiteite. Al arbeidende beantwoord die mens aan sy verhewe roeping en weerspieël hy as skepsel 'n kreatuurlik beeld van die ewige Skepper, want die arbeidende mens is die beelddraer van God en sy arbeid die kreatuurlike beeld van die werk van God.

Resumé: In hierdie hoofstuk oor arbeid in perspektiviese verband is menslike arbeid ondersoek as unieke, mens-afhanklike en relasionele skeppingsidion. Ek het aangetoon dat arbeid 'n ontiese prinsiepe is wat onties-konstitutief tot mens-wees behoort. Die mens is o.a. homo laborans en m.i. sluit arbeid alle soorte en tipes in wat deur alle mense (werkgewers en werknemers ingesluit) gedoen word. Arbeid is ook gesien in respectu kosmou. Die mens heers d.m.v. sy arbeid oor die kosmos en verwerklik die moontlikhede deur God in die kosmos gelê (en wat wag op menslike arbeid) Ek het gewys op die universaliteit van arbeid en die samehang en betekenis van die horisontale arbeidsteleïe.

Arbeid is ook gesien in respectu Dei en ek het aangetoon dat alle idionne (arbeid ingesluit) tot God in 'n drieërlei verhouding staan. Arbeid is betrag in die lig van die twee ordes van Calvyn en ek het gewys op die mede-arbeiderskap van die mens. Die vertikale visie bewaar ons van beide arbeidsoorskatting asook arbeidsdevaluasie en bewaar die mens ook van illusionisme. Beide die horisontale sowel as die vertikale visie van arbeid is essensieel vir die verstaan van hierdie unieke idion.

....o....

# AFDELING C : ARBEID EN DIE SEDELIKE.

## H O O F S T U K 6.

## ARBEID EN DIE SEDELIKE.

### 1. Arbeid en die sedelike in horisontale verband.

In Hoofstukke 2 en 3 het ek die sedelike nader ondersoek en aangetoon wat o.i. die wese van die sedelike is. In die ondersoek van arbeid volgens die kosmiese dimensie van gebeurtenis- het dit geblyk dat arbeid eintlik tot sy reg kom, as dit ondersoek word volgens die kosmiese dimensie van gebeurtenisse alhoewel die ander drie kosmiese dimensies ook bydra tot 'n beter begrip van die arbeidsidion.[1]

In Hoofstuk 5 het ek in die afdeling arbeid in perspektiviese verband die intieme relasie aangetoon tussen (i) arbeid en die mens, (ii) arbeid en die kosmos en (iii) arbeid en God. Die plek, betekenis en wese van die sedelike en ook arbeid is in die voorafgaande gedeeltes nader ondersoek en uiteengesit, en in hierdie hoofstuk wil ek die sedelike m.b.t. arbeid (arbeid en die sedelike) ontleed.

Ek sal nie hier weer ingaan op die onderskeid en verband tussen die sedewet, etiese beginsel en etiese norm nie. Dit is reeds gedoen.[2] In alle normatiewe bepalinge waarin die mens hom bevind m.b.t. o.a. sy denke, sy taal, sy kuns, die ekonomiese, die juridiese, die sedelike ens tref ons behorenseise aan. Nie alle menslike handelinge is ~~nie~~ sedelike handelinge nie, en alle norme is nie sedelike norme nie (en alle behorenseise is nie sedelike behorenseise nie), maar sekere handelinge van die mens is sedelike handelinge en daar is ook sedelike norme. So kan menslike arbeid ook in verband met die sedelike (en sedelike norme) gebring word.

---

1) sien p. 86 v.v.
2) sien pp. 75 - 77.

'n Norm is 'n ordebepaling van wat behoort gedoen te word. Ook op die terrein van die arbeid is daar sekere norme wat spesifiek geld vir die arbeid en so is daar ook sekere arbeidsnorme wat deur die sedelike tot sedelike arbeidsnorme gekwalifiseer word.

Ons kan wat die arbeidsnorme betref ook onderskei tussen algemene arbeidsnorme en universele kontingente norme. Lg. het te doen met die aangesprokenheid vanuit 'n besondere situasie (wat jou hand vind om te doen, doen dit met alle mag), en alhoewel ek dit hier noem, sal ek my in die vervolg van hierdie ondersoek bepaal by die algemene norme.

Ek het reeds voorheen gewys op die onderskeid wat gemaak word tussen die sedelike in "enger" sin en die sedelike in "ruimer" sin (resp. etiek in "enger" en etiek in "ruimer" sin).[1] In ruimer sin word onder sedelike verstaan alles wat die mens behoort te doen soos dit deur alle normae agendorum bepaal word. In enger sin m.i. word die sedelike beperk tot die spesifiek etiese soos deur die sedenorm van persoonsliefde bepaal("Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"). Ek sal my vir die doel van hierdie ondersoek merendeels tot die enger of spesifiek-etiese opvatting beperk. Ek sal my verder ook beperk tot arbeidsnorme, want die etiese en die arbeidsetiek omvat meer as norme.

In die ontleding van arbeid het dit geblyk dat arbeid 'n handeling (aktiwiteit) is wat gerig is op 'n transendente doel, en die gestelde doel as middel dien om dit te verwerklik. Arbeidsetics gesien kan ons hier onderskei tussen drie normatiewe bepalinge wat in een groep saamgegroepeer kan word. Hulle is (i) jy sal arbei (jy behoort te arbei), (ii) jy sal vir die goeie arbei en (iii) jy sal goed arbei. Ek wil nog 'n tweede groep arbeidsnorme noem nl. (i) wie nie arbeid nie sal nie eet nie en (ii) die arbeider is die vrugte (resp. sy loon)

---

1) sien p. 29.

van sy arbeid werd. Daar is nog meer algemene arbeidsnorme [1] maar ek sal my in hierdie proefskrif slegs bepaal tot die twee genoemde groepe. Ek wil nog noem dat beide groepe mekaar kruis. Beide groepe arbeidsnorme is m.i. uiters belangrik, om 'n beter insig en begrip van arbeid en die sedelike te erlang.

Ek wil vervolgens die norme van die eerste groep afsonderlik ondersoek en ontleed en daarna die norme van die tweede groep. Oor die drie norme van die eerste groep kan kortliks die volgende gekonstateer word nl.

(i) Jy sal (behoort te) arbei. Arbeid is plig. Die geskape mens behoort te arbei. Dit word nie aan die mens oorgelaat of hy geheel en al volgens eie welbehae, eie keuse, eie outonomie sal arbei of nie sal arbei nie. Hy staan onder hierdie wet en plig. Daar is natuurlik uitsonderings want die mens behoort ook te rus van sy arbeid, maar dit neem nie die wet en plig weg nie. (dit neem ook nie die geldigheid van die wet en plig weg nie.) Met hierdie norm staan alle luiheid, werkskuheid, ledigheid, arbeidsveragting ens. veroordeel. Hierdie norm geld vir elke mens en uitsonderings (bv. klein kindertjies, krankes, bejaardes, gepensioneerdes ens.) bevestig juis hierdie wet. Hierdie norm geld vir alle arbeid en stel meteen dat geen arbeid minderwaardig is nie. Dit veroordeel die depresiasie as sommige arbeid as benede ons waardigheid.

(ii) Jy sal vir die goeie arbei. In die kosmos is nie net oorsake nie, maar ook doelstellinge. Arbeid staan nie net in kousale verband nie, maar is o.a. ook op transendente doelstellinge gerig. Dit behoort tot die bestaan van die mens om d.m.v. sy arbeid toerekenbaar, verantwoordelik en vry, skeppenderwys doelstellinge te verwerklik, en roepingsvervullend die moontlikhede deur God in die kosmos gelê te aktualiseer.

Dit wat die mens hom ten doel stel moet hy met sy arbeid as middel ten uitvoer bring. Arbeid as heerskappy moet in diens staan en gelei word deur die betrokke doelstellinge.

---

1) Ek verwys hier na 'n artikel van Stoker "Outlines of a Deontology of Scientific Method," geskrywe vir die Dooyeweerd feesbundel waarin nog meer algemene norme genoem word. Dit het tot op datum nog nie in druk verskyn nie.

Arbeidseties betrag moet menslike arbeid aangewend word vir goeie doelstellinge. Ook die doelstellinge van arbeid staan onder die wets- en pligsordes. Dit word nie aan die mens oorgelaat om volgens eie welbehae, eie keuse, eie outonomie ens. enige moontlike doelstelling van arbeid te kies nie, daargelate of die doelstelling reg of verkeerd is. Hiermee is veroordeel alle arbeid vir slegte (i.c. sedelik-slegte) doelstellinge. 'n Sedelik-slegte doelstelling maak ook die arbeid sedelik-sleg. Hierdie norm verbied ook arbeidoorskatting, arbeidsvergoding, "arbeid t.w.v. arbeid" ens.

Die etiese in enger sin word bepaal deur die norm van persoonsliefde. In die aktualisering van arbeidsdoelstellinge, kan die een arbeidende mens die ander arbeidende mens verontreg, onderdruk, verslaaf, ens. en so die liefde vir sy medearbeider krenk. Dit staan eties veroordeel. Die een arbeidende mens kan ook met sy arbeid die ander arbeidende mens(e) bevoordeel, ondersteun ens. en so word persoonsliefde gerealiseer en hierdie arbeid waarin persoonsliefde vergestalt word is sedelik-goeie arbeid. Die goeie doelstellinge wat nagestreef word kan die modaalgoeie, struktureel-goeie en dinamiese goeie wees.

Daar is 'n legio doelstellinge in die kosmos wat geaktualiseer kan word, sedelike arbeidsdoelstellinge staan i.v.m. met die verwesenliking of krenking van persoonsliefde. Die arbeidende mens moet sorg vir goeie doelstellinge wat hy wil verwerklik en hy moet ook sorg dat die gevolge van sy arbeid goed is. Slegte arbeidsdoelstellinge en slegte arbeidsgevolge (arbeidsresultate) staan albei veroordeel, eties veroordeel. Dit wat die arbeidende mens met sy arbeid beoog is dus uiters belangrik en sover dit die sedelike betref moet die arbeidende mens nie 'n doel stel of doelstellinge met arbeid as middel probeer realiseer wat persoonsliefde krenk nie. En vir sover die arbeidende mens beheer daaroor het, moet hy sorgdra dat die gevolge van sy arbeid sedelik-goed is, en persoonsliefde tot uitdrukking bring en openbaar.

In die stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis is die arbeidende mens ingeskakel, en hy behoort in die bestryding van die kwaad 'n mede-worstelaar te wees in belang van die Ryk van Lig.

(iii) Jy sal goed arbei. Soos gemeld in die vorige punt moet die doelstellinge van menslike arbeid goed wees. Die arbeid wat aangewend word moet egter ook goed wees. Dit moet in tweeërlei sin verstaan word nl. eerstens dat die arbeidende mens met 'n goeie gesindheid moet arbei en tweedens dat sy arbeid deeglik gedoen moet word. Wat die mens vind om te doen, moet hy doen. Nou kan hy arbei sonder enige inspirasie, entoesiasme, ywer, oorgawe, trou, ens. Omdat die gesindheid hier verkeerd is, kan nie goeie arbeid gelewer word nie. Die arbeidende mens kan met geskikte apparate en tegniese instrumente ens. arbei, maar nie net die gereedskap, apparatuur ens. moet goed wees nie, maar die arbeid moet deeglik verrig word. Indien arbeid met liefde en toewyding aangepak word is die kanse baie beter dat die arbeid ook deeglik gedoen sal word. Dit is noodsaaklik dat die arbeid wat verrig word goed moet wees om as sedelik-goed gekwalifiseer te word. Die liefde van die arbeidende mens moet weerspieël word in sy getroue opofferende en toegewyde arbeidsdiens. Die mens behoort sy arbeid met vreugde te volbring. Ons spreek van 'n arbeidslied. Die arbeidende mens se hele hart, sy hele siel, sy hele verstand en al sy kragte moet as't ware in sy arbeid en dan arbeid as daad en resultaat "geprojekteer" word, sodat sy arbeid goed gedoen word. Arbeidsonlus, arbeidsonheil, arbeidsontrou, arbeidskuheid ens. moet met alle moontlike mag bestry (en oorwin) word. Slegte arbeid bly slegte arbeid afgesien van die gevolge. Dit sal nie baat as die arbeidende mens net goeie doelstelling stel maar die arbeid wat hy as middel gebruik om die doelstellinge te aktualiseer sleg is nie.

In verband met die genoemde normatiewe bepalinge kan ook nog op die volgende gelet word:

(a) Slegte gevolge en slegte doelstellinge maak menslike arbeid sleg.

b) Goeie gevolge en goeie doelstellinge alleen maak arbeid nie goed nie.

(c) Slegte gesindheid en slegte (ondeeglike) arbeid maak arbeid sleg.

(d) Goeie gesindheid en ~~en~~ deeglike arbeid alleen maak arbeid nog nie goed nie.

Vir arbeid om goed te wees is nodig: goeie doelstellinge, goeie gevolge asook goeie gesindheid en deeglike arbeid.

Wat die tweede groep arbeidsnorme betref wil ek die aandag vestig op die volgende:

(a) Wie nie arbei nie sal nie eet nie. Mens behoort te arbei om te eet. Om te eet is eerste lewensbehoefte. Dit is vir die voorsiening in eie lewensbehoeftes. Eie is eerstens die arbeider as enkeling. Maar hy is moontlik ook lid van 'n huwelik en gesin. Eet (d.w.s. om te bly leef) is voorwaarde vir alle ander arbeid, alle ander moontlikhede wat met arbeid te aktualiseer is. Wie nie arbei nie sal sy roeping (in universele sin) nie kan vervul nie. Om dit nou te beperk tot die spesifiek etiese: as hy arbei sal hy sy verpligting t.o.v. volk, kerk en staat kan nakom, wat ook van sy arbeid afhanklik is. En dit alles kruis: hy sal arbei, vir die goeie arbei en goed arbei. Om te eet, te leef, sy roeping te vervul, behoort die mens te arbei. Arbeid is 'n noodsaaklike middel vir dit alles. Wie nie arbei nie, verloor sy moontlikhede en sy reg op dit alles. Dit maak hom menslik onwaardig. En dan dink ons hier onwillekeurig aan arbeidseuwels soos ledigheid, arbeidskuheid, luiheid, ens.

Gesien in die lig van die etiese norm van persoonsliefde is dit krenking van persoonsliefde as die een mens parasiteer op vrugte van 'n ander se arbeid, as hy in staat is om self te arbei. Behalwe die enkele uitsonderings soos kinders, bejaardes, fisiese asook geestelike gestremdes, krankes ens. is elke mens verplig om te arbei om te kan eet.

Arbeidseties gesien behoort elke mens wat kan arbei te arbei om tenminste te voorsien in eie lewensbehoeftes, om nie eers te spreek van voorsorg vir dae van siekte, werkloosheid, ouderdom, kerklike en ander verpligtinge nie.

(b) Die arbeider is die vrugte van sy arbeid werd (en daarmee getransponeerd in die verhouding van werkgewer tot werknemer: is sy loon werd). Ek gaan die vorige norm: jy sal arbei om te eet (te leef, jou roeping te vervul) in konversvorm stel: Eers::Om te eet (te leef, verpligtinge teenoor ander na te kom, roeping te vervul) SAL JY ARBEI, en dan die konvers: As jy arbei sal jy reg hê op eet(vrugte, loon, sal jy reg hê om te leef, reg hê op die vrugte van jou arbeid, op loon, op die moontlikhede om ander verpligtinge en verpligtinge teenoor ander na te kom, om jou roeping te vervul ens.) Dit is waardevol om te let op die verband tussen beide norme van hierdie tweede groep. En dan geld ook met die norm: die arbeider is die vrugte van sy arbeid werd vir al drie die norme van die eerste groep: (i) jy sal arbei, (ii) jy sal vir die goeie arbei (arbeid vir die slegte ontneem jou die reg op vrugte) en (iii) jy sal goed arbei (slegte arbeid ontneem jou die reg op vrugte).

Wat hierdie norm: die arbeider is die vrugte van sy arbeid word verder aanbetref is dit nodig om te onderskei tussen twee formulerings nl.: (a) die arbeider is die vrugte van sy arbeid werd (en daarmee getransponeerd in die verhouding van werkgewer tot werknemer) (b) die arbeider is sy loon werd. Wat (a) betref kan daar op gelet word, dat die mens deur te arbei die reg het om te eet (te leef, kultuur te vorm, roeping te vervul, ens.). Gesien in die lig van die etiese in ruimer sin kan dit ook so gestel word, dat arbeidsvrugte die goeie naam van die arbeidende mens insluit wat hy deur goeie arbeid verkry het (dit sluit in die vindings, bevindings, kunsskeppings, verwerfde goedere ens.) Gesien in die lig van die norm van persoonsliefde kan die een arbeidende mens die goeie naam van die ander bevorder en die werkgewer kan bv. toesien dat die getroue en gewillige ens. arbeidende mens voldoende vrugte op sy arbeid ontvang om 'n eerbare bestaan te kan voer.

Ons kan hier ook let op euwels (in ruimer sin) soos eksploitasie. Ons dink hier aan vrugte-usurpasie (waar 'n ander my goeie naam tot sy voordeel uitbuit, my uitvinding en bevindings as syne uitgee, of my my vrugte op ander wyse te ontneem, deur my goeie naam te belaster, my t.o.v. my aardse besittinge uitbuit, verder uitbuiting deur woekerwins, bedrog ens. d.w.s. op enig wyse my skade berokken en homself bevoordeel).

Wat (b) aanbetref kry ons die werknemer-werkgewer-relasie en loon. Loon is hier as plaasvervanging van direkte vrugteverwerwing waarop die arbeidende mens reg het, d.w.s. loon as vergoeding. Maar met jou vrugte behoort jy nie net te kan eet nie, maar ook leef, jou verpligtinge teenoor ander (huwelik, gesin, ander afhanklikes, volk, staat, kerk ens.) na te kan kom, d.w.s. nie die arbeid word beloon nie, maar die arbeid<u>er</u> word vir sy dienste vergoed, en wel so vergoed dat hy na behore goed kan leef in dié sin, dat hy goed al sy verpligtinge in alle verhoudinge waarin hy staan na behore kan behartig.

In die mate wat die werkgewer die arbeider as mens en medebeelddraer se besondere behoeftes en omstandighede in aanmerking neem wanneer hy hom sy loon skenk om hom o.a. ook in staat te stel om behalwe sy basiese lewensbehoefte ook sy ander verpligtinge in die verskillende samelewingskringe na te kom (en voorsiening te maak vir dae van krankheid, ouderdom, werkloosheid ens), in die mate word persoonsliefde hier gerealiseer en word die norm van die etiese (in enger sin) hier gehoorsaam.

Die werknemer staan ook onder dure verpligtinge, want hy moet sy arbeid goed verrig sodat die werkgewer wat ook reg op die vrugte van sý arbeid het instaat is om al sy verpligtinge na te kom en nog daarna die vermoë te besit om sy werknemers deeglik te beloon. Dit is m.i. ook 'n vorm van eksploitasie as die werknemer sy werk sleg doen en met 'n verkeerde gesindheid sy arbeid verrig en dan van sy werkgewer meer vrugte op sy arbeid verwag.

Ook hier kan deur gehoorsaming van die etiese norm van persoonsliefde beide werkgewer en werknemer bydra om beter lone en hoër produksie (waar met ywer en goeie gesindheid gearbei word) te verseker waarby beide groepe arbeidende mense kan baat. Die werkgewer moet sy werknemer behandel as mede-beelddraer van God en as mede-mens en hom as arbeider beloon wat verantwoordelikhede het t.o.v. verskillende samelewingskringe en nie net van die kring waar hy sy arbeid vir loon aanbied nie. Die werkgewer moet in sy verhouding tot sy werknemer o.a. ook die persoonsliefde tot uitdrukking (manifestasie) bring. Hy kan dit doen deur 'n billike loon aan te bied wat voldoende vir die werknemer is om sy talle verpligtinge sover moontlik na sy vermoë na te kom. Hy moet sorgdra dat daar ook genoeg tye vir rus, ontspanning ens. voorsien word, sodat die gesondheid van die werknemer nie skaad nie. Hy moet sorgdra sover binne sy vermoë om sekuriteit aan sy werknemer te skenk vir dae van siekte, ouderdom, werkloosheid ens.

Die etiese norm van persoonsliefde vereis ook van die werknemer om in sy verhouding tot sy werkgewer sedelike liefde (i.c. persoonsliefde) te betoon. Sy werkgewer as mede-beelddraer van God, medemens en mede-arbeider is geregtig op sy trou, lojaliteit, agting, gehoorsaamheid, gesagsonderwerping, en beste dienste (d.w.s. goeie arbeid in goeie gesindheid gelewer.) Albei arbeidende groepe, nl. die werkgewer en die werknemer het aanspraak op arbeidsvrugte en die realisering van persoonsliefde van beide kante is noodsaaklik om deur beter verhoudinge en beter produksie beter arbeidsvrugte vir albei partye te waarborg. (en moontlik te maak).

Ons moet hier ook weer verskillende euwels noem waar die norm. die arbeider is sy loon werd, deur werkgewers en werknemers geïgnoreer word (dit nie gehoorsaam word nie). Deur sy arbeiders (werknemers) bloot as koopwaar (ekonomiese koopwaar) te beskou deur wie se arbeid hy groot winste kan verkry (t.k.v. selfs van sy werknemers) staan die optrede van die werkgewer in ruimer etiese sowel as in enger etiese sin (verkragting van die norm

van persoonsliefde) eties veroordeel. Dit is eksploitasie (hier in enger sin geneem) van die arbeid van 'n medemens wat reg het op die vrugte van sy arbeid, wat reg het op 'n vergoeding vir sy dienste wat aan hom 'n menswaardige bestaan waarborg. Dit is ook verkragting van persoonsliefde as die werkgewer nie besorgd is oor die gesondheid van sy werknemer nie, en onverskillig staan oor die lotgevalle van die werknemer in dae van siekte, ouderdom, werkloosheid ens.

In beide ruimer en enger etiese sin staan ook die werknemer veroordeel wat deur sy ontrouheid, halfhartigheid, herhaalde afwesigheid, gesagsongehoorsaming, sloerstaking ens. die gladde verloop van die sake van sy werkgewer strem sodat die inkomste van die werkgewer verminder. Dit is (in enger sin) verkragting van die norm van persoonsliefde. Genoemde euwels kan beide die werkgewers en die werknemers tref en die verwerkliking van die etiese arbeidsnorm: die arbeider is die vrugte van sy arbeid werd ernstig strem tot nadeel van beide partye.

Ek wil ook nog wys op die euwel van vrugte-misbruik deur bv. ongegronde en selfsugtige werkstakings waar baie arbeidstyd en geld verkwis word. (Hierdie is nie summiere veroordeling van stakings wat soms as ultimum remedium noodsaaklik mag blyk nie) Hier word gedink aan stakings om selfsugtige redes en vir selfsugtige doeleindes. Hier mag ook gedink word aan uitsluitings waar werkgewers a.g.v. werknemers se griewe en agitasies ens. hulle fabrieke ens. gesluit het,(sodat werknemers werkloos raak) as moontlike weerwraak van werkgewers kant.

Dit is m.i. belangrik om die aandag daar op te vestig dat in ruimer sin arbeidsetiek gestel word i.v.m. die hele kosmos, d.w.s. aktualisering van alle moontlikhede betreffende stof, plant, dier en mens. Ek het my egter in hierdie ondersoek van die arbeidsnorme hoofsaaklik beperk tot die sedelike in enger of spesifieke sin.

Resumé. In verband met die eerste groep arbeidsnorme wil ek hier nog noem dat m.b.t. die arbeid die arbeidende mens (gesien in enger en spesifieke etiese sin) eintlik 'n drieërlei keuse ontvang het. Wat die norm: jy sal (behoort te) arbei, betref het hy die keuse om te arbei of om na te laat om te arbei. Wat die norm: jy sal vir die goeie arbei betref het hy die keuse om die goeie of die slegte te kies (d.w.s. hy kan met sy arbeid goeie of slegte doelstellinge verwerklik). Wat die norm: jy sal goed arbei, betref, het hy die keuse om goed of sleg te arbei. Hierdie keuse (kiesmoontlikheid) wat die arbeidende mens m.b.t. sy arbeid ontvang maak hom toerekenbaar en die gehoorsaming van die arbeidsnorme self maak hom verantwoordelik (of verantwoordbaar). Om egter sy kiesmoontlikheid tenvolle te kan gebruik asook in die gehoorsaming of nie-gehoorsaming van die arbeidsnorme is menslike vryheid nodig. Hieroor gaan ek in die volgende onderafdeling meer sê.

I.v.m. albei groepe arbeidsnorme duik daar 'n legio vrae op wat in verband staan met die norme wat ons ondersoek het. Ek noem net enkele vrae om te illustreer wat ek bedoel nl. (i) mag ek in 'n drankwinkel arbei, as ek weet dat ander hulle met die drank wat ek aan hulle verkoop gaan dronk word (en hulle afhanklikes gaan benadeel en hulle eie gesondheid gaan beïnvloed ?) (ii) Mag ek in 'n mediese industrie gif vervaardig, wetende dat ander daarmee moord of selfmoord gaan pleeg.? en (iii) mag ek saamarbei aan die vervaardiging van atoombomme, wetende dat dit later misbruik kan resp. sal word tot vernietiging van baie menselewens ? Die groot vraag is tot hoeverre my verantwoordelikheid hier strek. Dit is beslis wenslik om elke geval op sy eie meriete te behandel. M.i. is die mens hier slegs medeverantwoordelik slegs in sover hy mede-beheer uitoefen. Dit is in elk geval noodsaaklik dat die arbeidende mens in soverre hy die gevolge van sy arbeid kan voorsien, daar deeglik rekening mee moet (behoort te) hou.

(() Sedelike toerekenbaarheid, verantwoordelikheid en vryheid.

In die ondersoek en ontleding van menslike vryheid het ek aangetoon dat die moontlikheid van keuse (kiesmoontlikheid) 'n ontiese voorwaarde van menslike vryheid is.[1] Om werklik vry te kan optree (i.c. te kan arbei) moet die mens (i.c. die arbeidende mens) die moontlikheid ontvang om te kan kies of hy iets (in hierdie geval arbeid) wil doen of wil nalaat om te doen. Die oorgang van die moontlikheid van keuse tot vryheid vereis 'n eie inisiatief. Kragtens hierdie inisiatief is menslike vryheid toerekenbaar, en kan die mens van sy doen en late -sy arbeid ingesluit-rekenskap gee, en kan van die mens rekenskap geëis word.

Hierdie kiesmoontlikheid het die arbeidende mens ontvang, en daarom is die mens ook m.b.t. sy arbeid toerekenbaar (d.w.s. vir die keuse wat hy gemaak het of maak). Ek het reeds die aandag gevestig op die drieërlei keuse wat die mens ontvang het,[2] In die doen of nalaat van sekere arbeid, in die keuse van goeie of slegte doelstellinge vir sy arbeid en in die goed of sleg arbei is die arbeidende mens toerekenbaar.

Vir alle handelinge van die mens, dus ook vir sy arbeid, waar hy kiesmoontlikheid het, is die mens toerekenbaar vir sy keuse. Die persoon wat 'n aanbod ontvang om 'n opsigter van bv. 'n bordeel te word, het kiesmoontlikheid om hierdie sedelik-slegte arbeid te gaan doen of om na te laat om dit te doen. Sy keuse maak hom toerekenbaar. Wat ook al sy argumente mag wees van groot salaris ens.,eties is hy toerekenbaar vir sy keuse hier. Dieselfde geld bv. vir die skrywer van pornografiese lektuur. Die intensiewe arbeid wat hy bestee aan die skrywe daarvan kan hy ook nalaat. Die keuse om voort te gaan met die skrywe daarvan (afgesien van die destruktiewe gevolge daarvan vir sy medemens) of om dit na te laat is die persoonlike keuse van die skrywer self, maar hy is in elk geval toerekenbaar vir wat hy hier kies.

---

1) sien p. 68.
2) Sien p. 138

In die gewone lewe, sowel as in sy arbeid kom die mens te staan teenoor sekere behorenseise wat hy behoort te gehoorsaam maar wat hy ook kan ignoreer ( nie gehoorsaam). Die feit egter dat die mens behorenseise kan gehoorsaam of nie, maak die mens toerekenbaar . vir wat hy wel doen. Die feit egter dat die mens (en i.c. die arbeidende mens) aan behorenseise onderworpe is (en hy daaroor nie kan beslis nie) maak hom verantwoordelik. Behorenseise en norme geld vir alle mense op alle terreine en dus ook vir die arbeid. Arbeidsnorme kan gehoorsaam of nie-gehoorsaam word nie, en dit maak die arbeidende mens verantwoordelik of hy homself onderwerp of nie. Ek het reeds twee groepe arbeidsnorme genoem en gewys op die feit dat die mense hierdie norme behoort te gehoorsaam en hulle daaraan gehoorsaam behoort te onderwerp. Is die arbeidende mens gehoorsaam en onderwerp hy hom aan die betrokke arbeidsnorme is sy arbeid sedelik en verantwoordelik. Ons het hier met sedelike verantwoordelikheid te doen. Ook wat die etiese in enger sin betref nl. die onderwerping aan die sedenorm van persoonsliefde, is die arbeidende mens (sedelik) verantwoordelik om in die verhouding met sy mede arbeidende mens persoonsliefde tot uitdrukking te bring. Waar deur arbeid so die persoonsliefde openbaar word kan ons spreek van sedelik-goeie arbeid, en waar die persoonsliefde gekrenk word kan ons spreek van sedelik-slegte arbeid.

Die mens (en i.c. die arbeidende mens) kan alleen sy keuse toerekenbaar maak en vir sy onderwerping of nie aan behorenseise verantwoordelik gehou word indien hy vryheid in die keuse en beslissinge gehad het. Waar o.a. t.o.v. die realisering van die sedelike op arbeidsterrein hierdie menslike vryheid die arbeidende mens ontneem word kan hy nie sedelik verantwoordelik en toerekenbaar gehou word nie.

Die noodsaaklikheid dat die arbeidende mens in die geleentheid gestel word om arbeid te verrig waar hy toerekenbaar en ver-

antwoordelik kan optree, besluit, kies ens. moet immers die prerogatief van elke arbeidende mens ~~te~~ wees. As die moontlikheid van keuse waarop die arbeider reg het, beperk word, word sy vryheid op grond daarvan ook beperk. (Vryheid word hier gebruik in die sin van die veronderstelde moontlikheid van keuse en dus onvryheid in die sin van die beperking van die betrokke moontlikheid van keuse.)

Die arbeidende mens wat met sy arbeid as middel-handeling doelstellinge moet aktualiseer, word gekonfronteer met verskillende arbeidsnorme waaraan hy onderworpe is. M.b.t. die drieërlei keuse wat hy ontvang is hy eties toerekenbaar vir die keuse wat hy maak. Hy is verantwoordelik om die arbeidsnorme (i.c. etiese norme) te gehoorsaam. Ons kan ook hier onderskei tussen die etiese in ruimer sin en die etiese in enger en spesifieke sin, nl. die gehoorsaming van die sedelike norm van persoonsliefde. In al die gevalle kan die arbeidende mens alleen toerekenbaar en verantwoordelik gehou word indien hy ook vry is. In soverre sy vryheid gebruik word om die sedelik in ruimer en die sedelike in enger sin te realiseer, kan ons spreek van sedelike vryheid.

Dit is m.i. belangrik in die ontleding van die arbeid en die sedelike dat gewys word op die verskillende soorte modale arbeid (of modale arbeidsoorte). Ons kan spreek van logiese arbeid, linguale arbeid, ekonomie-arbeid, estetiese arbeid, juridiese arbeid, sedelike arbeid, godsdienstige arbeid ens. Vir al die genoemde arbeidsoorte geld ook betrokke arbeidsnorme. Nie alle arbeid is sedelike arbeid (of arbeid vir die sedelike) nie, en nie alle norme is etiese norme nie, d.w.s. nie alle arbeidsnorme is arbeidsetiese norme nie. Tog is daar ook vir die arbeid talle behorenseise (algemene norme en kontingente behorenseise) wat deur die arbeidende mens gehoorsaam behoort te word. Hierdie behorenseise is verorden deur God vir die goeie orde in die skepping o.a. ook op arbeidsterrein. Hoe meer die arbeidsnorme in aanmerking geneem word en gehoorsaam word hoe beter sal dit ge-

steld wees met arbeid as middel, aktiwiteit en doelstellende handeling in die kosmos.

(b) Die sedelike m.b.t. arbeid en gesag. In die afdeling oor wysgerige antropologiese oriëntering het ek 'n ontleding gegee van menslike gesag[1]. Ek het gewys op die feit dat die gesagsamp 'n struktuurprinsiepe is van die betrokke samelewingskring en dat daar geen gesagsamp bestaan vir die hele samelewing nie. Elke kring het sy eie besondere gesag met sy eie aard en vorm.

Waar mense saamarbei vind ons as reël die onderskeiding tussen gesaghebber en gesagsonderdaan. In die gesagrelasie wat altyd persoonlik is, word nie net gehoorsaamheid van die gesagsonderdaan vereis nie, maar die gesaghebber moet sy gesag met verantwoordelikheid (in gehoorsaamheid aan die betrokke behorenseise, uiteindelik verantwoordelik aan God) uitoefen. Wanneer gesagsuitoefening ontaard in magsbeoefening, dan beantwoord gesag nie meer aan sy verhewe doel soos verorden deur God nie.

Nie alle gesag is etiese gesag nie. Daar is ook o.a. juridiese gesag, ekonomie-gesag, godsdienstige gesag (staatsgesag, kerklike gesag ens.) ens. Daar is ook sedelike gesag. Wanneer die werkgewer sy werknemer dus net as ekonomie-wese beskou (iemand wat sy arbeid verkoop vir loon en deur wie se arbeid hy vir eie voordeel groot winste kan inoes) kan die gesag wat hier in die ekonomie kring uitgeoefen word nog geen sedelike gesag genoem word nie. Wanneer die werkgewer egter in sy werknemer 'n mede-beelddraer van God sien (en verder as medemens en mede-arbeider) en die etiese norme wat hier geld gehoorsaam het ons arbeidseties beskou met etiese gesag te doen. Ook kan die sedelike in enger en spesifieke sin hier openbaar (en gerealiseer ) word, waar die werkgewer die norm van persoonsliefde gehoorsaam en in die uitoefening van gesag teenoor sy werknemer persoonsliefde tot uitdrukking bring.

---

1) sien p. 64 v.v.

Die gesaghebber wat die arbeider wat onder sy gesag geplaas is erken en behandel as mede-mens, geroepe mede-arbeider ens. (as 'n mens met 'n eie roeping, opdrag, verantwoordelikheid ens) behoort nie sy gesag so te misbruik dat hy sy mede-arbeider leed besorg, hom sy verantwoordelikheid ontneem, sy eer krenk, sy lewe ondraaglik maak nie, ens. So word persoonsliefde nie gerealiseer nie. So 'n "gesag"-hebber staan eties veroordeel en sy optrede krenk persoonsliefde en moet as sedelike-slegte gesaguitoefening veroordeel word.

Uit die ondersoek van arbeid en die sedelike het dit m.i. duidelik geword dat die arbeidende mens ook deeglik moet rekening hou met die sedelike as modaliteit. Ek het aangetoon dat die mens die enigste idiostansie is wat deel het aan al die modaliteite.[1] En nou kan die mens as idiostansie nooit losgemaak of geïsoleer word van die modaliteite waaraan hy deel het nie. Die mens kan nie net as ekonomiese wese beskou word en hy kan ook nie uitsluitlik arbei as iemand wat net deel het aan één modaliteit nie. Die ondersoek van sedelike arbeid veronderstel die modale bepaaldheid van die sedelike. Tussen die arbeid van die mens en die sedelike wat ook in sy arbeid gemanifesteer word is daar 'n intieme verband wat nie oor die hoof gesien moet word nie. Omdat die mens aan al die modaliteite deel het, sal sekere van sy handelinge (d.w.s. ook sy arbeid) deur die sedelike gekwalifiseer word.

...... O......

---

1) sien p.49

**2. Arbeid en die sedelike in ~~horisontale~~ vertikale verband.**

As gevolg van die oortreding van die proefgebod het die mens deur hierdie daad van ongehoorsaamheid die vloek van God oor homself en die res van die skepping gebring. Die gevalle en vervloekte mens wat hierna buite die tuin van Eden gedrywe is, het hierna die slagoffer van voortdurende versoekinge deur die vyand van God en sy onheilige volgelinge geword. Stryd het ontstaan in die geskape wêreld tussen God en Sy heilige engele en Satan en sy demone. Die ryk van God word in die Heilige Skrif op baie plekke voorgestel as die Ryk van die Lig, en die ryk van die Satan as die ryk van die duisternis.[1)]

In hierdie worstelstryd tussen die twee ryke, staan die mens egter nie neutraal nie. Hy word in sy doen en late deur albei ryke voortdurend gekonfronteer. Hy word deur albei beïnvloed en dit plaas die mens in die posisie dat hy gedurig sekere besluite moet neem en sekere keuses moet maak. Die sonde het in die gevalle en vervreemde mens se bestaan sowel as in die orige skepping groot verskeurdheid veroorsaak. Om die weg te gaan wat God in Sy Heilige Woord vir die mens verorden het, vereis van die mens onafgebroke stryd en worsteling. Om die magtige versoekinge van Satan en sy demoniese volgelinge te weerstaan vereis van die mens-onder-die vloek stryd, selftug en selfverloëning. Die mens wat die weg wil bewandel wat deur God verorden is, ondervind oral waar hy gaan (ook waar hy arbei) teenkanting asook die roepstemme om die makliker weg nl. dié van die vors van die duisternis te gaan. Uit eie krag is die mens nie instaat om dit wat God van hom verwag te kan doen nie, en die mens besef sy onmag. Hy besef ook dat hy nie daartoe in staat is sonder hulp van God die werkinge van die sonde te stuit of te verminder nie.

Gelukkig het die gevalle en God-vervreemde mens die versekering ontvang dat Christus verskyn het om die werke van die duiwel te verbreek.[2)]

---

1) II Kor. 6 vers 14.
2) I Joh. 3 vers 8.

Die mens het die versekering dat Christus as Bevryder die gevalle en vervloekte mens weer kan herstel in sy oorspronklike verhouding tot God en dat hy in sy stryd teen die sonde onderskraag en gelei word deur die Heilige Gees. Waar die gevalle mens slegs haat teen God en sy medemens kan besit en openbaar, het God deur en op grond van die versoeningsarbeid van Christus liefde ingestort in die harte van sy wedergebore kinders.[1] Nou is die herstelde en bevryde sondaar weer in beginsel instaat om liefde tot sy medemens te openbaar. Die herstelde mens kan weer in beginsel sedelik-goeie dade verrig en die liefdesgebod van God aan die mens weer uitlewe.

Alhoewel die sedelike as modaliteit in die eerste instansie openbaar word in die verhouding van mens tot mens (intra- en intermenslik) kan die sedelike alleen aan sy doel beantwoord, indien dit gefundeer is in diens aan God die Skepper. Sonder hierdie vertikale visie kan die sedelike nie reg verstaan of geïnterpreteer word nie. Ek moet persoonsliefde betoon omdat dit opdrag van God is en sodoende word my liefde tot sedelike liefde gekwalifiseer.

Kom ons nou op die terrein van die arbeid, kan dit so gestel word, dat die arbeidende mens wat in sy arbeidskring die sedelike liefde tot uitdrukking bring, besig is om die liefdesgebod as opdrag van God te gehoorsaam. Ondanks die stryd tussen die twee genoemde ryke en alhoewel die mens van nature onbekwaam is om die goeie te doen, word die mens tog na sy verlossing en herstel in Christus ingeskakel aan die kant van die Ryk van die lig as mede-arbeider van God in Christus om die werke van die duiwel te help verbreek. En hier wag nou vir die Christenarbeider 'n groot en verantwoordelike taak. Waar hy sy arbeid verrig en met ander arbeidende mens saamarbei, daar vind, bemerk en ondervind hy die gevolge van die sonde en die verskeurdheid a.g.v.

---

Rom
1) Rom. 5 vers 5.

stryd tussen die twee ryke. By die lees van verskillende werke oor die opkoms van die industrieë en die lotgevalle van die industrie-arbeiders van veral die vorige eeu, kom mens onder die diepe besef van die hartverskeurende gevolge van die verwoestende werkinge van die kwaad op die arbeidende mens.

Dit is onmoontlik om die lang lys van uitwasse hier te noem, maar ek noem net enkeles om te illustreer wat ek in gedagte het. Ons kan hier dink aan die skreiende misbruik van mag deur sovele werkgewers en die onnodige veroorsaking van werkloosheid. Ons kan dink aan die vernedering, verkleinering, krenking, beskimping en belastering van mede-arbeiders, verdagmakery, om nie eens te spreek van die skandalige uitbuiting deur geringe lone, lang diensure en buitengewone verhoogde tempos in die werksplekke nie. Daar is seker baie min arbeidende mense wat nog nie die wrange gevolge van die sonde en die verskeurdheid a.g. daarvan ervaar het aan eie lyf nie. Dit blyk ook uit die bitter konflikte tussen werkgewers en werknemers en hulle onderskeie organisasies en al die middels wat in die proses gebruik is soos werkstakings, uitsluitings, geweldplegings, viktimisasies, intimidasies, ens. asook die wrange gevolge vir menige werknemers soos werkloosheid, gevangenisstraf, verbanning, doodstraf ens.

Dit bring ons nou by die gewigtige en verantwoordelike roeping en taak van die Skrifgeoriënteerde arbeidende mens wat in die kring waar by arbei die sedelike beginsel van persoonsliefde arbeidseties in die praktyk moet realiseer. Dit is m.i. 'n onbegonne taak om konflikvrye arbeidsverhoudinge te verwag en al die legio uitwasse a.g.v. die sonde en kwaad te bekamp en te elimineer indien op arbeidsterrein die sedelike norme nie konsekwent gehoorsaam en uitgelewe word nie.

Kerstening van sedelike arbeidsbeskouinge en sedelike arbeidsverhoudinge is die taak van die Skrifgelowige arbeidende mens. Dit is hier waar Christenregeerders, Christelike arbeidsorganisasies, christelike arbeidswetgewing, Christelike perse en talle ander Christelik-georiënteerde instansies oneindig veel

kan doen om die gevolge van die sonde en die verskeurdheid te help stuit en om die liefdesgebod ook op arbeidsterrein te gehoorsaam, want die liefdesgebod as etiese norm moet ook deur die arbeidende mens op arbeidsterrein gehoorsaam word. Elke Skrifverankerde gelowige, hetsy werkgewer of werknemer, kan deur persoonlike bydrae en persoonlike inskakeling in die stryd teen arbeidseuwels, die sedelike norm van persoonsliefde in die praktyk tot uitdrukking bring. Maar dan moet daar altyd gelet word op die vertikale betrokkenheid of vertikale gerigtheid van die sedelike op die Skepper daarvan en ook op die vertikale fundering van die sedelike in diens en verheerliking van dieselfde Skepper. Die mens is deur God geroep tot die verrigting van sedelike arbeid in ruimere en in engere sin. Laasgenoemde veronderstel die verwerkliking van persoonsliefde in arbeid en arbeidsverhoudinge. Die ware sedelike kan alleen in die skepping openbaar word en gerealiseer word daar waar ook liefde tot God en Sy gebooie gevind word.

Omdat die Christenarbeider bewus en oortuig is daarvan dat waar hy ook al arbei hy 'n sedelike verantwoordelikheid en roeping teenoor sy mede-arbeider het, is hy ook bewus daarvan dat sy arbeid ook "in U lig" beoordeel word, en dat hy derhalwe nooit sy vertikale visie mag verloor nie. So moet beide die sedelike en sedelike arbeid gesien word as afkomstig van God die Skepper en daargestel om Sy Eer te verhoog en Sy roem te vermeerder.

Die Christenarbeider is altyd bewus van stryd en hy glo in die bybelse boodskap nl. " De bijbelse boodschap ten aanzien van het sociale leven verkondigt als het enige verlossing van het menselijk gemeenschapsleven Jezus Christus in Zijn Zelfovergave. Deze verlossing draagt principiëel een eschatologisch karakter, maar gaat als zodanig ook als een bederfwerende en vernieuwende kracht in het sociale leven in. Principiëel betekent zij daarom het herstel zowel van de eigenheid en de vrijheid als ook van de gemeenschap en de dienst in het sociale leven."[1)]

---

1) Ridderbos, H. De bijbelse boodschap en de sociale verhoudingen. (In Proces verbaal Christelijk Sociale Conferentie, p.80.

Die verlossingsarbeid van Christus geld vir alle terreine en aspekte van die menslike lewe, en dus ook vir sy arbeid en sy sedelike lewe. Die mens in herstelde verband besef sy horisontale verbondenhede en verpligtinge. Hy moet anders handel en lewe as die Skrifverwerper en Skrifignoreerder. "De christen arbeidt met een andere instelling, uit een ander motief. Hy weet immers, dat God hem tot arbeid roept, dat wij in Zijn schepping te werk gesteld zijn, dat wij eens voor onze wijze van werken ter verantwoording geroepen zullen worden. De christen ziet het werken als een gunst des Heeren." 1)

Resumerend wil ek dit nogeens baie duidelik stel, dat die sedelike wel deeglik i.v.m. die arbeid van die mens gesien en ondersoek moet word. Dit moet nie slegs horisontaal maar en veral vertikaal i.v.m. menslike arbeid ondersoek en beoefen word. Sonder hierdie vertikale visie sal van die verwerkliking van persoonsliefde nie veel te reg kom nie, want God is die fontein van liefde en die Oorsprong daarvan. Slegs waar die liefdesverhouding tot Hom reg is kan van persoonsliefde in die werklike sin van die woord sprake wees.

---

1) Van Riessen - Mens en werk, p. 34.

# AFDELING D : ENKELE HOOFPROBLEME I.V.M. DIE ARBEIDSETIEK.

## HOOFSTUK 7.

## ARBEID EN DIE ARBEIDER.

Graag wil ek dit inleidend hier stel, dat die arbeidsetiek beslis met 'n groot variasie probleme te kampe het, en dat dit 'n onbegonne taak is om die hele problematiek waarmee die arbeidsetiek as wetenskap te doen het hier te behandel. Omdat ek in hierdie afdeling hoofsaaklik die industrie-arbeider in gedagte het, wil ek my bepaal by vier aangeleenthede waarby die industrie-arbeider en die arbeidsetiek ten nouste verbonde is, en wat as aktuele hoofprobleme beslis om ondersoek roep. Dit is nie my voorneme om hier oplossinge vir al die probleme te probeer bied nie, maar eerder om die problematiek te aksentueer en die noodsaaklikheid van 'n arbeidsetiese benadering en ondersoek van hierdie probleme te stel. Die vier aangeleenthede is die volgende:

1. Industrialisasie.
2. Massifikasie.
3. Outomatisasie en
4. Die vakbeweging.

Aandag sal geskenk word aan die aktuele hoofprobleme wat die arbeider a.g.v. die industrialisasie, massifikasie, outomatisasie en vakbeweging ondervind. Ek behandel elkeen afsonderlik.

### 1 Industrialisasie.

Dit is nie my voorneme om in hierdie verhandeling die geskiedenis van die sg. industriële revolusie te gee nie, maar ek wil tog enkele sake hier resumerend stel om my latere stellinge te motiveer. Voor die ontdekking van die stoommansjien en kort daarna van die stoomskip, lokomotief, spoorverkeer en belangrike uitvindinge in die tekstieltegniek ens. was die meeste mense landelike bewoners met 'n agrariese lewenswyse, en hierdie landelike

patroon het meestel 'n selfversorgende bestaan geïmpliseer. Wat nodig was vir eie konsumpsie is meestal tuis vervaardig. Tuisnywerhede het in die behoeftes van die mense voorsien. Arbeidsverdeling tussen man en vrou, en tussen man,vrou en kinders, het voorgekom, en daar was direkte wisselwerking en kontak tussen die gesinslede wat die goedere geproduseer en vervaardig het. Aan hierdie agrariese (dikwels 'n idilliese bestaan genoem) lewenswyse het mettertyd 'n einde gekom. Aan die oorheersing van die agrariese produksiewyse het 'n einde gekom. Die ontdekking van die stoommasjien en spoorverkeer is grotendeels die oorsaak daarvan. Industrialisasie het oorgeneem. Bestaande klein bedrywe is uitgebrei en nuweres en groteres is opgerig.

In die proses van industrialisasie het a.g.v. die aanwending van die aanwesige hulpbronne groot ekonomiese en struktuurveranderinge plaasgevind. "The industrial Revolution was in one sense catastrophic, since it had effects that were immediate, and spectacular; in another it was gradual, for it was the climax or the sum of a series of developments..."[1)]

Wanneer Banning skryf oor Arnold Toynbee se "Lectures on the industrial revolution in England" sê hy die volgende: "Juist blijft de visie, dat zich met de toepassing van de stoom en de moderne machines in het arbeidsproces een radicale verandering van de maatschappij, van de levensvormen en -gewoonten, ook van overtuigingen en denkbeelden doorzet, - een verandering, die 'de moderne mens' voortbrengt -, die nog steeds voortgaat de gehele aarde te revolutionneren."[2)] Groot ondernemings het 'n algemene verskynsel in England, Nederland ens. geword. Aangesien die veranderinge in produksiewyse so drasties gewysig en verbeter is, het die proses die gestalte van 'n rewolusie aangeneem. Die proses het dikwels bekend gestaan as die industriële rewolusie. Die nuwe

---

1) Hammond - The rise of modern industry, p. 3.
2) Banning - Moderne maatschappij problemen, p. 15.

produksiewyse het die grondslag gelê vir die latere welvaart van veral die Weste, maar tegelykertyd het hierdie omwenteling in produksiewyse ook gelei tot die grootste sosiale en ekonomiese ellende bekend uit die geskiedenis van die arbeid en arbeidsverhoudinge. Dit is volgens Banning nie vir teëspraak vatbaar nie, "dat met de hiermee onverbrekelijk verbonden verarming der kleine boeren en de ontvolking van het platteland een belangrijk factor gegeven was voor een potentieel industrie-proletariaat, opnieuw een voorwaarde voor de uitgroei van het industrialisme." [1] Die proses van industrialisasie het so snel verloop, dat die maatskappy uit pas geraak het, en nie die tredhoudende aanpassinge kon maak nie. Die kapitaalvorming was onvoldoende om die tegniese toerusting voldoende en paraat op die verlangde nivieu te bring, die lone is laag gehou en die arbeidstyd was lank. Veelvuldige gebruik is ook gemaak van goedkoop arbeid nl. die van vrouens en kinders.

Van Riessen wys daarop dat waar die eeue voor die 19 de en 20 ste eeue traag ontwikkel het en gekenmerk was deur tradisionele vorme, "sinds de opkoms der moderne industrie alles in de maatschappij in beweging is gekomen en aan een snelle verandering en ontwikkeling onderhevig schijnt te zijn. Behalve de aard dier verandering stelt vooral het tempo ervan ons voor uitzonderlijke grote moeilijkheden. De eis van aanpassing aan een zich voortdurend en snel wijzigende toestand, ja, de eis om de veranderingen te beoordelen en te leiden, geven een geheel nieuwe dimensie aan de menselijke cultuuropdracht."[2]

Die tempo en wyse waarop die proses verloop het verskil van land tot land. Hierkkan nog genoem word dat die gebruik van elektrisiteit en olie as brandstof. Die huidige strewe na voloutomatisering van produksie gepaardgaande met die invoer en gebruik

---

1) Banning - Moderne maatschappij problemen, p. 17.
2) Van Riessen - De maatschappij der toekomst, p. 117-118.

van die rekenoutomaat word deur sommige geleerdes reeds as tweede rewolusie betitel, terwyl ander dit liewer as voortsetting van die eerste sien maar dan in verhoogde tempo.

Met die integrasie van die masjien in die nywerhede aan die begin van die 19 de eeu en daarna het die arbeiders in die industrieë geleidelik die besitlose en reglose "klas" in die samelewing geword. 'n Klas proletariërs het ontstaan.(Met die vinnige opkoms en uitbreiding van die industrieë het duisende mense wat voorheen van landbou en veeteelt ens. 'n bestaan gemaak het, na die opkomende dorpe en stede gestroom om in die fabrieke te arbei vir loon. Aanvanklik, soos veral in England gebeur het, het die arbeiders nog in die kleiner dorpies (villages) 'n koei en/of vark aangehou, en sy vrou en kinders het gearbei in die "domestic industries that flourished in the village and gave employment to the wife and children."[1] Hierdie kategorie arbeiders het vir loon in die industrieë gearbei, maar hy het ook apart iets vir eie onderhoud geproduseer. Dit het geskied in die "unenclosed village". Maar anders was die toestand in die geslote dorpies of huggies. Hiervan skrywe die Hammonds die volgende: "In the enclosed village at the end of the eighteenth century the position of the agricultural labourer was very different. All his auxilliary resources had been taken from him, and he was now a wage earner and nothing more."[2]

So het geleidelik in die veranderde samelewing die <u>loonarbeider</u> voortgekom, wie se vroeëre onafhanklikheid totaal vernietig is. Volkome a<u>fhanklikheid</u> het gevolg en 'n nuwe "klas" of "stand" bekend as die industrie-arbeider het onstaan.) Hulle was volkome afhanklik van die ondernemer-werkgewer en in hierdie afdeling dink ons veral aan die kapitalistiese werkgewer. Hierdie loonarbeiders word ook dikwels proletariërs genoem. Hulle is vir hulle bestaan aangewys op die loon wat hulle in ruil vir hulle

---

1) Hammonds - The village labourer I, p. 102.
2) Ibid.

arbeid ontvang.

Van Riessen wys daar op dat deur die proses van industrialisasie die maatskappy nie slegs 'n nuwe karakter verkry het nie, maar "Zij is ook als nooit tevoren een by uitstek dynamische maatschappij geworden."[1]

Dit blyk duidelik uit die genoemde kursoriese oorsig dat die belangrikste gevolg van die industrialisasie m.i. die oorskakeling van 'n selfstandige en selfversorgende lewenswyse na 'n afhanklike toestand van loonarbeider is. Van Riessen stel dit skerp as hy skryf: "De prijs die de mensheid voor de enorme ontwikkeling van de cultuur moest betalen, was de mens zelf: de arbeider in de fabriek, die onder de vloer gelopen word; én de ondernemer, wiens leven ontspoorde. Die prijs was ook de deformatie der maatschappij die haar christelijke signatuur steeds meer verloor"[2]

Wie enigsins kennis wil neem van die geringe lone, lang werkure, moeilike werksomstandighede ens. van die arbeidsgroep bekend as loonarbeiders, word getref deur 'n somber verhaal van kwellende ekonomiese en sosiale nood en pynigende ellende. Niemand het hom eintlik gekwel oor die lotgevalle en regsposisie van hierdie kategorie loonarbeiders nie. Hulle was maar net te bly om iewers werk te kry, want op die opemark (arbeidsmark) het duisende gereed gestaan om hulle te vervang indien hulle ontslaan word uit hulle diens. Dit het voorgekom dat werkgewers wat agiteer het vir geringe loonsverhoging ontslaan, verban en selfs met die dood gestraf is. Selfs die vrou en kinders van 'n industrie-arbeider is dikwels as goedkoop arbeidskragte in diens geneem en die loonarbeider moes maar net swyg indien hy nie sy werk wil verloor nie. Arbeiders is vir die geringste oortreding ontslaan, en aanvanklik is weinig gedoen om voorsiening vir tye van krankheid, ouderdom, werkloosheid, ens. te maak. Vrye tyd het loonarbeiders eintlik nie geken nie, en die mortaliteit onder jeugdiges was skreiend

---

1) Van Riessen, H. Industriële revolutie. (In Christelijke Encyclopedie, 1958, 3:606)
2) Van Riessen - Maatschappij der toekomst, p. 121.

hoog. Dit is bekende feite dat die gemiddelde leeftye van die industrie-arbeiders in Nederland ongeveer 30 jaar was.

By die beoordeling van die toestande van die loonarbeiders en die verhoudinge tot die werkgewers vanuit arbeidsetiese oogpunt, word die grootste onreg m.i. wat gepleeg is uiters opvallend nl. dat die mens slegs as ekonomiese arbeidskrag gesien en gebruik is. Die mens is immers meer as net ekonomiese wese en staan in baie meer verhoudinge as arbeidende mens tot sy werkgewer as net in 'n ekonomie-verhouding. Al is die arbeidende mens (en ek beperk my weer hoofsaaklik tot die industrie-arbeider) afhanklik vir die nodige lewensmiddele van die loonarbeid wat hy verrig in ruil vir loon, is hy nogtans ook 'n sedelike wese en 'n godsdienstige wese. Die arbeidende mens (i.c. die loonarbeider) het behalwe sy verpligtinge teenoor sy werkgewer, ook verpligtinge teenoor sy mede-arbeiders, sy gesin, sy kerk, die samelewing, ens.

Alhoewel ons mag spreek van die soewereiniteit van 'n samelewingskring, mag die een samelewingskring tog nie oorbeklemtoon en bevoorreg word bo die, en ten koste van die ander samelewingskringe nie.(Die arbeidende mens wat diens lewer om in sy lewensonderhoud en die van sy afhanklikes te voorsien, moet in die eerste instansie as <u>mens</u> erken en behandel word. Hy is 'n beelddraer van God met 'n eie roeping en bestemming, en het aanspraak op 'n menswaardige bestaan. Hy moet as mens erken en waardeer word en nie as blote koopwaar of arbeidsdrag manipuleer word nie. Sy loon moet sodanig wees, dat hy homself en sy afhanklikes kan versorg en ook genoeg kan verdien om vir dae van krankheid, ouderdom, werkloosheid te kan spaar.)(Hy moet ook die nodige vrye tyd ontvang om kerkdienste te kan bywoon en sosiale verpligtinge te kan nakom. Hy moet ook tyd ontvang om met sy gesin te verkeer.

Dit is inderdaad 'n krenking van die norm van persoonsliefde, as die arbeidende mens (i.c. die industrie-arbeider) slegs as koopwaar beskou word. En die krenking word m.i. nog groter as die arbeid van die arbeider slegs vir eie voordeel en wins ge-

eksploiteer word soos dikwels in die verlede gebeur het. Ek het reeds daar op gewys dat arbeidseties gesien die arbeider die vrugte van sy arbeid werd is (en daarmee getransponeerd in die verhouding van werkgewer tot werknemer: sy loon werd is.) [1] Die mens is nie net daar om te arbei nie. Hy het ook verantwoordelikhede teenoor sy huis en ander mede-skepsels en instansies. Die arbeider moet nie net vir sy arbeid beloon word nie, maar die arbeider (die mens wat arbei ) moet vir sy dienste vergoed word, en wel so vergoed word dat hy na behore kan leef en wel soos reeds genoem in dié sin, dat hy goed al sy verpligtinge in alle verhoudinge waarin hy staan na behore kan behartig.[2]

Onnodige blootstelling, lang diensure, onhigiëniese toestande, gesagsmisbruik ens. in die industrieë ens. kan o.a. die toets van die sedelike nie deurstaan nie, en staan eties veroordeel. In ooreenstemming met die etiese norm: wie nie arbei nie sal nie eet nie, is dit vanselfsprekend dat die werkgewer nie verantwoordelik is vir die ellende van die mense wat nie wil arbei nie, maar vir diegene wat wel wil arbei en ook werklik arbei moet hy behoorlike loon verskaf. Al staan die werknemer as gesagsonderdaan teenoor die werkgewer in 'n afhanklikheidsposisie, moet die werkgewer nogtans sy werknemers as mede-beelddraers van God sien en as sulks behandel. Die werknemer het ook sy eie roeping en opdrag van God ontvang, en hy het aanspraak op 'n menswaardige behandeling en behoorlike vergoeding vir sy dienste.

Van Riessen wys m.i. tereg op die misvorming van die maatskappy as 'n gevolg van die " overspanning van het economische... De arbeid.....werd gedegradeerd tot een economische waar, die geen andere inhoud had dan tegenwicht in geld. De arbeider zelf de medemens in het werk, werd uitsluitend onder dit geabstraheerd gezichtpunt bezien, zelfs als men iets te zijnen gunste

---

1) sien p. 134.

2) sien p. 135.

ondernam. Het grote liefdegebod van Christus scheen niet te gelden." 1) Hy toon verder aan dat die groot ondernemers van die 19 de eeu in belangrike mate die skuld dra vir 'n ontoelaatbare sosiale toestand. "Velen gaven, waar het hun ondergeschikten betrof, blijk van een keiharde, egoïstische, liefdeloze mentaliteit, die men ook tans nog aantreft, als men de kans krijgt eens een kijkje te nemen achter de gevel van welwillende woorden en meelevende gebaren."2)

Dit is ook wenslik om enkele begeleidingsverskynsels van die industrialisasie te beoordeel in die lig van die Christelike arbeidsetiek. Ek noem net drie hier nl. arbeidsverdeling, meganisasie en rasionalisasie. In verband met arbeidsverdeling wil ek dit noem dat industrie-arbeid vir 'n groot mate berus op die beginsel van arbeidsverdeling of arbeidssplitsing, waarvolgens die individuele arbeidende mens slegs 'n baie ondergeskikte gedeelte van die arbeidsgeheel vir eie rekening ontvang. In hierdie deelarbeid lê volgens Wiersinga veral vir die ongeskoolde arbeider psigologiese en sedelike gevare. "Hy levert nie langer een bepaald artikel of gebruiksvoorwerp af. Hy doet slegs enkele handgrepen aan: steekt een draad door een opening, ponst een gat op een bepaalde plaats in de ijzeren plaat, draait een schroef aan."3) Die handgrepe word haarfyn voorgeskryf en in die tydskema van die produksie opgeneem. Hierdie skema is deur deskundiges bereken en die masjiene op die juiste handgrepe ingestel. Die arbeider moet eintlik net meganies reageer. Dit bevorder die tempo van die produktiwiteit, maar dit vereis van die arbeider geen meedink, persoonlike beslissinge of eie inisiatief nie. Hy moet net die enkele handgrepe beoefen, die tempo aanleer en handhaaf en binne enkele dae kan hy die "garantieloon" maklik verdien.

Dit is hier waar die problematiek vir die arbeider arbeidseties besien groter geword het. Arbeidsverdeling het vir menige

---

1) Van Riessen - De maatschappij der toekomst, p. 120.
2) Ibid.
3) Wiersinge, W.A. Arbeider. (In Christelijke Ensiklopedie, 1958, 1:296 -297)

arbeider 'n ernstige bedreiging geword veral as ons hier dink aan minimisering en byna algehele eliminering van die verantwoordelikheid en inisiatief van die arbeider en die ontneming van sy vryheid. Deur die moderne industrie word die mens dikwels van sy arbeid geskei. Hy sien selde die voltooide produk waaraan hy meearbei. Die monotone arbeid dreig om van hom 'n outomaat te maak, en menige arbeider smaak nie die arbeidsvoldoening wat deur arbeidende mens in ander omstandighede ondervind word nie. Ons mag hier dink aan die landbouer wat sy saad saai of plant, die ontkieming en groei van die plante kan waarneem, die plante bewerk en eindelik die vrugte van sy arbeid pluk as hy sy oes insamel. Hier is geleentheid vir eie inisiatief, verantwoordelike optrede in die neem van besluite ens., en hier is die landbouer vry om te arbei hoe en waar en wanneer hy dit goed ag. Hy word nie bedreig deur dieselfde konflikte op sedelike gebied as die arbeider wat van vroeg tot laat in fabrieke deelarbeid verrig nie. Dit wat dikwels genoem word die verontpersoonliking van die arbeider veral in die moderne industrieë, het die gevoel van verydeling by menige arbeider gewek. Die dieper betekenis van arbeid as roeping en opdrag van God het deur die frustrasies verlore gegaan en die sinloosheid van arbeid het die lewe van menige arbeider bemoeilik. Depersonalisasie deur die produksiewyse van die moderne industrie het menige arbeider in groot sedelike nood geplaas. Dit gebeur dikwels dat die arbeider weet dat die produkte wat hy help vervaardig, nie gebruik gaan word vir goeie doelstellinge nie en dat die etiese arbeidsnorme hierdeur nie gehoorsaam word nie. As arbeider moet hy arbei vir loon om te kan eet, maar dit kwel hom omdat hy mede-verantwoordelik is of mag wees vir die oortreding van die arbeidsnorme en die oortreding van die sedewet.

Arbeidsverdeling kan so ver deurgevoer word, dat dit die arbeid van sy geestelike inhoud beroof en dit tot suiwer meganiese handelinge degradeer. Hierdeur word 'n soort geestelike dreinering van die arbeid in die hand gewerk. "Zooals een gedraineer-

de stuk land van water is ontdaan, is bij de gedraineerde arbeid de geestelijke inhoud verdwenen. Hier treffen wij een tendens aan die een bedreiging voor het mens-zijn kan vormen."[1] Veral vir die ongeskoolde arbeider dreig die gevaar dat hy geleidelik en dikwels onbewus deel aan 'n massamentaliteit verkry. Hy soek dan buite sy werkkring bevrediging en voldoening omdat hy dit in sy arbeidsmilieu nie vind nie. Hy ontwikkel dikwels 'n hedonistiese lewenshouding. Hy geniet soveel hy kan en sy geld word grotendeels verteer deur die moderne vermaaksindustrie.

Alhoewel arbeidsverdeling deur Marx die sondeval van die arbeid genoem is, en hierdie verskynsel beslis groot gevare vir die arbeidende mens inhou, moet daarop gewys word dat daar ook beslis talle voordele volg vir die mensdom as geheel hieruit. Die enkeling kan nie alles vermag nie en deur arbeidsdeling kan in die toenemende vraag na gebruiksvoorwerpe makliker en doeltreffender voorsien word.

Groot verantwoordelikhede t.o.v. die werknemers rus op die werkgewers. Die lotgevalle van die werknemers is ook sy verantwoordelikheid. Ook hy moet die arbeidsnorm : arbei vir die goeie-gehoorsaam. En m.i. sluit hierdie opdrag die verantwoordelikheid in, om daarna te streef om te voorkom dat sy werknemers in outomate omskep sal word. Sover moontlik moet sorg gedra word dat die werknemer ook eie inisiatief kan openbaar, sekere besluite mag neem en vryheid t.o.v. sekere handelinge ens. ontvang.
Van die goeie doelstellinge wat die verantwoordelike werkgewer moet nastreef moet m.i. onder andere die welsyn van sy werknemers wees. Werksgeleenthede moet sover moontlik sodanig wees dat die werknemers as toerekenbare, verantwoordelike en vrye arbeidende mense hulle roeping teenoor God, werkgewer en medemens kan uitlewe. Dat hier hoë verwagtinge gestel word aan die werkgewer mag as onredelike en oordrewe idealisme bestempel word, maar die verantwoordelikheid van die werkgewer word daardeur nie vermin-

---

1) Thierry - De bedreigde mens, p. 9

der nie.

(Van die arbeider word ook verwag dat hy die arbeidsnorm: jy sal goed arbei, sal gehoorsaam. Die arbeider moet ~~soos voorheen aangetoon~~,[1] arbei met 'n goeie gesindheid en sy arbeid deeglik doen. Hy kan nie sonder liefde, oorgawe, toewyding ens. arbei en dan verwag dat die werkgewer hom daarvoor behoorlik moet beloon nie. Die liefde van die arbeider tot sy mede-beelddraer vir wie hy arbei en in wie se diens hy arbei vir beloning, moet weerspieël word in sy getroue en opofferende arbeidsdiens.) Die arbeider as werknemer het ook 'n groot verantwoordelikheid teenoor die werkgewer wat hom instaat stel om deur die arbeidsvrugte wat hy deur sy arbeid verdien te kan lewe en eet. Die etiese norm van persoonsliefde (d.w.s. die etiese gesien in engere sin) geld vir werkgewer en werknemer waar hulle saam in die industrie ingeskakel is in die produksieproses. Die problematiek wat geskep word deur die moderne produksiewyse vir die arbeider wat ook 'n sedelike wese is, kan deur die gesamentlike oorlegpleging tussen werkgewer en werknemer en deur die verantwoordelike optrede van beide grootliks uit die weg geruim word.

'n Onwaardeerbare taak wag hier dus vir die arbeidsetiek en veral vir die Skrifaanvarende arbeidsetiek om te ondersoek in hoeverre o.a. die verval van verantwoordelikheid van die arbeider teengegaan kan word, hoe die toerekenbaarheid van die arbeider verhoog kan word deur ruimte vir meer eie inisiatief toe te laat en hoe die menswaardigheid van die arbeider verhoog kan word deur hom groter vryheid in optrede, beslissinge ens. te gee. Depersonalisasie moet met alle moontlike middele teengegaan word, sodat die werkgewer besef en waardeer dat hy mense in diens neem en nie arbeidskragte nie. So moet die werknemer arbei onder die besef dat sy werkgewer as mede-arbeider en gesaghebber ook 'n persoon is met 'n opdrag en roeping en verantwoordelikheid teenoor God, en nie slegs 'n uitbuiter, winsjagter of magsmisbruiker nie.

---

1) sien p. 132.

Industrialisasie kan en is ook 'n groot seën vir die moderne mens in wie se toenemende behoeftes alleen deur massaproduksie voorsien kan word. Die nakoming van die sedewet en die gehoorsaming van die etiese arbeidsnorme en in besonder die etiese norm van persoonsliefde alleen sal m.i. daartoe bydra dat die konflikte en spanninge wat deur die genoemde problematiek geskep is grotendeels (want in hierdie bedeling sal dit nooit ten volle kan gebeur nie) uit die weg geruim sal word. Ek volstaan met hierdie enkele gedagtes.

In verband met die tweede begeleidingsverskynsel nl. meganisasie wil ek daar op wys, dat wanneer arbeidsverdeling sover voortgeskry het, dat talle handelinge van geringe aard voortdurend herhaal moet word, word die masjien ingelyf om die herhalende prosesse oor te neem. Die masjien as vennoot van die arbeidende mens (i.c. die industrie-arbeider) skakel nou baie van die monotone roetine-arbeid uit. Onder invloed van die natuurwetenskappe en die tegniek word die proses van meganisasie bevorder. Die masjien gaan nou 'n groot hoeveelheid van die arbeid wat die mens in die verlede verrig het oorneem en doen. Menslike denke word nie oorbodig gemaak nie, maar elektroniese rekenoutomate reken vinnig en sekuur en kan die arbeid van honderde arbeidende mense binne die tydsbestek benodig deur een arbeider verrig.

Alhoewel meganisasie groot voordele vir die arbeidende mens en die gemeenskap as geheel gebring het, het dit tog 'n magtige probleem geskep waarin ook die arbeidseticus groot belang het nl. dat deur meganisasie die arbeidende mens nou van sy arbeid geskei word. Die tydperk van die gereedskap wat die verlengstuk van die menslike hand was, het plek gemaak vir die era van die masjien waarvan die mens die verlengstuk geword het. "De arbeider verloor meer en meer zijn zinvolle plaats in het geheel en kreeg daardoor steeds minder voldoening in de arbeid."[1] Gelukkig is daar teëkragte aan die werk, en die besef dat die arbeider nie langer verlengstuk maar wel beheerser van die masjien is, wen veld.

---

1) Voldoening van de arbeid (In Nedelands Gesprekcentrum, 1959, 14:18) A. van Biemen.

Dit behoort ook by te dra tot die herwaardeing van die <u>mens</u> wat arbei en tot herstel van die mens wat reeds ver gevorder het op die weg van depersonalisasie.

De Vries stel die volgende vraag: "Is het niet zo, dat de verbondenheid met het werk door de mechanisastie van de arbeid verloren dreigt te gaan of in veel gevallen reeds is gegaan."[1] Hy toon verder m.i. tereg aan dat menslike arbeid behoort by die kultuuropdrag van die mens. Dit is volgens die Heilige Skrif 'n heers oor die werk van God se hande. "Kan de arbeider dit verwezenlijken bij de gemechaniseerde arbeid...Hoe kan de arbeider zo tot zelfrealisering en tot arbeidsbevrediging komen."[2] De Vries toon verder aan dat dit moontlik is dat die masjien die arbeidende mens se werktuig is wat hom voldoende kreatiewe speelruimte bied om eie inisiatief te openbaar. Hy het dan die geleentheid tot "Schöpferische Denken". In hierdie geval bedien hy hom van die masjien. "Meestal is het echter vandaag zo, dat hij zich niet bedient van de machine maar de machine dient." [3] Dan is die masjien vir hom eintlik geen "Arbeitsmittel" maar 'n apparaat waaraan hy ondergeskik is.

Vir die optrede van die arbeidende mens as sedelike wese met sedelike verpligtinge (in diens van sy Skepper en in liefdesverhouding tot sy medemens) is dit van groot belang dat hy moet heers oor die masjiene wat hy gebruik sonder om self 'n stuk meganiek of outomaat te word. Meganisasie kan maklik lei tot verontpersoonliking van die arbeider. As masjienslaaf wie se doen en late deur masjiene gereguleer en bepaal word kan die arbeider se vryheid ernstig bedreig word en sy gevoel vir verantwoordelikheid hom ontneem word. Die geskeidenheid van die arbeider van die moontlikheid om die voltooiing van die produkte waaraan hy meearbei te aanskou wek die gevoel van sinloosheid van menslike arbeid. Ook hier wag 'n taak vir die arbeidsetiek.

---

1) De Vries - De dienst van de kerk aan de industrie-arbeider, p. 113.
2) Ibid.
3) Ibid. p. 114.

Meganisasie wat baie beslis God-verheerlikend en mede-mens-dienend ingespan kan word en tot groot voordeel vir die mensdom kan wees, kan ook groot probleme skep vir die arbeider op sedelike en arbeidssedelike terrein. Ook hier kan die arbeidsetiek en m.i. veral die Christelike arbeidsetiek baie bydra deur ondersoek van die probleme en leiding wat dit hier kan gee. Die probleme wat sentreer rondom die meganisasie plaas die arbeider in spanning en onrus. Deur die handhawing van die etiese beginsels en die gehoorsaming van die arbeidsnorme en die arbeidsetiese norme kan die arbeidende mens groter arbeidsvoldoening ervaar in sy arbeidsmilieu en in konflikvryer arbeidsverhoudinge meearbei met ander arbeidsgenote. Van Riessen wys daar-op dat gestreef word in die moderne produksiewyse om die verantwoordelikheid van die arbeider te vergroot en tot 'n verbetering van die gemeenskap in die arbeid. "Taakverruiming, ideeënbus, vereenvoudiging, decentralisatie, verbeterde communicatie, participatie en de conferentiemethode zijn de voornaamste uitingen van dit streven."[1] Die talle goeie voordele wat deur meganisasie vir die mens gebied kan word, kan tot groot seën aangewend word vir die welsyn van die mensdom as die sedelike arbeidsnorme en veral die norm van persoonsliefde in die praktyk tot groter uitdrukking en toepassing gebring word.

In verband met die <u>derde</u> begeleidingsverskynsel nl. <u>rasionalisasie</u> wil ek aantoon dat onder hierdie verskynsel verstaan word die <u>totaliteit</u> van metodes wat daarop gerig is om die verspilling van tyd, energie en materiaal by die produksieproses te reduseer en te minimiseer. "Het is rationeel bij de productie van een goed geen grondstof of materiaal te verspillen, leegloop van arbeid te vermijden en voor elke te verrichten handeling vast te stellen op welke wijze zij het beste plaats kan vinden."[2] Dit word ook genoem die standaardisering van die werkmetode. Die ontwikkeling van die wetenskaplike bedryfsleiding (bewindvoering) onder andere in die vorm van tyds- en bewegingsstudies het die

---

1) Van Riessen - De moderne productiewijze, p. 77.
2) Thierry - De bedreigde mens, p. 12.

proses van rasionalisasie bevorder. In die grootindustrie word volgens De Vries die arbeider nie in die eerste instansie as mens gewaardeer nie, maar wel as funksionaris. Dit gaan nie in die eerste instansie om dit wat hy is nie, maar om dit wat hy doen en presteer. Die verhoudinge tussen die arbeidende mense is gerasionaliseer en daarom onpersoonlik. Rasionalisering beteken o.a. die volgende: "die Unterordnung des Menschlichen-Individuellen unter ein streng logisch aufgebautes Gesetz des gemeinsamen Handelns"[1] Die arbeidende mens is hier die rat in die geheel wat alleen goed funksioneer indien hy daar feilloos inpas en aanpas. Eie inisiatief is nie gewens nie, en selfrealisasie word gevolglik feitlik tot 'n minimum gereduseer. Met die rasionalisering hang ook volgens De Vries die dehumanisering van die mens saam. Die arbeider word in hierdie verband "instrumentale mens" genoem.[2]

Hier kan ons nie meer spreek van arbeidsgemeenskap in die bedrywe nie, maar slegs van organisasie wat gunstige winste moet oplewer. Hier is min geleentheid vir selfrealisering en persoonlike verantwoordelikheid. "Door al deze dingen is de arbeider in een toestand van sociale isolering terecht gekomen, die hem de wereld van de onderneming en zelfs de sameleving in het algemeen door een gekleurde bril doet zien."[3]

Dit blyk dus dat rasionalisasie vir die arbeider groot etiese probleme verskaf. Ook hier vind ons die verskynsel dat rasionalisasie die arbeider beroof van die geleentheid om as tenvolle verantwoordelike mens sy arbeid te verrig en sy vryheid word hom ontroof. Alhoewel rasionalisasie nie sonder meer veroordeel moet word nie, omdat dit ook voordele het om die produksie van belangrike gebruiksvoorwerpe te verhoog. Tog het rasionalisasie net soos die twee ander begeleidingsverskynsels wat genoem is, menige arbeidende mens in 'n sedelike krisis geplaas. Alleen die Christelike arbeidsetiek kan hier die weg aandui tot verkleining

---

1) Muller, E. Die Welt is anders geworden, p. 13 (aangehaal deur De Vries in De dienst van de kerk aan de industrie-arbeider)
2) De Vries - De dienst van de kerk aan de industrie-arbeider, p. 103.
3) Ibid. p. 104.

van die kwellende arbeidsetiese problematiek.

Daar kan boekdele geskrywe word oor die snelle opkoms van die industrieë en die problematiek wat dit geskep het vir die arbeidende mens veral ook op sedelike gebied. Ek volstaan egter hiermee, en wil nog net daar op wys dat die industrialisasie diepgaande en aktuele probleme vir die arbeidende mens geskep het - vir die arbeidseticus in die besonder maar ook vir elke christenarbeider wat sy roeping teenoor God en medemens besef.

2. Massifikasie.

Dit kan met veiligheid gekonstateer word dat massifikasie 'n direkte gevolg van industrialisasie is. Ek wil graag in hierdie ondersoek aandag gee aan die volgende vier aspekte van massifikasie, nl. a. Die aard van massifikasie.
b. Die oorsake van massifikasie.
c. Die gevolge van massifikasie.
d. Probleme i.v.m. die oorwinning van massifikasie.

a. Die aard (kenmerke) van massifikasie.

Daar word dikwels gespreek van die massamens of hordemens. Hierdie massa vorm 'n gevaarlike kanker in die stabiele organisme van die maatskappy. Kenmerkend is die nivellering van behoeftes, sedes, praktiese hedonisme wat genot najaag sonder eie prestasies of verantwoordelikheid. Daar is normloosheid en skuheid vir persoonlike verantwoordelikheid. "Vermassung" is nie dieselfde as verproletarisering nie, want die proses van massifikasie tref alle groepe van arbeidende mense in die samelewing. Ek wil my volkome vereenselwig met die standpunt van Banning wat beweer dat massifikasie nie toevallig nie, maar wesenlik tot die industrialisme behoort. Hy glo dat massifikasie as voortdurende en blywende begeleidingsverskynsel aanvaar moet word. Bevolkingstoename kan nie ongedaan gemaak word nie, en meganisasie neem toe.

Volgens Ortéga en Gasset is twee kernmerke van die massamens die vrye ontplooiing van sy begeertes en drifte, en die ondankbaarheid en onwetendheid t.o.v. van almal en alles wat sy bestaan

moontlik gemaak het."[1] Die massamens is dikwels 'n barbaar in intellektuele en sedelike opsig. Hy weier om enige instansie bo hom te erken en hom aan die norme van die kultuur te onderwerp. Soos sovele sandkorreltjies word individue meganies saamgegooi "ohne wahre innere Bindung, ohne tiefere verwurzelung des einzelnen met seinem sozialen Standort und seine milieu, ohne echte Gemeinschaft und ohne Führung durch echte, innerliche berufene über der Masse stehenden Autoritäten."[2] Die struktuur van die samelewing is versteur en in 'n amorfe hoop geïsoleerde korrels (individue) omvorm sonder organiese verband, en soos Röpke dit m.i. tereg stel, is daar deur die jare heen roofbou gepleeg op die bodem van die samelewing. In die proses van massifikasie sien ons hoe elke band met, en elke besef van metafisiese, religieuse agtergrond verlore gegaan het, en hoe die proses van sekularisasie alles aantas wat vir die Christen sentraal bly of behoort te bly nl. die "verworteld zijn van persoonlijk en gemeenschapsleven in het handeln Gods."[3]

Van Riessen meen dat ons in ons tyd reeds 'n ver gevorderde stadium van ontbinding van die menselewe meegemaak het. "Dat is de crisis van het humanisme zelf, door Nietzsche aangekondigt en in de 20 e eeuw doorleefd."[4] Hy beweer, en hiermee wil ek saamstem, dat die verproletariseerde arbeider reeds 'n wyse van lewe en denke openbaar wat vir ander onbegryplik en ontoeganklik is. "Dit opmerkelijke feit, dat in Amerikaanse enquêtes in grote industriecentra gebleken is, zal een van de grootste problemen van de maatschappij der toekomst zijn. En zal men dit vraagstuk, in feite massificatie, willen aanpakken, dan dient dat niet allereerst te geschieden in het economische vlak, maar op het terrein van de arbeid."[5]

---

1) Banning - Hedendaagse maatschappij-problemen, p. 81.
2) Röpke - Civitas humana, p. 243.
3) Banning - Hedendaagse maatschappij -problemen, p. 86.
4) Van Riessen - Maatschappij der Toekomst, p. 205.
5) Ibid. p. 170.

b. Die oorsake van massifikasie.

Van Riessen weerlê m.i. tereg die standpunt van die sosialiste nl. dat armoede die oorsaak van massifikasie en die ontstaan van die massamens is. "Zijn milieu is dat, waarin de zorgen weggenomen zijn en de buiten de mens om verschafte bestaanszekerheid de boog der vrijheid ontspannen heeft."[1] Die massamens ontstaan in so 'n omgewing waar ook die geestelike ontbindingsproses sy einde nader. En hierdie proses verloop gewoonlik so dat eindelik die lewende God geloën word. Dan vier die "Diesseitigkeit" hoogty in sy bestaan en die perspektiewe van die arbeidende mens word op materialistiese wyse slegs aan die stoflike dinge gekoppel. En hier het ons 'n baie belangrike oorsaak nl. wanneer die sedelike en ander norme nie meer houvas op die mens het nie en die nihilisme sy bestaan deurbreek. Dan word die mens eensaam en dryf angs hom na die massa. Die arbeidspatroon wat deur die grootindustrie geskep is, is o.a. die groot arbeidskollektiwiteit met 'n anonieme massa-karakter. Omdat die persoonlike band in die bedryf verlore gegaan het, kry die arbeiders in die fabrieke ens. die indruk dat hulle blote nommers geword het. Dit is 'n oorsaak maar dit kan ook as 'n gevolg van massifikasie gesien word. Hier kan net genoem word dat sekularisasie ook sy bydrae lewer om die arbeidende mens los van vorige bindinge te maak en hom te laat wegsink in 'n amorfe hoop geïsoleerde individue en 'n ongedifferensieerde groep van gelykes.

Ander oorsake is arbeidsdeling, meganisasie en rasionalisasie wat reeds behandel is, en outomatisasie wat in die volgende subafdeling ondersoek word. Volgens Schippers het die groot stad ook bygedra tot die verdere vereensaming van die arbeidende mens. Hy spreek van die demonie van die groot stad, alhoewel hy waarsku teen die opvatting dat die groot stad net nadele vir die mens inhou."[2]

---

1) Van Riessen - De maatschappij der toekomst, p. 205 - 206.
2) Schippers - De Grote stad, p. 64 - 66.

Schippers verwys na die werk van Popma nl. "Calvinistische Geschiedenisbeschouwing" waarin Popma die onderskeiding maak tussen twee elemente in die kultuurontwikkeling nl. die kreatuurlike en die lapsariese elemente. Alles wat God in die skepping gee, word tot ontplooiing en ontwikkeling gebring deur die mens. Dit is die kreatuurlike element in die kultuurontwikkeling. Daarnaas is daar 'n element wat verband hou met die sondeval en dit noem hy die lapsasriese element. Omdat nou die lapsariese element in die groot stad so dikwels en so pertinent op die voorgrond tree, is ons geneig om die kreatuurlike element te vergeet. Die Gees van God moet ook in die groot stad werksaam wees om die demonie van die groot stad te verbreek en so al die eer aan God te bring.[1)]

Dit is baie duidelik dat die hele moderne produksiewyse met sy tendense tot dehumanisering of depersonalisasie wat tot gevolg het die degradering van mense tot nommers en funksionarisse sowel as die skeiding tussen die arbeider en sy arbeid wat arbeid as sinloos laat voorkom, massifikasie tot stand gebring het.

c. Die gevolge van massifikasie.

Van die belangrikste gevolge is normloosheid en skuheid vir verantwoordelikheid. Die massamens wat as't ware uit die gemeenskap gestoot is, bevind hom in 'n chaotiese betrekkingloosheid, en meestal is die massamense eintlik ronddolende nomades wat nie meer presies weet waar hulle behoort nie, en wat hulle plek in die geheel is nie. Hulle is losgeslaan van die bande aan familie, bure, natuur- en samelewingskringe. Dit is die gesinne waar die gemeenskaplike bewerking van die tuin en die gesametlike arbeid in die westerse wonings nie meer plaasvind nie, "und damit die natürlichste Gelegenheit zur Einführung der Kinder in das Geschäft des Lebens dahinfällt." [2)] Die gevolge van die vervreemding van die natuur en die gemeenskap wat 'n patologiese verskynsel is, beroof die mens wat deur massifikasie 'n massamens geword

---

1) Schippers - De grote stad, p. 66 - 67.
2) Röpke - Civitas humanas, p. 246.

van lewensblyheid.

Nog 'n belangrike gevolg van massifikasie is die vereensaming wat deur die moderne fabrieksnywerheid veral in die hand gewerk word. Hier bied massifikasie geleentheid tot "gemeenskap" en gelykskakeling wat die onrus en spanning verminder. Die massamens wat verantwoordelikheid vrees en probeer vermy verkies dat hy gelei word deur die moderne kommunikasie-media soos die koerante, radio ens. Die arbeider verkies dikwels die ongedifferensieerdheid van die massa. Dit vrywaar hom van die neem van eie besluite, openbaring van eie inisiatief en die dra van persoonlike verantwoordelikheid.

d. Probleme i.v.m. die oorwinning van massifikasie.

Dit is beslis noodsaaklik vir die welsyn van alle arbeidende mense dat die destruktiewe gevolge van massifikasie gestuit moet word. Ek wil heelhartig saamstem met Röpke dat natuurintegrasie wat hy noem "Einbettung in die Natur" onontbeerlik is vir die mens om lewensblyheid te kan ervaar. Waar dit ontbreek soek die mens na surrogate soos bv. die radio, modes, massasport, ideologieë, ens. Maar ondanks die soek na surrogate en narkoses oorheers die "Unrast, neurasthenie und politische Aufgeregtheit, die sterile Betriebsamkeit, die Angst, die Demagogie und politische Leidenschaft, der Kult der kolossalen und der blossen Aktivität, die 'Flucht des Menschen'"[1)]

Ons moet erken dat dit 'n moeilike probleem is om vir elke arbeider die nodige grond en geleentheid te skenk wat die genoemde "Einbettung in die Natur" sal moontlik maak. Tog is daar reeds talle arbeiders in ons stede en dorpe wat hulle eie standplase en blom- en groentetuine het. As massifikasie beteken 'n bestaan sonder verantwoordelikheid, bespeur ons tog 'n teë-tendens. Daar is gelukkig talle werknemers wat streef na 'n verantwoordelike maatskappy waarin hulle werknemers die geleentheid ontvang om meer verantwoordelik en toerekenbaar te arbei.

---

1) Röpke - Civitas humanas, p. 249.

Belankrik is ook die feit dat bedryfsleiers wat die sedelike nood van die arbeiders begryp, dit belangrik ag, om hulle werknemers te raadpleeg en hulle mede verantwoordelik te maak. "Waar verantwoordelijkheid voor een geheel gedragen wordt, is een tegentendenz tegen massifikatie."1)

Wanneer Heij skrywe oor die plek van die arbeider in die onderneming maak hy die stelling dat sekere Christelike werkgewers vanuit hulle lewensbeskouing en op grond van Christelike beginsels help om 'n weg te soek in die praktyk "om onze arbeiders in de onderneming die plaats te geven, waardoor de arbeidsvreugde behouden wordt of terugkeert en waardoor zij het gevoel krijgen medewerkers te zijn aan het geheel en aan het resultaat van het gemeenschappelijke werk."2)

Ek wil hier graag noem die waarde van gemeenskap, veral dié wat in die kerk genoem word die gemeenskap van die heiliges. Dit is beslis 'n kragtige aanslag op massifikasie indien dit beoefen word. Baie is reeds deur die kerk gedoen om die lot van die arbeider in die industriee en elders te verlig, maar ongelukkig kan ek nie in hierdie studie daar-op ingaan nie. Tog wil ek net kortliks na aanleiding wat Brillenburg Wurth skrywe oor die waarde van die gemeenskap van die gelowiges in die kerk, my instemming betuig. Dit is onteenseglik 'n baie belangrike faktor om massifikasie teë te gaan en eensaamheid en vervreemding te bekamp. Wurth stel dit soos volg: "De schoonste en rijkste openbaring daarvan vinden wij in de Christelike kerk, die dan ook niets voor niets 'de gemeenschap der heiligen' heet."3) Hy skrywe verder soos volg: "De kerk is de innigste en diepste broederschap, die onder de mensen bestaat. Haar levenswet is het communisme der liefde..."4) Die atomistiese individualisme word hier deur die universaliteit van die liefde oorwin.

Van Nierop stel die vraag wat volgens hom gedurende die laas-

---

1) Heij, H.G. De plaats van de arbeider in de onderneming (In De verantwoordelijke maatscahappij) p. 90
2) Ibid. p. p3.
3) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 141.
4. Ibid. p. 145.

te jare die doen en late van baie denkers beheers het nl. "is er voor de moderne mens in de moderne massa-maatschappij nog geestelijke vrijheid en persoonlijke verantwoordelijkheid mogelijk..? hoe brengen wij de moderne mens weer tot het waarlijk bezitten van zijn geestelijke vrijheid en tot het erkennen en dragen van zijn persoonlijke verantwoordelijkheid..?"[1]

Die tragiek van die sosiale vraagstuk is dat talle arbeiders dreig om onder te gaan in die proses van massifikasie, "niet ziende het gevaar en van hun degradatie onbewust."[2] Die massamens is die mens in sy emansipasie, in sy "afgewend-zijn of afgewend raken van God in de dagelijkse economische, financiële en commerciële praktijk van het leven der techniek, dat zich steeds meer onttrekt aan de heerschappij van de Heer. De mens die meende zijn problemen zelf te kunnen oplossen en die nu neerzit bij de puinhopen van zijn ijdel streven."[3] Van Nierop formuleer die probleem baie skerp soos volg: "De massificatie, de geestelijk-zedelijke verproletarisering van de mens, zijn ontpersoonlijking en de hem bedreigende saecularisatie in onderneming en bedrijf vormen tezamen de kern van de huidige sociale kwestie."[4]

Op 'n vraag hoe die geestelike dreinering van die arbeid opgehef kan word gee Kuylaars die volgende antwoord: "Het mees voor de hand liggende antwoord is wel: door de arbeid van de individuele arbeider meer spreiding, variatie en geestelijke inhoud te geven, waardoor hij (de arbeider) in de gelegenheid wordt gesteld, of liever nog, gestimuleerd wordt, om al zijn inzicht, verantwoordelijkheidsbesef, inisiatief en technische vaardigheid in te zetten."[5] Ingenieurs, psigoloë, werkgewers, arbeiders ens. het ondernemingswys 'n taak, en ook die georganiseerde bedryfslewe is geroep om groter erns van die beheersing van die tegniek te maak. Ook moet geywer word om arbeiders die geleentheid te bied tot

---

1) Van Nierop, C. Massificatie in onderneming en bedrijfstak, (In De verantwoordelijke maatschappij) p. 140
2) Ibid.
3) Ibid., p. 142.
4) Ibid., p. 143.
5) Kuylaars - p. 189.

groter persoonlikheidsvorming, ontwikkeling van inisiatief en verantwoordelikheid in die arbeid.

Probleme op etiese en arbeidsetiese gebied wat vir die arbeidende mens deur die proses van massifikasie geskep is, is legio, en die oorwinning van die problematiek verg wysheid en verantwoordelike optrede van die kant van werkgewers. Dit is uiters moeilik vir die massamens om die arbeidsnorm: arbei vir die goeie, te gehoorsaam, omdat onder invloed van die massamentaliteit die sin en betekenis van arbeid grotendeels verlore gegaan het. Die gehoorsaming van die sedelike norm van persoonsliefde word baie bemoeilik omdat die werknemer dikwels in sy werkgewer slegs die uitbuiter en gesagsmisbruiker sien. Die Christelik-georiënteerde arbeidsetiek kan hier van groot hulp wees in die strewe na die oorwinning van hierdie patologiese verskynsel. Ek volstaan egter met hierdie kursoriese ondersoek en gedagtes. In die gedeelte oor die vakbeweging sal meer geskryf word oor arbeidsgemeenskap wat m.i. die grootste oplossing kan bied in die stryd teen die destruktiewe effekte van massifikasie.

## 3. Outomatisasie.

### a. Die voor- en nadele van outomatisasie.

Wanneer ons spreek van outomatisasie dink ons eintlik aan wat van Riessen noem 'n "Revolutie van de productie".[1] Diebold gee die volgende definisie van outomatisasie: " Automation is a new word denoting both automatic operation and the process of making things automatic. In the latter sense it includes several areas of industrial activity such as product and process design of machinery. The connotation intended is delineation of these otherwise loosely related studies as being a distinct area of industrial endeavour, the systematic analysis of which will yield fruitful results."[2]

Wanneer mens aan outomatisasie dink, dink mens aan 'n tegniese apparaat wat selfstandig, sonder menslike inmenging werk

---

1) Van Riessen - De moderne productiewijze.(In De verantwoordelijke maatschappij) p. 73.
2) Diebold - Automation, p. ix.

in belang van die mens. Dit bly egter instrument van die mens. Sonder die aktiwiteite van die mens wat die doel stel wat verwesenlik moet word, bly die outomaat sinloos en magteloos. Outomatisasie is dus die strewe na selfstandige werking van die tegniese apparatuur, en sodoende ook na die maksimale uitskakeling van die mens in die tegnie'se arbeid. Nie alle produksie kan geoutomatiseer word nie. Dit is slegs moontlik sover dit massaproduksie aanbetref. Vir die produksie van individuele artikels sal die vakman altyd die beslissende arbeid moet verrig. Ook waar die outomaat die mens vervang, kan dit nie funksioneer sonder die toedoen van die arbeidende mens nie. "De automatisering is een proces, waarin stap voor stap technische functies in de apparaat geprojecteerd worden, zodat zij 'zelfstandig' door het apparaat verricht kunnen worden en geen menselijke inmenging meer vereisen."1) Bok verkies die term voortgesette meganisasie in plaas van outomatisasie. "Wat sinds enkelen jaren automatisering heet, wordt dus nauwkeurig weergegeven door de woorden: 'voortgezette mechanisatie! Veel misverstand en onrust zou zijn voorkomen, als de te verwachten nieuwe ontwikkeling als 'vootgezette mechanisatie' was betiteld en het woord automatisatie (automation) niet zou zijn opgedoken."2)

Die outomatisasie het vir menige arbeidende mens groot probleme (w.o. ook arbeidsetiese probleme) geskep. Of die vrees denkbeeldig of reëel is, die feit bly staan dat arbeiders vrees dat deur die voortgaande outomatisering werkloosheid in die hand gewerk sal word. Ook bestaan die vrees dat deur die verkorting van arbeidstyd deur outomatisasie vryetydsbesteding 'n probleem van ernstige aard kan word.

Outomatisasie word ook as groot bedreiging vir die vakbeweging aangevoel. Indien die werkgewer konflikte met die vakbeweging kan uitskakel deur langs die weg van outomatisasie

---

1) Van Riessen - De moderne productiewijze (In de verantwoordelijke maatschappij) p. 74.
2) Bok - Cybernetica, p. 94.

arbeiders onnodig te maak, kom die vakbeweging teenoor die werkgewer in 'n magtelose posisie te staan.

As elemente in die nuwe produksiewyse noem van Riessen die strewe na outomatisasie en organisatoriese beheersing van die arbeid. Daar kom egter oomblikke wanneer die outomatisering die organokrasie as die organiese beheersing van die werksgemeenskap begin uitskakel. Ons verkeer tans in hierdie fase.

Deur die proses van outomatisasie word van arbeiders en bestuur nuwe aanpassinge vereis. Op gevorderde leeftyd sal menige arbeidende mens opnuut opgelei moet word om aan te pas by die vereistes van die nuwe produksiewyse. "One consequence of automation is becoming quite clear however - this is an acceleration in the long-term change in the relative composition of the labour force, i.e. in the number of skilled, semi-skilled and unskilled occupations. Some existing skills will no doubt become obsolete, some may be diluted by a further division of labour, although there are indications that automation may reverse this trend in the direction of job enlargement....training and retraining will need to be developed considerably beyond their present levels."[1] Probleme van aanpassing, hetsy psigologies, ekonomies sosiaal, eties ens. geld vir die hele hierargie van bedryfsgenote, Dit raak die beleid, programme van opleiding en alle interne en eksterne verhoudinge.

"De kenmerken van de nieuwe situatie zijn, een hooge mate van gespecialiseerde deskundigheid, een gefixeerde en geïsoleerde functie in het werk, een verdringing van persoonlijke verhoudinge door organisatorische, verzwakking van de werkgemeenschap en verlies van de relatie tussen producent en consument."[2] Die arbeidende mens ondervind 'n gevoel van onmag teenoor die tegniek. Vroeer was dit die gevoel van onmag teenoor die natuur. Hy voel een saam en verdruk. Hy ken nie meer die blydskap van die oorwinning

1) Automation in the metal trades. Report prepared by the International Labour Office, Geneva, 1956, p. 42.
2) Van Riessen - De moderne productiewijze (In de verantwoordelijke maatschappij), p. 81.

in die arbeid of die voldoening en bevrediging oor die voltooiing daarvan nie.

Omdat outomatisasie 'n baie duur wyse van produksie is, kan die werkgewer nie bekostig dat die masjiene stilstaan nie, en dus word sondagarbeid feitlik 'n vansprekenheid vir menige arbeider. Dit vergroot die arbeidsetiese problematiek vir die Skrifgelowige arbeider. Outomatisasie bewerk struktuurveranderinge in die samelewing. Dit wis grense uit en werk nivellering in die hand in die voorheen bestaande gedifferensieerde groepe. (Dit bevorder ook die proses van massifikasie wat in die vorige onderafdeling ondersoek is).

Daar bestaan ook die vrees (wat m.i. nie altyd ongegrond is nie) dat die arbeidende mens deur die masjiene tot robots verander sal word. "Writers such as Norbert Wiener, by emphasizing the similarity of automatic control systems of humans and animals, have made the world of science fiction seems indeed to be on us, with a race of human-like robots already in the making."[1] Hiervan sê Diebold verder: "No interpretation of facts could be more perverse - or disturbing."[2] In elk geval die toekoms self sal uitwys of die vrees wat menige arbeider kwel gegrond is. Daar kan egter geen twyfel bestaan nie, dat die koms van outomatisasie vir die arbeidende mens groot probleme op baie terreine (dus ook op die terrein van die sedelike) geskep het en nog sal skep. Ook hier wag vir die arbeidseticus en elke Skrifgelowige arbeider 'n verantwoordelike en noodsaaklik taak en roeping om deur die gehoorsaming van die arbeidsnorme en die bevordering van die arbeidsverhoudinge die arbeidsetiese problematiek te oorwin.

Dit sou onbillik wees om net op die probleme deur outomatisasie geskep, die gevare en die nadele daarvan te wys. Outomatisasie kan ook bydra om die waardigheid van die mens in sy arbeid te herstel, omdat baie take wat die mens onwaardig is nou deur masjiene gedoen kan word.

---

1) Diebold - Automation, p. 154.
2) Ibid.

Dit blyk ook uit die ervaring dat die tegniek die mens nie van sy arbeidsgeleenthede beroof nie, maar dat dit voortdurende nuwe geleenthede skep. Outomatisasie word deur arbeidskenners ook gesien as positiewe kultuurwins wat 'n verryking van die lewe en verheffing van die arbeid kan meebring. Van Riessen maak die stelling wat m.i. korrek is, dat tegniese ontwikkeling wel die arbeidsveld verplaas het, maar dat nie gelei het tot vermindering van die arbeidshoeveelheid nie. "Integendeel zij heeft steeds meer mensen instaat gesteld tot werken."[1] Ook Bok wys daar op dat ondanks die "voortgezette mechanisatie" in talle fabrieke die personeel uitgebrei het i.p.v. verminder het.[2]

Goodman sien net voordele in outomatisasie. Hy skryf soos volg: " men will have more leizure, larger incomes, and better and safer working conditions as factory layouts improve and dirt and danger are eliminated from the factories."[3] As kritiek op Goodman wil ek stel dat daar m.i. nie net voordele van outomatisasie te wagte is nie. Selfs die genoemde groter inkomste en meer vrye tyd beteken nie vir elke arbeidende mens net seën nie. Al hierdie sogenaamde bates kan ook die problematiek van die arbeider ernstig vergroot.

Deur outomatisasie kan baie vervelige en herhalende aktiwiteite geëlimineer word, ens."More interesting, stimulating and challenging employment should arise."[4] Ek wil nog een aanhaling van Goodman hier gee nl. "Repetitive,heart-breaking work, straining eye, brain, or limb, sheer boredom, fatigue, and a subconscious feeling of frustration; all these wil be eliminated."[5]

Omdat outomatisasie m.i. gekom het om te bly en ook nodig is om te voorsien in die behoeftes van die toenemende wêreldbevolking moet dit aanvaar word, maar dit is nog eintlik te vroeg om allerlei duistere voorspellinge te maak, en te spekuleer oor die strukturele werkloosheid wat dit teweeg gaan bring.

---

1) Van Riessen, H. Automatisering. (In Christelijke Encyclopedie, 1956, 1:397)
2) Bok - Cybernetica, p. 99.
3) Goodman - Man and automation, p. 257.
4) Ibid., p. 257 -258.
5) Ibid., p. 258.

b. <u>Outomatisasie in arbeidsetiese visie</u>.

Ek het tot dusver die aandag hoofsaaklik bepaal by die voor- en nadele van outomatisasie. Dit is egter noodsaaklik om om die persoonlike verantwoordelikheid van die werkgewer hier te beklemtoon. Deur massaproduksie mag die mensdom grootliks bevoordeel word, maar indien die werkgewer oortuig is en die praktyk dit sou bevestig dat outomatisasie grootskaalse werkloosheid in die hand sou werk, dan mag hy nie tot voloutomatisasie besluit in sy besondere bedryf of bedrywe nie. Dan oortree hy die arbeidsnorm: jy sal arbei vir die goeie. Dan dien outomatisasie in hierdie geval tot werkooosheid van sy werknemers en al die ellende wat daarmee gepaard gaan. Doelbewuste veroorsaking van nood vir jou medemens kan nie die toets van persoonsliefde deurstaan nie, en staan eties veroordeeld. Dit versteur ook sodoende die verhoudinge tussen werkgewer en werknemer en persoonsliefde word gekrenk.

Die werkgewer wat besluit tot voloutomatisasie moet ook bewus daarvan wees dat die oorskakeling die her-opleiding van talle van sy werknemers impliseer en party mag reeds op gevorderde leeftyd wees. Hier sal beplanning vereis word en die nodige tyd vir die re-edukasie van die arbeiders. Oorhaastige oorskakeling sal baie ongerief en teleurstellinge vir die werknemers beteken. Die verantwoordelike en Skrifbelydende werkgewer sal deur sy besluit tot voloutomatisasie gekonfronteer word met die probleem van die vryetydbesteding van sy werknemers, wat dan korter tye per week sal arbei en meer loon sal verdien. Die werkgewer het hier 'n belangrike taak want vryetydsbesteding is een van die wesenlike probleme wat deur outomatisasie geskep word.[1)]

---

1) Terwyl ek as waarnemer die Internasionale Arbeidskongres in Geneva in 1957 bygewoon het, het dit my opgeval hoe baie van die afgevaardigdes kommer uitgespreek het oor die moontlike gevare van outomatisasie veral vir die kleiner lande. Die moontlikhede van grootskaalse werkloosheid is gedurig genoem asook die ongelyke kompetisie op handelsgebied teen die groot state wat d.m.v. outomatisasie massagewys kan produseer. Hierteenoor het arbeidskenners met wie ek onderhoude gevoer het, my herhaaldelik daarop gewys dat hulle geen grootskaalse werkloosheid as gevolg van outomatisasie vrees nie.

Wat sondagarbeid aanbetref is dit die verantwoordelikheid van die Christenwerkgewer om sake so te reël dat sy werknemers ook geleentheid ontvang om kerkdienste by te woon en sakramente te ontvang ens. Dit sou oortreding van die sedenorme en krenking van persoonsliefde wees as die werkgewer alle moontlikhede vir sy werknemers ontneem om eredienste by te woon in hulle onderskeidelike kerke. Die verantwoordelike en gelowige werkgewer kan baie bydra om die arbeidsetiese problematiek wat o.a. ook deur outomatisasie veroorsaak word, te help oorwin.

Dit is onmoontlik om so 'n belangrike aangeleentheid as outomatisasie in enkele bladsye te beoordeel en tot reg te laat kom, maar ek volstaan met hierdie enkele gedagtes.

..........

# HOOFSTUK 8.

## DIE VAKBEWEGING.

### 1. Historiese uiteensetting.

As een van die aktuele hoofprobleme wat intiem in verband staan met arbeid en arbeidsetiek, kan hier genoem word die weerloosheid waarin veral die industrie-arbeider tot enkele dekades gelede teenoor die kapitalistiese werkgewers gestaan het. Dit het aanleidig gegee tot die organisasie van arbeiders (i.c. die werknemers) en die geboorte van die vakbeweging. Van Nierop stel dit baie skerp en m.i. tereg ook, as hy die volgende uitspraak maak: "Het grootste euvel van de arbeid in zijn moderne gestalte is wellicht dit, dat het organische er uit verloren is gegaan en dat het organisatorische daarvoor in de plaats is getreden."[1)]

Hier kan nie kategories gekonstateer word dat alle werkgewers hulle werknemers genadeloos uitgebuit het of hulle in swakbeligte, onhigiëniese ens. omstandighede laat arbei het nie. Tog is dit algemene kennis dat veral die industrie-arbeiders (die sg. industriële proletariaat) 'n onbenydenswaardige posisie beklee het in die arbeidsstruktuur en groot ellende en eksploitasie ondervind het. Dit het baie jare geduur, voordat na smadelike ontberinge, tronkstraf, werkstakings, verbannings, vervolginge, uitsluitings uit fabrieke, ens. die arbeiders uiteindelik daarin geslaag het om erkenning vir hulle organisasies te verkry. Die behandeling van talle fabrieksarbeiders in die vorige eeu (en ook daarna) kan arbeidseties beoordeel veral die toets van die persoonsliefde nie deurstaan nie.

"De vakbeweging in de zin van de organisatie der arbeid is een typisch verschijnsel der negentiende eeuw. Zij berust op het feit dat in die eeuw voltrekt de vorming van een aparte stand van loonarbeider. Aan het loonarbeider zijn en bij normale gang

---

1) Van Nierop, C. Classificatie in onderneming en bedrijfstak. (In Procesverbaal Christelijk Sociale Conferentie, 1952) p. 144.

van zaken loonarbeider blijven, strengelt zich oorspronkelijk de idee der vakorganisatie vast."[1])

Al kan en mag die vakbeweging nie slegs uit die moderne industriële kapitalisme verklaar word nie, nogtans kan baie duidelike verband (van die vakbeweging in sy historiese ontwikkeling) met die tegniek en die industriële vooruitgang nie ontken word nie. Dit is belangrik wat Spoelstra van die oorsprong van die vakbeweging sê nl. dat die industriële ontwikkeling van die vorige eeu wat gelei is deur die beginsel van die "vrije spel van krachten", van die vrye prysvorming, die persoonlike inisiatief van die ondernemer in die individuele konkurrensie, die faktor arbeid gedegradeer het tot 'n objek in die konkurrensiestryd. Die onderneming het gaandeweg die hele bestaan van die werknemer beheers. Hy behoort by die onderneming en tog voel hy hom 'n vreemdeling en buitestaander in en teenoor die onderneming. Arbeid moes verrig word, maar wanneer die arbeidstyd verby is, " dan ontvluchten zij die buiten hun gevoelsleven liggende, vreemde, in weze vyandige omgeving, om dan te ervaren dat de onderneming hun niet los liet, dat het 'eens arbeider altijd arbeider' elke uitzicht op iets anders belemmerde."[2])

Maar, al het die loonarbeider in geestelike opsig en ook in materiële opsig buite die onderneming gestaan, was hy tog daarvan bewus, dat hy as loonarbeider lotsverbonde is met die ander arbeiders met wie hy saamarbei. Daardie lotsgemeenskap het hy elke dag belewe en bewustelik ervaar binne sowel as buite die bedryf. Hy het gaandeweg tot die oortuiging geraak dat sekere doeleindes wat hy alleen nie kan bereik nie, tog wel bereikbaar was, wanneer hy met mede-arbeiders verbonde, daarvoor geywer het.

In die verheerliking van eie-belang, die grondprinsiep van die ekonomiese liberalisme, het die owerheid die maatskappy oorgegee aan die vrye spel van kragte in die samelewing. En omdat

---

1) Spoelstra - De oorsprong van de Nederlandse vakbeweging, p. 7
2) Ibid. pp 7 - 8.

die owerheid die "organiese" verbondenheid van die samelewings-kringe negeer of ontken het, is die staat gelei deur die rewolusionêre beginsels van rasionalisme en liberalisme. Dit kan ook genoem word individualisme.

Uitgaande van die onskiftuurlike mensbeskouing wat leer dat die mens van nature goed geskape is, (gebore word) was dit die gangbare liberalistiese oortuiging dat die absolute vryheid van die individu op generlei wyse gestrem of geknot moet word nie. Daarom was owerheidsinmenging in maatskaplike aangeleenthede 'n gruwel in die oë van die liberalis. Hierdie antropologiese siening ontken die destruktiewe mag van die sonde en die stryd van die mens teen die sonde en die kwaad in die kosmos. Ook word die roeping van die owerheid om 'n skild vir die swakkeres te wees, deur hierdie opvatting en beskouing ontken. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing het gelei tot groot onderdrukking en uitbuiting van die ekonomies-weerlose arbeiderstand.

Thalma skryf die volgende oor die onstaan van die vakbeweging: "De vakbeweging is ontstaan als verweermiddel van de arbeiders tegen de bedreiging van hul welstand door de tegenwoordige wijze van voortbrenging."[1] Oor die juistheid van hierdie bewering bestaan daar tans weinig of geen twyfel nie. Party navorsers wil die ontstaan van die vakbeweging verder terugdateer tot 'n vroeëre periode nog as die 19 de eeu. Dit is wel waar dat die vroeëre eeue sosiale organisasies, assosiasies van beroepsgenote en bonde van arbeiders geken het, maar hiervan skrywe Polak die volgende: "Het is vrij zeker dat zulke samewerking tussen groepen vakgenoten steeds van tijdelijke aard was gericht op het verwezenlijking ener nodiggeachte hervorming, om te eindigen zodra het doel bereikt, of de poging mislukt was."[2] Van vakbeweging in die eintlike sin van die woord, d.w.s. " van een blijvende en gereglementeer-aaneensluiting van beroepsgenoten, ten doel hebbende zo gunstig

---

1) Aangehaal deur Ruppert, M. De Nederlandse vakbeweging, Deel I, p. 1.
2) Polak, H. De Vakvereniging. Amsterdam 1922, p. 3.

mogelijk arbeidsvoorwaarden te bedingen, en te handhaven, vooral door het vervangen van de individuele onderhandelingen tussen arbeiders en werkgevers door de gemeenschappelijke onderhandeling namens vele of alle werkgevers, was in die oude tijden hoogst zelden, zo nooit, sprake."[1]

Volgens Albeda is die eerste vakbeweging in Nederland genoem: "Vereenigingen tot het organiseren van werkstakingen".[2] Dit kan veral van die V.S.A. gesê word, waar 'n vakvereniging georganiseer word m.d.o. op 'n bepaalde staking en daarna weer ontbind. 'n Navorser soos Mayo en sy navolgers, sien in die vakbeweging 'n heimwee van die arbeiders na die gemeenskap wat die liberale ekonomie hulle ontneem het. Al lê die swaartepunt van die vakbeweging-aktiwiteite in die eerste instansie op ekonomiese terrein, mag dit nooit oor die hoof gesien word nie, dat die strewe na lotsverbetering wat in hierdie beweging gemanifesteer word, ruimer as slegs ekonomies gerig is.

Omdat die arbeidende mens se maatskaplike posisie onlosmaaklik verbind is met die posisie van die werknemer as mens in die samelewing, word die vakbeweging die instrument by uitnemendheid in die emansipasie-strewe van die werknemer. Dit gaan in die vakbeweging om 'n regverdige posisie van die werknemer in sy funksie as produsent en as vry mens in die samelewing. Volgens Ruppert is die oogmerk van die vakbeweging: "Een zodanige inrichting van de maatschappij dat de arbeidende stand als geheel en elke werknemer persoonlijk in de sameleving een verantwoorde plaats verkrijgen."[3]

Die organisatoriese uitbouing van die vakbeweging het gaandeweg baie wysiginge ondergaan. Waar dit begin het as vakorganisasie van beroepsgenote, (bv. meubelmakers, skrynwerkers, ens.) het dit ontwikkel tot bedryfstakgewyse vakorganisasies. Waar voorheen almal wat in dieselfde beroep was, (afgesien daarvan in wat-

---

1) Polak, H. De vakvereniging, Amsterdam 1922, p. 1 - 2.
2) Albeda - Vakbeweging en maatschappij, p. 20.
3) Ruppert, M. Vakbeweging. (In Christelijke Encyclopedie, 1961, 6:447.)

ter bedryf dit was) verenig het in een bond, word tans almal of alle loon- en salaristrekkers in een bepaalde bedryfstak in een bond georganiseer.

Bouman wys daar op dat die tegniek vir 'n geruime tyd in die sentrum van belangstelling te staan gekom het, maar dat teen die eensydige tegniese denke verset gekom het. Wat baat die modernste outomate, elektroniese apparatuur, masjiene ens., as die mens sy medewerking weier. Dit het dus spoedig duidelik geword dat in die proses van industriële ontwikkeling deeglik rekening gehou moet word met menslike faktore. Die grense van die tegniese ontwikkeling word medebepaal deur die mens aan wie in daardie proses 'n plek aangewys is. Uit die talle geskrifte wat gedurende die afgelope dekades verskyn het, blyk dit duidelik dat menslike faktore in die industrieë nie meer op die agtergrond geskuif kan word of geïgnoreer kan word nie.

"De 19 de eeuw is geprezen als de grote tijd van het vrijheidsbeginsel. Het economisch liberalisme kon er zich op beroepen de economische vooruitgang te hebben bevorderd. Uit het oogpunt van het arbeidsverhouding beschouwd, was de arbeidsmarkt echter meestal in het voordeel van de ondernemer. De arbeiders wisten dit, zij hebben nooit reden gehad de 19 de eeuw te prijzen. Na afbraak van het oude gildewezen in de West-Europese landen en vóór het tot stand komen van vakverenigingen stonden zij weerloos. Eerst geleidelijk vonden zij de wapens om hun maatschappelijke positie te versterken: de vakbeweging bovenal." 1)

Uitbuiting van die werknemers deur werkgewers kan m.i. as die direkte aanleiding tot die ontstaan van die sosialistiese vakbeweging beskou word. Deur die ywer van Marx het dit gou koers gevat. Privaatbesit is beskou as die euwel en die bron van alle intimidasie, viktimisasie, diskriminasie ens. en uit die verset teen die toenemende akkumulasie van privaatgoedere en produksiemiddele deur die ondernemer-kapitalis, is die drang gebore om die verontregtes te hulp te snel.

---

1) Bouman, P.J. Arbeidsverhoudinge in Wes-Europa. Koers, XXIV: 123, Desember 1956.

Die arbeiders is bewus gemaak van die krag van georganiseerde, kollektiewe optrede teen diegene wat hulle misbruik en eksploiteer. Die organisasie of beweging wat so ontstaan het, moes as strydorganisasie in die arena tree.[1] Dit was ook die geboortedatum van die bekende "klasse"-verdeling en die sg. "klasse"-stryd waarvan Marx die vader is. Militante en goed georganiseerde arbeidersorganisasies het nou in diametrale verhouding tot die werkgewers te staan gekom. Die strewe van die georganiseerde arbeiders het geword om die bestaande strukture op geweldadige wyse omver te werp. Hier moet veral aan die kapitalistiese struktuur gedink word.

Gedurende hierdie tydperk het die industrie-arbeider gaandeweg tot die insig geryp dat hy geen geïsoleerde enkeling in die samelewing is wat alleen arbei of alleen hoef te veg vir sy regte nie. Hy het tot die oortuiging gekom dat hy ook 'n gemeenskapswese is wat in verskillende samelewingskringe ingeskakel is. Die doelwit van die vakbeweging in die aanvangsjare was nie hoofsaaklik om as reaksie-beweging te ywer vir die verbetering van loon en werksomstandighede nie. Om die bestaande kapitalistiese orde omver te werp was die eintlike primêre doelwit. Die vakbeweging kan nie vrygespreek word van eensydige motiewe en egoïsme in die beginjare nie. Ons mag hier o.a. dink aan geslote geledere, werkstakings, ens.

Veel pynliker en krenkend as die materiële nood van die industrie-proletariaat was die feit dat so weinig met die <u>mens</u> in die arbeider rekening gehou is, en dat die waardevolste wat die mens kan aanbied nl. sy arbeid slegs as koopwaar beskou is. Daar is gespreek van arbeidskragte i.p.v. arbeiders of arbeidende mense. Dit is m.i. hierdie arbeidstragiek wat aan die sg. "klasse"-stryd die felle en gelaaide karakter besorg het.

---

1) Die vakorganisasie, veral die Engelse Trade-unions is as strydorganisasies gesien.

"Men voelde zich als arbeidersklasse in zijn menselijkheid aangetast."[1] Die doelstellinge van die arbeiders met hulle stryd teen die leidende en besittende groepe was die beëindiging van mensonwaardige loonslawerny.

Dit is Sikkel wat die aandag daar-op gevestig het dat arbeidsgemeenskap nooit die uitbuiting van die een mens deur 'n ander mag wees nie. "Elke man komt in de arbeid als een vrij man met eigen recht van zijn God, zijn zedelijke recht op en in de arbeidsgemeenschap."[1] Die mens het volgens hom "een zedelijke recht, om naar zijn gave en mate met zijn medemenschen in gemeenschap mee te werken; hij heeft een zedelijke recht op arbeid en op gemeenschap in de arbeid."[2]

Wat hier ook genoem behoort te word is die feit dat die werkgewers te onverbiddelik streng was teenoor die werknemers en dat die staat as reël met die werkgewer gesimpatiseer het en sy saak deur wetgewing beveilig en bevorder het. "De zelfstandige ondernemer verlangde volledige vrijheid van handelen. Hij kende slechts één kompas: die winstmogelijkheden, die een vrije markteconomie hem bood. Naar willekeur nam hij arbeiders in dienst en ontsloeg hen wanneer hij meende, dat de omstandigheden daartoe aanleiding gaven. De arbeidsmarkt (het woord is duidelijk genoeg) onderging dezelfde invloed van vraag en aanbod als iedere ander markt. Het loon was niet anders dan de prijs, die voor beschikbare arbeidskracht werd betaald."[3] Die vasstelling van lone en die duur van die arbeid was die eksklusiewe prerogatief van die werkgewer. Van oorlegpleging van werkgewers met werknemers was daar geen sprake nie.

Waar die arbeiders aanvanklik kollektief opgetree het in hulle beywering vir hoër lone en korter arbeidstye ens. het die werkgewers dikwels hulle toevlug geneem tot uitsluiting van die arbeiders uit die fabrieke. Al wat meestal vir die werknemers oor-

---

1) Sikkel - Vrymaking van den arbeid, p. 109.
2) Sikkel - Vrijmaking van den arbeid, p. 109.
3) Bouman, P.J. Arbeidsverhoudinge in Wes-Europa, Koers, XXIV:123, Desember 1956.

gebly het was om die minste te wees en heelhartig die voorwaardes van die werkgewer te aksepteer en ooreenkomstig sy opdragte te handel.

Die lotsverbondenheid van die werknemers het egter vir hulle die weg geopen tot kollektiewe en georganiseerde optrede teen die werkgewers. Alhoewel die owerheid dikwels werkstakings en georganiseerde optrede van arbeiders verbied het, het die arbeiders tog geleidelik hulle kollektiewe krag besef en gesametlik opgetree as hulle eise gestel het. Van owerheidsweë het eindelik toegewings gekom, en deur hierdie konsessies en arbeidswetgewinge is die lot van die arbeiders aanmerklik verbeter. So het daar na die georganiseerde optrede van die werknemers enorme verbetering in die lotgevalle van die arbeiders ingetree.

Gesien vanuit die lig van die Christelike Antropologie kan ons nie anders as om die reg tot assosiasie en kollektiewe optrede te erken nie. Indien die werkgewers nie voldoende rekening hou met die arbeider en sy gesin nie, en indien die lone so gering is dat die afhanklikes van die werknemer broodgebrek moet ly ens., dan het die werknemer m.i. die reg om saam met sy mede-arbeiders toevlug tot gesamentlike aksie te neem om toestande te probeer verbeter.

Dit moet m.i. erken en waardeer word, dat die georganiseerde en kollektiewe aksie van werknemers (industrie-werknemers e.a.) in die verlede groot suksesse geboekstaaf het t.o.v. die lotsverbetering van die arbeiders. Ook in die onderhandelinge met die werkgewers tussen die organisasies van werknemers en die organisasies van werkgewers is deur kollektiewe bedinging (deur Ruppert die "koninklijk strijdmiddel" genoem) vir die werknemers voordelige arbeidsooreenkomste verkry.

2. <u>Die Christelike vakbeweging</u>.

Dit is my persoonlike oortuiging dat daar nie twee aparte organisasies nl. een vir die werkgewers en een vir die werk-

nemers behoort te wees nie. Dit sou m.i. in die belang van arbeidsverhoudinge wees indien alle werkende mense in 'n bedryfskring (werkgewers en werknemers) in een organisasie (vakbeweging) saam georganiseer is. Eintlik moet dit baie meer positief gestel word. Die werkgewer en die werknemer wat albei arbeidende mense met opdragte van God en 'n roeping teenoor mede-arbeiders is, behoort "organies" bymekaar in een samelewingskring, wat ek hier wil noem 'n "arbeidsgemeenskap" 1)

Soos egter reeds genoem 2) het die vakbeweging ontstaan as verweermiddel van die arbeiders teen die bedreiging van hulle welstand deur die teenswoordige wyse van produksie. Dit het as beweging deur die jare groot suksesse geboekstaaf in belang van die werknemers.3) Dit is vanselfsprekend dat die status quo nie maklik verander kan word en sal word nie. Die vakbeweging met sy organisasies vir werknemers en organisasies vir werkgewers het blykbaar gekom om te bly. Dit word deur die owerhede erken en arbeidsooreenkomste wat deur kollektiewe bedinging verkry is, moet deur al die betrokke partye nagekom word.

Alhoewel dus die ontstaansgrond van die vakbeweging negatief en reaksionêr was, hoef dit nie die bestaansgrond van die moderne vakbeweging te wees nie.

Kerstening van die vakbeweging was en is moontlik, en hier het die vakbeweging wat die Skriftuurlike waarhede en beginsels ook op die terrein van die arbeid toepas seën (ook op sedelike gebied) vir die arbeidende mense besorg. Deur gehoorsaming van die arbeidsnorme, asook die etiese norm van persoonsliefde (en ander sedelike norme) en die strewe na gesonde arbeidsverhoudinge, het die Christelike vakbeweging (en hier dink ek aan werkgewers- en werknemersorganisasies) 'n waardevolle bydrae gelewer in be-

---

1) Gewoonlik word "gemeenskap" in enger betekenis gebruik bv. van die huwelik, gesin ens. In die geval van arbeidsgemeenskap word dit in ruimer sin gebruik. Veral Sikkel het hierdie term dikwels in sy werke gebruik.
2) sien p. 180.
3) Die term "vakbeweging" word as reël slegs gebruik om die organisasie van werknemers aan te dui. In werklikheid sluit dit die organisasies van albei groepe arbeidende mense in, want ook die werkgewer en al sy gevolmagtigde verteenwoordigers arbei.

lang van werkgewers en werknemers.

Brillenburg Wurth vestig die aandag op die verskynsel dat aanvanklik min simpatie betoon is teenoor die totstandkoming van christelike vakverenigings, vakbonde ens., maar gaandeweg is die beginsel van klassestryd prysgegee om "plaats te maken voor de weg van overleg tot oplossing van de sociale conflicten. Daarmee is ook de arbeidersbeweging van karakter veranderd."[1] Die arbeiders het tot die oortuiging gekom dat die oplossing vir al die probleme (o.a. op arbeidsetiese terrein) en die verbetering van onderlinge arbeidsverhoudinge nie op die weg van geweld gesoek hoef of behoort te word nie, maar wel op die weg van "onderlinge oorlegpleging" ens.[2] Dit was veral Thalma wat daartoe bygedra het dat 'n beter insig deurgebreek het. Met krag en oortuiging het hy gepleit vir die vryheid en selfstandigheid van die arbeider as werknemer (wat die reg op eie vakorganisasies en selfs werkstaking indien die nood dit vereis, insluit).

Brillenburg Wurth verskil van Rupp as hy beweer dat die Christelike vakbeweging (i.c. as organisasie van werknemers) nie uit 'n positiewe besef ontstaan het nie. "Hoogstens kan men beweren, dat in de loop der jaren de negatieve elementen, het verset tegen de Marxistische vakbeweging, dat uit de aard der zaak in de bebeginperiode meer op de voorgrond trad, meer teruggetreden zijn tegenover de positieve en constructieve doelstelling, waarvan men zich al meer bewust is geworden."[3]

Wie 'n studie maak van die vakbeweging in Nederland, kan vrymoedig met Brillenburg Wurth saamstem as hy skrywe oor die invloed en betekenis wat die Christelike vakbeweging op die nie-christelike (sosialistiese ens.) vakbeweginge uitgeoefen het. " Ze heeft niet slechts de klassenstrydleer bestreden en daartegenover het hoge belang van het beginsel van overleg principieel gepropa-

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 281
2) Ibid., p. 281.
3) Ibid., p. 282.

geerd. Ze is ook tot op zekere hoogte reeds er in geslaagd de andere vakbewegingen op deze andere en beter weg mee te krijgen en zo gezamentlijk constuctieve arbeid op sociaal-economische gebied te verrichten."1) Die toepassing van die beginsel van onderlinge oorlegpleging kan seker as die belangrikste enkel prestasies van die Christelike vakbeweging vermeld word.

Die werkgewer wat sy werknemer nie bloot as arbeidskrag of ekonomiese koopwaar beskou en behandel nie, maar wel as mede-beelddraer en mede-geroepene deur God tot arbeid, (met sy eie persoonlike verantwoordelikheid teenoor God en mede-skepsels), kan nie anders as om die beginsel van onderlinge oorlegpleging te aksepteer en prakties in sy onderneming tot toepassing te bring nie. Dit is vanselfsprekend dat die werknemer wat sy arbeid gee in die onderneming, meer arbeidsvoldoening en arbeidsvreugde sal ondervind indien hy oor sekere aangeleenthede geraadpleeg word as wanneer hy as blote nommer behandel word (sonder om ooit kennis van sy ~~kennis~~, ervaring, probleme, nood, spanninge kennis te neem).

Die bestaansgrond van 'n Christelike vakbeweging moet dus nie daarin geleë wees dat dit bloot verweermiddel en strydorganisasie is nie, maar wel diensorganisasie in belang van werkgewer en werknemer. Deur kollektiewe bedinging, oorlegpleging, onderhandeling, beraad ens., kan konflikvryer arbeidsverhoudinge bevorder word en arbeidsvreugde en arbeidsvrede tot stand kom. Deur die toepassing van etiese en ander beginsels (asook gehoorsaming van die sedelike norme) kan die arbeidsetiese problematiek van die arbeidende mense tot 'n groot mate oorwin word.

Duvenage formuleer m.i. die taak van die christenarbeider mooi as hy skryf: "Die banier van die koningskap van Christus moet wapper oor die hele terrein van die arbeid. Wie wil staan in die wapenrusting van die geloof word geroep tot stryd om hervorming. Die liefde tot die naaste kan nie ingekader word tot gesindheidsmoraal nie, maar moet ook gestaltegewend werk op die

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 283.

organisasie van die arbeid."[1] Alhoewel dit duidelik is dat die vakbeweginge sosiaal-ekonomiese organisasies is, moet dit nogtans rekening hou met die sedelike beginsels en sedenorme, anders verval en ontaard dit in outonomie en demonie. Deur die toepassing van skriftuurlike en sedelike beginsels op die terrein van menslike arbeid, en deur die gehoorsaming van die arbeids- en ander norme het gelowige en verantwoordelike arbeidende mense daarin geslaag om arbeidsverhoudinge te verbeter en in plaas van klassestryd persoonsliefde in beoefening te bring. Alhoewel die ideaal van die gelowige arbeider (werkgewer en werknemer) m.i. moet bly om werknemer en werkgewer in een samelewingskring as arbeidsgemeenskap te organiseer en die kunsmatige "klasse"-verdeling uit te skakel en te bekamp, kan nogtans gekonstateer word dat die gelowige arbeiders daarin geslaag het om in sekere lande die bestaande vakbeweging te kersten in belang van die arbeidende mens.

3. Christelik-sosiale beweging in Nederland.

Vooraf moet ek hier net noem dat dit hier gaan oor 'n algemeen-Christelike beweging en nie oor 'n spesifieke Rooms-katolieke of Protestantse beweging nie.

Alhoewel Reformatoriese Christene anders dink oor kerkgesag, die subsidiariteits prinsiepe, sosiale vraagstukke ens., as die Rooms-Katolieke Kerk, is die Christelik-sosiale aksie van lg. kerk in baie opsigte as bondgenoot beskou teen die sosialistiese vakbeweging wat die Skriflig verwerp of ignoreer, deur die Protestante in Nederland. Beide die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse Christene het die rewolusionêre klassestryd-beginssel van die Sosialisme beveg. Deur die konfrontasie is magtige invloed uitgeoefen op die sosialistiese denke. Hiervan sê Smeenk die volgende: "Het socialisme heeft de invloed ondergaan van de wijzigingen, die zich sedert Marx in de maatschappij hebben voltrokken, van de politieke beroeringen in verschillende landen,

---

1) Duvenage - Beroepsarbeid in die lig van die christelike Etiek, p. 148..

van de wetenschappelijke critiek, en stellig ook in de laatste plaats van het optreden der Protestants-Christelijke en Rooms-Katolieke sociale actie. Vooral ook in ~~die~~ Nederland."[1] Was die toepassing van die liberaal-ekonomiese teorieë in die samelewing nie gestuit deur die Christelik-sosiale aksie nie, en het die owerheid volhard in die politiek van onthouding, sou die organisatoriese ontwikkeling by werknemer en werkgewer baie vertraag geraak het. Arbeidsonluste, werkstakings, verwoesting van masjinerie deur fabrieksarbeiders ens. sou baie meer voorgekom het. "Had de revolutionêre sociaal-democratie met haar klassenstryd-methode niet op verset onder de arbeiders, met name onder de gelovigen arbeiders gestuit, dan zouden eveneens op het terrein van het bedrijfsleven ernstige verwoestinge zijn aangericht."[2] Alhoewel die verwyt dikwels gehoor is dat die Christelike sosiale beweging sy ontstaan te danke het aan anti-sosialistiese dryfvere, en dat dit meestal negatief opgetree het, is die verwyt onbillik, want ons vind talle positiewe gedagtes by baie voorlopers van die christelike sosiale beweging in die 19 de eeu nl. dat die maatskaplike probleme in die Lig van God se Woord ondersoek en analiseer moet word. "De Christelijk-sociale beweging in ons land schreef bij haar ontstaan in de jaren zeventig van de vorige eeuw twee woorden uit het Spreukenboek in haar vaandel, nl. 'Rijken en armen ontmoeten elkander, de Here heeft hen allen gemaakt.' (Spr. 22:2) en 'Gerechtigheid verhoogt een volk, maar de zonde is een schandvlek der natiën'."[3]

Hagoort sê dit is 'n voorreg om 80 jaar later te mag konstateer dat die beweging aan die Bybelse opset getrou gebly het. "Zij is ....geen 'klassebeweging', hetzij van werkgevers, hetzij van arbeiders geworden. De eenheid en gelijkheid van alle mensen voor God en dus ook in het maatschappelijk leven heeft zij ge-

---

1) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 377.
2) Ibid.
3) Hagoort - De christelijk sociale beweging, p. 7.

handhaafd.

Zij heeft steeds gestreefd en streeft nóg naar gerechtigheid, gerechtigheid voor allen en staat dus tegen het onrecht, dat een zonde, een schandvlek van een volk is."1)

Hagoort vestig ons aandag op 'n baie belangrike feit nl. dat die Christelik-sosiale beweging nie ontstaan het omdat Christene dit nie in die neutrale organisasies kon uithou as gevolg van die verkeerde sosialistiese en liberalistiese invloede nie. Inteendeel "de Christelijk-sociale beweging is geboren en leeft uit het besef, dat het Christelijk geloof ook voor het het sociaal terrein iets, neen: alles te zeggen heeft en dat het daar dus uitgangspunt moet zijn voor principiële en practische arbeid, voor organisatorische optrede. Christelijk-sociale organisatie is eis voor ieder, in wat rang of stand, in wat beroep of bedrijf hij ook staat."2)

Aanvanklik egter was daar talle werknemers (en hieronder belydende Christene) wat tengunste van neutrale organisasie was. Daar is wel besef dat daar geywer moet word vir gunstige arbeidstoestande en arbeidsvoorwaardes, maar daar was min entoesiasme vir die roepstemme dat arbeiders in hulle arbeid en arbeidsverhoudinge deur bepaalde beginsels gelei moet word. Dit het ontbreek aan maatskaplike perspektief. Dit het tog spoedig duidelik geword dat die Christengelowige 'n eie visie op die sosiale vraagstukke en sosiale problematiek het, en derhalwe ook behoefte aan 'n eie christelike arbeidsorganisasie het. Die totstandkoming van die Christelike vakbeweging in Nederland is geensins die uitkoms van die toedoen van die kerk of politieke leiers nie. "Zij is opgekomen uit de nood van de arbeiders, die ook op sociaal gebied zich wilden laten leiden door het Woord Gods."3)

---

1) Hagoort - De Christelijk -sociale beweging, p. 7
2) Ibid., p. 6.
3) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 380

4. Die stryd om die Inter-konfessionalisme.

Hieroor is daar veel stryd in Nederland 1) gevoer. Dit het egter na baie bespreking, oorlegpleginge en rype beraad duidelik geword dat die gewenste oplossing lê in 'n selfstandige vakbeweging vir die Protestantse Christene en 'n selfstandige vakbeweging vir die Rooms-Katolieke Christene. Ongelukkig kan hier nie ingegaan word op die stryd pro en contra die Interkonfessionalisme nie, maar ek wil vir Smeenk hieroor aan die woord stel: "Thans moet met beschaming erkend worden, dat wij te pessimistisch hebben gedacht over de mogelijkheden van een zelfstandige Prot.-christelijke en Rooms-katholieke vakbeweging. Beide bewegingen zijn tot brede ontwikkeling gekomen...Er is nu een in feite Protenstants-christelijke vakbeweging, die haar vleugels wat breder kan uitslaan dan bij een gaan in interconfessionele lijn mogelijk zou zijn geweest."[2]

Volgens Ruppert sou die eenheidsstandpunt (d.w.s. dat alle arbeiders, afgesien van hulle geloofsoortuiginge, in een vakbeweging georganiseer moet word) veld gewen het, as dit nie was vir een onoorkomelike struikblok nie, nl. die klassestryd-beginsel. Hierdie probleem het Christenarbeiders genoop om eie en aparte arbeidersorganisasie te stig. Hulle het openlik verkondig dat die Christelike beginsels groot betekenis het vir ons denke en handelinge, ook op sosiale gebied.[3] Ook hier moet volgens Ruppert (en m.i. tereg ook) rekening gehou word "met het woord van Christus: al wat gij wilt dat u de mensen zullen doen, doe gij hun desgelijks want dat is de wet en de profeten. En ook hier geldt en moet gerekend worden met de grote zedewet door Christus opnieuw naar voren gebracht als de summa van het goddelijke gebod, God lief te hebben boven alles en de naastes als onszelf."[4] Tot in die jaar 1914 nog het Amelink gepleit vir interkonfessionele orga-

---

1) Net soos in die geval van die christelike sosiale beweging gaan ek my in hierdie gedeelte slegs bepaal by Nederland.
2) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 386.
3) Ruppert, M. Confessionele vakbeweging. (In Christelijke Encyclopedie, 1957, 2:280)
4) Ibid. 280.

nisasies en kon hy geen rede sien vir arbeiders om in aparte vakbewegings op konfessionele gronde te organiseer nie. Interkonfessionalisme het 'n vrome wens gebly en kon nie prakties deurgevoer word nie. Ruppert darenteen is van mening dat die Protestants-Christelike vakbeweging se kampvegters nie spyt is dat hulle die weg van die konfessionalisme gegaan het nie. Ervaring het geleer dat 'n konfessionele vakbeweging én prinsipieel én prakties lewenskragtiger is as 'n interkonfessionele een. Die stryd om die interkonfessionalisme was egter baie leersaam volgens Ruppert omdat daaruit gebly het dat die pioniers van die Christelike vakbeweging werklik ernstig was in hulle strewe na 'n algemene Christelike vakbeweging met 'n roeping en taak t.o.v. arbeiders sonder om kerklike, politieke of konfessionele binding in aanmerking te neem.

Dit moet hier baie duidelik gestel word dat die Christelik-sosiale beweging in Nederland beide werkgewers en werknemers insluit. "Men kan spreken van arbeidersorganisaties, patroonsorganisaties, middenstandorganisaties, boerenorganisaties...zij vinden elkaar in één toporgaan, dat de gehele Christelijk- sociale beweging omvat en dat sinds zijn stichting op 21 October 1937 al meer in belangrijkheid toeneemt: het convent der Christelijk-sociale organisaties."[1]

5. Die Chistelike Nasionale Vakverbond.

Die besluit tot die stigting van die C.N.V.[2] het plaasgevind in 1908. Unitas het die inisiatief geneem. As grondslag is die grondbeginsels soos vervat in die Heilige Skrif aanvaar en die leer van die klassestryd is verwerp. Dit is veral deur die positiewe en konstruktiewe beleid van die C.N.V. dat die beginsel van oorlegpleging sy regmatige plek in die verhoudinge tussen werkgewers en werknemers ontvang het.

---

1) Hagoort - De Christelijk-sociale beweging, p. 7.
2) Daar is drie belangrike vakbeweginge in Nederland. Daar is die sosialisties georiënteerde vakbeweging nl. die Nederlandse Vakverbond (N.V.V.) en die Katholieke Arbeidersbeweging (K.A.B.) Die derde is die Christelijk Nationaal Vakverbond. Albei die laaste twee is georganiseer op konfessionele grondslag. Ek behandel net die C.N.V. in hierdie studie.

Hier kan ook die saak van medeseggenskap genoem word. En hier mag medeseggenskap nie so vertolk word asof die werknemers medegesagsdraers word nie. Ons vind in die bedryf 'n rangorde van gesagsverhoudinge (gesagshierargie) nl. bestuurders, onder-bestuurders ens. wat almal onder die hoëre en hoogste gesag van die bedryf staan. Werknemers kan nie gelyke seggenskap in die hoogste gesagbeoefening van die bedryf eis nie, want dan word die gesagsrelasie vernietig. Ek het in gedagte medeseggenskap in die sin wat Brillenburg Wurth dit formuleer: "Maar medezeggenskap betekent dan ook niet dat dit gezag prijsgegeven wordt, maar wel, dat aan de factor arbeid waaraan nu eenmaal ook een constituernde functie voor de opbouw van het bedrijf toekomt, toegestaan wordt in dat gezag en de gezaghebbende leiding te participeren, niet alleen door mee te spreken maar ook door mee te beslissen."[1)]

Gesien die neiging tot o.a. massifikasie soos reeds aangetoon,[2)] en die verval in die verantwoordelikheid by baie werknemers, moet deur die Christelike vakbeweging veral geywer word vir wat Oldbam noem 'n "responsible society". Die C.N.V. wat 'n Protestants-Christelike beweging is het in 1957 'n ledetal van 215,944 gehad, en het 'n groot aandeel gehad in verskillende oorlegorgane w.o. die "Stichting van de Arbeid". Die C.N.V. het ook belangrike invloed uitgeoefen op die wetgewing i.v.m. die Ondernemingsrade in Nederland.

Die C.N.V. is 'n federasie van Christelike vakorganisasies van werknemers wat werksaam is in die partikuliere bedrywe, owerheids- en semi-owerheidsdiens.

Die rede waarom ek so baie aandag wy aan die Christelik-sosiale beweging en ook die Christelik-protestantse konfessionele vakbeweging, is omdat m.i. hierdie vakbeweging in die moeilike problematiek (o.a. ook sedelik) rigting en leiding probeer gee om sodoende die problematiek te oorwin. Dit streef daarna om

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven..., p. 283.
2) Sien p. 164 v.v.

die beginsel van oorlegpleging in die bedryfsstruktuur geïnkorporeer te kry, sodat die werknemers kan ervaar dat hulle verantwoordelik meedoen en weer kan beleef dat arbeid menswaardige en roepingdienende menslike artiwiteite is. Die mens moet die arbeidsnorme gehoorsaam en uitlewe, sy arbeid goed doen en goeie doelstellinge nastrewe, maar as hy ook geraadpleeg word maak dit sy taak soveel makliker.

Deur onderlinge oorlegpleging tussen die organisasie van werknemers en die werkgewers (of organisasies van werkgewers) is arbeidsooreenkomste aangegaan wat vir die onderlinge verhoudinge 'n enorme bate was en arbeidsvreugde bevorder het.

6. Verbond van Protestants-Christelike werkgewers in Nederland.

Ongelukkig kan ek nie hier breed ingaan op die oprigting en betekenis van werkgewersbonde nie. Maar ek wil tog noem dat hierdie organisasies van werkgewers hulle beywer om in die Lig van God se Woord 'n verantwoordelike maatskappy daar te stel. Dit is die doel van die Verbond van Protestants-Christelike Werkgewers in Nederland om die onderneming te verhef tot 'n samewerkingsverband. "Het stuurde aan op de verdwijning van wat er nog reste aan wantrouwen tussen werkgevers en werknemers en daarvoor was in hoge mate beslissend in welke geest de samewerking geschiedde."[1]

Dit moet hoog waardeer word dat in die jare wat verby is werkgewers en werknemers hulle beywer het om die Lig van God se Woord ook te laat skyn op die terrein van die arbeid. Hierdeur kan ook die sedelike norm van persoonsliefde tot groter reg kom in die verhoudinge tussen werkgewers en werknemers. Die onverantwoordelike oortreding van die arbeidsnorme wo. die sedelike norme (veral die norm van persoonsliefde) het groot nood in die lewens van veral die werknemers gebring en arbeidsverhoudinge vertroebel. Die gehoorsaming en uitlewing van die genoemde norme kan die arbeidsnood en problematiek van die arbeiders help oorwin.

---

1) Wieringa W.J. Veertig jaren Christelijk-sociale ondernemingsarbeid. (In De verantwoordelijke maatschappij, p. 363)

7. Die Ondernemingsrade in Nederland.

Ek kan nie nalaat om hier enkele organe van samewerking wat in Nederland in gebruik is te noem nie, nl. die "Stichting van de Arbeid", "De Publiekrechtelijke Bedrijfsorganisatie", "De Sociaal-Ekonomiese Raad" en die "Ondernemingsraden". Ek wil in hierdie proefskrif net aandag skenk aan lg. naamlik die Ondernemingsrade.

Ruppert noem die wet op Ondernemingsrade 'n "zij het ook voorzichtige schrede op de weg na de economische medezeggenschap der werkers."[1] Volgens De Gaay Fortman gaan die wet uit van die veronderstelling dat die onderneming 'n arbeidsgemeenskap is, waar in werkgewers en werknemers saamarbei in dieselfde samelewingskring (i.c. bedryfskring). Die Raad moet 'n orgaan van oorlegpleging wees. Die doel van die Ondernemingsraad is om groter samewerking tussen werkgewer en werknemer te bewerkstellig. Hierdie samewerking moet lei tot die verbetering van arbeidsverhoudinge en die bevordering van die goeie verloop van sake in die onderneming.[2] Oor die taak en bevoegdhede van die Raad kan hier nie breedvoerig uitgewei word nie, maar ek wil dit hier noem dat die wet 'n besondere verantwoordelikheid op die werkgewers en werknemers lê. Op hulle lê die verpligting om die wet te laat slaag. Albei groepe moet poog om die Raad te laat beantwoord aan die doel wat die wetgewers gevisualiseer het, nl. "het scheppen van een orgaan van overleg en samewerking in de onderneming waarin zowel werkgever als werknemer hun saamhorigheid en arbeidsvreugde hebben te beleven."[3] Daar is nog te min beskikbare gegewens voorhande om nou al te wil bepaal of die wet (van 1951) aan sy doel beantwoord, maar m.i. is die verordening van die Ondernemingsrade 'n positiewe stap in die regte rigting om groter samewerking, beter arbeidsverhoudinge en arbeidsvoldoening te verkry.

---

1) Ruppert, M. De Nederlandse Vakbeweging, p. 68.
2) De Gaay Fortman en Ormel. Samewerking in de onderneming, p. 23.
3) Ibid., p. 39.

Hier het ons 'n strewe deur die owerheid wat in lyn lê met die ideaal waarvoor Sikkel so lank gepleit het, nl. die herstel van die "organiese" kenmerk van die arbeid nl. die arbeidsgemeenskap. Sikkel het dit so geformuleer: "De arbeidsgemeenschap is een organische levensgemeenschap van menschen in de goddelijke arbeidsroeping; gemeenschap in zweet en zorg, maar ook in eervolle, vreugdevolle energie, en de eere van het product, en in het brood, dat dit product brengt."[1] Deur die sonde in die wêreld en die kringverskeurende en kunsmatige klasseverdeling is die "organiese" identiteit van die bedryfskring uitmekaar geskeur. Vir die herstel van die arbeidsgemeenskap het Sikkel hom beywer en in hierdie rigting werk die Ondernemingsrade. Die wet verorden 'n orgaan van samewerking en oorlegpleging binne elke bedryfstak waarin meer as 25 werknemers werksaam is.

Die arbeidende persone, hetsy werkgewers of werknemers van 'n spesifieke bedryf of onderneming, wat daagliks met mekaar saamarbei, het nou 'n orgaan wat gereeld vergader en geleentheid bied vir die bespreking van die probleme i.v.m. produksie, lone, diensvoorwaardes, dienstye, verhoudinge ens. Die vakbeweging kan nog steeds in belang van sy lede voortgaan met kollektiewe bedinging, vasstelling van arbeidsooreenkomste en fungeer as mondstuk van die bedryf na buite, maar die vakbeweging kan nie die plek inneem van die Ondernemingsraad, wat binne die bedryfstak opereer en eintlik met die interne aangeleenthede en probleme van die bedryfstak te doen het. Hierdie Raad kan beslis baie bydra om konflikte uit te skakel, frustrasies te verhoed, stakings te voorkom, arbeidsvrede te bevorder, arbeidsverhoudinge te verbeter en die arbeidsproblematiek in die algemeen te verlig.

Ek wil heelhartig onderskryf wat Ruppert konstateer nl. dat volstrekte gehoorsaamheid aan die Woord van God nodig is. God wil "dat er tussen zijn kinderen gemeenschap is, ook tussen degenen, die aan deze zijde van het graf ondernemer en arbeider

---

1) Sikkel - De vrijmaking van den arbeid, p. 108.

zijn. Alleen deze overtuiging zal het o.i. van het communisme winnen."[1]

Dit is my persoonlike oortuiging dat 'n liggaam soos die Ondernemingsraad wat plaaslik en intern die sake van 'n bedryf hanteer die doeltreffendste orgaan is om arbeidsgemeenskap te herstel in die mate wat dit moontlik is in 'n samelewing waar die sonde nog oorwin moet word en die arbeidende mense nog stry teen die verskeurdheid a.g.v. kwaad in die kosmos. Dit lê m.i. meer op die weg van die Ondernemingsrade as op die weg van vakbewegings om arbeidsgemeenskap te herstel. Die Ondernemingsraad bied geleentheid vir die werkgewers en werknemers wat belang het by die interne aangeleenthede van 'n bedryf (of bedryfstak) om deur onderlinge oorlegpleging konflikte te verminder, probleme uit die weg te ruim en arbeidsverhoudinge te verbeter ens. So kan die "organiese" kermerk van die arbeidsgemeenskap weer in beginsel herstel en verder uitgebou word. Die bedryf word dan tereg gesien as 'n samelewingskring waarin werkgewer en werknemer saam 'n eenheid vorm nl. 'n gemeenskap, en saamarbei i.p.v verdeel te word in twee aparte klasse wat antagonisties staan teenoor mekaar. Sodra lg. gebeur word die sedelike norme oortree, word die spanninge tussen werkgewers en werknemers vergroot en arbeidsverhoudinge vertroebel.

Ondernemingsrade of organe soortgelyk hieraan wat op dieselfde beginsels werk en dieselfde doelstellinge het, skep m.i. die milieu waarin sedelike norme verwerklik kan word en veral ook die etiese norm van persoonsliefde tot uitdrukking kan kom. Hierdie weg sal die onderlinge arbeidsverhouding bevorder ens., en lei tot groter arbeidsvoldoening, arbeidsvrede en arbeidslus. Dit sal lei tot groter samewerking, onderlinge vertroue en respek.

Dit is geensins my oogmerk om sake idealisties voor te stel of om die goeie werk van die vakbeweging (en m.i. veral die goeie werk van die Christelike vakbeweging) te verkleineer nie.

---

1) Ruppert - De Nederlandse vakbeweging, Deel II, p. 75.

Daar bly nog 'n groot arbeidsveld oop vir die vakbeweging bv. om op nasionale vlak in belang van die werkgewers of werknemers op te tree, arbeidsooreenkomste te beding ens. Maar om die beginsels van die Heilige Skrif uit te lewe, die arbeids- en sedelike norme te gehoorsaam en persoonsliefde in die arbeidsverhoudinge te verwesenlik, moet Christenarbeiders (werkgewers en werknemers) m.i. uitgaan van die waarheid dat die bedryf (of bedryfstak) en daar waar werkgewers en werknemers saamarbei, die twee groepe beslis 'n roeping het om saam te arbei in arbeidsgemeenskap. Hierin kan die beginsels van onderlinge oorlegpleging, medeseggenskap, medeverantwoordelikheid verwerklik word. Arbeidsgemeenskap soos beoog word deur die Ondernemingsrade is m.i. nie 'n idealistiese of onrealistiese benadering nie, maar wel 'n skriftuurlike weg. Dit kan egter alleen slaag indien die regte gesindheid en verantwoordelike medearbeid van beide werkgewers en werknemers verkry kan word.

8. Verdere besprekinge en kritiese opmerkinge.

a. Ek het reeds die aandag gevestig op die feit dat die konkrete mens as enkeling en geskape wese die kroonpunt van God se skepping asook beelddraer van God is, en dat hy in verhouding tot ander mense (mede-beelddraers) in die kosmos staan.

Hierdie konkrete mens as enkeling is ingeskakel en is lid van verskillende samelewingskringe.[1] Die mens is 'n unieke, individueel-sosiale besonderheid. Hy is die knooppunt van al die samelewingskringe waaraan hy behoort. Teenoor die konkrete mens vind ons verskillende en onderskeie primêre, sekondêre en tersiêre samelewingskringe. Die mens is verder 'n wese wat deel het aan menslike vryheid en in gesagsrelasies ingeskakel is.

Die samelewingskring waarin die arbeidende mens die grootste gedeelte van sy aktiewe bestaan beweeg is die ekonomie-kring. Die ekonomie-samelewingskring wat 'n gekompliseerde kring is, omvat eintlik 'n hele aantal kringe bv. primêre produsente, sekon-

---

1) Sien p.61 - 64.

dêre produsente, distribueerders, bankwese, handelsinstellinge, verbruikers ens. Hierdie ekonomie-kring voorsien o.a. ander kringe van verbruiksgoedere wat hulle as middele vir hulle betrokke take nodig het.

b. In hierdie ekonomie-kring w.o. die industrie of bedryf ook sorteer, arbei die konkrete mens. En nou mag die werkgewer nie vergeet nie dat die arbeidende individu in sy diens 'n MENS is nie. Hy is nie slegs handelware of koopware nie. Hy is 'n beelddraer van God ook in sy arbeid. Hy het 'n eie en persoonlike roeping en opdrag van God in hierdie skepping en het as enkeling ook aanspraak op vryheid. Hy is toerekenbaar vir die arbeid wat hy verrig en verantwoordelik om die norme en behoreneise deur God gestel te gehoorsaam. Die arbeidende mens mag nooit gedepersonaliseer word en tot loonslaaf gedegradeer word nie. Sy afhanklikes mag ook nie deur werkgewers uitgebuit of misbruik word nie.

Dit is oortreding van die etiese liefdes- en ander norme as die een arbeidende mens deur 'n ander uitgebuit of misbruik word, as sy vryheid hom ontneem word in sy arbeid of as alle geleentheid hom beroof word om as verantwoordelike en toerekenbare persoonlikheid sy arbeid te verrig. Die werkgewer of sy gevolmagtigdes wat hulle gesag misbruik om hulle mag te bevorder, krenk die wese van die gesag en hierdie optrede kan die toets van die etiese norme (en in besonder die norm van persoonsliefde) nie deurstaan nie. Dit is ook krenking van persoonsliefde.

c. Omdat die konkrete mens in verskillende samelewingskringe geïntegreer is, mag een samelewingskring nie volle beslag lê op die tyd, kragte, liefde, diens, arbeidsvermoë ens. net vir eie wins en voordeel nie. Ander samelewingskringe het ook aanspraak op die mens. Die werkgewer behoort nie sy werknemer so voltyds te okkupeer dat daar geen tyd oorbly vir die nakoming van verpligting teenoor ander samelewingskringe soos sy huwelik, gesin, kerk, ens. nie. Die beginsel van soewereinitiet in eie kring ver-

eis die erkenning van die soewereiniteit van die een samelewingskring deur die ander samelewingskring. Die een samelewingskring mag nie 'n ander samelewingskring oorheers of benadeel nie. Kringoorheersing staan eties veroordeeld. So mag die ekonomie-kring (w.o. die bedryfskring) nie beslag lê op die hele mens nie. Die mens is meer as net homo faber of homo laborans. Hy moet ook tyd en geleentheid hê vir ontspanning, kultuurbelewing, verkeer in die natuur, sosiale verkeer met vriende en kennisse, bywoning van kerkdienste, verkeer met sy eggenote en kinders, ens. ens.

d. As gevolg van die uitbuiting, misbruik, depersonalisasie ens. van werknemers deur werkgewers en ook a.g.v. die kringoorheersing het die arbeider as werknemer veral in die snel opbloeiende industrieë meestal weerloos teen sy kapitalistiese werkgewer gestaan. Hieruit is verset en kollektiewe saamspan teen die werkgewer gebore. Dit het duidelik geword dat al is die enkeling werknemer magteloos en weerloos, daar tog veel vermag kan word wanneer die werknemers kollektief optree. Uit die verset en die kollektiewe optrede teen die werkgewer het die begrip "klas" sy verskyning in die samelewingsstruktuur gemaak. Dit het duidelik geword dat daar twee duidelik onderskeibare "klasse" ontstaan het, nl. die besittende "klas" wat die kapitaal (die produksiemiddele) besit en die besitlose "klas" wat as loonarbeider sy arbeid moet verkoop aan die besittende "klas". Hierdie twee "klasse" het spoedig in antagonistiese en kringeenheid-verskeurende verhouding tot mekaar te staan gekom, en mekaar beveg.

En waar volgens die m.i. Skriftuurlike beginsel van arbeidsgemeenskap die werkgewer en die werknemer binne één samelewingskring (i.c. die bedryfskring) moet saamarbei, en die kringeenheid bewaar moet word, vind ons deur die sg. klasse-verdeling kringverskeuring en 'n uiteenskeuring van die "organiese" arbeidgemeenskap.

Gehoorsaming van die etiese en ander norme op die terrein van die arbeid ( en veral ook die norm van persoonsliefde) vereis eerbiediging van die eenheid van 'n samelewingskring. Kringeenheid impliseer die samewerking van die betrokke kringlede (i.c. die werkgewer en die werknemer). Beide die beginsel van klasseverdeling sowel as die metode van klassestryd moet deur die Skrifaanvarende arbeidende mens verwerp word en vervang word deur die beginsel van arbeidsgemeenskap en die metode van onderlinge oorlegpleging ens. Die kunsmatige verdeling van die bedryfskring in twee antagonistiese (en kringeenheidverskeurende) klasse het die problematiek van die arbeidende mens veral ook wat die sedelike betref vergroot en die realisering van persoonsliefde uiters bemoeilik. Organe van oorlegpleging soos bv. die Ondernemingsrade kan m.i. ontsaglik veel bydra om die verlore eenheid nl. die "organiese" gemeenskap weer te herstel. Arbeidsgemeenskap "in U lig" as teenvoeter van arbeidsverskeuring (kringverskeuring) is m.i. die aangewese weg om die problematiek (eties en andersins) van die moderne arbeidende mens tot 'n groot mate te oorwin. Arbeid in gemeenskap en erkenning en eerbiediging van die kringeenheid (i.c. die bedryfskring) kan lei tot arbeidsvoldoening, gevoel van menswaardigheid en besef van die sinvolheid en verhewe doel van menslike arbeid. Hier kan persoonsliefde tot groter uitdrukking kom tot die bevordering van konflikvryer arbeidsverhoudinge en groter samewerking tussen die werkgewer en die werknemer.

e. Dit het duidelik geword uit wat tot dusver oor die vakbeweging geskrywe is, dat die vakbeweging sy ontstaansgrond te danke het aan die beginsel van klasseverdeling en die metode van klassestryd. Dit het ontstaan om die uitbuiting, misbruik, ontmensliking ens. van die weerlose werknemer te bekamp. Dit is uit reaksie gebore en die motiewe was meestal negatief. Alhoewel verset en stryd die ontstaansgrond van die vakbeweging is, mag dit egter nie die bestaansgrond van die vakbeweging in sy moderne gestalte (veral van die Christelike vakbeweging) wees nie.

Die (Christelike) vakbeweging moet nie net as verweer-organisasie optree nie, maar dit moet ook positief die belange van die lede behartig. In hierdie rigting lê daar 'n groot taak vir die vakbeweging en kan dit baie bydra om goeie en gesonde arbeidsverhoudinge te bereik.

f. Dit moet as die reg van die arbeidende mens beskou word om met ander mede-arbeidendes te mag kombineer en gesamentlik op te tree vir die verkryging van beter lone, bevredigende arbeidsomstandighede ens. Die reg op assosiasie met ander mag die arbeidende mens nie misgun of ontneem word nie. Maar dit beteken nog geensins dat hiermee propaganda gemaak word vir 'n kunsmatige verdeling van arbeiders in twee aparte klasse wat mekaar beveg en waarin die werknemers hulle beywer om die werkgewers (veral die kapitalistiese werkgewers) te likwideer. Hierdie lg. term wat dikwels veral in kommunistiese literatuur teëgekom word kan enigiets beteken van die doodmaak van die kapitalis tot die onteiening van hierdie werkgewer. Daar mag volgens hierdie rewolusionêre groep nie besitters en besitloses in die samelewing wees nie. In die proses van die rewolusie en opstand van die werknemer teen die werkgewer moet die twee groepe (indien nodig deur bloedgeweld) gelykgeskakel word.

Die reg om te kombineer weerspreek nie die noodsaaklikheid van arbeidsgemeenskap nie, want die organisasies wat optree in die belang van die werkgewer of werknemer hoef nie vyandig teenoor mekaar te wees nie, of rewolusionêre metodes te gebruik om oor mekaar die oorhand te verkry nie. Ondanks aparte organisasies hulle beywer vir die belange en voordele van die groepe wat hulle verteenwoordig, hoef die eenheid van die kring (i.v. die bedryfskring) nie daardeur verskeur te word nie.

g. Ek wil hier verwys na wat ek geskrywe het oor die dubbele eenheidsstruktuur van die samelewing.[1] Dit is nodig om te let op

---

1) sien p. 63.

die feit dat 'n samelewingskring bestaan uit lede in 'n sosiaal-gestruktureerde verhouding tot mekaar. Dit word deur Stoker genoem die horisontale eenheidsstruktuur van die samelewing. Die lede van die samelewingskring bv. huwelik, gesin, volk, kerk, kring van ekonomie, ens. vorm saam 'n eenheid. Elke kring het 'n eie identiteit en hierdie "organiese" eenheid moet eerbiedig word. Aangesien ek reeds oor die verskeuring van die eenheid van horisontale eenheidsstruktuur geskrywe het,[1] wil ek in hierdie paragraaf die aandag vestig op die vertikale eenheidsstruktuur en die verbreking daarvan veral deur die werkgewers.

Sosiale idiostante strukture druk hulle uit in alle modaliteite, waarvan die strukturele eenheid veral bepaal word deur die betrokke modale leidende of funderende funksie. Ontleed ons die samelewingskringe volgens hulle modale gestruktureerdheid, openbaar dit 'n eenheid wat Stoker 'n vertikale eenheid noem. Indien die werkgewer hierdie insig reg wil vertolk en prakties toepas, moet deeglik rekening gehou word met die skeppingsfeit dat die werknemer nie slegs 'n ekonomie-wese is wat net aan die ekonomie-modaliteit deel het nie.

Die werkgewer moet rekening hou met die feit dat sy werknemer ook godsdienstige verpligtinge het om na te kom, sedelike opdragte van God ontvang het t.o.v. sy medemens, juridiese regte, asook estetiese behoeftes het, ens. Die opeising van die hele persoon wat deelhet aan 12 modaliteite (volgens Stoker) in belang van die een kring (i.c. die ekonomie-kring) openbaar 'n gebrek aan begrip van die komplekse gestruktureerdheid van die lede van die samelewingskring.

Dit is dus m.i. vir die goeie orde op die terrein van die arbeid noodsaaklik dat die dubbele struktuureenheid van die samelewing geëerbiedig word. Die verskeuring van beide die vertikale

---

1) Sien p. 201.

sowel as die horisontale kringeenheid (asook die reeds genoemde kringusurpasie), moet arbeidseties beoordeel en afgewys word. Dit is hoofsaaklik aan hierdie kringverskeuring en kringoorheersing wat ons die moderne arbeidsproblematiek kan toeskrywe, en hiertoe het veral die sosialistiese (Marxistiese) vakbeweging baie bygedra. Hierdeur is arbeidsverhoudinge vertroebel en die gehoorsaming van die arbeidsetiese norme bemoeilik.

h. Die verbreking van die arbeidsgemeenskap (kringeenheidsverskeuring) deur die sosialistiese (Marxistiese) vakbeweging-benadering met sy metode van klassestryd en oogmerk van omverwerping van die bestaande struktuur asook sy leer van die onversoenbare teëstellinge tussen die twee genoemde klasse, maak samewerking, oorlegpleging, beraad binne bedryfskringe uiters moeilik. Vir die moontlikheid van oorleg en samewerking ens. soos beoog deur die Ondernemingsraad bv. word nie voorsiening gemaak in die skema van die vakbeweging wat geskoei op Marxistiese lees langs rewolusionêre weg oplossing vir die probleme van die werknemers wil vind nie.

i. Die antwoord van die Christelik-georiënteerde vakbeweging (ingesluit die konfessionele vakbewegingе) teen die klasvorming van die sosialistiese (Marxistiese) vakbeweging is arbeidsgemeenskap. Die antwoord teen die verset, stryd, rewolusie, en omverwerping van bestaande strukture, is die beginsel van onderlinge oorlegpleging, beraad, medeseggenskap, praktiese verwerkliking van die arbeidsetiese norme (w.o. veral ook die norm van persoonsliefde), ens. Arbeidsgemeenskap en nie klasse-deling nie, is die antwoord van die Skrifgelowige arbeidende mens om samewerking en arbeidsvrede te verkry.

j. My belangrikste kritiek op die sosialisties-georiënteerde vakbeweging is naas die veroordeling van die kunsmatige klasverdeling en strydmotief, die feit dat ons in genoemde vakbeweging 'n verabsolutering van groepsbelange kry, en wat daarmee verband hou, die verskeuring van die "organiese" verband in die partikuliere bedrywe. Verhoudinge word vertroebel want twee kunsmatige

gevormde en gekondisioneerde "klasse" staan teenoor mekaar en groepsegoïsme vier hoogty. Die vakbeweging kan so maklik 'n proletariaat verwek omdat die aandag van die arbeiders hoofsaaklik vir botter en brood gevra word, en dikwels deur die vakbewegings kort-termyn beleide aanvaar word.[1] In die stryd en agitasie teen die werkgewers en in die konfrontasie met die werkgewers, word dit dikwels deur die bestuur en die lede uit die oog verloor dat die werkgewers ook belange het, en dat hulle ook mede-beelddraers van God en mede-arbeiders is wat ook aanspraak op liefde, geregtigheid en agting het.

k. Deur die sosialisties-georiënteerde vakbeweging word interkommunikasie dikwels geblokkeer tussen werkgewer en werknemer. Die vakbeweging word eintlik die werknemer se tweede "baas". Die werknemer staan dan eintlik in 'n prekêre posisie tussen sy twee "base". Dit verg 'n soort dubbele lojaliteit van die werknemer. Werknemers word dikwels gedwing om lede van vakbewegings te word. Deur die vakbeweging word die beginsel van soewereiniteit in eie kring ernstig verkrag. As buitestaander, staan die vakbeweging as't ware op 'n pawiljoen, as 'n toeskouer, maar oefen dan invloed uit op die interne aangeleenthede van 'n partikuliere bedryfskring. Dit kan van buite af werkstakings aanbeveel en organiseer wat tot groot nadeel van die betrokke werknemers kan lei.

Die vakbeweging as kunsmatige organisasie in die tersière kring, het 'n kunsmatige gesag en is eintlik 'n anglo-saksiese erfenis.

l. Die groot gevaar bestaan dat die vakbeweging doel op sigself kan word, en dat net gestreef word om die belange van die vakbeweging self i.p.v. die belange van die arbeiders te dien. Die vakbeweging (in die sin van organisasie van werkgewers en werknemers) moet hom beywer vir die belange en voordeel van die werknemer maar ook van die werkgewer. Dit mag nie net agiteer vir hoër lone en korter werksweke nie, maar ook vir hoër produksie en groter getrouheid en vlyt in die arbeidsmilieu.

Verbeterde arbeidstoestande, arbeidsvrede, loonverbeterings ens. hoef nie noodwendig op die werkgewer afgeforseer te word deur stakings, sloerstakings, geweldpleging ens. nie, maar daar is die goue weg van oorlegpleging, konsultasie, beraad en die koninklike strydmiddel nl. kollektiewe bedinging om dieselfde voordele en voorregte te erlang. Eensydige belangstelling in die lotgevalle van die werknemers alleen sonder inagneming van die probleme van die werkgewers kan nie die saak van die arbeidende mense as geheel dien nie.

m. Die vakbewegings betree almeer terreine wat eintlik buite hulle bevoegheid lê. So vind ons in England dat die Arbeidersparty deur die arbeiders (as werknemers) ondersteun word. Dit stel selfs eie kandidate gedurende verkiesings (parlementêre). Hulle steun as reël die kandidate wat hom voor die eleksie verbind om die belange van die arbeiders te bevorder. Politiek behoort nie die terrein van die vakbeweging te wees nie, en sodra dit op hierdie terrein beweeg, word dit eintlik 'n drukgroep wat die belange van die werknemer primêr stel t.k.v. die belange van ander groepe in die land.

n. Die beginsel van geslote geledere is ook 'n magtige wapen wat deur die vakbewegings en die vakbeweging-leiers misbruik kan word vir eie voordeel en nadeel van die lede. Volgens hierdie beginsel moet 'n werknemer lid wees van 'n betrokke vakbeweging alvorens hy 'n betrekking in 'n spesifieke bedryfskring kan verkry. Met die beëindiging van sy lidmaatskap van die betrokke vakbeweging verloor die arbeider outomaties sy betrekking. In die praktyk kom dit daarop neer dat bestuurslede van die vakbeweging buitengewone groot magte ontvang.

Dit mag dan so gebeur dat 'n werknemer sy arbeid goed doen en tot sy werkgewer en ander gesaghebbers waar hy arbei in 'n goeie verhouding verkeer. Kom die werknemer in onguns by die vakbeweging (miskien met een bestuurslid) kan hy as lid geskors word en onmiddelik word hy ook uit sy diens ontslaan.

Hierdie dubbele lojaliteit teenoor werkgewer en vakbeweging bemoeilik die lewe van die werknemer. 'n Organisasie van buite oefen hier beheer uit oor die interne aangeleenthede van 'n onderneming. Arbeidseties kan hierdie beginsel nie geregverdig word nie. " Dit is 'n uitheemse, volksvreemde en verouderde stelsel van groepsegoïsme wat gepaard gaan met die uitsluiting van nuwe kragte en die verstening van maatskappyvorme. Dit is in wese 'n klassestrydwapen, ingegee deur die kapitalisme en kommunisme."1) Dit negeer verder die maatskaplike verantwoordelikheid van die onderneming, die werkgewer en die werknemer. "Dit bevorder nie die mens se koningskap in die arbeid nie want dit lei in die reël tot die verlies van die kernwaarde van die arbeid: die taak en roeping wat God die mens in sy arbeid as koning opgelê het."2)

o. 'n Wesenlike probleem wat ook genoem moet word is die verabsolutering van die vakbeweging tot die alfa en die oméga in die lewe van menige arbeidende mens. Die arbeider vestig al sy vertroue op die vakbeweging waarvan hy lid is. Die vakbeweging sorg vir hom in dae van werkloosheid en krankheid. Die gevaar is altyd wesenlik dat onverantwoordelike bestuurslede hierdie magtige masjienerie kan loslaat teen die werkgewers. Dit kan tot chaos en anargie lei.

Die Christelike vakbeweging is m.i. die beste toegerus om arbeidsverhoudinge te bevorder omdat dit die beginsels van geregtigheid, oorlegpleging, ens. in beoefening bring op die terrein van die arbeid en die arbeidsetiese norme probeer uitlewe. Al sou die Christelike vakbeweging ook die potensialiteite besit vir geweldadige optrede, is die doel van die Christelike vakbeweging geen rewolusionêre omverwerping van bestaande ordes nie, maar wel die strewe na samewerking in "organiese" arbeidsgemeenskap. Die gelowige arbeider verwag nie alles van sy vakorganisasie nie, want hy bely dat God voorsien in die behoeftes van die mens, maar hy beskou die vakbeweging as instrument wat voordelig aange-

---

1) Coetzee, D.J. Geslote geledere onaanvaardbaar (In Woord en Daad, Maart 1962 p. 1.)
2) Ibid.

wend kan word tot welsyn van alle arbeidende mense en die mensdom as geheel.

p. Nog 'n wesenlike probleem en een wat Brillenburg Wurth noem 'n "hoogst penibel probleem"[1] is die feit dat ons in die moderne industriële kompleks nie slegs arbeidsverdeling vind nie, maar veral ook magsverdeling, wat saamhang met die privaatbesit van produksiemiddele. "De economische machtspositie in de sameleving zijn niet gelijk. En vooral op grond daarvan krijgt men te aanzien van de arbeid verschil tussen leiding gevende en ten uitvoer liggende arbeid, die vooral in de ogen van de arbeiders minder arbeid- dan machtsverdeling is."[2] Ons vind hierdie magstryd ook in die vakbeweging wat daarna streef om die mag in hande te kry t.k.v. die werkgewer.

Die werkgewer egter, het ook regte wat nie deur die kollektiewe en georganiseerde optrede van die werknemers van hom weggeneem mag word nie. As kapitaalverskaffer en besitter van die produksiemiddele en ook as die persoon wat die inisiatief moet neem (en die leiding moet gee) het hy ook sekere regte en aanspraak op die liefde, vertroue, samewerking ens. van sy werknemers. In die industrieë is daar arbeidsverdeling, maar uit die aard van die saak ook magsverdeling, omdat die besitter van die produksiemiddele ook sekere mag verkry. Alleen teen die misbruik van mag kan beswaar gemaak word maar nie teen die besit van mag as sulks nie.

q. Wat die doelstellinge van die sosialisties-georiënteerde vakbeweging betref, moet daarop gewys word, dat die doelstellinge van hierdie vakbewegings nie altyd die toets van die sedelike kan deurstaan nie. Die rewolusionêre oogmerke en die middels wat aangewend word om dit te bereik soos bv. intimidasie, viktimisasie, onredelike werkstakings, vandalistiese vernietiging van masjienerie, ens. is o.a. oortreding van die arbeidsetiese norm: arbei vir die goeie. Dit is ook 'n oortreding van die etiese norm van persoonsliefde wat van die arbeidende mens samewerking, vertroue,

---

1) Brillenburgh Wurth - Het christelijk leven..., p. 280.
2) Ibid.

arbeidsgemeenskap i.p.v. verskeuring van arbeidsverhoudinge, stryd, rewolusie, ens. vereis. Die doelstellinge van die Christelike vakbeweging (i.c. die Protestant-Christelike vakbeweging) wat rekening hou met die geopenbaarde Woord van God het ander doelstellinge as die sosialisties-georiënteerde vakbeweginge en is beter daartoe instaat om die arbeidsetiese norme uit te voer en die norm van persoonsliefde in die arbeidsgemeenskap tot uitdrukking te bring.

9. Algemeen.

Alhoewel die vakbeweging in die jare wat verby is baie gedoen het om groter sekuriteit vir die arbeider te verkry en talle voordele vir die arbeider kan boekstaaf, het m.i. die sekulêre (sosialisties-georiënteerde) vakbeweging die arbeidsetiese problematiek van die arbeidende mens vergroot(en veral dié van die werknemer.) My doel met hierdie uiteensetting en kritiek op die vakbeweging was om die probleme wat m.i. aktuele probleme is, opnuut in die fokus van belangstelling te plaas. Die problematiek wat deur die vakbeweging veral in sy Marxistiese gestalte geskep is sal vir elkeen wat arbeid in verband met die sedelike ondersoek, ruime geleentheid vir navorsing bied.

Ek het in hierdie hoofstuk aandag gevra vir die problematiek van die arbeidende mens vir sover dit die onderlinge verhoudinge tussen werkgewer en werknemer aangaan daar waar saamgearbei word. Ek het genoem wat gedoen is en word (veral deur die Christelike en konfessionele vakbeweginge) om die verhoudinge te verbeter. Ek het dit as my persoonlike oortuiging gestel dat m.i. die oorwinning van die arbeidsetiese problematiek lê op die weg van die herstel van die arbeidsgemeenskap as teëvoeter teen die kringeenheid-verskeurende beginsel van klasseverdeling en die metode van klassestryd. Die doelstellinge wat deur die Ondernemingsrade in nederland beoog word is m.i. die eerste skrede op dié weg wat tot "organiese" arbeidsgemeenskap kan lei.

## AFDELING E: KONFRONTASIE MET ANDERSDENKENDES.

In hierdie afdeling wat handel oor die konfrontasie met die beskouinge en standpunte van andersdenkendes t.o.v. arbeid en die sedelike, wil ek my graag kortliks beperk tot vier beskouinge.

Omdat die Sosialisme as lewens- en wêreldbeskouing baie vertakkinge en beskouinge herberg, wil ek my hoofsaaklik in hierdie studie beperk tot Karl Marx wat m.i. die eintlik vader is van die sosialisties georiënteerde vakbeweging en waaraan reeds 'n breedvoerige bespreking en kritiek gewy is in die vorige hoofstuk. Ek het daar op gewys dat die vakbeweging in sy Marxistiese gestalte een van aktuele arbeidsetiese hoofprobleme geskep het.

[In 'n arbeidsetiese konfrontasie met Marx word dit spoedig duidelik dat vir hom die stryd van die industrie-arbeider (die sg. proletariaat) hoofsaaklik gerig is op die kapitalistiese werkgewer van die proletariër.] En omdat die Kapitalisme weer 'n produk is o.a. van die Liberalisme (van veral die vorige eeu) voel ek genoodsaak om beide die Liberalisme as lewens- en wêreldbeskouing sowel as die Kapitalisme wat m.i. eintlik Liberalisme op die terrein van die ekonomiese lewe is, nader te ondersoek. Vanweë die noue verwantskap van Liberalisme en Kapitalisme sal ek die twee beskouing tesaam in een hoofstuk behandel.

Verder ondersoek ek kortliks die standpunte en beskouinge van die Rooms-Katolieke kerk omdat die Roomse Katolisisme en die Calvinisme albei Christelik is en 'n onderskeiding tussen beide van belang is om my eie beskouing soveel skerper te kan stel.

In die volgende drie hoofstukke sal vervolgens kortliks aandag geskenk word aan die genoemde beskouinge in die volgorde:

I. Liberalisme en Kapitalisme. (hoofstuk 9)

II. Die Roomse Katolisisme. (hoofstuk 10)

III. Die Marxisme. (hoofstuk 11)

Dit is natuurlik 'n onbegonne taak om die vier strominge in hul geheel te behandel. Sommige stel ek uiters kursories en net in sover dit van belang is vir die arbeids-etiese problematiek.

# HOOFSTUK 9.

## I. LIBERALISME EN KAPITALISME.

### 1. Die Liberalisme.

Volgens Banning het die middeleeuse denke met sy bybelse wêreldbeeld natuur en kultuur afgelei uit 'n bo-natuurlike prinsiep of causa prima, nl. God, wat in Skriftuurlike taal die Skepper van hemel en aarde genoem word. Op hierdie grondslag het hulle hul wetenskaplike stelsels gebou. Hierteenoor plaas die moderne denke (beheers deur natuurwetenskap en astronomie) hulle gesekulariseerde kousale wêreldbeeld, waarvan die immanente kragte deur die mens ondersoek en blootgelê word. Baie navorsers het wel nog getrou gebly aan die godsdienstige belydenis, maar het dit nie as grondslag vir die wetenskaplike wêreldbeeld geneem nie. Daar is gestreef daarna om die wetenskap van die oppermag van die Teologie te emansipeer. Natuur, maatskappy en kultuur moet nie uit God nie, maar gesekulariseerd uit sigself verklaar word. bl.1.

Op alle gebiede is die REDE geleidelik as metodiese en leidende beginsel aanvaar en niks is as waarheid geproklameer wat "zich niet voor de rede als waarheid laat verifiëren."1) Veral drie hoofstrominge het bygedra tot die ontstaan van die moderne denke nl. rasionalisme, empirisme en materialisme.

Ons kan die Liberalisme ook sien as 'n vrug van die proses van sekularisme.2) " Alle gedachten in deze stromingen belichaamd waren reeds klaar en duidelik uitgesproken, voor de industriële revolutie zich baanbrak."3) Vir hierdie nuwe denkrigting staan die mens na sy ewige natuur as sedelike wese met onvervreembare regte bo die dier, en die mens mag nie in slawerny ondergaan nie.

Die Liberalisme het o.a. veral kampvegter geword vir die vryheid van die individu in ekonomiese opsig. vir die vryheid van die ondernemer ens. Dit kom neer op die reg van outonome kritie-

---

1) Banning - Hedendaagse sociale Bewegingen, p. 17.
2) Duvenage, S.C.W. sê die volgende van sekularisme: "Sekularisme is dus kortliks te beskryf as die emansipasie van die mens van sy betrokkenheid op die bo-kosmiese." (In Kerk, volk en Jeug, p. 23. bl 1.
3) Banning - Hedendaagse sociale Bewegingen, p. 131.

se denke, outonome sedelike beslissinge en gewetensvryheid. Verder het hulle hul o.a. beywer vir vryheid van godsdiens, verdraagsaamheid, gelykheid van alle individue (waarby die betekenis van die verskeidenheid asook die integrale eenheid van elke samelewingskring oor die hoof gesien moet word), ens. Kenmerkend van die Liberalisme is ook die skeiding van godsdiens en wetenskap, godsdiens en kuns, kuns en sedelikheid ens. Hierdie skeidingsprinsiepe impliseer m.i. ook die skeiding van ekonomie (winsmotief, geldmag ens.) en sedelikheid. Brillenburg Wurth wys daar op dat die 19 de eeu die tydperk was van feitlik onbetwisbare individualisme. "De maatschappij is hier m.a.w. niets dan een aggregaat van individuen. In onderlinge aantrekking en afstoting in verband met de speciale aanleg van de menselijke natuur en de daarin aanwezige onderscheiden behoeften brengen de individuen allerlei levensverbanden tot stand: huwelijk en gezin, maatschappij en staat. Maar de grondvorm van deze sameleving is daarbij het verdrag, gesloten uit welbegrepen eigenbelang van de enkeling met als doel de eudaemonie, d.w.z. het bereiken van de hoogste maat van geluk voor het grootste getal."[1])

Dit is die genoemde gees van individualisme wat gedurende die hele 19 de eeu bly deurwerk het op elke terrein waar mense opgetree het. Die Liberalisme (ja selfs die Sosialisme wat die Liberalisme van sy plek wou verdring) was deur die individualistiese gees geïnfekteer. Dit blyk uit die maatskappyleer van die Liberalisme, wat daarop neerkom dat "als men het spel van de vrije maatschappelijke krachten maar ongestoord zijn gang liet gaan,"[2]) daaruit vanself 'n harmoniese samelewing sal ontwikkel.

So het Adam Smith geleer dat die landbou van alle herediensste en feodale laste bevry moet word, dat werksliede hulle self nie mag organiseer met die doel om vrye konkurrensie uit te skakel nie.

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven...p. 131.
Wat Wurth hier eudaemonie noem is eerder utilarisme.
2) Ibid., p. 133.

Konkurrensie was beskou as die motor vir progressie. Wurth spreek van die sosiaal-ekonomiese chaos waartoe die 19 de eeuse individualistiese vryheidsopvatting gelei het.[1] Hy reken dat daardeur soveel ontwrigting veroorsaak is, dat dit die oorsaak is waarom die pendulum in die teenoorgestelde rigting beweeg het nl. die oorheersing van die kollektiwistiese prinsiepe soos dit in die moderne totalitêre sisteme beliggaam is.

Ek kan ongelukkig nie veel aandag wy aan die staatsteorie van die Liberalisme nie. Ek wil hier net vermeld dat volgens hierdie denkrigting die staat nie 'n deur God ingestelde 'n samelewingskring is wat vervleg is met ander samelewingskringe en 'n eie spesifieke taak en terrein het nie. Die Liberalis propageer so weinig moontlik inmenging van die staat terwille van die genieting van die maksimale vryheid deur die individu.

Die staat is vir die voorstanders van hierdie beskouing eintlik 'n noodsaaklike euwel om die veiligheid en orde van die menslike samelewing te handhaaf ens. Alles vir die menslike individu is die kreet van die Liberalis. Dus ook die staat vir die individu.

Die radikaal individualistiese Liberalisme behoort eintlik by die periode van die industrialisasie waarin die partikuliere onderneming die toon aangee en die individualistiese gedagte ruimte vind vir ontplooiing (en die stukrag verleen tot ontwikkeling). Volgens Medlicott is Liberalisme 'n politieke term "which came into general use in the 19-th century to descibe certain highly popular political and economic theories, and the programmes and activities of various political parties. In the widest sense the word is used to embrace all the intellectual movements since the 16 th century which may be said to form the preparation for, and the corollary to, the 19 th century liberalism..."[2] Dit is inderdaad nie maklik om die term Liberalisme te omskrywe nie.

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven, p. 133.
2) Medlicott, W.N. (In Chambers's Encyclopaidia, 1959, 8:503.)

Die woord het 'n lang geskiedenis, in die loop waarvan dit in meer as een betekenis en verband gebruik is. Alhoewel egter die Liberalisme 'n waardevolle bydra gelewer het as protes teen magmisbruik, tirannie en despotisme, mag nogtans die wesensgrond van die Liberalisme nie met vryheid vereenselwig word nie. Die grondslae en geesteskenmerk van die liberale beweging is nie te vind in die strewe na vryheid nie, maar in sy verwerping van gesag. A;g.v. die klem wat die Liberalisme lê op die outonomie van die enkeling - met sy rede en wil - kan dit nie gesag verdra nie. Histories ontleen die Liberalisme sy geestelike en ideële inhoud aan die Aufklärung en ook aan die program en beleid van die Franse rewolusie. Die Liberalisme het in metode afgewyk van die beginsels van rewolusie, maar het daarna gestrewe om die grondgedagtes van die rewolusie te verwesenlik deur 'n gematigde strewe langs konstitusionele weg.

Dit is vir Hanekom 'n saak van oortuiging dat ons in die liberale rigting met 'n beweging te doen het, waarin "die vryheidsgees van die mens 'n verkeerde rigting gekies het."[1] Op sosiaal-ekonomiese terrein het die klassieke skool en met name soos dit in Ricardo verpersoonlik is, die homo oeconomicus op die toneel gebring. Hierdie mens, is die mens "die bij zijn economische verrichtingen alleen door het eigenbelang word gedreven."[2] Dit kom daarop neer dat die mens in sy ekonomiese handelinge homself nie hoef te verknies oor etiese oorweginge nie. Dit is veral Ricardo wat aan die ekonomiese wette die karakter van natuurwette verleen het.

Vir du Plessis is die liberalistiese individualisme ook die tipies-moderne vorm van die antiek-heidense humanisme wat die mens as maatstaf vir alle dinge aanvaar i.p.v. God en Sy woord soos die Christendom leer. "Die Liberalisme tree ook wel in kollektivistiese en sosialistiese vorme op, maar sien ook dan

1) Hanekom - Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. xi.
2) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 142.

die kollektiviteit of maatskappy as 'n aggregaat van, of wisselwerking tussen die primêre en van nature aparte enkelinge, wat dus ook willekeurig uit een kollektiwiteit in 'n ander oorgeplaas word."[1] Volgens du Plessis blyk dit dat die gelykmaking van die Liberalisme in werklikheid uitloop op skynheiligheid. Die vryheid van die Liberalisme blyk 'n vryheid te wees vir gewetenslose uitbuiters om die politieke stemvryheid van die massa en die kommersiële kontrakvryheid van die werknemers en die verbruikers aan te wend vir eie voordeel.

Medlicott skryf die volgende. "The bona fides of the liberals themselves was challenged by the socialists who argued that liberalism was simply a philosophy invented by the bourgeoisie to justify its seizure of power; that political freedom meant economic bondage, and in short that the manufacturers had cleverly used the state as an instrument to further their own selfish ends."[2]

Sonder kennis van die Franse Rewolusie met sy ideale van vryheid, gelykheid en broederskap, en van 'n "ni dieu, ni maitre", sonder kennis van die oorsake van die rewolusie wat met sy leuse 'n reaksie op die destydse heersende ongelykheid en onvryheid was, sonder kennis van die groot-industrie van die vorige eeu ens. sou mens die Liberalisme as historiese verskynsel moeilik begryp.

Volgens 'n beskouing van Stoker het die Liberalisme in England 'n tipies Britse vorm aangeneem. In die Russiese Kommunisme of Bolsjewisme, 'n geesteskind van die Liberalisme met sy individualistiese opvatting van die werkersklas neem dit 'n vorm aan wat hom eintlik self weerspreek. Ook in Suid-Afrika ontwikkel volgens Stoker 'n soort Afrikaans-Nasionale vorm van Liberalisme.[3]

---

1) Du Plessis, L.J. Liberalistiese en Calvinistiese Naturellepolitiek (In Koers in die Krisis Band II, p. 222)
2) Medlicott, W.N. (In Chambers's Encyclopaidia, 1959, 8: 504)
3) Stoker - Die stryd om die ordes, p. 3.

bl.2

2. Die Kapitalisme.

Sombart gee die volgende definisie van Kapitalisme: "Unter Kapitalismus verstehen wir ein bestimmtes Wirtschaftsystem, das folgendermassen sich kennzeichen lässt: es ist eine verkehrswirtschaftliche Organisation, bei der regelmäszig zwei verschiedene Bevölkerungsgruppen: die Inhaber der Produktionsmittel die gleichzeitig die Leitung haben, Wirtschaftssubjekten sind und bezitslose Nurarbeiter (als Wirtschaftobjekte) durch den verbunden, zusammenwirken, und die von dem Erwerbprinzip und dem ökonomischen Rationalismus beherrst wird."1)

Die eieaard van die winsmotief word volgens Sombart daarin geopenbaar dat onder sy heerskappy die onmiddelike doel van die "Wirtschaftens" nie meer "Bedarfsbefriedigung" is nie, maar vermeerdering van kapitaal. Verder sê Sombart die volgende: "Diese Zwechsetzung ist der Kapitalistischen Organisation immanent, man kan also die Ersiehung von Gewinn...als den Objektiven Zweck der kapitalistischen Wirtschaft bezeichen."2)

Wanneer 'n mens 'n studie maak van die ekonomiese stelsel van die bevolking van een of ander westerse land soos Nederland, die V.S.A. of S.A., dan blyk dit spoedig dat daar sekere instellinge is, wat die algemene karakter en wyse van funksionering van hulle ekonomiese stelsel bepaal.

Die huidige ekonomiese stelsel in die genoemde lande dra trouens die naam van kapitalistiese stelsel of kortweg Kapitalisme, om dit te onderskei van die ekonomiese stelsel wat voor die 16 de eeu in Wes-Europa in swang was, en van ander stelsels van ons tyd bv. die Kommunisme wat in Rusland en tans ook in sekere Oos-Europese lande en Sjina aangetref word.

Ons kan die stelling maak dat Kapitalisme 'n bepaalde vorm van Liberalisme op ekonomiese -veral industriële - gebied is. Die vernaamste instellinge wat eie is aan die Kapitalisme in sy bl.3

---

1) Sombart - Der Moderne Kapitalismus, Deel V, I,1, p. 319. bl.3
2) Ibid., 320.

suiwerste vorm is die volgende: a. partikuliere of privaat besit van eiendom en vrye ondernemerskap; b. 'n vrye markstelsel en c. 'n hoogontwikkelde geld- en kredietstelsel. Dit kan hier genoem word dat Kapitalisme in sy suiwere vorm nooit werklik in die westerse lande bestaan het nie, want vanuit die staanspoor het daar al owerheidsbesit naas partikuliere-besit voorgekom.

Banning toon aan dat ons in die Middeleeue drie stande aangetref het, nl. die geestelikes, die adel en die derde stand wat die fisiese arbeid verrig het. Beide die eerste twee kategorieë was die eintlik grondbesitters, maar geleidelik het die derde stand ontdooi en in die 15 de en 16 de eeu geïnteresseerd geraak in die opkomende wêreldhandel. So het hulle groot rykdomme vergader. "Het zwaartepunt van het maatschappelijke leven komt meer en meer te liggen in de steden, eerst de handelcentra en later de industriesteden. De urbanisatie is een der meest opvallende verschijnselen van het industrialisme: zij wordt vooral door de burgerklasse geleid."[1] In die 17 de en 18 de eeu het hierdie burgerlikes die leiding ook op wetenskaplike en kulturele gebied verower en hulle ekonomies sowel as geestelik aan die opperheerskappy van die adel en die geestelikes onttrek. Teen die einde van die 18 de en in die begin van die 19 de eeu het die politieke leiding tenslotte in die hande van die burgery oorgegaan.

Tiperend van die kapitalistiese samelewing is die vrye ondernemer (entrepreneur) wat die eienaar is van die produksiemiddele en daarmee (met die hulp van die arbeiders wat hy in loondiens neem) eindprodukte fabriseer en dienste verskaf. Ook hier kan duidelik die liberalistiese invloed onderskei word. Die woord "Kapitalisme" wat vrywel gebruik word i.v.m. die huidige ekonomiese orde, is vir Dirker 'n "zuiver technisch-economisch begrip."[2] Die tydperk is vergoed verby dat sonder kapitaalgoedere geproduseer kan word, want "in die moderne geïndustrialiseerde wêreld laat de voortbrenging van goederen zich nu eenmaal niet

---

1) Banning - Hedendaagse Sociale bewegingen, p. 14.
2) Dirker, F.W. Kapitalisme. (In Christelijke Encyclopedie, 1959, 4.162)

meer losdenken van de hulp van machines en apparatuur."[1]

Dirker toon m.i. tereg aan dat die begrip "Kapitalisme" alleen 'n reële inhoud het wanneer dit in verband gebring word met die sosiologiese en politieke aspekte van die huidige ekonomiese orde. In dié sin het die woord algemene burgerreg verkry, sedert in 1867 deur Karl Marx in sy bekende "Das Kapital" gebruik is. Voorheen was dit reeds deur 'n ander bekende Sosialis Louis Blanc gebruik as tipering van die ekonomiese en maatskaplike organisasie van die samelewing.[2] Met Kapitalisme word gewoonweg bedoel 'n ekonomiese orde waarin die produksiemiddele die privaatbesit van enkelinge is, wat dit aanwend vir die verwerwing van wins. Vry mark en vry onderneming behoort bymekaar. Beide hierdie elemente vorm die brandpunte van die kapitalistiese orde. Ook hier blyk die duidelike verwantskap tussen die Liberalisme en die Kapitalisme.

Dit is baie belangrik m.i. om daar op te wys, dat konsekwente Liberalisme met sy oorskatting van die individu as redelik-sedelike wese (wat volgens hierdie denkrigting outonoom is en vrye beslissingsreg het, en aan geen gesag onderworpe is nie) tesame met die beleid van laissez-faire en laissez aller en non-intervensie ens., op ekonomiese terrein gelei het tot die ontstaan van die kapitalistiese stelsel. Ons kan dit noem die liberale Kapitalisme. Ook op die terrein van die ekonomiese is die soewereine selfbepalende individu met sy ekonomiese vryhede hoofsaak. Nie die inherente aard van 'n artikel nie, maar sy verkoopbaarheid bepaal wat geproduseer sal word, (asook in watter mate) want die primêre dryfkrag van die Kapitalis is winsbejag. Privaatbesit het al meer die grondsuil geword van die ekonomiese samelewing en die Kapitalis het hom al meer en meer geëmansipeer van die sosiale en politieke bande wat hom strem of frustreer.

---

1) Dirker, F.W. Kapitalisme. (In Christelijke Encyclopedie, 1959, 4:162 )
2) Ibid.

Ek gee hier 'n aanhaling van Stoker oor die opkoms van die grootkapitalisme: "Maar waar kapitalistiese wedywer eers 'n konkurrensie tussen klein-kapitaliste was en hierdie wedywer te intensief geword het, en gevolglik die winste te klein gesny moes word, en waar aan die anderkant die groot industrieë en die daarmee gepaardgaande grootkapitalisme soveel nuwe moontlikhede gebied het, het die klein-kapitaliste, volgens groepsbelange verbind tot trusts, sindikate, e.d.m. en so aan die grootkapitalisme geboorte gegee." 1)

Die internasionale deurwerking van die grootkapitalisme met sy internasionale konkurrensie het spoedig die ondernemers in 'n land verplig om nieteenstaande die eis van non-intervensie, laissez faire en laissez aller, die beskerming van die landsowerheid in te roep. Die verdeling van welvaartsgoedere het deur die bloei van die Kapitalisme al meer oneweredig geword, deurdat die grootkapitalisme welvarend geword het omdat die massa arbeiders (die werknemers) óf werkloos geraak het a.g.v. meganisasie, óf in diens van die grootkapitalis nooddruftig gebly het.

Georganiseerde optrede en agitasie van werknemers teen die kapitalistiese ondernemers in die vorm van werkstakings ens., het reaksie uitgelok, want die kapitalistiese werkgewers het geantwoord met uitsluitings, afdankings, drastiese kapitalisties-geïnspireerde wetgewing (soos bv. die "Combination Act" in England in 1789 wat alle assosiasies van werknemers teenoor werkgewers verbied en strafbaar gemaak het,) ens. Vryhede en regte word nou nie meer op vreedsame wyse nie, maar met geweld verkry en verseker.

Stoker vestig die aandag op die feit dat die belangebotsing van staat en werkersgroep aan die eenkant en die toenemende afhanklikheid van die grootkapitalisme van staatsintervensie aan die anderkant, stapsgewyse gelei het, tot 'n sosialisties-georiënteerde staatskapitalisme met die staatssosialisering van staatsbe-

---

1) Stoker - Die stryd om die ordes, p. 24.

langrike ekonomiese ondernemings. Hier is wel in die praktyk maar nie in prinsiepe nie, die soewereine vryhede van die individu prysgegee."[1]

Röpke beskou die woord "kapitalisme" vaag en niksseggend. "Das abgegriffene und in seiner Abgegriffenheit gleich einer alten Münze vielfach schillernde Schlagwort vom 'Kapitalismus' enhält so viele Unklarheiten, dasz es sich für einen redlichen geistigen Zahlungsverkehr immer weniger eignet."[2] Interessant is ook die standpunt van Schumpeter oor die Kapitalisme: "It is essential to grasp that in dealing with capitalism we are dealing with an evolutionary process" en verder: "Capitalism then, is by nature, a form or method of economic change and not only never is, but never can be stationary."[3] Vir Schumpeter bestaan inherent in die Kapitalisme 'n neiging tot selfdestruksie. Hy spreek van "creative destruction" as 'n essensiële noodwendigheid van Kapitalisme. Die kapitalistiese proses (stelsel) vernietig nie alleen sy eie raamwerk nie, maar skep ook die voorwaardes vir die opvolgende struktuur. Hy spreek ook van 'n proses van transformasie vanaf die kapitalistiese na die sosialistiese fase, maar hy is nie seker "whether socialism will actually come to stay."

Die droom van 'n sosialistiese bedeling is vir Schumpeter nog nie verwerklik nie, en in hoeverre sy voorspellinge bewaarheid gaan word, moet die geskiedenis nog leer. Persoonlik bemerk ek 'n tikkie wensdenkery in die voorspellinge van Schumpeter.

Smeenk beweer dat die begrip "Kapitalisme" nie suiwer ekonomies nie, maar veral sosiologies geïnterpreteer moet word, want "men let niet alleen op de functie, die de hulpmiddel in het productieproces hebben maar ook op de maatschappelijke betekenis van het bezit der kapitaalgoedere."[4]

Vanaf die familie-nywerheid in die oudheid, via die nywerheid van die middeleeuse gilde en die latere koopman, kom uit

---

1) Stoker - Die stryd om die ordes, p. 24.
2) Röpke - Civitas Humana, p. 36.
3) Schumpeter - Capitalism, Socialism and Democracy, p. 82.
4) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 169.

eindelik die fabrikant tevoorskyn. Die geskeidenheid van die arbeiders en die produksie-middele, een van die begeleidende kenmerke van die Kapitalisme het hiermee 'n feit geword. Deur tegniese uitvindinge is die groot stoot gegee aan wat ons kan noem die gemeganiseerde nywerhede. Die liberale individualistiese sisteem het die kapitalistiese mentaliteit bevorder, ekonomie en die sedelike geskei en slegs gevra na wat rasioneel is en die produksieomset dien. Alhoewel verset vanaf die kant van die grondeienaars en ook van die kant van die intellektueles teen die Kapitalisme gekom het, kon niks die Kapitalisme verhinder om seëvierend deur die lande te trek nie. Ou produksie-vorme het verdwyn en in die plek van die oues het veral die fabriek gekom wat gebruik van masjiene maak en loonarbeiders wat die loonarbeid verrig. Kapitalisme, is die dinamiese stelsel, wat deur die moderne industrieë voortgebring is.

Banning is oortuig daarvan, dat in teëstelling met die opvatting dat Kapitalisme die stelsel is waaronder die volke van Europa sedert ca. 1800 N.C. (maar wellig sedert die Renaissance) gelewe het, die ontwikkeling van die kapitalistiese stelsel eintlik tot die 19 de en 20 ste eeu beperk moet word. Vir hom het die Kapitalisme duidelike en afgebakende fases deurloop. Die eerste is volgens hom die vrye kapitalisme d.i. die produksiestelsel wat op individuele ondernemings gebaseer is, en waarby kapitaal asook masjiene, fabrieke ens., patikuliere besit is, en die kapitaalverskaffer in die reël die leier van die onderneming is en wat ook self die risiko van die onderneming moet dra.

In die laaste kwart van die vorige eeu vind daar egter 'n struktuurverandering plaas. Die vrye Kapitalisme word verdring deur 'n nuwe vorm van hoogkapitalisme wat hoofsaaklik toegeskrywe kan word aan die ontwikkeling van die tegniek en die ekonomiese organisasie in die vorm van die groot-bedryf noodsaaklik gemaak het. Hierdie hoog-kapitalistiese ondernemingsvorm het duidelik die tendens tot monopolievorming verwek en daaraan gestalte gegee.

Die tegniek is spoedig as die messias vereer en die eienaar-kapitalis, die entrepreneur van die vrye Kapitalisme het plek gemaak vir die tegniese funksionaris.[1]

Banning spreek nog van 'n laat-kapitalisme wat aangevang het teen die einde van die eerste wêreldoorlog. Rathnau was een van die weiniges wat ingesien het, dat die laat-kapitalisme of liewers die oorgang van die hoog- na die laat-kapitalisme meer is as struktuurverandering in ekonomiese opsig, en dat hier sprake is van 'n diep-insnydende kultuurkrisis. As karakteristiek van die laat-kapitalisme kan genoem word die toenemende bemoeiing van die owerheid met die produksie-proses, (Dit kan genoem word étalisme nasionalisasie of sosialisasie) [1]

Aangesien ek hierdie kort oorsig oor Liberalisme en Kapitalisme as voldoende beskou vir 'n beter begrip van Marx en die vakbeweging wil ek hiermee volstaan met die oorsig oor hierdie twee strominge, en oorgaan tot 'n kritiese waardering van die twee stelsels.

3. Kritiek op Liberalisme en Kapitalisme.

Dit is nodig dat ek vooraf die aandag vestig op die feit dat vanuit Calvinistiese standpunt daar baie meer kritiek op die genoemde twee steslsels gegee kan word as wat ek hier bied, maar dat ek hier hoofsaaklik kritiek lewer op die sake wat verband hou met die inhoud van hierdie proefskrif wat handel oor arbeid en die sedelike.

By 'n arbeidsetiese en krities-waarderende beoordeling van die Liberalisme en die Kapitalisme wil ek graag die volgende verskilpunte skerp na vore bring:

a. Teenoor die humanisme en individualisme van die genoemde stelsels, handhaaf die Calvinisme dat alles in die skepping uit, deur en tot God geskape is. Die mens is, soos voorheen aangetoon[2] aan die eenkant die geïndividualiseerdste en aan die anderkant

---

1) Marx - Das Kapital, Deel III, p. 245.
2) sien p. 62.

die gesosialiseerdste idiostansie in die kosmos is. As totale konkrete persoon is sy individuele sy en verder ook sy sosiale sy in hom "einheitlich" verenig. Teenoor hierdie konkrete mens as enkeling vind ons die onderskeie samelewingskringe. Die eensydige en oorbeklemtoning van die individu t.k.v. die samelewingskringe deur die Liberalisme moet verwerp word, want hierdeur word die eie-aard en eenheidsstruktuur van elk van die ander menslike verbande misken. Die gevaar van verabsolutering van die individu word hier nie uitgesluit nie. Deur die klem wat op die individu geplaas word asook die leer van die gelykheid van alle individue, word die betekenis van die verskeidenheid en die integrale eenheid van elke samelewingskring oor die hoof gesien.

Gesien in arbeidsetiese lig, is dit duidelik dat volgens die Kapitalisme wat 'n geesteskind van die Liberalisme is, die lotgevalle van die arbeider-werknemer van sekondêre belang is. Vir die kapitalistiese ondernemer is massaproduksie van goedere en die verskaffing van dienste wat groot winste kan oplewer die primêre doelwit van sy onderneming. Waar eie-belang en egoïsme so die botoon vier, is dit vanselfsprekend dat die gehoorsaming van die arbeidsetiese norme (w.o. ook die norm van persoonsliefde) in hierdie situasie en verhouding baie moeilik uitgelewe kan word. Die liberalistiese idees en beskouinge toegepas in die praktyk van die industrieë het gevolglik tot ongekende uitbuiting en ellende gelei. Onder die dekmantel van politieke vryheid is : - menige werknemer ekonomies verslaaf.

Waar arbeid en die sedelike deur die Liberalisme en Kapitalisme hoofsaaklik in respectu kosmou en veral in respectu hominis gesien word, moet as konsekwensie verwag word, dat arbeid tot voordeel van die ondernemer uitgebuit sal word. Wat die norm van persoonsliefde betref, is dit duidelik dat ons hier 'n oorspanning van die selfliefde (eie belang) het t.k.v. die liefde vir die naaste. Die oorspanning van die selfliefde en die intensiewe strewe na wins, veroorsaak spanning en stryd en is die oorsaak van die eventuele chaos, rewolusie en geweld.

b. Omdat vir die Liberalisme (en dus ook vir die Kapitalisme) die mens 'n redelike en sedelike wese is, is hy vir hom wysgerig-antropologies besien, outonoom in sy oordeel en beslissinge en is hy in sy denke en doen sy eie gesag. Bo die individu en buite homself bestaan daar geen persoonsgesag. (individuele redegesag word wel aanvaar). Verwerping van gesag (i.c. persoonsgesag) soos tereg deur Hanekom aangetoon vorm een van die grondslae van die Liberalisme. Dit kan ook as konsekwensie van die Liberalisme gesien word. Indien die mens hom nie wil buig voor die gesag van God of van mense deur God oor hom gestel nie, sal hy ook nie die wese van gesag kan verstaan nie, en so sal die gesag misbruik word, en gesagsmisbruik ontaard dan in tirannie en magsmisbruik.

Dit is 'n verdienste van die Liberalisme dat hulle die redelikheid en sedelikheid van die mens erken en handhaaf, maar die Calvinisme hierteenoor sien die mens in die eerste instansie as God-dienende wese. Die mens is meer as redelik-sedelike idiostansie. Wat die gesag betref is die mens deur God in gesagsverhoudinge geplaas (in die gesin, kerk, samelewing ens.) Die gesag wat oor die mens gestel is en waaraan hy gehoorsaam moet wees, is egter afgeleide gesag. Dit is betreklike en geen absolute gesag nie. Menslike gesag is 'n deur God ingestelde orde en van Gods gesag afgeleide gesag. Ook die rede van die mens moet buig voor die gesag van Hom wat dit verorden het nl. God.

Die arbeidsetiese implikasies van die gesagsverwerping deur die kapitalistiese werkgewer is die ontaarding van die gesag in die gesagsverhouding werkgewer-werknemer tot 'n ekonomiese magsverhouding, waarin die beginsel van oorlegpleging nie fungeer nie, en die vryheid van die werknemer aan bande gelê word. So word die inisiatief van die werknemer beroof en dié degradasie van die arbeidende mens wat aanspraak het op verantwoordelike gesagsbeoefening van die kant van sy werkgewer staan eties veroordeel. Die arbeider wat also die slagoffer is van ekonomiese gesagsmisbruik kan arbeidseties gesien nie as toerekenbare en verantwoordelike wese sy roeping vervul en die norme deur God gestel gehoorsaam nie.

Die werknemer moet die gesag van die werkgewer eerbiedig en gehoorsaam, maar die werkgewer moet van sy kant sy gesag (as gesaghebber) in die arbeidskring verantwoordelik gebruik. Alhoewel die werknemer van die werkgewer afhanklik is vir sy moontlikheid om loon te verdien, moet die werkgewer die werknemer sien as medeskepsel, mede-arbeider en mede-beelddraer van God met 'n eie en persoonlike roeping, opdrag, bestemming, taak ens.

c. Vir die Liberalis moet die soewereine individu in sy selfbepaling vry wees. Die vryheidsideaal van hierdie geestesrigting kan waardeer word en besit ook waarheidsmomente, maar die individualistiese vryheidsidee van die Liberalisme moet veroordeel word, want dit is te individualisties en vereenselwig vryheid met die moontlikheid van keuse. Vryheid is dan dat elke mens kan kies soos hy wil. Dit word natuurlik van hom verwag om volgens sy persoonlike rede te handel. Soos ek reeds aangetoon het, is die kiesmoontlikheid die ontiese voorwaarde van vryheid, maar vryheid is nie en lê nie in die moontlikheid van keuse nie. 1)

Verder is o.i. menslike vryheid menslik en nie goddelik, nie algenoegsaam en onbeperk nie. Vryheid moet in gehoorsaamheid aan God en in ooreenstemming met Sy ordinansies vir die mens verwerklik word.

X Die plig rus op die werkgewer en i.d. die Kapitalistiese werkgewer om die vryheid van sy werknemers te waarborg en toe te sien dat die arbeidende mens nie deur gesaghebbers, masjiene, ens. tot outomate verlaag word nie. Die arbeid wat die mens verrig is nie uitsluitlik of primêr vir die voordeel van die werkgewer nie, maar die arbeidende mens het sy opdragte van God ontvang en is aan Hom verantwoordelik vir dit wat hy doen, om die deur God gestelde norme te gehoorsaam en sy verpligtinge (w.o. ook die etiese) na te kom, sodat die mens as vrye wese kan handel. Die kapitalistiese werkgewer het dikwels in die verlede sy werknemers so voltyds beset dat weinig tyd vir die ander samelewingskringe oorgebly het.

---

1) sien p. 67 - 68.

d. Vir die Liberalis (en dus ook vir die Kapitalis) is die mens van nature goed en gaaf gebore. Boosheid en sonde is eintlik 'n openbaring van 'n gebrek aan die regte gebruik van die rede. Hier kan geen sprake wees van erfsonde nie. Maar, al glo die Liberalisme aan die goedheid en gaafdheid van die mens, en al glo hy dat met sy beleid van laissez faire en lassez aller alles sal reg kom, het die praktyk tog uitgewys dat Liberalisme en Kapitalisme tot groot wanpraktyke en wantoestande soos eksploitasie, ellende, anargie ens. gelei het. Die mensbeskouing van hierdie twee strominge is in stryd met die mensbeskouing soos ons dit leer uit die Heilige Skrif.

Die werkgewer wat sy werknemer erken en waardeer as medebeelddraer van God wat a.g.v. die sondeval deur God vervloek is en slegs in Christus weer herstel kan word, sal noodwendig anders optree as die werkgewer wat die kwaad slegs sien as gebrek aan die regte gebruik van die rede en wil. Die gesekulariseerde mensbeskouing van die Liberalisme (en sy geesteskind die Kapitalisme) het tot konsekwensie dat daar nie die nodige simpatie, liefde, vertroue, verstaanbaarheid ens. tussen die arbeidende mense is nie. Wanneer egter volgens die "orde van sondeval en verlossing" die mens se stryd en worsteling teen die erfsonde en persoonlike sondes erken word, sal die verhouding van werkgewer tot werknemer makliker kan verander tot 'n verhouding van wedersydse en onderlinge begrip waarin persoonsliefde gerealiseer kan word.

Dit bly noodsaaklik om die mens te benader vanuit die Bybelse agtergrond van val en ongehoorsaamheid, vloek, erfsonde en herstel in Christus deur Sy Middelaarsbloed. Slegs dan kan met die gebreke van die arbeidende mens wat ook 'n sedelike wese is deeglik rekening gehou kan word.

e. Die Liberalis erken (individualisties) selfliefde. Hy oorspan en vervals dit. Gevolglik kom naasteliefde in die sin van bv. liefde vir die werknemer (of werkgewer) nie tot sy reg nie. Maar naasteliefde is nie net liefde tot ander individue nie. Dit is ook liefde tot kringe (huwelik, gesin, volk ens.) maar hier-

die kringliefde ken die Liberalis (en die Kapitalis) nie. Teoreties (omdat volgens die Liberalisme alle individue gelyk is) word utilaristies gehandhaaf "the greatest happiness of the greatest number". Maar afgesien daarvan dat hierdie "happiness"-beskouing bedenklik is, is hierdie ideaal meganisties ('n meganiese kollektiwiteit van enkelinge) en abstrak. En omdat elke individu vir sy eie "happiness" sorg (en die mens 'n sondaar is) misluk hierdie teoretiese utilariteitsideaal in die praktyk. Die liberalistiese naasteliefde is eintlik maar blote humanitêre sentiment ens. waaraan almal wat 'n belofte van verbetering inhou gelukkigheid wil verseker, nie omdat hulle "naastes" is nie maar omdat die waarde van menslikheid, van individuele selfbepalende soewereiniteit soveel moontlik verwesenlik kan word.

f. Die <u>laissez-faire-beleid</u> van die Liberalisme wat ook op ekonomiese terrein deur die Kapitalis toegepas word, het betreklike waarde solank as wat alles ordelik verloop. Maar hierdie beleid is m.i. te negatief. Die mens is geroep (ook arbeidseties) om te sorg, positief te sorg vir ander insoverre die betrokke samehange, verbande, relasies ens. dit vereis. Dit is immers die plig van die werkgewer om te sorg vir sy werknemers en nie om hulle uit te buit nie. Hierdie sorg-prinsiepe geld ook tussen verskillende verbande. Die staat moet sorg vir sy burgers en burgeresse. Die produsent moet sorg (ekonomie is middelverskaffende voor-sorg) vir die koperspubliek ens.

Die "laissez-faire"-beleid beteken vir die Kapitalis eintlik m.i. dat alles maar moet loop solank dit net in die guns van Kapitalis is. Sodra sy belange geraak word deur hierdie beleid sal hy onmiddelik ingryp. Vir die Calvinisme met sy oortuigde roepingsbewustheid is hierdie beleid onaanvaarbaar en dit moet met klem afgekeur en veroordeel word. Die verantwoordelike mens moet dinge kontroleer, beheer, stuur, rig ens. Hieruit blyk ook sy koningskap en daarmee gepaardgaande heerskappy. Hieruit blyk ook dat hy vryheid deur God ontvang het om te heers oor die kosmos ens.

g. Die beleid van "non-intervensie" van die Liberalisme (wat veral inpas in die kraam van die Kapitalis) kan die Calvinis ook nie onderskryf nie.[1] Wel erken die Calvinisme die beginsel van die soewereiniteit in eie kring van elke samelewingsverband. Ons erken egter ook die universele afhanklikheid van die kringe van mekaar sowel as die onderlinge wisselwerking en wedersydse beïnvloeding van mekaar. Ons erken ook die beginsel van harmoniese differensiasie. Vir die Calvinisme het elke kring 'n van God gegewe bo-individuele, eie en enige taak om te vervul waartoe net daardie bepaalde kringe geroep is.

Die take, probleme, aktiwiteite ens. van die verskillende kringe komplementeer mekaar, is onderling van mekaar afhanklik en bevrug mekaar. So kan die ekonomie-kring nie waterdig afgesluit word van die ander kringe bv. die huwelik, gesin, kerk, staat ens. nie. Die mens is die knooppunt van die ander samelewingskringe waarmee hy vervleg en waarin hy geïntegreer is. Die ander kringe het ook aanspraak op sy aandag, tyd, liefde, verkeer ens. en die een kring (bv. die ekonomiekring w.o. die bedryfskring) mag nie die arbeidende mens net vir homself voltyds okkupeer nie.

Die een kring het wel belang in wat in die ander kringe gebeur en inmenging is wel geoorloof mits die soewereiniteit in eie kring van 'n betrokke samelewingskring nie gekrenk of verkrag word nie. Vrywillige samewerking is natuurlik die ideaal, maar in noodgevalle is ingryping dikwels voordelig en wenslik. Indien m.i. die owerheid veral in die aanvangsjare van die opkomende Kapitalisme meer dikwels sou ingegryp het sou die lotgevalle van werknemers asook die arbeidsverhoudinge baie anders kon verloop

---

1) Die beleid van "non-intervensie" van die Liberalisme kom hierop neer, dat die selfbepalende individu in sy doen en late sowel as in sy mededinginge soewerein is en vry. Intervensie (inmenging) in sy persoonlike aangeleenthede is ongeoorloof. Soiets soos intervensie is vir sy individuele menslikheidswaarde vernederend.

het. Die arbeiders sou met die ondersteuning van die owerheid beter instaat gewees het om die arbeidsetiese problematiek te oorwin en in die onderlinge verhoudinge die norm van persoonsliefde tot uitdrukking te bring.

Omstandighede vereis soms dat die staat behoort in te meng om of die belange van die werkgewer, die werknemer of albei te beskerm. Kapitalistiese uitbuiting het meestal in die verlede geskied met die steun van die staat of die feit dat die staat oogluikend die onreg en uitbuiting geduld het. Die owerheid het volgens Calvinistiese opvattinge wat op die Heilige Skrif gebaseer is, wel die reg om in te meng om geregtigheid te handhaaf. Die staat mag nie die ander kringe oorheers of onnodig bemoeisiek wees nie, maar die staat het ook 'n taak en verantwoordelikheid teenoor God i.v.m. die spesifieke taak hom opgedra.

h. Teenoor die beleide van "laissez faire" en "non-intervensie" wat meer negatief ingestel is, stel die Liberalisme hulle beleid van emansipasie. Hulle grondbeginsels moet oral verwesenlik word. Ongelykhede moet in gelykhede, en onvryhede in vryhede omskep word. Die Liberalisme (asook die Kapitalisme) soek sekularistiese uitlewing van hulle beginsels en dus emansipasie van God, van Sy wetsorde, van gesag ens. Dit soek emansipasie van alles wat die belange van die outonome en soewereine individu in die weg staan. Hierdie soort emansipasie beteken egter verbreking van samehange ens. en omdat die mens nie van nature goed en gaaf is soos die Liberalisme leer nie, lei die emansipasie-drang tot onderdrukking, uitbuiting, oorheersing, verslawing ens.

Die Calvinis soek ook emansipasie, maar dan emansipasie van sonde, ja van alle kwaad, en dus ook van die verkeerde in die industrieë, ens. Ons wil geen emansipasie van God, Sy kerk en Woord nie. Ons emansipasie-leer buig voor die Wil van God en Sy Heilige Woord. Tereg toon Stoker aan dat nieteenstaande maar ook juis a.g.v. die Liberalisme die arbeidersmassas onderdruk bly, verslaaf aan hulle lot van slegte wonings, arbeidsloosheid, honger ens. Die sogenaamde geëmansipeerde mens besien sy prestasies

in die lig van sy eie goedheid, deursettingsvermoë, persoonlike deugde ens. en verloor derhalwe sy meegevoel met die duisende wat nie soos hy kan presteer en dieselfde deugde besit nie. Hier kan van persoonsliefde moeilik gespreek word (i.c. naasteliefde) want die verhouding werkgewer-werknemer is ernstig versteur.

h. Produksie, industrieë, ekonomie, handel, nywerheid ens. is nie net daar vir die eie-belang van die individu. In die eerste instansie moet God daardeur gedien word. Vir die Calvinis wat die Woord van God aanvaar as rigsnoer vir sy arbeid en denke ens. het (in die tweede instansie) die individu en die menslike kringe elk hulle eie taak en roeping. Daar moet egter, in die derde plek, 'n kring of organisasie wees wat die middele moet verskaf vir die mens sodat hy instaat is om sy roeping te kan vervul. Dit word gedoen deur die kring van primêre en sekondêre produsente en handelaars. "Hierdie middelverskaffende versorging van individue en van ander menslike verbande is die taak, roeping en bestemming van die ekonomiese menslike verband."[1] Die horisontale arbeidsvisie van die Liberalis en die Kapitalis het tot konsekwensie die verheerliking van eie belang en die daarmee gepaardgaande dominering en uitbuiting van die werknemer.

i. Dit is vanselfsprekend dat ondernemings finansieel stabiel moet wees, maar m.i. moet die doel van middele-verskaffing nie bepaal word deur die verkoopbaarheid van die produk of die substansiële wins wat dit kan afwerp nie, maar wel deur sy nodigheid gebaseer op die versorgende diens wat dit kan lewer. Die verheerliking van selfbelang lei tot die oortreding van die arbeidsetiese norm: gy sal vir die goeie arbei. Die werkgewer moet ook gehoorsaam wees aan die norm: die arbeider is die vrugte van sy arbeid werd. Beide werkgewer en werknemer moet arbei vir die goeie. Die verheerliking van God en nie die verheerliking van eie-belang nie, is die arbeidsetiese opdrag en roeping van die arbeidende mens. Die werkgewer moet sorgdra dat die arbeider wat sy arbeid vir hom gee billik vergoed word, sodat hy na behore goed kan leef

in dié sin, dat hy goed al sy verpligtinge in alle verhoudinge waarin hy staan kan behartig. Die werkgewer het volgens ons Calvinistiese arbeidsbeskouing 'n duur verantwoordelikheid teenoor God. Sy primêre doelwit mag nooit wees om homself te verryk en dit nog t.k.v. sy medemens en medearbeider nie. Hy moet sy kapitaal aanwend in diens van die mensdom. Die werknemer het ook aanspraak op die welvaart van die onderneming waarin hy sy beste arbeidskragte moet gee. Wins is m.i. ook geoorloof vir die Skrifgelowige ondernemer, maar wins moet hier sekondêre doelstelling wees ondergeskik aan die diensbeginsel (nl. diens aan God en ook aan die mede-mens ), en die realisering van die sedelike norme (en in besonder die norm van persoonsliefde).

j. Ons mag die kapitalistiese waardering vir privaatbesit as 'n waarheidsmoment onderskryf maar daar moet gewys word op die fout van die Kapitalisme wat besitreg 'n absolute reg maak. Besitreg is 'n reg deur God aan die mens verleen om sy roeping op aarde beter te kan vervul. Geldmaak vir eie-belang alleen is 'n selfvergodende praktyk. Daar moet deur die Christenarbeider natuurlik ook gewaak word teen geldveragting en winsminagting. Daar is middele nodig vir die mens om in sy behoeftes te voorsien. Privaatbesit is toelaatbaar en wenslik indien die mens homself as rentmeester beskou oor die eiendom wat hy uit die hand van God ontvang het, en waarvoor hy rekenskap aan God moet doen hoedanig en in wie se diens en voordeel hy dit aangewend het.

k. Die verabsolutering van die mens deur die Liberalisme en die Kapitalisme moet deur die Calvinis afgewys word. Veral moet felle kritiek gegee word op die skeiding wat die Kapitalisme maak op ekonomiese terrein tussen die ekonomiese en die sedelike. Vir die Kapitalis het die sedelike eintlik niks met die ekonomiese te maak nie. Hy stel belang in die produksie van verbruikersgoedere en die lewering van dienste en ~~en~~ wil hom nie belas met etiese probleme en wat darmee verband hou nie. Hierdie houding en benadering moet egter deur die gelowige afgewys en veroordeel word.

Vir die Calvinistiese navorser wat die dubbele gestruktureerdheid van die samelewing aanvaar en as sodanig erken, kan wat die vertikale gestruktureerdheid van die idiostansie mens betref, (die mens wat aan twaalf modaliteite deelhet) hom nooit net as 'n ekonomiese wese sien nie. Hy is ook o.a. 'n sedelike wese wat die sedenorme wat God vir die mens gestel het moet gehoorsaam. Die werkgewer het ook die taak en roeping om die sedenorme te eerbiedit en aangesien die sedelike in die verhouding van mens tot mens tot uitdrukking gebring moet word, mag die werkgewer sy werknemer nie as blote ekonomiese wese en sy arbeid as blote koopwaar beskou nie. Die arbeidende mens kan nooit net volgens een modaliteit beoordeel en behandel word nie. Die eenheid van die menslike persoon duld nie hierdie geïsoleerde benadering nie. Die werkgewer het ook die roeping en verpligting om teenoor sy werknemer wat ook sy naaste en mede-beelddraer is, dié sedenorm van persoonsliefde in die praktyk tot verwerkliking te bring. 615

Afsluitend wil ek nog net een saak pertinemt noem nl. dat die Kapitalisme as stelsel nie somar so sonder meer net veroordeel en verdoem mag word nie. Die Skrifgelowige entrepreneur, by wie die winsmotief ondergeskik is aan die diensmotief, en wat strewe om met sy onderneming God te verheerlik en sy mede-arbeidende medemens te bevoordeel is onontbeerlik in 'n Christelike maatskappy. Dit is noodsaaklik dat sekere arbeidende mense die kapitaal en inisiatief besit en ook die leiding kan neem. So kan die Kapitalis wat buig voor die gesag van God se Woord baie bydra om 'n verantwoordelike en gelukkige samelewing te verkry en te bestendig.

# H O O F S T U K 10.

## II. DIE ROOMSE KATOLISISME.

a. Inleiding.

Die doel waarom ek in hierdie afdeling die arbeidsetiese beskouinge van die Rooms-Katolieke Kerk wil konfronteer met die Reformatoriese d.w.s. Protestants-Christelike arbeids-etiese beskouinge is omdat ek graag 'n ander Christelike (in casu die Rooms-Katolieke) opvatting van arbeid en die sedelike arbeid met my eie opvattinge wil kontrasteer. In die tweede instansie wil ek aandag skenk aan die Rooms-Katolieke arbeidsetiese opvattinge omdat lg. kerk vanaf die vorige eeu besondere aandag geskenk het en leiding gegee het soverre dit die sosiale vraagstukke (insluitende die arbeids- en arbeidersvraagstuk) betref. En die sosiale vraagstuk is o.i. in wese die probleme van die arbeider en sy nood, asook die strewe na die verbetering van die verhoudinge tussen werkgewer en werknemer.

b. Die Rooms-Katolieke Stelsel.

Dit is my oortuiging dat beskouinge omtrent God, mens en wêreld invloed het op die arbeidsbeskouing wat iemand huldig. Dit geld vir die Calvinis, maar ook vir Rome. Daarom is (in enkele beknopte hooftrekke) 'n vergelyking in hierdie verband tussen Rome en ons van belang - altans vir sover dit vir 'n arbeidsleer en 'n leer van arbeidsetiek van betekenis is. Ons moet dit egter in gedagte hou dat - omdat beide Christelike is, resp..wil wees - daar baie ooreenkoms sal wees en Rome bv. aan ons baie nader staan as Rome of ons aan Kommunisme. Roomse Katolisisme en Calvinisme is of wil beide totalitêre Christendom wees: beslag lê op die hele mens en sy hele lewe, hoe hulle ook al mag verskil. Soos vir die Calvinisme geld vir die Roomse Katolisisme die Christelike beginsels, die Christelike waarheid, die Christelike gedagtes ens. vir die hele lewe en alle terreine. Dit geld vir kerk, godsdiens en sedelikheid, maar ook vir wetenskap, kuns, politiek, staat, maatskappy ens.

Op die ooreenkomste tussen die Roomse Katolismisme en die Calvinisme gaan ek nie in nie, al moet dit genoem word. Ek beperk my hoofsaaklik tot verskille wat direkte betekenis het vir arbeid en die sedelike arbeid.

Die Roomse Katolisisme is 'n totalitêre Christendom en wel in kerkistiese sin. Daar bestaan 'n Rooms - Katolieke kerk, godsdiens en sedelikheid. Dit erken die teosentrisiteit van God en aanvaar bowendien 'n Christosentrisiteit, maar plaas tussen God en Christus aan die een kant en die mensdom en die wêreld aan die ander kant die kerk as middelares. Op grond hiervan kan ons beweer dat die Roomse Katolisisme prakties ecclesiosentries is. Die kerk span hier die brug tussen God en mens, die ewige en die tydelike, die natuurlike en die bo-natuurlike ens. Die Rooms-Katolieke Kerk is die alleensaligmakende kerk. Die Pous as plaasvervanger van Christus spreek onfeilbaar as hy ex cathedra spreek. Die kerk is die alomvattende oorkoepeling van die menslike samelewing.

Nieteenstaande die totalitêre en universele karakter van die Roomse Katolisisme vind ons binne die kerk 'n onversoenlike dualisme. Deurdat hierdie rigting reeds in die tydperk van die Patristiek en ook veral gedurende die Middeleeue die skatte van die Griekse denke oorgeneem het en getrag het om dit met die Skrifwaarhede te versoen, het dit twee onversoenbare grondslae aanvaar nl. die Christelike en die Grieks-heidense.

Hierdie religieuse sintese-poging het in die Middeleeue toe die Roomse Katolisisme geleidelik daarin geslaag het om die hele tydelike samelewing onder Rooms-Katolieke leiding te onderwerp, het gelei tot die opkoms van 'n nuwe dialektiese grondmotief in die westerse kultuurontwikkeling. Dit is die bekende motief van natuur en genade (natuur en bo-natuur). Hiervan sê Dooyeweerd die volgende: " De poging tussen de christelijke religie en het Griekse denken in diens eigen grondslagen een brug te slagen, moet op den duur noodzakelijk voeren tot de verdergaande poging een verzoening tussen de religieuse grondmotieven

van deze beide te vinden."[1)]

Ons het hier 'n twee-terreineleer (elke terrein selfstandig, resp. outonoom) met innerlike dialektiese spanning. Hierdie tweeledigheid het selfs die gedagtewêreld van die Reformasie nie ongeraak gelaat nie, en dit ondanks die feit, dat die reformasie dit in beginsel oorwin het deur terug te keer tot die Calvinistiese beginsel van die radikale en ingrypende betekenis van die sondeval vir die menslike natuur asook tot die belydenis van die regverdiging uit die geloof alleen. Deur die genoemde sintese-poging het die Rooms-Katolieke kerk probeer om die Griekse grondmotief aan die van die goddelike Woordopenbaring aan te pas. M.i. is Rome hier sinkretisties en nie suiwer en konsekwent Christelik-Skrîftuurlik nie.

Daar bestaan ook 'n baie diep verskil tussen die Roomse Katolisisme en die Calvinisme sover dit die Roomse partisipasieleer aanbetref. Volgens hierdie leer het mens(en wêreld) met sy syn deel aan die Syn van God, goedheid van die mens (en wêreld) het deel aan die goedheid van God.

Met die twee-terreineleer en die partisipasieleer van die Rooms-Katolieke Kerk hang hulle dualistiese mensbeskouing saam, t.o.v. liggaam en siel, geloof as superadditum en die verhouding tot God w.o. semi-pelagianisme. Volgens Rome is die mens o.a. 'n geskape wese wat begiftig is met redelike vermoëns en wie se bestemming dit is, om al sy vermoëns te ontwikkel en te ontplooi tot eer en glorie van sy skepper. "Tot de redelijke natuur van de mens behoort het bezit van een redelijke vrije wil. Deze menselijke vrijheid is echter beperkt door zijn dierlijke instinkten, erfelijkheid en milieu. Het is de taak tevens de adeldom van de mens sich van deze beperkingen zoveel mogelijk te bevrijden."[2)]

Volgens die Roomse Katolisisme het God aan die mens met sy

---

1) Dooyeweerd - Vernieuwing en bezinning, p. 111.

2) Van Biemen - De zedelijke waardering van de arbeid in het industrialisme, p. 221.

skepping 'n bo-natuurlike genadegif nl. 'n donum additum bygegee. "Deze bijgevoegde gave verloor de mens door de zonde...De blote natuur, die overbleef, is wel verzwakt, komt ook gemakkelijk onder zondige invloeden, maar is toch noch tot velerlei goed instaat. Zij kan zelfs tot zekere kennis van God komen."1) Tot die ware diens van God, in ooreenstemming met die mens se bo-natuurlike ewige bestemming, kan die blote natuur egter nie kom nie. Hiervoor is die lig van die kerk nodig. In die plek van die donum superadditum kom nou die bo-natuurlike instituut van kerk, sakrament en priesteramp. Die genoemde donum superadditum is 'n bonatuurlik geloofsvermoë van dink en wil, waarmee die mens van voor die sondeval in die regte gemeenskap met God kon bly. Na die val is die mens geheel en al aangewys op die menslike natuur met al sy aanklewende swakhede. Hierdie natuur wat volgens die Rooms-Katolieke opvattinge deur die natuurlike lig van die rede gelei word, is nie deur die sonde bederf nie. Dit is slegs verswak deur die sondeval en hoef nie deur Christus herstel te word nie. Hierdie natuur sê Dooyeweerd "blijft de haar ingeschapen 'natuurwet' volgen, en bezit een 'autonomie' een betrekkelijk eigenmachtigheid tegenover de genadesfeer der Christelijke religie."2)

Die bo-natuurlike instituut van kerk, sakrament en priesteramp wat nou na die val optree in die plek van die verlore donum superadditum, moet weer nuwe genade toevoeg wat bekend staan as gratia infusa. En so word die natuur van die mens deur die gratia wat dit ontvang (deur die bemiddeling van die kerk) tot 'n hoër vorm van ontwikkeling gelei. Die genade moet egter deur natuurlike goeie werke verdien en voorberei word.

Vernietiging van die menslike natuur en die vrye wil wat tot die natuur van die mens behoort is volgens Rooms-Katolieke opvatting nie moontlik nie. Die menslike natuur het deur die val

---

1) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 70
2) Dooyeweerd - Vernieuwing en bezinning, p. 112.

niks wesenlik verloor nie, niks "von den sie natürlicherweise konstituirendes Formungselementen"[1] sodat ook die essensiële wilsvryheid hom nie ontneem is nie.

Die menslike natuur is deur die sondeval verwond en die wilsvryheid verswak, maar dit is nie totaal bederwe nie. Die mens kan nog uit homself die goeie wil en doen. Sedert Trente is 'n anatema uitgespreek oor elkeen wat sou beweer dat die vrye wil van die mens na die sonde van Adam verlore of uitgedoof is.[2]

Die superadditum van Rome is eintlik die beeldskap wat die geskape mens bygekry het bo en behalwe wat hy in die paradys besit het. Die justitia wat Adam as mens en aardse wese besit het, was uit die aard van die saak nie voldoende nie. "En zo moest dus ook aan Adam, om zijne eindbestemming te bereiken, eenen bovennatuurlijke genade worden geschonken, nl. gratia gratum faciens, het beeld Gods."[3] Dit kom hierop neer, dat die mens in puris naturalibus sonder die bo-natuurlike genade, slegs 'n natuurlike religie en deug het, met 'n bestemming vir hierdie aarde. Die mens met die superadditum, met die beeld van God begiftig, het 'n bo-natuurlike religie en deug, en het sy eindbestemming in die hemel.

c. Rooms-Katolieke opvattinge van arbeid en sedelike arbeid.

Ek moet ook hier weereens die aandag vestig op die feit dat dat daar baie ooreenkomste tussen Calviniste en die Roomse Katolisisme bestaan t.o.v. arbeid en sedelike arbeid, maar ek benadruk in hierdie kort oorsig slegs die belangrikste verskille. Volgens van Biemen is dit die groot verdienste van Thomas van Aquinas dat hy die eerste navorser was wat na Augustinus 'n wysgerige en vir sy tyd sosiaal verantwoorde arbeidsbegrip opgestel het. "Van groot belang is de sociologische bepaaldheid van zijn aldus gewonnen arbeidsbegrip. Het is namelijk geheel en al georiënteerd aan de arbeidsvormen van die tijd, aan het handwerk, dat in de

---

1) Berkouwer - Conflict met Rome, p. 124.
2) Ibid.
3) Bavinck - Gereformeerde Dogmatiek, Deel 2 , p. 500.

jonge stedelijke cultuur een eerste begin van arbeidssplitsing liet zien."[1] Waar die Roomse Katolisisme met soveel voorliefde teruggryp op die aquinaat (ook vir die sosiale etiek) is dit duidelik waarom dit steeds moeilikheid het om die moderne arbeid in sy wese en werklikheid te verstaan. Volgens Thomas is arbeid 'n natuurlike drang en noodsaak vir die mens. Met hierdie drang bedoel hy, dat die mens 'n natuurlike behoefte tot aktiwiteit besit wat uiting vind in die "beschouwelijke leven" en in die skep van ekonomies-waardeerbare goedere. Maar op grond van sy gebondenheid aan die klassieke wysbegeerte, stel hy beskoulike arbeid hoër as liggaamlike arbeid, "een onderscheiding die zich tot heden in het Rooms-Katholicisme heeft gehandhaaft."[2]

Vir die Rooms-Katolieke skrywer Keller is arbeid "die mit Anstrengung verbundene vernünftige Tätigkeit des Menschen auf ein auszer ihr liegendes, bestimmtes, ethisch wertvolles Ziel hin."[3] Arbeid is nie die gevolg van die sondeval of erfsonde nie, maar die inspanning (Anstrengung) is as straf deur God oor die mensdom geproklameer na die val en ongehoorsaamheid. Ek kan hierdie beskouing van Keller wat ook die standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk is, onderskryf, want dit is ook die opvatting van die Calvinis.

Belangrik m.i. is die opmerkinge wat Keller maak i.v.m. arbeid in die paradys en op die nuwe aarde. Dit is volgens hom dwaasheid om te meen dat die mense in die paradys nie gearbei het nie, of dat die lewe op die nuwe aarde "als ein untätiges geschildert wird". Dit is 'n misverstand om die ewige rus voor te stel as 'n arbeidslose bestaan. "Es wird vielmehr das jenseitige Leben erst recht ein Leben der höchsten Kraftentfaltung aller Geistes- und Körperkräfte sein."[4]

Van besondere betekenis vir die verstaan van die Rooms-Katolieke visie op arbeid is sy beskouing oor sondeval en verlossing.

---

1) Van Biemen - Zedelijke waardering van de arbeid....p. 223.
2) Ibid., p. 224.
3) Keller, F. Arbeit. (In Lexikon der Pädagogik, 1913, 1:195.)
4) Ibid.

Hier bespeur ons duidelik die invloed van die semi-pelagianisme.[1] Die mens is vir die Roomse Katolisisme nie totaal verdorwe nie. Hy het net die geloof as superadditum deur die sondeval verloor. Daardeur is die mens verswak en krank, maar wesenlik is hy ook tog nog goed en kan hy uit homself tog nog die goeie doen. (Dit hang nou saam met die reeds genoemde partisipasieleer). Ook is die mens outonoom en kan hy "Nee!" sê teenoor God. Met hierdie opvatting hang weer saam die verdiensteleer van die Roomse Katolisisme. Die gevalle mens kan genade verdien met sy goeie werke. Sodoende kan die mens sy eie heil bewerkstelling. Hierdie opvatting moet weer in verband gesien word met die Rooms-Katolieke leer van die vrye wil van die mens en die semi-pelagianisme. Rome leer nie soos Pelagius 'n radikale vrye wil van die in sonde gevalle mens nie, maar is semi-pelagiaans, d.w.s. die mens het genade (w.o. sakramente en sakramentalia) nodig om sy goeie (deur sonde verswakte) wil te sterk. Daarna kan die mens self, vry en outonoom God en genade kies.

Arbeid in die sweet van die aangesig is nou 'n straf vir die mens onder die vloek, maar 'n straf wat die mens tot diens staan om verheffing ens. te verdien. Volgens Keller wat die Rooms-Katolieke arbeidswaardering vertolk, is arbeid 'n "Erziehungsmit-

---

1) Alhoewel tydens die derde ekumeniese sinode van Efese (431 N.C.) die Rooms-Katolieke Kerk vir Pelagius veroordeel het en sodoende die standpunt van Augustinus geseëvier het, het die Pelagianisme voortgeleef in die kerk. Die semi-pelagianisme is 'n felle reaksie teen die belydenis van Augustinus van die partikuliere heilswil, die onweerstaanbare genade van God, die totale onvermoë van die mens tot enige goed en die leer van die dubbele predestinasie.

Uit vrees vir die uiterste standpunt van die Pelagiane asook vir die konsekwensies van die leer van Augustinus, is die semi-palagianisme ontstaan. Voorstanders van hierdie rigting het die vermoë om goed te doen beskou as iets wat die mens nie kan verloor nie. Erfsonde word nie geloën nie, maar die semi-pelagiane beperk die gevolge daarvan tot 'n verswakking van die wil om die goeie te doen.

618

tel". Arbeid is volgens hom noodwendig vir die mens om sy kragte en bekwaamhede te ontwikkel. "Damit is auch schon die Arbeit als ein wesentliches Erziehungsmittel gekennzeichnet, da ja die Erziehung den Zwech hat, die Kräfte des Menschen seiner Bestimmung gemäsz zur Entwichklung zu bringen."[1] Straf het vir Keller "heilenden und bildenden" waarde, in soverre dit met arbeid verbind word, "denn diese wird durch den Urteilsspruch Gottes zu einer Medizin, zu einem wichtigen Mittel der Heilpädagogik."[2] Hy noem ook m.i. tereg ~~op~~ die waarde van liggaamlike en geestelike arbeid vir die liggaamlike en geestelike gesondheid van die mens. Deur die erfsonde is die menslike wil verswak en verwond. Die krankheid van die wil is moeilik te genees. Veral is dit moeilik om luiheid en traagheid te oorkom. Die middel om hierdie krankheid te genees is menslike arbeid en dan arbeid in die sin van die goddelike opdrag nl. kultuurarbeid, as "Bezwingung und Beherrschung des Erdreichs der eignen Seele, also Kulturarbeit."[3]

Die heilsame uitwerking van arbeid lei tot oorwinning en beheersing van die self. Langsaam ontwaak in die sedelik-swak mens weer die krag van selfbeheersing, "da die fortgesetzte, längere Zeit andauerende Arbeit eine ebenso lange Selbstuberwündung bedeutet."[4]

Rome se arbeidsleer word deur sy arbeidsopvatting en arbeidswaardering 'n verdienste-leer. Hiermee hang ook die Middeleeuse askese ten nouste saam. Rome het ook baie aandag geskenk aan praktiese arbeidsetiek. Arbeid is noodsaaklik vir sedelike opvoeding en dissipline. Dit werp ook lig op die Rooms-Katolieke leer van arbeidsdeugde en arbeidsondeugde. Luiheid is volgens Keller 'n "Grundübel" en dit kan gereken word onder die "Haupt- oder Wurzelsünden". Vlytigheid daarteenoor word hoog aangeprys as 'n "vielgepriesene vertrauenerweckende Tugend"[5]

---

1) Keller, F. Arbeit. (In Lexikon der Pädagogik, 1913, 1: 198.)
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Ibid., p. 199.
5) Ibid., p. 1331

Arbeid wat behoort tot die wese van die mens is vir Rome 'n sedelik plig. Dit is eer deur God aan die mens gegun (verleen). Dit besit 'n persoonlike karakter en is derhalwe in individuele en sosiale opsig 'n sedelike plig. Thomas het alle arbeid sedelike goeie dade genoem. Die mens het in die eerste instansie die taak en plig om die deur God geskape wêreld te vervolmaak deur sy arbeid en so die glorie van God te vermeerder, maar arbeid "dient echter als instrument ter verkrijging van de volmaaktheid."[1] Dit word aangedui as die ewigheidsberoep van die arbeidende mens. Vir Rome is arbeid in ooreenstemming met sy sosiale karakter eers dan sedelik-goed as dit primêr op God gerig is, dan op die mens en in die laaste instansie op die saak. "Alleen op de zaak gericht is arbeid a-religieus, a-sociaal en daarom onzedelijk."[2]

d. Rooms-Katolieke samelewingsbeskouing en belangstelling in sosiale arbeidsvraagstukke.

Volgens Calvinistiese beskouing is elke samelewingskring bv. huwelik, gesin, volk, staat, kerk, skool, industrie, hospitaal ens. soewerein in eie kring. Hulle staan (enkapties vervleg) as't ware naasmekaar en is universeel van mekaar afhanklik. Volgens die Calvinistiese beginsel van harmoniese differensiasie is daar onderlinge wisselwerking tussen die verskillende samelewingskringe, ondersteun en bevrug hulle mekaar en erken en respekteer elke samelewingskring die grense, taak, soewereiniteit ens. van die ander kringe. Die Rooms Katolisisme het hier 'n hiërargie van kringe, waarvan die telkens hoëre kring die laere kringe oorkoepel. So oorkoepel die gesin die enkelinge, die staat die enkelinge en gesinne, die kerk die enkelinge, gesinne en state. Nieteenstaande hierdie oorkoepeling behou elk van die oorkoepelde kringe sy eie aard en eie outonomie. Oorkoepeling hef dus vir die Roomse Katolisisme die eie-aard van die oorkoepelde nie op nie. Dit word deur Rome genoem die subsidiariteitsprinsiepe.

---

1) Van Biemen - Zedelijke waardering van de arbeid, p. 224.
2) Ibid., p. 229.

Volgens die genoemde subsidiariteitsbeginsel het die kerk (i.c. die Rooms-Katolieke Kerk) belang in sosiale arbeidsvraagstukke. Soos reeds aangetoon[1] is die Roomse-Katolisisme prakties ecclesiosentries. Tussen God en Christus aan die een kant en die mensdom (en die wêreld) aan die ander kant plaas die Roomse Katolisisme die kerk as middelares.

Dit is derhalwe verstaanbaar dat die Roomse-Katolisisme wat prakties ecclesiosentries ingestel is en die subsidiariteitsprinsiepe (waarvolgens die kerk die hoogste samelewingskring is wat al die ander oorkoepel en verantwoordelikheid teenoor elk het) handhaaf, hom intens bemoei met die sosiale arbeidsvraagstukke. Dat hierby die Rooms-Katolieke beskouing van die vakbeweging ter sprake kom, spreek m.i. vanself.

Ons vind dan ook dat die Roomse Kerkvorste intensief belang gestel het en stel in die arbeids- en arbeidersvraagstukke en getrag het om d.m.v. Pouslike Ensiklieke leiding te gee op sosiale terrein. Dit kan met reg beweer word dat die ensiklieke "Rerum Novarum" en "Quadragesimo Anno" albei op Thomistiese grondslag berus. Smeenk is van menig dat die pousdom wat nie meer oor veel wêreldlike mag en outoriteit beskik nie, in die laaste dekades aan sedelik-geestelike mag gewen het, en ook op sosiaal-ekonomiese terrein 'n woord meespreek waarna geluister word.[2]

Die wantoestande en die ontaarding a.g.v. arbeidstoestande in die moderne industrialisme is die oorsprong van die felle kritiek en verontwaardiging wat straal uit die genoemde sendbriewe van die kerkleiers. Hierdie ensiklieke is van belang vir die navorser omdat hierin met kerklike gesag riglyne aangedui word waarvolgens die arbeidende mense tot oplossing van die knellende arbeidsproblematiek kan kom. Die ensiklieke is deur Pous Pius XI die magna charta van die Rooms-Katolieke Kerk genoem.

Pous Leo (die skrywer van "Rerum Novarum) se vernaamste (sedelike besware teen die moderne Kapitalisme kan kortlik soos volg

---

1) sien p. 235.
2) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 375.

geformuleer word: i. die onregverdige verdeling van inkomste; (ii) die gevolge van die onregverdige aanmatiging van die kant van die Kapitalisme; (iii) besitloosheid en bestaansonsekerheid van die kant van die Proletariërs; (iv) die klassestryd wat as normale verskynsel aanvaar word en (v) die verlaging van menslike arbeid tot koopwaar sodat die menslike waardigheid in die arbeid vertrap en gekrenk word. Pous Pius XI, die skrywer van "Quadragesimo Anno" voeg nog enkele besware by nl. die te groot invloed van geld en handel, die verkeerde organisasie van baie ondernemings en die feit dat die produksie nie of te weinig gerig is op behoeftebevrediging. Pous Leo se verontwaardiging het nie slegs gegaan teen die materiële onregverdighede nie, "maar bovenal om de uitholling van geestelijke en zedelijke waarden."[1]

Pius toon aan in sy aangehaalde werk, dat Leo geen hulp by die Liberaliste gesoek het nie, en ook nie by die Sosialiste nie, omdat eersgnoemde sy totale magteloosheid getoon het om die korrekte antwoorde te bied op die sosiale probleme terwyl lg. die samelewing aan groot gevare blootgestel het. Die remedie van die Sosialiste is " a remedy more disastrous than the evil it designed to cure."[2] As Pius XI veertig jaar later na die verskyning van "Rerum Novarum" uitwei oor die klassieke betekenis van die genoemde ensikliek skryf hy die volgende: "In this document the supreme Shepherd, grieving for the misery and wretchedness pressing unjustly on such a large proportion of mankind, boldly took in his own hands the cause of the workingmen, surrendered, isolated and helpless, to the hard-heartedness of employers and the greed of unchecked competition."[3]

Ek wil nog 'n meer resente ensikliek van Johannes XXIII net noem nl. "Mater en Magistra" waarin hy 'n m.i. belangrike uitspraak gee oor arbeidsverhoudinge. Ek gee dit hier: "Workers and employers should regulate their mutual relations in a spirit of

---

1) Van Biemen - De Zedelijke waardering van de arbeid, p. 225.
2) Quadragesimo Anno, p. 3.
3) Ibid.

human solidarity and in accordance with the bond of christian brotherhood. For the unregulated competition which so-called liberals espouse, or the class struggle in the Marxist sense, are utterly opposed to christian teaching and also to the very nature of man."[1]

In die genoemde ensiklieke wend die pouse 'n poging aan om op grond van die gegewens van die Heilige Skrif en die tradisie (aangepas aan die bestaande nood) 'n nuwe Christelike arbeids-etos op te bou, en die daaruit voortvloéiende eise aan die staat en maatskappy helder en duidelik te formuleer.

e. Kritiese opmerkinge.

Voordat ek oorgaan tot kritiek op bogemelde wil ek dit baie pertinent hier noem, dat die Calvinistiese en die Rooms-Katolieke arbeidsbeskouing en arbeidsetiese beskouinge nader aan mekaar staan as bv. die Calvinistiese arbeidsbeskouing (en arbeidsetiese beskouing) aan die liberalistiese (kapitalistiese) en die sosialistiese (Marxistiese) beskouinge oor arbeid en sedelike arbeid.

Baie waarheidsmomente in die Rooms-Katolieke arbeidsleer en arbeidsetiese opvattinge kan genoem word, maar dit is nie my voorneme in hierdie studie nie. Ek wil net noem dat die Roomse Katolisisme arbeid as kultuuropdrag van die mens baie hoog stel en waardeer. Dit blyk duidelik uit die oorsig wat ek gegee het en ook uit die intense en persoonlike belangstelling en bemoeiing van die kerkleiers met die sosiaal-ekonomiese vraagstukke en problematiek.

i. Kritiese opmerkinge oor die Rooms-Katolieke stelsel.

Dit is natuurlik onmoontlik om in hierdie kort oorsig kritiek op die Rooms-Katolieke stelsel as geheel te gee, maar soos reeds genoem gaan die kritiek hoofsaaklik oor die arbeids- en arbeidsetiese beskouing van die Roomse Katolisisme. Soos reeds aangetoon[2] erken die Rooms-Katolieke Kerk die teosentrisitiet

---

1) Pope John XIII: Mater en Magister, 1962, p. 15.
2) sien p. 235.

van God en aanvaar dit ook bowendien 'n Christosentrisiteit. Maar prakties is die Rooms-Katolisisme ecclesiosentries. Dit plaas tussen God en Christus aan die een kant en die mensdom en die wêreld aan die ander kant die kerk as middelares. Die kerk lei die mens na die Skrif toe, na die Persoon van Christus, na die gemeenskap met God. Vir die Calvinis word die mens deur die Woord van God na die kerk en na God in Christus gelei, en is Christus die enigste Middelaar tussen God en die mens. Vir Rome is die kerk heilinstituut en die alleensaligmakende kerk.

Die ecclesiosentrisme van die Rooms Katolisisme het gelei tot die strewe na die oorheersing van die ander samelewingskringe w.o. ook die staat. Die Calvinis wat die soewereiniteit in eie kring van die verskillende samelewingskringe handhaaf kan nie die ecclesiosentrisme aanvaar of onderskryf nie. Verder kritiek op die oorkoepelingsprinsiepe volg later.

De Klerk stel dit m.i. suiwer as hy skrywe: "Die besondere en die eie van die Katolieke kerkbegrip lê in die vereenselwiging van die kerklike gesag met die gesag van Christus."[1] Die kerk was voor die Skrif en het sy oorsprong en bestaan nie aan die Skrif te danke nie, maar bestaan in en deur homself, d.i. deur Christus.

Hierdie aanmatiging van die gesag van die kerk moet daartoe lei (soos dit ook gebeur het) tot die opeising van gehoorsaamheid van alle samelwingskringe en wat vir hierdie studie van belang is ook die terrein van die arbeid (op sosiaal-ekonomiese gebied). Hierdie dominering van die ander kringe moet beslis verwerp word op grond van die Calvinistiese opvatting van die gesag van die kerk en die universele afhanklikheid van die samelewingskringe

Volgens Smeenk het die twee-terreineleer gelei tot 'n praktyk van wêreldveragting aan die een kant en 'n strewe na wêreldbeheersing aan die ander kant.[2] "Gezien de van lagere orde zijnde, verzwakte, voor verleiding vatbare, natuur, was het voor veler

---

1) De Klerk - Die Roomse gevaar, p. 37.
2) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 71.

besef toch maar het veiligste achter de kloostermuren. En waar alleen de kerk het natuurlijke leven kon opheffen, moest zij ook het sociale en politieke terrein principieel beheersen."[1] Hierdie dialektiese grondmotief van Rome is 'n dualisme wat gelei het tot wêreldontvlugting en die devaluasie van handearbeid. Hierdie religieuse sintese-poging van die Roomse Katolisisme wat selfs die denke van sommige van die Reformatore beïnvloed het, is volkome in stryd met die opvatting van die eenheid van die geskape mens as beelddraer van God. Die onderskeid vir die Calvinis is die tussen Skepper en skepping maar vir Rome loop die onderskeidingslyn deur die skepping heen. Eers vind ons die dualisme binne die skepping en dan weer by die mens.

Die religieuse grondmotief van die Room-Katolieke kerk nl. natuur-genade, is 'n dualisme wat vir die reformatoriese Christendom onaanvaarbaar is en as onskriftuurlik verwerp moet word. Die Heilige Skrif leer dat God die mens geskape het na Sy beeld en die beeldskap is nie iets ('n soort superadditum) wat later na die sondeval eers bygekom het nie. Wel is die beeld deur die val en ongehoorsaamheid geskend, maar nie totaal vernietig nie. Die Heilige Skrif ken nie die grondmotief natuur-genade nie, maar slegs die van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus. Ek kan my nie vereenselwig met die bewering van die Rooms-Katolieke teoloog Chenu as hy skrywe dat die sintese tussen Christus en die Griekse en heidense wysbegeerte 'n gelukkige gebeurtenis vir die Christendom is nie. Hierdie dualisme het tot gevolg gehad dat die askese verheerlik is in die Rooms-Katolieke Kerk terwyl vir die Calvinis die mens 'n opdrag en roeping ontvang het wat hy ook deur sy arbeid en diens moet vervul in die volle stroom van die lewe waar hy geroep is. Wêreldwyding en nie wêreldmyding nie, is die bestemming van die arbeidende mens. Nie die natuuropvatting van die heidene en die Griekse wysbegeerte (wat die Heilige Skrif nie aanvaar nie) moet as maatstaf vir die Christen aanvaar word nie, maar die onfeilbare Woord van God is die norm

---

1) Smeenk - De ontwikkeling der maatschappij, p. 71.

en rigsnoer van die Christenbestaan.

Wat die mensbeskouing van Rome aanbetref, moet daarop gewys word dat volgens die reformatoriese mensbeskouing (en Skrifbeskouing), die beeld van God geen donum superadditum is nie, maar dat dit behoort tot die wese van die geskape mens. Die genade is by Rome is in die eerste plek "een boven de natuurorde aan de mensch toegevoegde qualiteit, waardoor hij in beginsel in een bovennatuurlijke orde opgenomen, de goddelijke natuur, de aanschouwing Gods deelachtig wordt, en zulke bovennatuurlijke werken verrichten kan, welke ex condigno het eeuwige leven verdienen."[1]

Die Reformatore het hierdie Neoplatoniese mistiek verwerp en teruggekeer na die eenvoudigheid van die Heilige Skrif wat vir ons 'n geheel ander beeld van genade gee. Hierdie reformatoriese beskouing van genade verskil van die van Rome daarin dat genade vir eersgenoemde dien nie om die mens op te neem in 'n bo-natuurlike orde nie, maar om die mens van sy sondes te verlos. Genade staan nie teenoor die natuur nie, maar teenoor die sonde. Genade was eintlik nie nodig voor die sondeval nie, maar dit het a.g.v. die oortreding van God se proefgebod noodsaaklik geword. Genade is derhalwe nie absoluut nie, maar wel toevallig noodsaaklik. Wanneer die genade die sonde met sy skuld, smet, straf ens. weggeneem het, het die genade sy werk verrig. Daar behoort dus langs die genade wat die sonde wegneem geen ander genade te kom wat die mens dan nog bo sy natuur moet verhef nie.

Hierdie dualistiese mensbeskouing van Rome met sy geloof as superadditum en die semi-palagiaanse siening van die God-mens-verhouding het daartoe gelei dat die verdienste-leer in die Rooms-Katolieke Kerk hoog waardeer is. Die gevalle mens moet deur natuurlike goeie werke die genade verdien. Vir die Calvinis het Christus alles volbring, en die mens kan deur sy arbeid (verdienste) niks verdien nie. Goeie werke is noodsaaklik, maar dan as blyk van die verloste mens se dankbaarheid teenoor God in Christus. Die Calvinis sien sy arbeid as roepingsvervulling en dank-

---

1) Bavinck - Gereformeerde Dogmatiek, Deel III, p. 581.

baarheid vir bevryding van die sondemag en versoening met God. Die opvatting van Rome dat die goeie werke van die heiliges wat 'n oormaat van goeie werke is, die grond vir die vergifnis van ander mense is, moet op grond van Calvinistiese beskouing van arbeid en goeie werke verwerp word.

Tereg wys Bavinck daarop dat die Roomse gratia infusa begrip verwerp moet word. Die mens wat wedergebore is, is substansieel nie 'n ander mens as wat hy voor die wedergeboorte was nie. "Wedergeboorte en geloof is geen "donum superadditum" nie. Tog vorm hulle 'n "donum purum" deur die werk van die Heilige Gees, wat aan "hetzelve mensenleven de richting geeft... "1)

Volgens reformatoriese Skrifbeskouing het die sondeval nie slegs 'n deel van die mens nie, maar die hele mens geskend. Dit het hom na liggaam en siel getref. Calvyn noem die geskonde beeld 'n "deformitas horribile", maar dit is volgens Stoker nog 'n deformitas van een en dieselfde beeld.2) Die Roomse Katolisisme oorspan die funksie van die kerk as instituut met sy sakramente en priesterhiërargie a.g.v. sy beskouinge oor die donum superadditum en gratia infusa (wat gelei het tot 'n foutiewe mensbeeld).

In ooreenstemming met die Rooms-Katolieke opvattinge oor die natuurlike religie en vrye wil (waarop ek hier nie dieper kan ingaan nie) kan die mens sonder die genade van God en die herstel in Christus ook nog "goed" arbei. Dit beteken dat in die samelewing waar die Christendom met sy beginsels nog onbekend is, ook gearbei kan word tot verheerliking van God. Dit is in stryd met die beskouing van die Skrif en die praktyk. Omdat die menslike natuur volgens Rome nie deur die sondeval radikaal gedeformeer is nie, en slegs verwond is, is Reformatore (o.a. selfs Augustinus) voortdurend deur Rome verwyt van oordrywing van die begrip erfsonde. Die mens wat nie as gehele mens korrupt is (soos die reformatoriese teologie leer nie) streef volgens Rome "van nature naar de goede, een stelling radicaal tegenovergesteld aan de schriftuur-

---

1) Berkhouwer - Conflict met Rome, p. 330.
2) Stoker e.a. - Homo Viator, p. 28.

lijke belijdenis van de radikale verdorvenheid der 'menselijke natuur'"[1])

Wat die partisipasieleer van die Roomse Katolisisme betref wil ek daarop wys dat die "syn' van God en die "syn" van die mens radikaal onderskeie is, omdat God Gód en die mens louter kreatuurlike mens is. Wel kan ons die mens 'n mede-werker of medearbeider noem van God die Skepper, maar die Calvinis kan nie die partisipasieleer van Rome onderskryf nl. dat die mens met sy syn deel het aan die Syn van God nie. Stoker noem hierdie opvatting van Rome 'n onegte analogie.[2])

ii. Kritiese opmerkinge oor die Rooms-Katolieke opvatting van arbeid en sedelike arbeid.

Alhoewel Thomas van Aquinas vir sy tyd 'n sosiaal en verantwoorde arbeidsbegrip geformuleer het, moet vanuit Calvinistiese standpunt die opvatting van Thomas dat beskoulike arbeid op 'n hoër nivieu verkeer as handearbeid veroordeel word. Die opvatting dat arbeid vir die mens 'n sedelike plig is, is eintlik 'n verenging van die arbeid as skeppingsidion. Die arbeidende mens het ook 'n sedelike verpligting met sy arbeid teenoor sy medemens, maar arbeid is primêr 'n opdrag en roeping van God om Sy skepping te bewerk en te bewaak en daarmee Sy majesteit te verhoog. Arbeid volgens Calvinisties-wysgerige opvatting is m.i. 'n ontiese prinsiepe en nie 'n sedelike prinsiepe nie.

Dit blyk ook uit die standpunt van Rome t.o.v. arbeid en sedelike arbeid dat arbeid dan eers sedelik-goed is, as dit primêr op God betrekking het, dan op die mens en in die laaste plek op die saak. Ook hier sal die Calvinis verskil. Arbeid en sedelike arbeid sal ook vertikaal in die liefde tot God gefundeer wees, maar nie die direkte gerigtheid op God maak arbeid sedelike of sedelik-goed nie.

Arbeid wat op God gerig is is godsdienstige arbeid en nie sedelike arbeid in die eerste instansie nie.

---

1) Dooyeweerd - Vernieuwing en bezinning, p. 118.
2) Stoker - Homo Viator, p. 24.

Volgens die arbeidsleer van Rome dien arbeid as instrument tot verkryging van volmaaktheid. Ook hierdie opvatting is m.i. te antroposentriés. Dit gaan nie in die eerste plek volgens Calvinistiese arbeidsbeskouing om die mens nie. Arbeid is primêr 'n opdrag en roeping van God vir Sy verheerliking en grootmaking. 6).10

Die reeds genoemde kritiek op die askese en die wêreldontvlugting as 'n hoë deug geld ook hier. Dit is die konsekwensie van die poging van Rome om natuur en genade te probeer versoen. Die dualisme laat die mens dualisties sien ('n hoër en 'n laer deel) en laat God dualisties dien ('n hoër en 'n laer deel) Om die oorwinning oor die laer deel te verkry het menige aanhanger van die Rooms Katolisisme in die verlede homself afgesonder. Hierdie wêreldontvlugting (askese) het gepaard gegaan met intensiewe vas bid, kontemplasie, meditasie ens. en so het dit gebeur dat fisiese arbeid 'n minderwaardige plek teenoor die kontemplatiewe arbeid verkry het. Dit het hoofsaaklik in die Middeleeue gebeur.

iii. <u>Kritiese opmerkinge op die Rooms-Katolieke samelewingsbeskouing en belangstelling in sosiale arbeidsvraagstukke</u>.

In ooreenstemming met die Calvinistiese opvatting dat elke samelewingskring soewerein in eie kring is, moet Rome se subsidiariteitsbeginsel verwerp word. Dit is nie die taak van die kerk om die gesag oor die ander kringe te beoefen nie. Dit is ook nie die opdrag van die kerk (volgens Calvinistiese Skrif- en kerkbeskouing) om die staat te domineer nie. Elk van die verskillende samelewingskringe het 'n eie-aard en van God-gegewe eie taak en terrein en alheewel die kringe onderling van mekaar afhanklik is en mekaar kan ondersteun, bevrug, ens. mag die een nie oor die ander heerskappy voer nie. Kringusurpasie moet ook volgens die beginsel van harmoniese differensiasie veroordeel word.

Die een kring mag nie neutraal staan teenoor die ander kringe nie, maar die een kring mag ook nie vir die ander kringe voorskryf wat hy moet doen nie. Die kerk mag die staat nie oorheers nie en die staat mag nie heers oor die kerk nie. Vir Rome fungeer die staat oor die totale natuurlike lewe as totaalgemeenskap,

maar die Rooms-Katolieke kerkinstituut fungeer oor die hele Christelike lewe as totaalgemeenskap. In die Rooms-Katolieke samelewing is slegs een wesenlike soewereine gesag nl. die van die kerkinstituut. Die orige lewenskringe het slegs outonomie. Dit gee dan vir die kerk die reg en die plig in die samelewing om ook op die terrein van die arbeid en arbeidsverhoudinge leiding te gee.

Ook t.o.v. hierdie deel van die maatskaplike lewe stel Rome voorop dat die arbeidersvraagstuk allereers 'n sedelike en godsdienstige en nie 'n blote ekonomiese vraagstuk is nie.[1] As hoogste leraar van die sedelike lewe moet volgens de Klerk die kerk die mens onderrig in die beginsels van goeie gedrag in alle verhoudinge van die lewe. "Alle maatskaplike en industriële handelinge en verhoudinge is of sedelik goed of sedelikekwaad. As sodanig val hulle binne die eintlike gebied van die kerk."[2] Vakbeweginge wat met 'n sterk band aan die "heilige kerk" verbind is, en die voorskrifte van die kerk nougeset nastrewe en die sakramente gebruik, word aangemoedig."[3] Ook hier vind ons die gevolge van die subsidiariteits-prinsiepe nl. die verkerkliking van ander samelewingskringe (i.c. die arbeidsterrein). Hierdie hiërargiese oorkoepelingsidee van Rome kan nie deur die Calvinisme aanvaar of onderskryf word nie. Dit vloei o.a ook voort uit Rome se ecclesiosentrisme en dit moet noodwendig lei tot die usurpering van die ander kringe deur die kerk. Volgens die beginsel van die soewereiniteit in eie kring kan reglementering van die ander samelewingskringe deur die kerk nie op Skriftuurlike gronde verdedig word nie en in die praktyk werk dit ook bitter stryd en worsteling in die hand. In die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk vind ons talle voorbeelde van botsings tussen kerk en staat.

---

1) De Klerk - Die Roomse gevaar, 67.
2) Ibid., p. 68.
3) Ibid,

# H O O F S T U K 11.

## III. KARL MARX EN DIE MARXISME.

### A. Motivering vir keuse van Marx.

Graag wil ek hier motiveer waarom ek in hierdie hoofstuk oor die konfrontering van eie beskouinge oor arbeid en sedelike arbeid met die van andersdenkendes besondere aandag wy aan Marx en die Marxisme. Bestudering van arbeidsvraagstukke en in besonder navorsing i.v.m. die problematiek (insluitende die etiese) van die industrie-arbeider bring mens in voortdurende aanraking met die verhoudinge ondernemer-werknemer, kapitalistiese werkgewer-proletariese werknemer. Omdat die kapitalistiese ondernemer van veral die vorige eeu die loonarbeider (industrie-arbeider) soms skaamteloos uitgebuit het, het Karl Marx as kampvegter vir die industriële loonarbeiders in die bres getree. Hy het die arbeiders bewus gemaak van hulle krag as hulle kollektief optree. Uit die saamspan van die arbeiders in 'n arbeidersorganisasie is die vakbeweging gebore. Karl Marx se unieke plek in die geskiedenis van die vorige eeu, sy aansporing tot omverwerping van dit wat hy genoem het die kapitalistiese "klas" en sy propagering van klassestryd ens., het my tot die besluit gedwing om krities die beskouinge en leerstellinge van Marx te ondersoek en te konfronteer met die beskouinge ens. van die Calvinisme.

### B. Algemene oorsig en betekenis van Marx se leer.

Kraan maak die volgende belangrike stelling m.b.t. Marx: "Er is rondom Marx en het Marxisme een grote verwarring. De één beticht Marx van vulgair materialisme, de ander wijst op het idealistisch karakter van zijn streven en stelsel. De één noemt hem een humanistisch denker, de ander typeert het Marxisme als anti-humanisme. Nu eens word Marx als een zuiver-wetenschappelijk econoom of socioloog betiteld, dan weer als een doctrinair utopis. Deze typeert hem een origineel, ja geniale denker, gene een eclecticus met een lappen-denkensisteem."[1)]

---

1) Kraan - Een christelijke confrontatie met Marx, Lenin en Stalin, p.15

Marx staan op die kruispad van baie weë en hy het vir sy stelsel geput uit baie bronne, o.a. uit die werke van die Duitse filosowe Hegel en Feuerbach. Hy het ook geput uit die werke van die Franse Sosialiste, die Engelse klassieke ekonomie en uit die Joodse eschatologie. Marx het Germaanse wysbegeerte, Franse entoesiasme vir Sosialisme en rewolusie sowel as Engelse ekonomiedenke tot 'n magtige sintese verenig, waarin Joodse Messiaanse hunkering die groot dryfkrag was. Hy is 'n merkwaardige voorbeeld van europese "cross-fertilization".

Sombart het geen hoë dunk van Marx nie, en skrywe die volgende van hom: "Karl Marx ist von allen Sozialisten der Wurzello-seste, Widerspruchvolle, Unausgeglichenste Zerrissentste. Das erklärt sich leicht aus seiner Natur, in der alle bei den Sozialistische Denkern typischen Gegensätze nicht nur vorhanden, sondern besonders scharf ausgeprägt waren, die aber dann durch ihre Grösze und Mächtigkeit alle die in ihr angelegten Widerspruche zu einem wahren Titanenkampfe aufrufen."1)

Nadat Marx se politieke bedrywighede in Duitsland lamgelê is deur die polisie, vind ons hom in Frankryk waar hy hom verdiep in allerlei strominge en gestaltes uit die wêreld van die Sosialisme en die Kommunisme. Teleurgesteld in sy verwagtinge alhier vertrek hy en bring hy die res van sy lewe as "balling" in England deur. England was in daardie dae die ander lande ver voor op die gebied van die industrialisasie en tegniese vooruitgang, en was tewens die bakermat van die klassieke ekonomie en die "trade unions".

Aan Marx kom die eer toe dat hy een van die eerste denkers was wat die wêreldhistoriese betekenis van die tegnokrasie en die latente mag en krag van die arbeidersmassa ontwaar het. Nes Comte verwag hy ook alle heil van die industriële ontwikkeling van die mensdom. Hy het homself toegelê op die studie van ekonomie om sodoende instaat te wees om die maatskaplike prosesse te kan anali-

---

1) Sombart - Der proletarische Sozialismus, p. 59 en 60.

seer, die prosesse wat volgens hom die proletariese rewolusie en die kommunistiese heilstaat met historiese noodwendigheid sal voortbring.[1]

Volgens Kraan kan ons die Marxisme tipeer as 'n ekonomies-naturalistiese, dialekties-historiese, universalistiese, rewolusionêr-sosialistiese beheersinsgideologie, waarin die verskillende elemente saamgesmee is deur gesekulariseerde Joods-Messianisme horisontaal-eschatologies gerig, en verder dat die invloed van Marx toegeksrywe kan word aan die eenheid van teenhede wat sy stelsel bied nl.:"Materialisme en idealisme, evolutie en revolutie, natuurwetenschappelijk en historisch denken, determinisme en activisme, relativisme en absolutisme, pessimisme en optimisme, realisme en utopie, staatsvergoding en staatsverguising, theorie en practijk, econonisme en universele menslijkheid, techniek en cultuur, actie van massa en gemeenschap, van menigte... en bovenal wetenschap en profetie, saecularisatie en religie, ongeloof en geloof."[2] Ek volstaan met hierdie kort algemene oorsig oor Marx. Enkele van Marx se belangrikste beskouinge m.i. en kritiek daarop vanuit Calvinistiese standpunt word in die volgende onderafdelings aangebied.

C. Die mens en sy arbeid volgens Marx.

Soos reeds genoem,[3] was Marx een van die eerste denkers en navorsers wat die wêreldhistoriese betekenis van o.a. die latente mag en krag van die arbeiders as kollektiewe groep ontwaar het. Vir Marx is die eintlik arbeider die persoon wat fisiese arbeid verrig (die handearbeider). Belangrik is Marx se beskouing oor die hand van die mens. In die konkrete menswees is dit die mensehand wat ons aandag vra. Die hand van die mens skep die konkrete wat vir hom die eintlike is. Dit stel die mens instaat tot 'n lewenswyse wat verskil van enige ander lewende wese. Deur sy hand onderskei die mens hom van die dier en is die hand van die mens die

---

1) Kraan, K.J. Marxisme. (In Christelijke Encyclopedie, 1959, 4:602.)
2) Kraan - Een Christelijke confrontatie..., p. 113 en 114.
3) sien p. 254.

kardinale in die mens, want hierdeur word die arbeid verrig. Die mens moet sy lewensmoontlikhede self skep (in teenstelling met die dier wat alles wat dit vir instandhouding benodig voorhande vind). Marx maak die volgende stelling : "Für den sozialistischen Menschen ist die ganze soziale Weltgeschichte nichts anderes als die Erzeugung des Menschen durch menslichen Arbeit, als das Werden der Natur für den Menschen..."[1] Die mens wat arbei gebruik al spoedig gereedskap en met behulp van werktuie bewerk hy die omringende natuur. Die mens is vir Marx nie gees of bewussyn nie, maar hy IS handearbeider, vakman, homo faber. Die mens volgens Marx word geadel deur sy arbeid, en dit is die mens se adel om te arbei. In die potensiële arbeidsvermoë van die mens lê sy vrymag oor die natuur opgesluit. Die adel van die mens is sy arbeid waardeur hy die natuur na sy hand rig en sy eie bestaan al meer menslik en minder natuurlik maak. Terwyl die mens arbei vorm hy kultuur en sodoende onttrek die mens hom geleidelik al meer van die natuur.[2] Hierdie tipiese menslike arbeid bied aan ons die leidraad tot die wesenskern van die mens.

Arbeid is vir Marx enersyd die uitdrukking van die wese van die mens en andersyds 'n uitdrukking van 'n ekonomie-begrip. Sedert Marx "singt de Marxist het lied van den arbeid, en van de arbeidende mens. Niet na de arbeid, maar in de arbeid is de mens mens.[3] By 'n studie van Marx kom mens onder die indruk dat dit by Marx in die eerste plek gaan om die mens , om die mens as arbeider (die verontregte en uitgebuite mens.)

Vir Marx is die mens 'n homo faber. Die mens IS 'n produserende wese. Hy sien arbeid as ekonomie-arbeid en derhalwe kan ons by Marx eintlik ook spreek van 'n homo oeconomicus. Die mens is 'n produserende wese vir Marx en alleen in hierdie hoedanigheid kan hy hom vrymaak van die natuuronderworpenheid. Die geskiedenis van die arbeid is terselfdertyd die geskiedenis van die mens-

---

1) Marx, K. Historischer Materialismus, I, Leipzig, 1932, p. 34.
2) Ek het met dank gebruik gemaak van enkele gedagtes van die referaat van J.F. v.d. Wateren (1963) oor: Die geskiedenisfilosofie van Hegel en Marx.
3) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 21.

wording van die mens en die mensheid. Arbeids- en bedryfsgeskiedenis vorm die kern van die mensheidshistorie. Die hand van die mens is die bepalende faktor in die geskiedenis. Vir die Marxis staan dit vas dat in die geskiedenis van die produksie- en arbeidslewe die kern en verklaringsgrond van die hele mensheidshistorie gevind word. Die mens produseer goedere en homself. Die ware mensheid ken slegs arbeiders, d.w.s. produserende en sigself produserende wesens. Die klem val nie op die loon nie, maar op die arbeid. Die loon kom eintlik tussen die arbeider en sy arbeid waardeur die arbeid sy belang as arbeid verloor. So word inderdaad vir Marx die soewereiniteit van die mens geskaad. Labore is die weg tot selfverlossing vir die mens uit die boeie van die natuur. Nie die distribusie of die gebruik van die middele en goedere gaan Marx c.s. ter harte nie, maar die produksie van goedere.

Die klem val dus by Marx op die arbeider, die mens wat handearbeid verrig maar dan eintlik die mens wat met sy hande as arbeider iets produseer wat gebruik kan word. Arbeidsloon kan geen satisfaksie gee indien die mens in sy arbeid nie met soewereine selfskeppende kultuurvorming besig is nie. Arbeid kan alleen bestaan indien die arbeider vry is om daarin homself te wees, d.w.s. deur nie alleen oor die produksie nie, maar ook oor die produk wat hy lewer te beskik. Alleen in hierdie sin het Marx aandag vir distribusie van die produk.

Die arbeider het volgens Marx die reg op die vrugte van sy arbeid, op sy eie skepping, op sy eie produksie. Sonder hierdie insig is dit moeilik om Marx se meerwaardeleer te verstaan.

Arbeidsverdeling hoe onoorkombaar dit ook mag wees is deur die Kapitalisme tot 'n ramp vir die mensdom gemaak volgens Marx. Dit het die menswees vermink. Dit is die sondeval van die arbeid. "De ellendige toestand van de proletariaat was daarvan de overtuigende bewijs."1) Arbeidsverdeling is die raaisel van die his-

---

1) Van Biemen - De zedelijke waardering van de arbeid...p. 187.

torie. Arbeidsverdeling is vir Marx slegs 'n noodsaaklike euwel, maar hy sien daarin geen heil vir die arbeider nie.

Ons vind by Marx 'n welvaartsideaal maar dit is slegs 'n ekonomie-welvaart (en geen ekonomiese welvaart) wat hy in gedagte het. Nie die welvaart van die verskillende arbeidende mense in die bestaande samelewingsstrukture nie, maar welvaart vir die klaslose en staatlose samelewing soos deur hom voorspel en gepropageer.

D. <u>Wantoestande onder die kapitalistiese stelsel volgens Marx</u>.

Volgens Marx arbei die arbeider maar hy kom nie tot sy reg nie. Sy arbeid is syne maar dit kom nie tot sy reg nie. Die eintlike verminking van die arbeider is volgens Marx geleë in die verknegting van die mens aan kapitaal deur sy arbeid. Dit is 'n vernedering en skending van die mens-wees volgens Marx om as arbeider tydens die arbeidsproses verkneg te wees, want juis in sy arbeid oefen die mens sy menslike heerskappy uit. Hier pas dus geen loonslawerny of knegskap nie.

Sedert Marx in 1867 in sy bekende werk "Das Kapital" die woord Kapitalisme gebruik het in verband met die politieke en sosiologiese aspekte van die huidige ekonomiese orde, word onder Kapitalisme verstaan 'n ekonomiese orde waarin die produksiemiddele privaatbesit is van enkelinge wat daarna strewe om wins te maak deur die aanwending van die produksiemiddele.

Dit is van belang dat aandag geskenk word aan Marx se kritiek op kapitaal en die misbruik daarvan. In hierdie verband sal aandag gegee word aan Marx se meerwaarde-leer, sy akkumulasieteorie en sy konsentrasie-teorie. Eerstens dan sy <u>meerwaarde-leer</u>. Marx is eintlik ekonoom, maar in die stramien van sy ekonomie het hy dialektiese, sosialistiese en messiaanse drade ingeweef. In sy hoofwerk "Das Kapital" het Marx hom veral verdiep in die vraag hoe in die kapitalistiese sisteem die arbeider deur die eienaar-onteienaar (d.w.s. die Kapitalis) uitgebuit word. Met sy leer van arbeidswaarde en arbeidsmeerwaarde bring hy alles tot

nadere formulering. Die waarde van 'n produk volgens Marx sal gelykstaan aan die waarde (arbeidswaarde) van die produk, d.w.s. die hoeveelheid arbeid deur die arbeider bestee aan die fabrisering van die produk. Langs hierdie weg kom Marx tot sy leer van die kapitalistiese uitbuiting deur middel van die meerwaarde-teorie. Volgens hierdie teorie ontvang die arbeider in die kapitalistiese stelsel hoogstens soveel loon as wat nodig is vir die instandhouding van sy arbeidskragte en om hom "de gelegenheid te geven voor zoveel kinderen te zorgen als het bedrijfsleven straks gebruiken kan."[1] Die loon is derhalwe gelyk aan die gebruikswaarde van die arbeider in die arbeidsproses. "Inmiddels is de gemiddeld noodzaaklijke maatschappelijke arbeidstijd die hij moet arbeiden om dit loon te creëren veel korter dan het aantal uren dat hij per dag moet arbeiden."[2]

Die arbeider lewer dus 'n <u>surplus</u> van arbeidstyd wat dus 'n surplus van arbeidswaarde is, wat die Kapitalis ontvang en nie 'n bate vir die arbeider is nie. Die Kapitalis leef juis van hierdie "overuren" wat hy per kontrak van die arbeider vorder, van hierdie meerwaarde. Hiervolgens is Kapitalisme 'n uitbuiting van die arbeider. Dit is vir Marx naakte geweld. Die arbeider-proletariër is weerloos teenoor hierdie eksploitering.

Ons ondersoek in die tweede plek Marx se <u>akkumulasie-teorie</u>. Volgens Marx kan die Kapitalis die meerwaardes wat hy "verdien" deur sy uitbuiting, aanwend vir "consumptieve doeleindes" of hy kan 'n groot deel daarvan by sy bestaande bronne byvoeg en sy meerwaardes verhoog. Hy kan dit in sy onderneming belê en dit veral is die onderskeidingsteken by uitnemendheid vir die Kapitalis. Akkumulasie is die Moses en die Profete vir die Kapitalis. Derdens wat die <u>konsentrasie-teorie</u> aanbetref is dit 'n feit dat die grootbedryf geleidelik die kleineres verswelg. "Een Kapitalist slaat vele anderen dood."[3] Die konsentrasie van kapitaal kom

---

1) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 63.
2) Ibid.
3) Zuidema - Denkers van deze tijd, p. 19. (Deel III)

in die hande van kleiner groepe. Die Bourgeoisie het die produkdiemiddele gesentraliseer en die eiendomme in enkele hande gekonsentreer. 'Uit die konsentrasie van kapitaal en bedrywe aan die kant van die ondernemers is die direkte gevolg volgens Marx van die akkumulasie en die ellende aan die kant van die proletariaat. Produksieprosesse word al meer in monsterbedrywe verenig.

Die genoemde drie teorieë het volgens Marx gevolge vir die arbeider. Dit beskrywe Marx in die uitbuitings- en verelendingsleer. Wat die uitbuitingsleer betref wys Marx daarop dat die belange van kapitaal en arbeid diametraal teenoor mekaar staan. Die Kapitalis besit maar arbei nie. Hy geniet 'n arbeidslose inkomste. Die arbeider darenteë wat die direkte produsent is, arbei maar besit nie, en hoe meer meerwaarde hy lewer hoe meer word hy uitgebuit. Die Kapitalisme is honger na meerwaarde. Dit is daar op uit om die meerwaarde tot in die oneindige te vermeerder, "zowel deur verhoging der absolute meerwaarde door verlenging van de arbeidsdag en opdrijving van het arbeidstempo als door vermeerdering van die relatieve meerwaarde met behulp van intensiever mechanisatie van de productie, waardoor de arbeidsproductiviteit toeneemt."1)

Wat Marx se verelendingsleer betref vestig hy die aandag op die feit dat die sterker wordende konkurrensie lei tot steeds goedkoper produksie deur die verhoging van die arbeidstempo en veral van die invoering van meer masjiene. By die meerdere ingebruikneming van masjiene word steeds minder menslike arbeidskrag benodig. Om sy wins te verhoog gebruik die kapitalistiese ondernemer al meer goedkoper arbeidskragte in die vorm van vrouens en kinders in diens. Werkloosheid neem toe en word "zo veelvuldig dat het proletariaat al meer slechts reserveleger van het kapitalisme wordt, terwijl hij daardoor niet eens meer wordt gekleed en gevoed."2) Daar is geen sprake van lotsverbetering vir die pro-

---

1) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 16.
2) Kraan - Een Christelijke Confrontatie..., p. 48.

letariërs nie, maar inteendeel neem die vroue- en kinderarbeid a.g.v. die meerdere meganisasie toe, en word steeds meer arbeiders uit die produksieproses gedring. Deur hierdie vermeerdering en intensifiëring van die ellende vir die proletariërs het die kapitalistiese stelsel onhoudbaar geword. In die volgende onderafdeling sal aangetoon word wat Marx voorspel het van die outo-destruksie van die Kapitalisme as samelewingsstruktuur en s.i. uitbuitende "klas".

E. Noodwendige oorwinning oor die wantoestande deur die Kapitalisme geskep volgens Marx.

Volgens Marx is die mensheid verdeel in twee "klasse" nl. die kapitalistiese "klas" wat volgens hom die oorheersers en uitbuiters is asook die besitters van die produksiemiddele, en die arbeiders (proletariaat) wat hulle arbeid vir loon verkoop en die besitloses is. Marx sê in sy bekende Manifesto die volgende: "Die Geschichte alle bisherige Gesellschaft ist die Geschichte von Klassenkämpfen..."[1] Marx beweer dat dit die partikuliere "besit" is van die Kapitalis dat hy die arbeider mag uitbuit en die arbeider is weerloos en uitgelewer aan die wilsbeskikking van die eienaar-onteienaar. Rykdom word in hierdie stelsel (maatskappyvorm) so verdeel dat die arme arbeider die proletariër is en die Kapitalis die besitter. Die Kapitalis vermeerder sy partikuliere heerskappy en rykdom t.k.v. die industriële proletariaat. Wie in hierdie maatskappyformasie die eienaar van die produksiemiddele is en die beskikkingsmag oor die middele het, beskik ook oor diegene wat met hierdie middele moet arbei nl. die arbeiders.

Die proletariër ontvang nie die vrugte van sy handearbeid nie en hy verrig loondiens wat vir hom 'n selfontadeling en selfvervreemding is. Dit is mensonwaardige loonslawerny. Dit is roofbou van die een mens op die ander. Die arbeider is tot loonslawerny gedwing deur die kapitalisme.

---

1) Rossman - Deutsche Geschichtsphilosophie von Lessing bis Jaspers, p. 244)

In hierdie proses is die arbeider vir Marx slegs produksiemiddel en koopwaar. "Zo is zijn arbeidskrag zelf tot koopwaar verlaagd, nadat zij in het arbeidsproces gelijkgeschakeld werd aan werktuig en productiemiddel. ... in deze economische verhouding van de arbeider tot zijn werkgewer en tot zijn arbeid ligt de oorsprong van de arbeidersclasse als sociale proletarische classe: het economische kapitalistische stelsel is er de oorzaak van."1)

Die proletariër word deur die kapitalistiese uitbuiter volgens Marx slegs vir eie belang en voordeel gebruik en uitgebuit. Hy word nie deur die Kapitalis gesien as 'n mens met wie hy in 'n sedelike verhouding van suiwer menslikheid lewe nie. Volgens Brillenburg Wurth doen Marx 'n beroep op dié geheimsinnige kragte wat sluimer in die proletariaat, omdat dit volgens Marx die enigste "klas" is "waarin het bederf, de geest van uitbuiting, onze samenleving niet is doordrongen."2)

Uit hierdie "klasse"-verdeling van die samelewing ontstaan volgens Marx konflik en stryd. Die industrie-proletariaat het geleidelik tot ontwaking en verset gekom. Omdat daar 'n magtige hunkering na bevryding was, waar daar ook die behoefte aan 'n heilsleer en Marx c.s. het hierdie sosiale heilsleer verskaf. A.g.v. die ongelyke verdeling in die samelewing het stryd tussen die twee "klasse" 'n noodwendigheid geword. Marx het die arbeiders daarop gewys dat hulle 'n geweldige en onweerstaanbare mag kan word as hulle saamstaan en saamspan. Kollektiewe optrede van die arbeiders kan die ander "klas" die onderspit laat delf. Hy doen 'n beroep in sy manifes op die arbeiders om hulleself te verenig. Hulle het niks meer om te verloor as hulle kettings nie. Marx is die vader van die <u>klassestryd-leer</u> wat ten doel het die onteiening van die Kapitalis en die klaslose staatlose samelewing van die toekomstige heilstaat. Oor Marx se toekomstige werkersparadys sal later in hierdie hoofstuk meer gesê word.

---

1) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 59.
2) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven...p. 117.

Kapitalisme is die doodsonde in die Marxistiese dogmatiek. Die begin van die rewolusionêre evangelie is die ontmaskering van die kapitalistiese vooroordeel. Marx en Engels verberg nie hulle gevoelens in die Kommunistiese Manifes nie. Hulle verklaar openlik dat hulle doelstellinge slegs bereik kan word en verwerklik kan word deur die gewelddadige omverwerping van die bestaande en heersende maatskaplike orde. "Marx is niet enkel de dogmaticus van de gewelddadige revolutie, maar hij is er ook een organisator van."[1] Rewolusie is vir Marx die botsing tussen verouderde maatskappy-verhoudinge met nuwe produksieverhoudinge en dit roep om totaal nuwe verhoudinge. Gedrywe deur 'n rewolusionêre ideaal het Marx 'n militante en strydlustige proletariaat geskep. Die lokomotief van die geskiedenis is vir hom klassestryd. Volgens Niebuhr is die proletariër bestem deur die geskiedenis "to usher a classless society in existence."[2] Die ontwikkeling van die grootindustrie het volgens Marx die arbeiders tot rewolusionêre vereniging gebring. Die eerste skrede van die arbeidersrewolusie is die verheffing van die proletariërs tot heersende "klas", en die verowering van die demokrasie. Dan sal die proletariër sy politieke heerskappy gebruik om die kapitaal uit die hande van die Bourgeoisie te wring. Deur die rewolusionêre élan moet die arbeidersmassa verenig word en saamgesnoer word totdat die rewolusionêre vuur nie meer geblus kan word nie. Wanneer die "immiseratie" sy toppunt bereik het, volg die wêreldrewolusie en die magsoorname deur die wêreldproletariaat. Deur rewolusionêre omverwerping van die bestaande kapitalistiese maatskappy, sal die proletariese heilstaat (utopie) gebore word.

Die ellende van die arbeidersklas is deur 'n militante proletariese bewussyn omskep in felle strydbaarheid en eschatologiese gerigtheid. Hierdie strydende kerk, die ecclesia militans van die Marxisme vorm die élite van die kommunistiese proletariese beweging. Vir Marx is rewolusie volkome geregverdig. Mag is reg

---

1) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 94.
2) Niebuhr - Moral man and immoral society, p. 153.

en waar dit gaan om die menssyn van die arbeider, van die mens self is elke middel geregverdig om dit te verkry en te behou.

Marx voorspel in sy werke die einde van die Kapitalisme. Die Kapitaliste produseer volgens hom hulle eie doodgrawers, en die ondergang van die Kapitalisme en die oorwinning van die proletariaat is ewe onvermydelik. Marx spreek van die outo-destruksie van die Kapitalisme. Die kapitalistiese produksiewyse sal tenslotte ondergaan deur al die teenstrydige elemente wat dit huisves in eie boesem. Dit sal ineenstort a.g.v. oorproduksie en onderkonsumpsie. "Gelukkig heeft de wereld-concentratie van het kapitaal tot keerzijde de wereld-concentratie van het proletariaat, dat door de concentratie van ellende tot een geconcentreerde wereldrevolutie word gedrongen."1) Die uur het geslaan vir die kapitalistiese privaat-eiendom. "De expropriatoren worden geëxpropieërd." Die parasiterende lewe t.k.v. die arbeidende gemeenskap vind tenslotte 'n roemlose einde en soos ~~Kraan~~ Zuidema dit stel: "Het fatum van de ondergang der bourgeoisie-gemeenschap mocht niet worden afgewenden."2)

Marx waarsku die arbeiders dat in die stryd teen die Kapitalisme hulle hul nie moet laat bedwelm deur die religie nie. Vir Marx bestaan God nie. Vir hom ondermyn die geloof in God die geloof in die mens. Wetenskap en verstandsverligting egter ban die vals godsgeloof uit. Polemies mag Marx c.s. hulle self ateïste noem maar teties ag hulle hulself bokant die ateïsme verhewe. Deur die wysbegeerte is vir die Marx die religie opgelos. Die Christelike religie en sy teologie is immers in wese 'n antropologie en niks meer nie. Marx glo in die mens. Die filosofie van die mens moet die plek inneem van die religie. Godsdiens is die produk van die mens wat aan homself vervreemd is. Die Christelike godsdiens is vir Marx slegs 'n bewussynsverskynsel en die wortel van die onmenslike fenomeen van die Christelike godsiens moet vir Marx gesoek word

---

1) Kraan in Denkers van deze tijd, p. 22. Band 3,
2) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 72.

in die kapitalistiese régime. Marx is oortuig daarvan dat die Christendom slegs 'n tydelike verskynsel is, dat dit behoort tot die fase van die Kapitalisme en saam met die Kapitalisme sal verdwyn. Die Christendom hoef nie meer met vuur en swaard uitgeroei te word nie, omdat die Kapitalisme as stelsel sal verdwyn. Godsdiens is die opium wat deur die geestelike handlangers van die Kapitalisme aan die proletariaat toegedien word. "Zij benevelen als kapitalisten-knechten de arbeider-proletariaat."[1]

Die bewuste Marxis is geen Christen en die Christen is geen bewuste Marxis nie. Die proletariër kan nie 'n Christen wees nie maar wel 'n verligte mens, wat 'n outonome beskikker is oor sy eie lewenslot. Die uitroeiing van demone en die oorbodigheid van God word geproklameer deur Marx en met God verdwyn die duiwel. Met die verdwyning van die duiwel word God uitgeban. "De wijsbegeerte begrijpt de religie in haar illusorische werkelijkheid. Zij is dus voor de filosofie in zigzelf opgelost."[2]

Marx se godsidee volg uit sy opvatting van die mens, arbeid, ekonomie-welvaart en sy kritiek op die kapitalisme hang logies daarmee saam. Vanuit al die voorgaande open die gesigsveld van Marx se geskiedenisfilosofie. Die geskiedenis van die mensheid begin, "waar de vrijmaking uit de onderworpenheid van de mens aan de nooddruft en de nood (-drufts) zaak der natuur een aanvang neemt. Zij begint met de menselijke arbeid."[3] Teenstellend met die beskouing van Hegel (en s.i. met dié van die Christendom) is vir Marx die historie van die mens en die mensheid dié van die produksie van goedere en van die voortgaande magsvorming d.m.v. die arbeid en arbeidswerktuie oor die natuur. Arbeid is die enigste weg tot selfbevryding van die mens uit die nood en noodsaak van natuurgebondenheid. Wesenlik is vir Marx die geloof dat die geskiedenis van die produksie-proses die verklaringsgrond is vir die hele menslike geskiedenis. Dit is die dogmatiese oortuiging van Marx en die Sosialiste dat die laaste beslissing in die wêreldge-

---

1) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 78
2) Ibid., p. 73.
3) Ibid., p. 38.

skiedenis sal val op die terrein van die arbeid.

Marx se stelling dat die geskiedenis wesenlik die selfbevryding van die mensheid is uit die ryk van die natuurnoodwendigheid op weg na die ryk van die onbeperkte vryheidsheerskappy is in sy eie oë onaanvegbaar. Dit rus in sy humanistiese geloof en dan vertolk in materialistiese vorm. Ons mag sy geskiedbeskouing as historiese determinisme kwalifiseer.

Marx is oortuig daarvan dat sy toekomsbeeld geen utopie is nie, maar produk van nougesette wetenskaplike ondersoek. "daar de kern der mensheidsgeschiedenis juist in de arbeid en bedrijfsleven ligt is het ondenkbaar en onmogelijk dat een betere toekomst niet een betere maatschappij der toekomst inhoudt."[1] Marx verwys vernederend na die Sosialisme van sy voorgangers as utopistiese Sosialisme.

In die geskiedbeskouing van Marx vind ons geen gebrek aan "diesseitige" optimisme nie. Vir hom is die mens op weg na die lig en die mens is die outonome beskikker oor sy lot en bestemming. Determinisme, progressie-idee en scientalisme neem in Marx se denke 'n oorheersende plek in. Marx se ekonomies-deterministiese geskiedbeskouing het gelei tot sy sg. historiese materialisme. Op die vraag watter kragte die drywende, heersende en bepalende kragte in die ontwikkeling van die maatskappy is, noem Marx die materiële d.w.s. ekonomiese kragte. Die grondslag van elke kultuur is vir hom die produksiekragte.

Volgens Kraan is die Marxisme nie slegs skyn-positiwisties of "natuurwetenskaplik" nie, maar ook skyn-materialisties. "Het is sterk te betreuren, dat Marx en Engels hun stelsel als dialectisch of historische materialisme hebben gekenschets, want daardoor is veel onnodige verwarring ontstaan."[2] Marx het homself uitsluitend tot die ekonomiese dialektiek beperk sodat ons liewer van ekonomisme as materialisme by hom kan spreek. Nêrens vat hy materie op soos die natuurwetenskaplike dit doen nie, maar o-

---

1) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 32.
2) Kraan - Een Christelijke confrontatie, p. 86.

ral gaan hy uit van die arbeidende mens, van die dialektiese "vergesellschaftung der Menscheit". Op die voetspoor van Feuerbach wil Marx materialis wees, omdat hy alle nadruk daarop wil lê, dat hy geen ideële maar wel reële materialisme voorstaan, " een humanisme niet ingesteld op het hoofd maar op de zinnelijke behoeftes van de mens."[1]

Vir Marx is die kulminasiepunt van die geskiedenis, sy eie filosofie en die stryd van die proletarieër, die Marxistiese en <u>messiaanse heilstaat</u>. Deur die geweldadige en rewolusionêre omverwerping van die kapitalistiese stelsel en die oorwinning oor die die kapitalistiese uitbuitende "klas" breek die blye dag van 'n klaslose en staatlose samelewing spoedig aan. Dan volg die diktatuur van die proletariaat. Eventueel sal ook die arbeidersklas as proletariaat verdwyn, saam met die verskynsels wat dit bewerk en veroorsaak het, nl. privaat-eiendom. Na die messiaanse lydensworsteling van die wêreldproletariaat verrys eindelik die utopistiese heilstaat as wêreldstaat. In die utopie het die swaard verdwyn en heers daar enkel arbeidsvrede vir die sosiale mens. Marx glo in die proletariaat en Zuidema stel dit so: "in dit proletariaat hoopt hij, ja hij aanbidt het."[2]

Ek wil nog hier noem Marx se kairos-idee. Op grond van sy sg. wetenskaplike ondersoek en die historiese gedetermineerdheid het die tyd aangebreek waarin die proletariaat die mensheid gaan verlos. Die hede (d.w.s. die tyd waarin Marx gelewe het) is kairos en pleroma, die volheid van die tyd, en die proletariaat wat deur die wêreldgebeure self verwek is, is geroepe om die sin van die geskiedenis, die homo humanis in die sosialisme te vervul. Die daeraad van die nuwe wêreld en die besliste emansipasie van die mensheid is vir Marx die teenswoordige tyd. Marx is oortuig daarvan dat die onteiening van die Kapitalis en die omverwerping van die kapitalistiese sisteem baie naby was, en dit alles verwag hy binne onafsienbare tyd.

---

1) Kraan - Een christelijke confrontatie, p. 86 en 87.
2) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 93.

F. Kritiese opmerkinge oor Marx se beskouinge.

Dit is noodsaaklik dat by 'n kritiese waardering van die leer van Karl Marx dit as 'n waarheidsmoment waardeer moet word, dat hy een van die eerste navorsers is wat nie net die wêreld-historiese betekenis van die tegnokrasie en die latente krag en mag van die arbeidersmassa raakgesien het nie, maar ook en veral die arbeidsidion hoog waardeer het. Verder het Marx die wantoe-stande van sy tyd opgemerk en hom die lot van die uitgebuite en gedehumaniseerde arbeiders aangetrek. Die mensontering en loon-slawerny het hom innig gegrief en hy het hom beywer vir die ver-betering van die lotgevalle van die arbeider en veral die indus-trie-arbeider. In 'n kritiese konfrontasie met die beskouinge van die Calvinisme is daar egter heelwat punte van verskil tussen die leer van Marx en die opvattinge van die Calvinis m.b.t. die op-vattinge wat in die voorafgaande tetiese gedeelte genoem is. An-der waarheidsmomente sal ook nog genoem word.

a. Kritiek op Marx se beskouinge van die mens en sy arbeid.

(Marx is 'n humanis. Dit gaan by hom in die eerste instansie om die mens, om die arbeider, om die welvaart van die mens. Vir die Calvinisme is die mens veel meer as arbeider. Hy is kreatuurlik (geheel en al "aards", wetsonderworpe) beeld van God geroepe om (d.m.v. natuurbeheersing, kultuurskepping, sorg vir mens en diens aan God) die bestemming van die mens in die wêreld te verwerklik.) Marx het 'n baie verengde mensbegrip. Ons kan dit reduksionisme noem. Hierby kom dat die mens in sonde geval het (sondaar is), homself nie kan verlos nie en behoefte het aan die verlossing deur Christus. Dit alles ken Marx nie en daarom val die klem by Marx op die selfverlossing van die mens. Marx het wel oog vir die kwaad van die kapitalistiese stelsel en die daardeur bepaalde en ver-oorsaakte lyding van die arbeider, maar hy ken nie sonde as sonde nie en hy sien derhalwe die arbeider (o.a. ook in sy selfverlos-singsleer) nie as sondaar nie. Vandaar die geweldige optimisme

oor die arbeider en die arbeider in die toekomstige heilstaat. Die mensbeskouing van Marx is homosentries. Kraan tipeer sy antropologie as humanisties. Dit kan afgelei word o.a. uit die volstrekte outonomie wat Marx toeken aan die mens. Dit is die volkome gesekulariseerde mens wat eintlik "Selbstzweck" is. "Marx wil emancipatie van de mens, doordat deze in gemeenschap de natuur beheerst, in historische en revolutionêre weg."[1] Volgens Marx se godsbeskouing kan hy slegs kom tot 'n materialistiese mensbeeld en sy hele mensbeskouing is "diesseitig" en sekulêr-humanisties.

Volgens Christelik-reformatoriese mensbeskouing, openbaar die Heilige Skrif die feit dat alle dinge uit, deur en tot God geskape is. Hy is nie slegs deur God geskape en aan sy lot oorgelaat soos die Deïsme leer nie, maar hy word deur God bestier en aan Sy wetsorde onderwerp. Hy is 'n beelddraer van God en die geïndividualiseerdste en gesosialiseerdste idiostansie in die kosmos. Sy oorsprong maar ook sy bestemming vind die geskape mens in God. Om te beantwoord aan sy verhewe roeping en opdrag moet die mens in gehoorsaamheid aan God lewe en arbei. Die mens het deur sy ongehoorsaamheid en val die vloek en toorn van God oor hom gehaal. Die gevalle en vervreemde mens is die ge-emansipeerde mens wat los van God sy weg wil gaan. Vir die Calvinis is die mens dus geskape na die beeld van God. Die Calvinis erken die sondeval en hy glo ook aan die herstel van die vervloekte mens en skepping deur die versoeningsarbeid van Christus.

Die Marxistiese mensbeskouing wat die mens sien as outonome selfbeskikker en selfverlosser is vreemd vir die Calvinisme wat sy mensbeeld konstrueer ooreenkomstig die geopenbaarde Skrifkennis. Marx se leer van die mens ken nie naasteliefde in die sin wat die Woord van God dit leer en verorden nie. Gehoorsaming van die etiese norm van persoonsliefde kan baie moeilik tot reg kom in 'n filosofie wat leer dat daar geen gesagsheerskappy moet wees nie. Gesag is vir Marx c.s. 'n "wezenlijk vrijheidsberoving en ontwaarding van de mens."[2]

---

1) Kraan - Een Christelijke confrontatie.... 99
2) Zuidema - Communisme in ontbinding, p. 42 en 43.

In Marx se oë kan geen organisasie genade vind indien enige arbeider daarin in 'n ondergeskikte posisie geplaas word nie. As die geskiedenis enige sin moet hê, dan moet dit vir Marx geskiedenis wees van die emansipasie uit elke gesagsverhouding.

Hierdie leer van Marx kan volgens Calvinistiese opvatting van menslike gesag alleen anargie en nihilisme tot gevolg hê. Gesag as 'n God-verordende instelling vir die goeie orde tussen mens word deur Marx in ongebondenheid verwerp. Die klaslose, staatlose (en gesaglose) utopie van Marx moet in chaos eindig.

Die outonome en geëmansipeerde mens van Marx wat geen gesag wil eerbiedig nie, moet ook noodwendig tot 'n ander vryheidsopvatting kom as die Skrifaanvarende arbeidende mens wat gehoorsaamheid betoon aan God se woord en die gesag van God en menslike gesag erken en aanvaar. Menslike vryheid soos gesien deur Marx c.s. kan nooit soos vir die Calvinis kultuurskepping, kultuurbeheersing, diens aan God en liefdesorg wees nie. Die soort vryheid wat ontplooi los-van-God kan m.i. alleen eindig in anargisme. Die verkryging van vryheid via rewolusie en bloedgeweld is iets anders as die verkryging van vryheid in die weg van gebondenheid aan die Woord van God en gehoorsaamheid aan Sy verordeninge. Ware en volkome vryheid sal alleen geniet word deur die in Christus verloste mens aan die einde van hierdie bedeling wanneer die finale oorwinning oor die sonde, kwaad en magte van die duisternis voltrek word en die wedergebore mens bewoner van die nuwe aarde sal word.

Die leer van Marx maak dit baie moeilik om voor te stel hoe menslike verantwoordelikheid en toerekenbaarheid 'n plek in die geheel vind. Teenoor wie is die mens verantwoordelik en wie bepaal sy toerekenbaarheid. Die outonome selfbeskikkende mens van Marx het geen transendente mag aan wie hy verantwoordelik hoef te wees nie of deur wie hy toerekenbaar gehou word nie. Die materialistiese antropologie van Marx moet eindig in gesaglose anargie.

Die volgende tipering van die Marxisme deur Kraan werp ook

lig op sy mensbeskouing: "we kunnen het Marxisme typeren als een economisch-materialistische, dialectisch-historische, universalistische, revolutionair-socialistische, beheersingsideologie, waarin de verschillende elementen zijn samengesmeed door gesaeculariseerd-Joods Messianisme, horizontaal-eschatologies gerigt."[1] Hierdie Messianisme gaan wel die humanistiese kader te buite, maar kan tog maklik geassimileer word, omdat dit net soos die Humanisme 'n reaksie is teen die bybelse gedagtes.

Die eintlik arbeid vir Marx is om te produseer. Die mens is homo faber en dit beteken die arbeidende mens produseer middele wat gebruik kan word. Ook dit is 'n verenging van arbeid (wat universeel is) tot ekonomie-arbeid. Ook dit is 'n reduksionisme. (Hierdeur word die mensbeskouing nog verder vereng tot wesentlik 'n ekonomie-wese). Ek het voorheen aangetoon dat arbeid universeel op die hele kosmos betrokke is en dat alle mense universeel saam arbei.[2] Nie net die arbeid van handearbeiders wat produseer is arbeid nie. Ook die radiokommentator wat die nuus lees arbei, die advokaat wat 'n saak in die hof verdedig arbei, die professor wat doseer arbei. Die reduksionisme van Marx doen onreg aan die universaliteit van arbeid asook aan die modale arbeidsoorte wat o.a. intellektuele arbeid, estetiese arbeid ens. insluit. Die arbeidende mens is meer as net homo faber. Hy is homo laborans en lg. term sluit alle soorte en tipes arbeid in wat deur alle mense gedoen word.

Arbeid is vir Marx skeppend. Dit skep produksie. Dit is egter m.i. 'n valse arbeidsidee. Arbeid is 'n middel tot 'n doel soos reeds voorheen in hierdie studie beklemtoon.[3] Arbeid is 'n middel tot 'n doel wat daaraan transendent is. Arbeid skep nie. Hierdie verheffing van arbeid tot skeppende aktiwiteit beteken dat 'n verengde, gereduseerde arbeidsopvatting nou oorspan, byna verabsoluteer word, en dat dit usurperend op alle aktiwiteite

---

1) Kraan - Een Christelijke confrontatie... p. 99.
2) sien p. 114.
3) sien p. 90 v.v.

beslag lê.

Marx se eensydige en uitsluitlik-horisontale (en "diesseitige") benadering van arbeid, wat arbeid slegs terwille van arbeid verkondig, beroof arbeid van sy transendente (vertikale)gerigtheid, asook van sy vertikale doelstellinge en religieuse stimulus. Vir die Calvinis is arbeid die skeppingsidion wat behoort tot die skeppingsorde. Dit is die middel wat deur die geskape mens aangewend word om daarmee kultuurskeppend en kultuurbeheersend (ook natuurbeheersend) asook sorgend en God-dienend die skepping te verryk ens. Die mens het ook die taak en bestemming om met sy arbeid as middel sy mede-beelddraers en ander mede-skepsele te dien. Deur arbeid wat slegs 'n middel (tot 'n transendente doel) is tot doel te stel word arbeid sinloos gemaak. Die Skriftuurlike (Skrifgeoriënteerde) arbeidsbeskouing van die Calvinis verskil radikaal met die arbeidsopvattinge van Marx vir wie arbeid skeppend is en eintlik doel op homself. Hy sien arbeid as horisontaal-gerigte aktiwiteite slegs in belang van die welvaart van die arbeidende mens. En hierdie arbeidende mens is vir Marx eintlik net die produserende handearbeider. Vir die arbeid wat die werkgewer verrig, vir arbeid as arbeid in sorgende diens van die medemens en 'n diens aan God het Marx geen oog nie.

Soos voorheen aangetoon[1)] kan by die afhandeling van 'n taakeenheid deur die arbeidende mens iets nuuts tot stand kom. Maar ons moet onthou dat die mens se "skeppings"arbeid kreatuurlik is (ook tydelik en aan die kosmiese wetsorde en norme onderworpe is). Uit die feit dat die mens 'n beelddraer van God is, mag ons dus aflei dat die mens tot 'n mate "mede-skepper" is. Tog kan die geskape mens niks "nuuts" skep nie. Tereg sê ons dat die mens kultuur skep, maar alhoewel die mens sy arbeid as middel aanwend om 'n gestelde doel te aktualiseer, is die arbeid self nie "skeppend" nie. Dit word slegs "skeppend" in diens gestel van die gestelde taak of doel. Die Calvinis verwerp hierdie oorspanning van die arbeidsidion soos voorgestaan deur Marx c.s.

---

1) sien p. 97 en 98.

Deur die arbeidsopvatting van Marx verloor die kwaad-goed bepaling van arbeid eintlik sy sin. Arbeid seëvier by hom oor die norme van die doel, want wat beteken nou "arbei vir die goeie" en "arbei goed" - behalwe dat die arbeider sy arbeider-wees (menslikheid, ekonomie-welvaart) moet uitlewe en verwesenlik, en uitbuiting, onderdrukking ens. moet bestry.

Vir die Calvinis is die mens nie net geskape om te arbei nie. Hy het ook ander en diverse take en verpligtinge in die wêreld. Die mens mag nie oorskat word nie, maar ook nie sy arbeid nie. Arbeid is ook nie net daar t.w.v. binne-kosmiese idionne (w.o. idiostansies) nie. Arbeid as kosmiese idion, as middel tot doelaktualisering, moet om waarlik arbeid te wees volgens Calvinistiese arbeidsbeskouing, transendent gerig wees. Dit bly primêr kultuurskepping (w.o. natuurbeheersing) in gehoorsaamheid aan God wat arbeid verorden het en die mens geroep het en opgedra het om te arbei tot Sy eer en in belang van die kosmiese idionne (w.o. die idiostansies)

Dit is 'n moeilike probleem om vas te stel of Marx ook arbeidsnorme ken. Arbeidsnorme (as deel van die wetsorde van God) in die betekenis wat die Calvinistiese navorser dit sien sal Marx nie aanvaar nie. Wat die arbeidsnorme van die eerste groep betref soos uiteengesit op pagina 129 kan verskille ook hier gekonstateer word. I.v.m. die eerste arbeidsnorm: Jy sal arbei, stem Marx saam, maar hy oordryf die betekenis van arbeid en sien dit eintlik net i.v.m. die arbeider. Hierdie verengde arbeidsbegrip en reduksionisme is reeds behandel.[1] Wat die tweede arbeidsnorm betref nl. Jy sal vir die goeie arbei, bestaan daar groot verskil tussen die Calvinis en Marx oor die opvatting van wat goed in hierdie geval is. Soos voorheen verduidelik[2] staan vir die Calvinis die doelstellinge van arbeid onder wets- en pligsordes. Alle arbeid vir slegte doelstelling is hiermee meteens veroordeel, want sedelik-

---

1) sien p. 268.
2) sien p. 131.

slegte doelstellinge maak die arbeid sedelik-sleg. Die goeie doelstellinge wat nagestreef word, kan horisontaal gesien die modaalgoeie, struktureel-goeie en dinamiese goeie wees. Die arbeidende mens moet sorg dat die gevolge van sy arbeid goed is.

In die stryd tussen die twee ryke nl. die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis, behoort die arbeidende mens 'n mede-stryder in die diens en belang van die Ryk van die Lig te wees. Die hoogste en primêre doelstellinge wat menslike arbeid in die kosmos moet verwerklik is die verheerliking van God en die bewerking, bewaking en beheersing van God se skepping. Die doelstelling van menslike arbeid vir Marx is slegs horisontaal ingestel en "diesseitig". Die goeie waarvoor die arbeider moet arbei is eie belang. Van die realisering van persoonsliefde is hier geen sprake nie, want in die rewolusionêre proses waarin die arbeider ingeskakel is (of behoort te wees) moet die kapitalistiese werkgewer onteien (selfs gedood) word. Die goeie waarvoor die arbeider moet arbei beantwoord nie aan die kwalifikasie van sedelik-goed nie. Ons kan hier slegs 'n oortreding van die arbeidsnorm: arbei vir die goeie, vind. Vir Marx arbeid die sosialistiese arbeider ook vir die goeie, maar dit is beslis nie die sedelik goeie, die gehoorsaming van die deur God vir die arbeid verordende arbeidsnorm soos deur die Calvinisme vertolk nie. Daar is vir Marx geen wets- en pligordes soos gehandhaaf deur die Calvinis op grond van die kennis wat hy ontvang uit die Heilige Skrif as Woord van God nie.

Wat die derde arbeidsnorm betref nl.: jy sal goed arbei, kan die arbeider moeilik arbeid lewer met 'n goeie gesindheid, omdat hy sy werkgewer as sy onderdrukker en uitbuiter beskou en volgens Marxistiese leer moet beskou. En as die gesindheid nie reg is teenoor die werkgewer nie, sal die arbeider ook nie sy beste lewer in die arbeidsproses nie. Dit is derhalwe moeilik om te verwag dat die arbeider wat so gekondisioneer word deur sosialistiese propaganda van Marx c.s. goed moet arbei.

Vanuit sy filosofiese instelling kan Marx moeilik verstaan wat die Calvinis onder norme (i.c. arbeidsnorme) verstaan. Hy kan 'n normatiewe (arbeids-) orde nie tot reg laat kom nie, want die outonome mens is vir hom die maatstaf en nie God die Skepper wat die norme verorden het nie. Die ontwikkeling van die ekonomiese produktiewe magte is vir Marx die causa causans van die historie en gevolglik is die kousaliteit van die ekonomiese prosesse vir hom beslissend. Dit bepaal menslike arbeid en nie norme nie.

Soos voorheen aangedui behoort die arbeider sy arbeid met vreugde voort te sit.[1] Die arbeidende mens se hele hart, hele siel, hele verstand en al sy kragte behoort as't ware in sy arbeid "geprojekteer" te word, sodat sy arbeid goed gedoen word. Marx se leerstellinge van klassestryd en rewolusie maak dit onmoontlik vir die arbeider wat dit wil navolg om goed te arbei, want deur goed te arbei sal hy net die saak van die uitbuiter bevorder. Ook hier vind ons oortreding van die arbeidsnorm.

Wat die tweede groep arbeidsnorme betref [2] vind ons ook hier radikale verskille. T.o.v. die arbeidsnorm: wie nie arbeid nie sal nie eet nie, stem Marx saam, maar volgens sy arbeidsbegrip (wat 'n verenging van arbeid en 'n reduksionisme ens. is) is slegs die produksie van verbruikersgoedere arbeid. Hiervolgens mag die advokaat, onderwyser, dosent, predikant ens. nie eet nie, want hulle aktiwiteite kwalifiseer nie vir hom as arbeid nie. Vir die Skrifgeoriënteerde Calvinistiese navorser sal die homo laborans (d.w.s. alle mens wat op enige terrein van die lewe enige vorm van arbeid verrig) mag eet. Vir Marx mag slegs die homo faber (eintlik sy homo oeconomicus) eet. Deur die arbeidsreduksionisme van Marx word aan 'n groot persentasie van die mensdom die lewensreg ontsê. Ons het hier ook 'n oortreding van die arbeidsnorm en krenking van die etiese norm van persoonsliefde a.g.v. die verengde arbeidsbegrip.

---

1) sien p. 132
2) sien p. 133 en 134.

In verband met die arbeidsnorm: die arbeider is die vrugte van sy arbeid werd, moet ek weereens 'n pertinente verskil tussen die arbeidsetiese beskouing van die Calvinisme en die Marxisme konstateer. Marx verabsoluteer m.i. die arbeider se reg (of aanspraak) op die vrugte van sy hande. Die arbeider is die vrugte van sy arbeid werd (en daarmee getransponeerd in die verhouding van werkgewer tot werknemer: is sy loon werd) word anders vertolk deur die Calvinisme. Volgens Marx het die arbeider, d.w.s. die ekonomiese goedere produserende arbeider <u>alleen</u> reg op die vrugte van sy arbeid. Alle ander arbeidende mens wat volgens Marx se arbeidsbeskouing eintlik nie-arbeiders is, het volgens Marx dus geen aanspraak op arbeidsvrugte (loon in die geval van die industriearbeider). M.i. geld hierdie arbeidsnorm vir elke homo laborans en nie slegs vir die homo faber (in Marxistiese betekenis) nie. Ook hier vind ons nie gehoorsaming aan die arbeidsetiese norme nie, ens. en vind ons 'n krenking van die norm van persoonsliefde. Arbeidsvrugte en arbeidsloon word weens 'n verengde arbeidsbegrip (reduksionisme)ontsê vir almal wat nie ekonomiese goedere produseer nie.

Verdere kritiek op die alleenreg-gedagte van arbeidsvrugte (resp. arbeidsloon) vir die homo faber is die feit dat die arbeidende mens nie net vir homself arbei nie. Ander moet ook deel in die vrugte van sy arbeid. So moet jong kinders, invalide mense, bejaarde mens ens. deel in die arbeidsvrugte van diegene wat wel instaat daartoe is om te arbei. Dit is ook belangrik om die aandag te vestig op die feit dat vrugte op die arbeid nie net ekonomiese goedere is nie. Die beeldhouer wat uit graniet 'n beeld gekap het geniet ook die arbeid van sy hande, afgesien van die geld wat hy deur die beeld mag verdien.

Verdere kritiek op die arbeidsopvatting van Marx geld sy oorvaluasie, mens kan sê sy verabsolutering van arbeid. Vir die Calvinis mag arbeid wat behoort tot die skeppingsorde en God-opgelegde taak en roeping is, nooit onderskat word nie. Ons mag arbeid hoog valueer. Maar daar moet ook gewaak word teen oorvaluasie. Beide devaluasie en oorskatting moet afgewys word.

Vir Marx is die mens na sy wese arbeider.[1] Die ware wese van die mens is pure arbeid. Arbeid druk vir Marx die wese van die mens uit en arbeid is 'n ekonomie-begrip. Hierdie twee wat ons kan noem grondpilare van Marx se leer kan nie deur die Calvinis so aanvaar word nie. Alhoewel arbeid behoort tot die wese van die geskape mens as kosmiese idiostansie, is hy meer as net arbeidende mens. Hy is 'n kreatuurlike en God-dienende beelddraer van God met opdragte en geroepenheid tot arbeid maar ook ander take in en teenoor die skepping van God. Arbeid is ook nie slegs 'n ekonomie-begrip nie. Arbeid is nie slegs daar vir die produksie van ekonomiese goedere nie. Arbeid wat universeel is en baie ruimer gesien moet word as die verengde arbeidsopvatting van Marx het as middel tot doelaktualisering 'n veelsydige taak en omvat baie meer as wat Marx onder arbeid verstaan. Marx het m.i. die arbeidsbegrip oneindig verarm as mens sy beskouing vergelyk met die hoë arbeidswaardering van die Calvinis. Wel vind ons by Marx 'n oorvaluasie van arbeid, maar sy arbeid is slegs die produsering van ekonomiese goedere en dit staan net in belang van die mens (i.c. die arbeider). Sy horisontaal-eschatologies gerigte en "diesseitige" arbeidsopvatting is teenstrydig met die arbeidsbeskouing van die Calvinis wat arbeid ook in sy transendente en vertikale visie (in respectu Dei) ondersoek en waardeer.

Al moet dit as 'n waarheidsmoment gesien word dat Marx 'n hoë waardering van arbeid het, moet gewaak word dat arbeid wat slegs 'n middel is nie tot doel gemaak word nie.[2] Dit is wat m.i. deur Marx gedoen word en daardeur word arbeid sinloos.

Marx se <u>welvaartsideaal</u> is m.i. 'n oordrywing en is eensydig. Hy spits welvaart te veel toe op ekonomie-welvaart, lewenswelvaart ens. Bowendien sien hy die verkryging van welvaart as verdienste. Welvaart (gelukkigheid in ruimer sin) omvat religieuse geluksaligheid, sedelike gelukkigheid, heerlikheid van kunsgenie-

---

1) Brillenburg Wurth - Het christelijk leven in de maatschappij, p. 238.
2) sien p. 98.

ting, van waarheidsontdekking (in kennis en wetenskap), lewenslus (-gelukkigheid), gelukkigheid in gee en ontvang van liefde, sorg, diens, ens. wat almal kwalitatief onderskeie is en nie tot mekaar herleibaar is nie. Welvaart is nie net welvaart van ekomie-goedere nie. Die welvaartsidee van Marx is 'n verengde opvatting (reduksionisme) en as't ware verabsoluteer (resp. vergoddelik). Bowendien is welvaart (gelukkigheid) geen verdienste nie, maar geskenk wat jou tóé-val, wanneer jy volgens jou aard, omstandighede, taak (roeping) in gehoorsaamheid aan Gods wetsorde doen wat jou te doen staan. Daarby moet nog genoem word dat Marx welvaart in gedagte het en verkondig net vir die homo faber wat in 'n toekomstige heilstaat ten volle verwerklik sal word. Vir die Calvinis is welvaart nie bestem vir die homo faber alleen nie, maar vir die homo laborans (ja meer nog, vir alle mense). Ook kinders, krankes, bejaardes, gestremdes ens. mag deel in die welvaart van hulle wat die voorreg het om te arbei en te verdien.

Die Calvinis moet ook van Marx verskil m.b.t. sy opvatting van arbeidsverdeling. Vir Marx is dit die grond van alle euwels, die sondeval van die arbeid. Dit is vir hom egter 'n noodsaaklike euwel en 'n raaisel van die geskiedenis. Dit is die oorsaak van al die ellende van die proletariaat.[1] Dit is moeilik om 'n voorstelling te maak van 'n wêreld sonder arbeidsverdeling. Dit kom reeds voor in die huishouding van die primitiefste gesin. Arbeidsverdeling kan egter te ver deurgevoer word tot groot skade van die arbeider. Dit is egter nie nodig dat dit in alle gevalle hoef te geskied nie, en die verantwoordelike werkgewer wat die belange van sy werknemers op die hart dra en hulle as medeskepsel in diens van God aanvaar, sal alles in sy vermoë doen om die menswaardigheid van sy werknemers te behou sodat hulle as verantwoordelike, toerekenbare arbeiders in diens van God en tot voordeel van die medemens hulle roeping kan vervul

---

1) Van Biemen - De zedelijke waardering van de arbeid, p. 187.

Wanneer ons Marx se arbeidsbeskouing besien vanuit die vier kosmiese dimensies, dan blyk dit m.i. dat hy eintlik 'n modale siening van arbeid het. Arbeid druk vir Marx 'n ekonomie-begrip uit. Hierdie modale visie op arbeid as skeppingsidion is m.i. ook 'n verenging van arbeid en reduksionisme. Wat die kosmiese dimensie van idiostante strukture betref is die belangrikste idiostante struktuur vir Marx die arbeider. Ander strukture word deur Marx nie hoog geag nie. Marx erken ook die bestaan van "klasse" wat vyandig staan teenoor mekaar. Wat die kosmiese dimensie van gebeurtenisse aanbetref kan ons hier spreek van sy magopvatting en rewolusie van die proletariaat. En wat die kosmiese dimensie van waardes aangaan is die grootste waardes vir Marx ekonomie-welvaart en sy "diesseitige" eschatologiese heilstaat. Soos reeds aangetoon in my analise van arbeid as kosmiese idion, kan arbeid nie as modaliteit beskou word nie. Alle modale ontledinge van arbeid veronderstel arbeid en laat ons nie sien wat arbeid qua arbeid is nie. Die kosmiese dimensie van modaliteite laat ons wel die modaal-bepaaldheid van arbeid ontwaar en hiervolgens kan ons modaal-soorte van arbeid onderskei.[1] Volgens Calvinisties-wysgerige opvatting is daar talbei idiostante strukture en kan die arbeiders nie die belangrikste struktuur wees nie, maar wel een van die baie. Die ander strukture het ook bestaansreg (selfs die kapitalistiese "klas")

Wat Marx se rewolusionisme aanbetref en sy magsbegrip, wil ek hier noem dat die Calvinis nie rewolusie as deug kan propageer nie, maar wel reformasie. Dit is die Skriftuurlike weg om te reformeer. Rewolusie en geweld word nie deur die Heilige Skrif voorgeskryf as die weg waarlangs sosiale toestande en die lotgevalle van arbeidende mense verbeter moet word nie. Gesag word deur die Skrifgeoriënteerde Calvinis hoog waardeer en gesag mag nooit in magmisbruik ontaard nie. Omdat Marx geen gesag vir sy arbeider wil aanvaar nie, is dit vanselfsprekend m.i. dat ons in die Marxistiese leerstellinge die verheerliking van mag sal aantref.

---

1) sien p. 98.

Kritiek is reeds gelewer of Marx se welvaartsidee[1] en kritiek op sy heilstaat (eschatologiese vrederyk) volg later. Ek wil noem dat ekonomie-welvaart en die heilstaat in Marxiaanse sin nie die hoogste waardes vir die Calvinis is nie. Die eschatologiese heilstaat vir die Calvinis is nie "diesseitig" nie, en ekonomie-goedere is nie die hoogste waarde nie. Hieroor kan baie gesê word maar ek volstaan hiermee, en ek sal nie dieper ingaan op die Calvinistiese opvatting van die kosmiese dimensie van waardes m.b.t. arbeid nie. Ek verwys hier na my tetiese uiteensetting oor arbeid en die kosmiese dimensie van waardes.[2]

b. Kritiek op Marx se beskouing oor die wantoestande onder die kapitalistiese stelsel.

Soos reeds genoem[3] is vir Marx die eintlik verminking van die mens geleë in sy verknegting aan kapitaal deur sy arbeid. In die kapitalistiese stelsel is die produksiemiddele die privaatbesit van enkelinge. Hulle strewe daarna om wins te maak. Marx c.s. is nie gekant teen privaatbesit en propageer nie die afskaffing van alle privaatbesit nie. Die Marxisme wil die privaat besit van goedere afskaf wat ooreenkomstig hulle struktuur aan die groep en nie aan die enkeling behoort nie. Wat volgens sy struktuur behoort aan die groep of samelewing, moet die eiendom word van die groep of samelewing, (b.v. die produksiemiddele, kommunikasie-sisteme ens.).[4]

By 'n kritiese beoordeling van Marx se meerwaardeleer, ontstaan o.a. die volgende vrae: waarom vind ons 'n meerwaardeleer by Marx ? Wil hy sy hele arbeidsleer verdedig en regverdig ? Wil hy dit wetenskaplik begrond of teoreties bewys.? Wil hy bewys dat onreg gepleeg word aan die arbeider deur loonuitbuiting.? Dit skyn vir my asof Marx se meerwaardeleer 'n tegniese begronding is en 'n poging tot wetenskaplike bewys.

---

1) sien p. 178.
2) sien p. 104 tot 106.
3) sien p. 258.
4) Ek het met dank gebruik gemaak van enkele gedagtes van Kwant se rede: Development of labor and Marxism" gelewer voor die Wysgerige Kongres gehou te Burban in 1965.

Die meerwaardeleer van Marx mag baie logies en oortuigend klink in die ore van die ontevrede arbeider en dit mag 'n magtitige stimulus wees tot agitasie en agressie teen die werkgewer, maar die hele saak is nie so eenvoudig soos Marx dit stel nie. Alhoewel die risiko wat die Kapitalis dra nie sy uitbuiting van die werkgewer regverdig nie en alhoewel die werknemer geregtig is op 'n regverdige loon vir al die arbeid wat hy lewer, moet tog in aanmerking geneem word dat die werkgewer die risiko van die onderneming moet dra. Hy moet die produksiemiddele vind en hy moet betaal vir lone, devaluasie, waardevermindering van geboue en masjinerie ens. Hy moet met ander werkgewers kompeteer en skade ly in tyd van laagkonjunktuur. Die arbeider moet dit ook in gedagte hou. Dit is beslis m.i. gebillik dat die persoon wat die produksiemiddele verskaf en voorsien, die inisiatief moet neem, die risikos moet dra, verantwoordelik vir die verkope is ens. 'n ruime aandeel in die winste moet ontvang. Dit is egter geen vrypas vir die werkgewer om sy werknemers te onderdruk en uit te buit nie. Ook hulle het aanspraak op die welvaart, winste en suksesse van die onderneming waarin hulle hul beste kragte bestee.

Hier mag seker gekonstateer word dat die lone wat baie werknemers ontvang nie altyd die toets van persoonsliefde kan deurstaan nie. Talle werkgewers hou nie rekening met die persoon wat hy in diens neem nie. Of die werknemer 'n groot gesin het, talle ander afhanklikes moet onderhou, ens., word deur die werkgewer nie in aanmerking geneem nie. Hy betaal net vir die arbeid wat die werknemer lewer en dikwels is die loon onvoldoende sodat die arbeider nie al sy verpligtinge kan nakom na behore nie. In hierdie geval oortree die werkgewer die arbeidsetiese norme en in besonder ook die sedenorm van persoonsliefde wat hom verplig om aan sy werknemer persoonsliefde te betoon.

Volgens die argumente in die vorige paragraaf genoem, is die meerwaardeleer ekonomies en prinsipieel nie korrek nie. Verder leer ~~die~~ hierdie meerwaardeleer dat net arbeid skeppend (produktief) is. Soos reeds voorheen aangetoon is arbeid as arbeid nie

skeppend ~~is~~ nie.[1] Menslike arbeid is volgens die beskouing wat in hierdie studie voorgestaan word slegs 'n middel wat aangewend word om 'n gestelde doel te verwerklik. Die arbeid van die homo laborans wat nie ekonomiese goedere produseer nie, kan volgens Marx c.s. nie meerwaarde lewer nie. Vir Marx is die meerwaarde indien ek hom reg verstaan eintlik 'n ekonomiese grootheid. M.i. hou die ekonomie hom besig met goedere-versorgende diens aan ander kringe. Waar volgens die Calvinisties-wysgerige opvattinge van waardes soos in hierdie studie verdedig, waardes indirek (deur die doen van wat behoort gedoen te word volgens wese, wet en bestemming) werwerklik word, vind ons by Marx die leer dat dit direk gedoen word.

Vir die Calvinis moet die winsmotief in die onderneming aan die diensmotief ondergeskik gestel word. Marx ken nie die diensmotief nie en verwerp die winsmotief. Misbruik en oordrywing van die winsmotief moet veroordeel en verwerp word, maar ek meen tog dat onder bepaalde voorwaardes die winsmotief geregverdig is.

Volgens die Kapitalisme is arbeid koopwaar. Arbeid en nie die arbeider nie, word beloon. Marx verwerp hierdie benadering en so ook die Calvinisme. Maar Marx stel in die plek hiervan die waardeskepping van arbeid wat m.i. nie kan gebeur nie.

Die Kapitalisme het 'n sekere loonteorie en so het Marx sy eie loonteorie. Die lewens- en wêreldbeskouing van die Calvinis dwing hom tot 'n ander loonteorie wat verskil van die van die Kapitalisme en die Marxisme. 'n Analise van arbeid en loon (arbeidsloon) bied interessante feite ens. maar dit sou ons te vèr voer van die hoofdoel van hierdie studie. Ek wil hier net enkele aspekte i.v.m. arbeidsloon kortliks noem. Die modale begronding van loon is die juridiese en nie uitsluitlik of primêr die ekonomiese nie. Loon is nie primêr 'n ekonomiese aangeleentheid nie. In verband met die juridiese begronding van arbeid kan ons die volgende stellinge poneer nl. a. die mens het reg op en is verplig tot arbeid. b. die arbeider het reg op die vrugte van sy arbeid;

---

1) sien p. 97 v.v.

c. in die werkgewer-werknemer-relasie gee die werknemer die vrugte van sy arbeid aan die werkgewer. So verkry die werkgewer iets wat die werknemer toekom; d. in die werkgewer-werknemer-relasie is die werkgewer volgens reg verplig om die werknemer vir sy arbeid en arbeidsvrugte te vergoed, d.w.s. loon te gee, ens.

Ons kan ook kortliks let op die meer-as-juridiese begronding van arbeidsloon. Loon bv. word nie net vir arbeid gegee nie. Die arbeider is sy loon werd. Nie vir die arbeid word betaal nie, maar die werknemer-arbeider word vergoed vir die gee van sy arbeid en arbeidsvrugte. In die tweede instansie, arbei die mens nie net vir loon nie. In religieus-vertikale rigting gesien arbei die werknemer nie net vir loon nie, maar eerstens roepingsvervullend tot eer van God. Die werknemer arbei ook nie direk vir loon nie, maar indirek. Die mens arbeid direk vir die onmiddelike transendente doelstelling van arbeid met die betrokke taakeenheid (taakeenhede) gestel vir die mens as werknemer, (Kosmiese dimensie van gebeurtenisse). Hier kan nog baie voorbeelde genoem word, maar ek wil liewers hier wys op die middel-karakter van arbeidsloon. Loon het geen immanente doel nie. Die werkgewer koop nie die arbeid nie, maar hy gee die arbeider sy loon as middel en die arbeider arbei nie vir loon as sodanig nie, maar vir loon as middel. Arbeid is 'n middel en loon is 'n middel. Hieroor kan ook baie gesê word, maar ek volstaan hiermee.

In ons beskouing van arbeid en loon, kon ons aantoon dat die mens nie net arbei t.w.v. loon nie, en dat loon nie net vir arbeid gegee word nie. Maar in die hier aangeduide spanning word dit nou 'n keuse tussen OF: arbeid net vir loon - OF: loon net vir arbeid. Die kapitalistiese wins-motief-ideaal is bekend: loon net vir arbeid; arbeid is koopwaar, liefs maksimale arbeid vir minimale loon t.w.v. maksimale wins vir die werkgewer. Die leuse van sommige sosialistiese rigtings is ook bekend: arbeid net vir loon; loon is hoofsaak; liefs maksimale loon en minimale arbeid in belang van die werknemer.

En so word in die werknemerorganisasies die stryd om loon en loonsverhoging een van die belangrikste strewes. Die Kapitalis buit met sy magsposisie die arbeid uit, die ander buit met sy magsposisie die loon uit. Op die kwantifisering van loonarbeid wat 'n interessante aspek van die arbeids-etiese problematiek bied kan ek ongelukkig nie ingaan nie. Alhoewel die modale begronding van ~~van~~ loon juridies is, kan dit tog ook nie geïsoleer word van die etiese nie. In die gedeelte oor die normatiewe bepalinge van arbeid het ek aangetoon dat die arbeider die vrugte van sy arbeid werd is. Dit maak die werkgewer eties verplig om toe te sien dat sy werknemer voldoende loon ontvang om homself en sy afhanklikes na behore te versorg. In die verhouding werkgewer-werknemer moet die persoonsliefde (as sedenorm) gerealiseer word. En dit is manifestering van persoonsliefde wanneer die arbeidende mens vergoed word vir die arbeid en arbeidsvrugte wat hy lewer, deur die persoon in wie se diens hy arbei.

In sy meerwaardeleer veroordeel Marx die winsmotief van die uitbuiter-Kapitalis maar hy vervals arbeid deur arbeid net vir loon te propageer. Sy meerwaarde staan ook net i.v.m. die arbeid van die homo faber wat ekonomiese goedere produseer en dit is 'n verenging van die arbeidsbegrip, omdat die arbeid van die ander arbeidende mens vir Marx nie arbeid is nie.

Wat Marx se akkumulasie-teorie (akkumulasiewet) betref hoef dit nie noodwendig 'n akkumulasie van ellende te veroorsaak nie. Groot ondernemings kan ook groot dink, voordeliger beplan, kragtige mededinging die hoof bied en langs die weg vir die werknemer groter sekuriteit en beter lone waarborg. M.b.t. die konsentrasie van kapitaal en mag in die hande van kleiner groepe, hoef dit nie noodwendig tot 'n konsentrasie van ellende vir die proletariaat te wees nie, maar dan moet die kapitalistiese werkgewer roepingsgetrou en Skrifgehoorsaam sy vermoëns en mag nie misbruik nie. Waar die norm van persoonsliefde prakties in beoefenig gebring word, kan die groter mags- en kapitaalkonsentrasie

ook in belang van die welsyn van die mensdom en die arbeiders as 'n geheel aangewend word. Gehoorsaming van die arbeidsetiese norme is ook hier 'n voorvereiste om die geakkumuleerde kapitaal (produksiemiddele) en die gekonsentreerde mag in belang van die mensdom aan te wend. Dit is baie duidelik dat akkumulasie en konsentrasie beslis gevare inhou, (ook etiese gevare) soos Marx m.i. tereg raakgesien het, maar die gevare lê soos verduidelik nie in die versameling en konsentrasie van kapitaal en mag nie, maar wel in die wyse waarop dit gebruik en aangewend word.

Akkumulasie en konsentrasie van kapitaal en mag kan groot nut en voordeel sowel as onheil en gevare meebring. Alhoewel ekself geen helder insig het oor wat (arbeidseties gesien) die juiste verhouding tussen groot-kapitaal en klein-kapitaal asook die tussen groot-ondernemer en arbeider behoort te wees nie, kan ek my nie vereenselwig met die opvattinge van Marx nie. Sy vrees en voorspellinge m.b.t. die genoemde teorieë is m.i. nooit bewaarheid nie. Die posisie en lot van die industrie-arbeider (en ander arbeiders) het inteendeel deur die jare heen verbeter. Deur arbeidswetgewing, arbeidsooreenkomste, sosiale versekering, ens. ens. is die lot van die werknemer vandag baie gunstiger as enkele dekades gelede (veral in die vorige eeu).
Marx het ook geen reg om te spreek van 'n akkumulasie-wet nie. Miskien wel van 'n tendens, maar beslis m.i. nie 'n wet nie.

M.b.t. Marx se sg. uitbuitingsteorie wil ek kortliks daar op wys, dat dit m.i. misleidend is om dit so voor te stel dat die Kapitalis arbeidlose inkomste geniet. Die werkgewer arbei net so wel soos die werknemer en albei is m.i. arbeidende mense. Die werkgewer is ook 'n homo laborans. Die historiese feit dat die kapitalistiese ondernemer die werknemer uitgebuit het (en deur Marx raakgesien is) moet betreur word veral ook uit arbeidsetiese oorwegings. Maar die vraag moet hier gestel word of 'n kapitalistiese opvatting van kapitaal noodwendig tot uitbuiting lei, of hoef te lei. Dit is geensins noodsaaklik dat die lewensbelange van die kapitalistiese werkgewer en die werknemer diametraal teenoor me-

kaar hoef te staan nie. Dit is egter nodig om te let op die relasie tussen arbeid en kapitaal. Loon is kapitaal wat aan die arbeider toegeken word vir sy arbeid en is dus onmisbaar in industriële omstandighede, alleen maar, loon volgens: die arbeider is sy loon werd. By die arbeider is beide onskeibaar. By die werkgewer het ons ook beide. Vir die onderneming het hy kapitaal nodig en hy gebruik dit vir sy ondernemingsarbeid. Die ondernemer is ook sy loon werd,*waarby die winsmotief 'n rol mag speel sonder uitbuiting. Die verhouding word dus arbeid - loon by beide, d.w.s. 'n harmonies-gedifferensieerde arbeidsverdeling met 'n harmonies-gedifferensieerde loonverdeling (waarby aan beide reg geskied).

Wat Marx se verellendingsteorie betref, gee hy 'n historiese verklaring van die oorsaak van die ellende; o.a. sê hy: "Die Betätigung der Arbeitskraft, die Arbeit, ist aber die eigene Lebenstätigkeit des Arbeiters, seine eigene Lebensäusserung. Und diese Lebenstätigkeit verkauft er an einen Dritten, um sich die nötige Lebensmittel zu sichern. Seine Lebenstätigkeit ist für ihn also nur ein Mittel, um existieren zu können. Er arbeitet, um zu leben. Er rechnet die Arbeit nicht selbst in sein Leben ein. Sie ist vielmehr ein Opfer seines Lebens. Sie ist eine Waare, die er an einen Dritten zugeschlagen hat. Das Produkt seiner Tätigkeit ist daher nicht der Zweck seiner Tätigkeit...Was er für sich selbst produziert, ist den Arbeitslohn. Das Leben fängt da für ihn an, wo diese arbeit aufhört, am Tisch, auf der Wirtshausbank, im Bett." 1)

Ondanks Marx se aanvalle op die kapitalistiese stelsel, moes hy nogtans die voordele en progressie t.o.v. die kapitalistiese regime erken. Van die Bourgeoisie sê hy o.a. die volgende: "Durch Ausbeutung der Natur, Maschinetechnik, Eisenbahnen, Schiffahrt, Industrie, Physik und Chemie hat sie ganze Weltteile er-

---

1) Lohnarbeit und Kapital, p. 14.

schlossen und zivilisiert und eine ungeheuere Vermehrung der Bevölkerung bewirkt."[1] Marx se verellendingsteorie is nog steeds 'n teorie en dit het nog nie in vervulling gegaan nie. Ondanks Marx se voorspellinge het die lewenspeil van die werknemers nog steeds gestyg. Omdat Marx "Verelendung" as primêre dryfkrag tot rewolusie gesien het, moes hy altoos baie geserveerd optree teenoor enige strewe om die sosiale posisie van die proletariaat te verbeter. Groter tevredenheid en beter arbeidstoestande sal die rewolusie-drang verswak.

Histories het Marx se profesieë oor die kapitalistiese stelsel nog nie in vervulling gegaan nie. En vir sover Marx sy visie prinsipieel noodsaaklik beskou, kan daar-op gewys word, dat dit nie prinsipieel noodsaaklik is nie, en dat by die eventuele ondergang van die kapitalistiese stelsel dit ook aan ander oorsake gewyt sou kon word. Die toenemende "immiseratie" van die proletariaat het nie so volgens plan toegeneem soos voorspel deur Marx nie. Met dwingende bewyskrag kan gekonstateer word dat die posisie van die werknemer aansienlik verbeter het. Die Calvinisme verwelkom verbetering van toestande en lotgevalle van werknemers en verwerp die beskouinge van Marx in hierdie verband nl. dat die vlam van haat nie moet blus nie en die rewolusionêre impuls nie moet verswak of kwyn nie.

Marx se meerwaardeleer, sy akkumulasieteorie, sy konsentrasieteorie, sy uitbuitingsteorie en sy verellendings-teorie skyn 'n beroep op feite te wees wat Marx prinsipieel vertolk. Samehangende kritiek kan hier ook gegee word, maar ek volstaan hiermee.

c. <u>Kritiek op Marx se beskouinge t.o.v. die noodwendige oorwinning oor die wantoestande deur die Kapitalisme geskep.</u>

My eerste kritiek staan i.v.m. Marx se kunsmatige verdeling van die arbeidende mens in twee onversoenbare en antagonis-

---

1) Löwith - Von Hegel zu Nietzsche, p. 267.

tiese groepe nl. die Kapitaliste en die Proletariërs. Di is m.i. 'n ernstige verminking van die gekompliseerde samelewingsstruktuur. Volgens Kraan het Marx die "klasse"-begrip geformuleer. Ek wil graag hier byvoeg dat Marx die "klasse"-begrip gepostuleer het. Dit is 'n m.i. kunsmatige en geforseerde dualisme wat nie in die praktyk behoort te bestaan nie en in stryd is met die reeds genoemde opvatting van die Skrifgeoriënteerde "organiese" arbeidsgemeenskap.[1)]

Dat die arbeidende mens in die kosmos gedifferensieer is in werkgewers (ondernemers) en werknemers ens. is 'n feit wat nie geloën kan word nie. Maar ek kan volgens die loonopvatting wat ek kortliks uiteengesit het,[2)] loondiens nie soos Marx net sien as selfontadeling en selfvervreemding van die arbeider nie. Die arbeider is in ooreenstemming met die norme wat vir die arbeid geld die vrugte van sy arbeid werd (sy loon werd) en wanneer hy deur sy werkgewer beloon word sodat hy instaat is om sy verpligting teenoor homself en ander wat van hom afhanklik is, na behore na te kom, kan daar m.i. nie sprake wees van selfontadeling en selfvervreemding nie.

Dat die arbeider (en veral die industrie-arbeider) dikwels in die verlede tot loonslaaf verneder is en sy arbeid as koopwaar beskou is kan nie ontken word nie, maar dat die arbeider wat regverdig beloon word vir die arbeid en arbeidsvrugte wat hy lewer net 'n produksiemiddel is, is m.i. 'n vervalsing van die arbeidsbegrip soos verstaan deur die Calvinis. Vir Marx is die kapitalistiese stelsel die oorsaak van al die ellende vir die (deur die Kapitalisme gevormde)proletariaat. M.i. is dit nie die kapitalistiese stelsel wat die oorsaak van die uitbuiting ens. is nie, maar wel die Kapitaliste wat misbruik van hulle produksiemiddele gemaak het en nie hulle winsmotief aan die diensmotief gesubordi-

---

1) sien p. 210.
2) sien p. 282 en 283.

neer het nie.

As gevolg van die ongelyke verdeling in die samelewing (die kapitalistiese ondernemer het die produksiemiddele en die proletariër het net sy arbeid om te verkoop) het stryd tussen die twee "klasse" vir Marx 'n noodwendigheid geword. Kollektiewe optrede van die proletariaat kan die Kapitalisme die onderspit laat delf. Marx doen 'n beroep op die arbeiders om hulleself te verenig. So word Marx die vader van die klassestrydleer wat hom ten doel stel om die Kapitalis te onteien en 'n klaslose en staatlose maatskappy te verwerf. Ek het reeds in die gedeelte oor die vakbeweging aangetoon dat teenoor die kringverskeuring (arbeidsverskeuring) en rewolusie soos gepropageer deur Marx die Calvinisme as teenvoeter stel arbeidsgemeenskap "in U lig", en onderlinge oorlegpleging. Teenoor die beginsel van klasverdeling en die metode van klassestryd stel die Skrifaanvarende Calvinis dus "organiese" arbeidsgemeenskap en oorlegpleging. Die Calvinis sal nie homself beywer om sosiale en ekonomiese (en andere) toestande deur rewolusie en deur geweld te verbeter nie. Die aangewese weg vir hom is die van hervorming. Onderlinge samewerking, begrip, vertroue, ens. moet nagestreef word en nie die onteiening van die ondernemer en omverwerping van bestaande maatskappy-verhoudinge op geweldadige wyse nie. Die verantwoordelike nastrewing van arbeidsgemeenskap tussen werkgewer en werknemer is m.i. die taak van die Skrifgeoriënteerde arbeidende mense, en nie dit wat Marx beoog nl. die verheffing van die proletariër tot heersende "klas" nie.

Ek kan my vereenselwig met die volgende stelling van Niebuhr: "The question which confronts society is, how can it eliminate social injustice by methods which offer some fair opportunity of abolishing what is evil in our present society without destroying what is worth preserving in it, and without running the risk of substituting new abuses and injustice in the place of those abolished."[1]

---

1) Niebuhr - Moral man in immoral society, p. 155.

Van die klassebegrip sê Dooyeweerd tereg m.i. die volgende: "Het klassenbegrip daarentegen is van individualistisch karakter. Het verdraagt zich niet met de gemeenschapsgedachten, die aan de universalistische kijk op de sameleving inhaerent is."[1)]

Ek kan nie as Calvinis die stelling van Marx onderskryf dat rewolusie geregverdig is nie. Volgens Protestants-Christelike visie moet teenoor die rewolusie die evangelie geplaas word. Hervorming van bestaande onreëlmatighede en toestande moet gestel word teenoor die propagering en toepassing van geweld en bloedvergieting. Lg. is 'n destruktiewe weg terwyl die Calvinis in die plek hiervan positiewe beginsels en metodes wil toepas en handhaaf in gehoorsaamheid aan die deur God gestelde arbeidsnorme en verordeninge vir menslike arbeid en die menslike samelewing. Wat bymekaar hoort nl. werkgewer en werknemer mag nie op geweldadige wyse uitmekaar geskeur word nie.

Oor die funeste gevolge van die klassestryd-beginsel wat deur Marx as die lokomotief van die geskiedenis beskryf word het ek reeds kritiek gelewer in die kritiese opmerkinge oor die vakbeweging.[2)] In die ryk gevarieerde samelewing is daar baie samelewingskringe en hulle behoort m.i. volgens die beginsel van harmoniese differensiasie van mekaar gebruik te maak en mekaar onderling te steun en wedersyds te bevrug. Daar moet m.i. in 'n hoogs gekompliseerde samelewing (ondanks sy snelle struktuurveranderinge en wisselende konjunkture) mense te wees wat die kapitaal verskaf. Daar moet ook mense wees wat as produksiekragte die goedere vervaardig en die dienste lewer. Arbeidende mense verskil van aanleg arbeidsvermoë, vaardigheid, intellektuele begaafdheid, inisiatief ens. Om al die mense wat die eienskappe besit om produksiemiddele te akkumuleer te onteien sal 'n onhoudbare toestand in die wêreld skep wat beslis nie 'n bate vir die mensdom kan wees nie.

---

1) Dooyeweerd – Vernieuwing en Bezinning, p. 192.
2) sien o.a. p. 205 v.v.

Dit is m.i. belangrik om enkele kritiese opmerking te maak vanuit Calvinistiese standpunt op die godsbeskouing van Marx. Is Marx in sy antropologie homosentries kan ons stel dat hy in sy godsbeskouing kosmosentries is. Marx het God en duiwel uitgeban uit sy beskouinge en denke. Die Christen is vir Marx onbruikbaar in die proletariese stryd en die Christelike godsdiens 'n refleksie van slegte maatskaplike toestande. Omdat die Christen 'n mens is wat op vlug is vir eie realiteit is hy 'n maklike prooi vir die kapitalistiese uitbuiter. Die Christelike godsdiens sal saam met die kapitalistiese régime verdwyn.

Vir die Skrifaanvarende Calvinis is godsiens egter geen begeleidingsverskynsel van die Kapitalisme nie, en o.i. ook geen tydelike en verbygaande verskynsel nie. God Drie-Enig bestaan vir die Calvinis transendent aan die kosmos waarvan Hy die Skepper Onderhouer en Regeerder is. Hy is die Absolute Beskikker oor die lotgevalle van al die idionne (w.o. die idiostansies). Dit behoort tot die wese van die mens om God te dien (ook met sy arbeid) en primêr is die daar-syn van die mens tot verheerliking van God wat hom geskape het en geroep het om o.a. te arbei. Marx se beskouinge oor God en godsdiens is God-onterend en onskriftuurlik. Teen die Almagtige en lewende Skepper-God stel Marx die outonome mens wat 'n produk van natuurnoodwendigheid is. Teenoor die uitbanning van God uit alle menslike denke stel die Calvinis die belydenis van en diens aan dié God wat die kosmos met alles wat daarin is geskape het.

Godsdiens is geen opium waarmee die Kapitalis die proletariaat benewel nie. Godsdiens is die verpligte diens aan die lewende God deur die mens wat deur God geskape is en deur Hom geroep is tot diens in God se skepping. A.g.v. sy godbeskouing is Marx se beskouinge "diesseitig", horisontaal-eschatologies gerig en sekulêr. Sy leer moet deur die Calvinis verwerp word. Die Calvinis glo ook in Christus wat die vervloekte mens (en kosmos) deur Sy Middelaarsdood en -bloed in beginsel weer herstel en met God versoen het.

T.o.v. Marx se geskiedbeskouing kan die volgende kritiese opmerkinge gemaak word, nl. dat vanuit Calvinistiese standpunt ons nie met Marx kan saamstem dat die geskiedenis begin met menslike arbeid nie. Geskiedenis is tipies menslik, maar dit begin nie met die arbeid van die mens nie. Die historie van die mens begin vir die Skrifgelowige vanaf die skepping van die mens op die sesde skeppingsdag. Vir Marx is arbeid die enigste weg tot selfbevryding uit die nood en noodsaak van natuurgebondenheid. Die laaste beslissing val vir Marx in die wêreldgeskiedenis op die terrein van die arbeid.

Vir die Calvinistiese navorser is dit (in ooreenstemming met die geopenbaarde waarhede uit God se Woord) 'n erkende waarheid dat die kosmos (insluitende die mens) vervloek is, en dat die mens in 'n worstelstryd met die aarde gewikkel is om sy daaglikse brood te verdien. Arbeid is egter nie die enigste weg of dié weg waarlangs bevryding van die probleme deur die vloek veroorsaak verkry kan word nie. Die enigste weg is dié van verlossing uit die mag van die sonde en oprigting (herstel) van die vervloekte mens, in en deur Christus. Die laaste beslissing sal ook nie val op die terrein van die arbeid nie, maar die eindstryd volgens die Heilige Skrif sal woed tussen God en die Satan waarin die vors van die duisternis finaal oorwin en geoordeel sal word.

Die geskiedenis van die produksie-prosesse is m.i. nie die verklaringsgrond van die geskiedenis nie en die Calvinis kan nie die historiese determinisme van Marx onderskryf nie. Dit is God wat alles bestier en rigting aan alles gee. Marx se "diesseitige" optimisme word ook deur die feite en praktyk geloënstraf. Die mens is geen outonome selfbeskikker oor eie lewenslot nie. Dit is God wat regeer. Die optimistiese stelling van Marx dat die geskiedenis progressie van die mensheid na lig en vryheid is, is 'n dwaling. Sonder God in Christus het die mens (ook die Marxistiese mens) geen hoop op sukses of vrede en geluk. Die utopie waarvan die Godverwerpende sosialistiese arbeider droom is 'n illusie. In hierdie bedeling voor die finale oorwinning van Christus oor

die Duiwel en sy ryk van duisternis sal volkome vrede, geluk en vreugde nooit verwerf (of verkry) word nie. Die mens is volgens die Calvinistiese beskouinge nie outonoom en selfbeskikker nie. Dit is God wat die lotgevalle van mense en volke beskik. Dit was die ~~oorsaak~~ gevolg van die mens se val en daaropvolgende vervloeking dat die mens hom van die beskikking en leiding van God in die historie gaan emansipeer het. Die mens het beskikker geword oor sy eie lot (soos Marx dit ook leer). Sindsdien is volgens Stoker met die antwoorde van die mens wanantwoorde en met sy kultuurvorming wankultuur en met sy diens van God opstand verbind. So het 'n stryd vir die héle geskiedenis kenmerkend geword, 'n stryd waarin die soendood van Christus 'n fundamentele en sentrale rol speel.[1] Dit is 'n stryd wat op alle terreine 'n stryd is tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis.

Geskiedenis is volgens Stoker: "voortgaande (toerekenbare, verantwoordelike) antwoording van die mens op die opeenvolgende take (vrae, eise, probleme) in die opeenvolgende tydsgewrigte en situasies aan die mens gestel".[2] Die mens ontdek moontlikhede en met sy aard, aanleg, talente en funksies is hom moontlikhede gegee. Ook bied die natuur vir hom moontlikhede. Hy moet dit beheers om kultuur te vorm. Die mens het moontlikhede om God te dien, en dit word hom gebied deur omstandighede, geleenthede en situasies ens. Die mens ontdek die moontlikhede. Hulle is vir hom gegee. Hulle stel sy take vir hom. Hulle hou die eis in dat hulle verwesenlik sal word. Met die mens se antwoord daarop (met sy realisering van die moontlikhede, met sy vervulling van die aan hom gestelde take) vorm die mens geskiedenis. Geskiedenis is dus antwoord-ing op wat van hom gevra word. Geskiedenis volgens Stoker is roepingsvervulling en met sy roepingsvervulling verwesenlik die mens nie net sy bestemming op aarde nie, maar ook die van die kosmos.[3]

---

1) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 228.
2) Ibid., p. 226.
3) Ibid.

God lei die geskiedenis o.a. deur aan die mens sy take (roeping) te stel en wel soos 'n vraag sy antwoord lei. "Dan word dit duidelik dat God die geskiedenisvormende mens as Sy medearbeider gebruik om Sy Raadsplan op aarde te verwesenlik. Dit is die religieus verdiepte sin van geskiedenis."1) Die hierbo gestelde geskiedbeskouing van Stoker wat die Calvinistiese beskouing vertolk verskil dus radikaal van die geskiedbeskouing van Marx c.s. sowel wat die doel, blikrigting, taak ens. as die eintlike Skrywer van die historie is nl. God. Marx se geskiedenisbeskouing is horisontaal en aardsgerig. Dit is "diesseitig" en los-van-God. Dit is geen antwoord van die mens op die moontlikhede deur God gegee nie, maar eintlik antwoorde op die ekonomiese situasies waarin die arbeidende mens hom vind. Dit is nie diens aan God nie, maar selfrealisering. Met natuurnoodwendigheid sal Marx se utopie wat die sin van die geskiedenis is, verwerklik word. Vir hierdie optimisme vind Marx geen wetenskaplike bewyse nie. Sy ekonomies-deterministiese geskiedbeskouing het noodwendig gelei tot sy historiese (dialektiese) materialisme. Die opvattinge van Marx oor die sin van die geskiedenis moet deur die Calvinis verwerp word as deterministies en onskriftuurlik.

Vir Marx is die kulminasiepunt van die historie, sy eie filosofie en die stryd van die proletariër, die Marxistiese of <u>messiaanse heilstaat</u>. Hierdie werkersparadys van Marx bly 'n onrealistiese illusie (droom). Vir die Calvinis wat die sondeval en daaropvolgende vloek van God oor die skepping (die mens ingesluit) bely en aanvaar as geopenbaarde waarheid uit die Woord van God, staan dit onomstootlik vas, dat die mens op eie krag nooit 'n paradys sal skep nie. Hy verwag dan ook van die optimistiese omverwerping van die kapitalistiese stelsel en die onteiening van die kapitalis geen utopie nie, maar wel chaos, katastrofe en anargisme.

---

1) Stoker - Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 228.

Dat op hierdie aarde (in hierdie bedeling) 'n tydperk sal aanbreek wanneer die swaard sal verdwyn en vrede die aarde sal oorstroom is beslis in stryd met die voorspellinge van die Heilige Skrif, asook in stryd met die aard, karakter en natuur van die vervloekte mens. Selfs die in beginsels versoende en verloste mens kan nie daarin slaag om blywende vrede in hierdie bedeling te bewerkstelling nie. Van 'n "diesseitige" paradys is geen sprake nie. Solank daar mens op hierdie aarde saamlewe en saamarbei sal daar altyd probleme, stryd, konflikte, stakings, uitsluitings, en onvrede, haat, uitbuiting, dominering, geweld, bloedvergieting, ens. wees. Marx se sosialistiese heilstaat wat eintlik 'n klaslose, staatlose (en gesaglose) eindtoestand sal wees, kan hoogstens 'n ideaal wees, maar in die praktyk sal dit tot chaos en anargisme lei. Marx se geloof in die proletariaat sal en het teleurgestel. Sy utopistiese heilstaat as eventuele wêreldstaat kan nog nie bespeur word nie. Wat ook al die uitkoms van die leer van Marx c.s. mag wees, vir die Calvinis is dit 'n vaste oortuiging dat in hierdie bedeling deur geen filosofie, beweging, organisasie, leer, ens. 'n paradystoestand geskep kan word waarin enkel vrede heers en al die stryd en konflikte verby is nie.

Die "diesseitige" en materialistiese eschatologie van Marx mag as ideaal en ideologie 'n magtige stimulus wees vir die proletariër om volgens Marxistiese patroon die voorgestelde weg van rewolusie en geweld te volg, maar dit kan met sekerheid voorspel en gekonstateer word dat die utopie deur Marx aan die sosiale mens voorgehou onbereikbaar, onrealisties en onwaar is. Al mag ons nie ons oë sluit vir al die ellende en uitbuiting wat die werknemer moes verduur deur die jare wat verby is nie, moet ons nogtans stel dat o.i. die oplossing nie lê op die weg deur Marx c.s. aangewys nie. In die weg van arbeidsgemeenskap, onderlinge oorlegpleging, erkenning van mekaar as mede-arbeiders in God se diens, deur die gehoorsaming van die arbeidsetiese norme deur God gestel, deur die realisering van die sedenorm van persoonsliefde ens. kan werkge-

wers en werknemers met wedersydse agting en onderlinge vertroue roepingsvervullend 'n basis vind vir harmoniese saamarbeiding tot eer van God en die welsyn van die geskape kosmiese idionne (w.o. die idiostansies)

Ek wil in die laaste instansie enkele opmerkinge maak oor Marx se kairos-idee. Marx het deur sy verkondiging van die parousie van die heilstyd feitlik die vader van 'n nuwe religie geword, die religie van die proletariër. Dit is m.i. 'n gesekulariseerde religie wat hy stel in die plek van die Christelike religie wat hy verwerp het. Wetenskaplik het Marx probeer aantoon dat die tyd aangebreek het vir die proletariaat om die mensheid te verlos. Die proses is histories gedetermineer. Alhoewel gespreek word van Marx se missionêre bewussyn, outoritêre en apodiktiese in sy optrede, sy sienersblik, ens. moet tog gekonstateer word dat Marx gedwaal het. Wat hy voorspel het het nie in sy eie tyd gebeur nie, en het in al die jare sedert sy dood nie gebeur nie. Marx die sg. profeet van die proletariaat is m.i. 'n valse profeet wat die arbeiders (veral die industrie-arbeiders) mislei het en onnodige stryd, rewolusie, bloedgeweld ens. deur sy profesieë en Sosialistiese leerstellinge veroorsaak het.

d. Enkele slotopmerkinge oor Marx en die Marxisme.

Ek wil eerlik erken dat dit uiters moeilik was om by benadering reg te laat geskied aan die beskouinge, leerstellinge ens. van 'n veelsydige navorser soos Karl Marx. Baie van sy insigte, teorieë, opvattinge, stellinge ens. ens. is nie eers genoem nie. Vir die doel van hierdie proefskrif het ek egter kortliks aandag gegee aan sy arbeidsbeskouing, sy opvattinge oor arbeidsverhoudinge en arbeidsetiese beslouinge. Ek wil dit net hier noem dat dit wat Marx geskrywe en geleer het baie bygedra het om die arbeidsetiese problematiek van die werknemer te vererger.

Marx se leer kan m.i. tereg ook ekonomisme genoem word. Hy verabsoluteer die ekonomie-kring van produsente. Ons moet die belangrikheid van die ekonomie-kring wel waardeer maar Marx se eko-

nomisme bevredig nie. Dit is m.i. 'n miskenning van die veelkleurige en veelvormige verskeidenheid van die menslike samelewing met sy veelvuldige samelewingskringe. Elkeen van die verskillende kringe het 'n taak en plek wat nie deur die ander kringe oorgeneem kan word nie. Elkeen moet in sy eie selfstandigheid erken en waardeer word. Onderlinge afhanklikheid en wedersydse aanvulling is noodsaaklik. Die verheffing van een kring of modaliteit tot dié eintlike kring of modaliteit in die kosmos is 'n eensydigheid en doen onreg aan die modale verskeidenheid en idiostant-gestruktureerdheid van die kosmos.

Ondanks die waarheidsmomente van die Marxistiese leer en ondanks die magtige invloed wat hierdie leer op die denke en dade van miljoene arbeidende mense uitgeoefen het, kan ek nie anders as om die leer van Marx c.s. in hoofsaak te verwerp op grond van die Protestants-Christelike arbeidsetiese (en ander) opvattinge van die Calvinisme wat in gehoorsaamheid aan die geopenbaarde Woord van God bepleit word nie.

Marx het van industriële ontwikkeling, tegniek ens. alle heil vir die mensdom verwag. Gesien egter in die lig van die ~~horisontale~~ vertikale betrokkenheid van alle idionne (w.o. die idiostansies) op God en gesien in die lig van die "orde van sondeval en verlossing" kan die Calvinis nie alle heil van industriële ontwikkeling verwag nie. Hy moet rekening hou met die vloek van God a.g.v. die ongehoorsaamheid en val van die mens. Ook menslike arbeid is getref (geskend) deur die vloek asook alle industriële ontwikkeling en arbeidsverhoudinge. Ook hierdie belangrike benadering het geen plek in Marx se leer nie. Met hierdie beknopte kritiese beoordeling van Marx wil ek volstaan.

# S L O T.

## 1. Samevatting.

### a. Arbeid volgens die orde van skepping.

Soos dikwels in hierdie proefskrif vermeld behoort arbeid as skeppingsidion tot die goddelike skeppingsorde. Dit het nie later gevolg as straf en vloek a.g.v. die ongehoorsaamheid en val van die eerste mense in die paradys nie. Met die skepping van die mens is die aanleg en moontlikheid om te kan arbei sowel as die opdrag en roeping óm te arbei gegee. Arbeid bestaan nie as selfstandige idion los van die idiostansie mens nie, maar is mensafhanklik. Arbeid is as skeppingsidion afhanklik van die mens as idiostansie wat arbei.

Ek het die stelling gemaak dat arbeid 'n kreatuurlike en relasionele idion is. Omdat die geskape en arbeidende mens van God kiesmoontlikheid ontvang het, t.o.v. die aanwending of nalaat van sy arbeid is die mens toerekenbaar vir wat hy doen of versuim om te doen. En omdat deur God vir die arbeid sekere norme (en behorenseise) verorden is, is die arbeidende mens verantwoordelik teenoor God vir die gehoorsaming of oortreding van die arbeidsnorme.

Wysgerig-antropologies beskou is arbeid 'n skeppingsidion wat vir sy aanwending van die idiostansie mens afhanklik is, en ek het in my analise en ondersoek van arbeid onderskeid gemaak tussen die werk van God, die werk van die mens, die werk van diere en die werk van masjiene ens. Omdat menslike arbeid kreatuurlik is, wil ek dit onderskei van die werk van God wat ewig en bowetlik is, en omdat menslike arbeid toerekenbaar en verantwoordelik en wetsonderworpe is, wil ek dit onderskei van die werk van diere en masjiene. Diere en masjiene ontvang geen kiesmoontlikheid nie en die arbeidsnorme deur God vir die mens gestel geld nie vir diere en masjiene nie (hulle kan nie verantwoordelik gehou word nie). Ek wil en dit is my oortuiging, die begrip arbeid slegs in verband bring met die unieke, kreatuurlike, toerekenbare en verantwoordelike werk wat deur die arbeidende mens verrig word.

Die mens kan van dierewerk en masjienwerk gebruik maak, maar dan is dierewerk en masjienwerk eintlik slegs die verlengstuk van menslike arbeid. Arbeid behoort tot die wese van die mens. Met sy skepping en plasing in die Tuin van Eden, het gepaard gegaan sekere opdragte, verpligtinge, verantwoordelikhede, bevele, ens. God het die mens in sy kreatuurlike uniekheid op 'n besondere wyse met gawes en moontlikhede begiftig en tot 'n besondere doel in Sy skepping bestem. God het aan die mens 'n besondere taak (roeping) in die geskape kosmos opgelê. Volgens die geopenbaarde Woord van God is die mens 'n beelddraer van God, geskape na die beeld en gelykenis van God. Volgens Christelik-reformatoriese mensbeskouing is die mens (i.c. die arbeidende mens) in strictu sensu God se mens. Elke poging om die geskape mens onafhanklik van sy relasie tot God te begryp, laat 'n beslissende dimensie van die mens-wees buite rekening, 'n dimensie wat vir die verdere verstaan van die mens onmisbaar is.

Ons het in die skepping die konkrete mens as eenheid teenoor die universele eenheid van die menslike samelewing. Die konkrete mens as idiostansie is tegelyk die geindividualiseerdste en gesosialiseerdste idiostansie in die kosmos. Hy is behalwe kroonpunt van die geskape idionne ook nog die knooppunt van al die samelewingskringe waaraan hy behoort en waarin hy geïntegreer is. Die arbeidende mens as beelddraer van God arbei individueel maar ook in samewerking met ander arbeidende mense. Sy arbeid vind dus plaas in gemeenskap met ander arbeidende idiostansies.

Volgens die hiërargiese ordening van die samelewing vind ons uitvoerende amptenare, besturende direkteure, voormanne, opsigters, toesighouers ens. ens., en die arbeidende mens vind hom in die milieu waar hy arbei gekonfronteer met óf gesagsdraers óf gesagsonderdane (of albei). As gesagsonderdaan moet die arbeidende mens gehoorsaam wees aan húlle wat gesag oor hom moet uitoefen, en as gesagsdraer moet hy met verantwoordelikheid sy gesag uitoefen teenoor diegene oor wie hy gestel is.

Soos aangetoon in die analise van menslike gesag, is die gesagsamp 'n struktuurprinsiepe van 'n betrokke samelewingskring en vorm die gesagsverhouding 'n inherente bestanddeel van die kreatuurlike orde van die menslike samelewing as sodanig..Omdat God 'n God van orde is, het Hy gesag as ordende idion en ordende beginsel vir die mens en die mens-in-gemeenskap verorden. Dit geld ook vir die arbeidende mens waar hy arbei. Gesagsverhoudinge is altyd persoonlik of dit nou die Absoloute gesag van God is of die betreklike afgeleide gesag van die een mens oor 'n ander, (of die een samelewingskring teenoor die ander samelewingskring).

God het die mens wat o.a. ook vir arbeid geskape is, geskape as 'n vry wese. Menslike vryheid is 'n onselfgenoegsame en kreatuurlike skeppingsidion. Ook in sy vryheid (net soos in die geval van menslike arbeid) het die geskape mens kiesmoontlikheid en is hy toerekenbaar. Hy kan God se norme (en behorenseise) gehoorsaam of oortree en dit maak hom verantwoordelik teenoor God wat die norme verorden het. Gesien in verhouding tot die kosmos is menslike vryheid heerskappy. Die arbeidende mens wat menslike vryheid ontvang het, kan deur sy kultuurskeppende en beheersende arbeid, heerskappy beoefen oor die ander skeppingsidionne (w.o. idiostansies). In sy verhouding tot die Skepper van alle dinge is menslike vryheid diens, en in die verhouding tot sy mede-beelddraer is menslike vryheid liefdesorg.

Om nou die maksimale diens aan God te lewer, die maksimale liefdesorg te kan bied en die ruimste mate van heerskappy te kan beoefen met sy arbeid, is dit noodsaaklik dat die arbeidende mens nie verkneg of verslaaf word nie. Hy moet genoegsame vryheid vir eie inisiatief en selfstandige besluite toegelaat word sodat hy instaat kan wees om met sy arbeid sy beste te kan lewer. Degradering van die arbeidende mens tot loonslaaf of masjienslaaf is mensonterend en vryheidskrenkend. Dit is 'n depersonalisasie (dehumanisasie) wat frustrerend is vir die arbeidende mens sodat hy nie instaat is om sy arbeid toerekenbaar en verantwoordelik te

kan verrig nie.

God werk en Christus werk, en die mens as beelddraer van God het van God die opdrag ontvang om te arbei. In die arbeidssfeer waar die geskape mens arbei mag gesag nie in magsmisbruik ontaard nie en moet die arbeidende mens die basiese vryheid gegun word sodat hy instaat gestel word om sy arbeid toerekenbaar en verantwoordelik te kan lewer.

Wanneer ons die arbeidsidion wysgerig-kosmologies ondersoek ontwaar mens dat arbeid behoort tot die terrein van veral die kosmiese dimensie van gebeurtenisse wat die kosmos primêr in sy feitlike en dinamiese bepaaldheid laat sien. Arbeid is aktiwiteit, handeling, aanwending van fisiese kragte en energieë ens. Arbeid behoort tot die sfeer van die dinamiese. Alhoewel die ander drie kosmiese dimensies (nl. dié van modaliteite, idiostante struktu-re en waardes) ook sekere gesigspunte bied van die arbeidsidion, het dit geblyk uit die analise van arbeid, dat dit eintlik die kosmiese dimensie van gebeurtenisse is wat aan die dinamiese karakter (eienskap) van menslike arbeid reg laat geskied. Ondersoek ons arbeid m.b.t. die ander drie kosmiese dimensies onderskei ons bv. modale soorte arbeid, strukturele tipes arbeid en arbeidswaarde.

Ondersoek ons arbeid as aktiwiteit (handeling) in die lig van die kennis wat die kosmiese dimensie van gebeurtenisse ons bied, ontwaar ons dat arbeid 'n gebeurtenis is. Hier is arbeid as aktiwiteit sélf te vinde. Hier kan arbeid as aktiwiteit sélf "getuig" wat dit presies is. Arbeid as handeling van die idiostansie mens is geen outomatiese of outokinetiese aktiwiteite (handelinge) nie. Arbeid is geen dinamiese gebeurtenis of aktiwiteit (handeling) onafhanlik van enige gestelde doel of beoogde doelstelling nie. Arbeid is 'n middel wat deur die arbeidende mens aangewend word om 'n gestelde doel te verwerklik. Doelmatige en doelbepaalde aktiwiteite mag wel deur arbeid veronderstel word, maar dit is nog geen arbeid nie. Sonder doelstélling is van

arbeid geen sprake nie. Arbeid is menslike aktiwiteite (handelinge) wat as middel aangewend word om doelstellinge te aktualiseer. Van al die idiostansies is die arbeidende mens die enigste idiostansie wat sy doel kan visualiseer (en stél) en dit d.m.v. sy arbeid kan nastreef en verwerklik. Menslike arbeid is as arbeid transendent-teleïes gerig. Ons kan onderskei tussen horisontaal-kosmies-gerigte doelstellinge en vertikaal-transendent-buitekosmies-gerigte doelstellinge. Daar bestaan m.i. geen religieus-neutrale arbeid nie.

Hier kan nog genoem word dat arbeid wel skeppend in sekondêre sin aangewend word vir die vervaardiging van kultuur- en ander produkte, maar dit moet duidelik gekonstateer word dat arbeid self nie skeppend is nie. Arbeid is verder universeel en kontinu. Dit hou nie op nie, is nooit áf nie en vorm 'n kontinue kettingreeks van menslike aktiwiteite (die oorgaan van die een taakeenheid na die ander). Kenmerkend van arbeid is sy ónafheid. Dit is nooit afgesluit nie. As middelaktiwiteit gaan dit van die een taakeenheid na die ander oor). As middelhandeling wat die aktualisering van 'n gestelde doel nastreef vereis dit 'n suksessie van taakeenhede. Hierdie onafgerondheid en onafhandelbaarheid gee aan arbeid 'n betreklik selfstandige betekenis wat soms soos 'n parasiet die bestaan van die arbeidende mens domineer en religieus-verankerde arbeidsvreugde kan beroof.

Arbeid mag as ontiese prinsiepe en skeppingsidion hoog waardeer word, maar die arbeidende mens moet ook aan die ander kant weer waak teen die gevaar van oorskatting of devaluasie van arbeid. Die mens is nie net geskape en geroepe tot arbeid nie, maar van alle menslike aktiwiteite is menslike arbeid m.i. van die belangrikste. Arbeid kan nie van die mens geïsoleer word nie, en die arbeidsbeskouing van die mens weerspieël die mensbeskouing wat hy huldig. Daar moet gewaak word dat arbeid nie verabsoluteer (resp. vergoddelik) word nie, maar dat in ons arbeidswaardering die juiste plek aan arbeid in die samehangende kosmiese verskei-

denheid toegeken word.

Die geskape mens het aanspraak op arbeid en reg op die vrugte van sy arbeid. Waar aan die een kant arbeidsparasitisme veroordeel moet word, omdat een individu nie op die arbeidsvrugte van die ander moet teer nie, moet andersins arbeidsusurpasie verwerp word omdat een individu die arbeid en arbeidsvrugte van die ander nie slegs vir eie nut mag aanwend (t.k.v. die ander individu) nie. Die arbeidende mens is oa 'n homo laborans en hieronder verstaan ek alle arbeid wat deur alle arbeidende mense verrig word. Beide werkgewer en werknemer arbei en of dit nou ook al hoofsaaklik handearbeid of hoofsaaklik intellektuele arbeid is (of albei gemeng) dit bly arbeid. Die opvatting dat die mens alleen arbei as hy ekonomiese goedere produseer kan ek nie onderskryf nie. Die homo faber, die mens wat ekonomiese goedere vervaardig is dan die enigste mens wat arbei, maar dit is 'n verenging van die arbeidsbegrip ('n reduksionisme van arbeid). Waar menslike arbeid as beeld van die werk van God gesien word, is die arbeidende mens ook 'n beeld van die werkende God.

Dit is die taak van die wysbegeerte (i.c. die Calvinistiese wysbegeerte) om die plek te bepaal wat elke radikaal-onderskeie kosmiese idion (w.o. die idiostansie) inneem in die kosmiese totaliteit. So kan arbeid in respectu Dei betrag word en kan die plek van arbeid deur die Calvinistiese wysbegeerte wat 'n teosentriese wysbegeerte is, bepaal word. Volgens hierdie wysbegeerte wat belangrike leenstellinge van die teologie oorneem, moet onthou word dat die kosmos onselfgenoegsaam, abnormaal, afhanklik, kreatuurlik en wetsonderworpe is, en dus ook die arbeid as kosmiese idion.

In ooreenstemming met die Calvinisties-wysgerige en die Calvinisties-kosmologiese visie is arbeid alhoewel mens-afhanklik tog 'n universele idion. Dit is ook afhanklik van God en die ander idionne (w.o. die idiostansies) en arbeid moet in belang van God, medemens en ander mede-skepsels as middelhandeling doelaktualiserend aangewend word. Alhoewel die mens nie net homo labo-

rans is nie, maar ook homo ludens ens., sal arbeid tog m.i. 'n baie belangrike plek en rol beklee in die lewe van elke mens (of behoort te beklee). Hierdie drie-erlei relasie waarin die arbeidende mens met sy arbeid hom bevind is 'n belangrike insig wat deur die Skrifgeoriënteerde arbeidende mens met sy ruimer visie erken word en die sentrale plek wat arbeid in die skepping beklee onderstreep. Dit bied ook beter begrip t.o.v. die doel en opdrag van menslike arbeid. Die drie-erlei verhouding vra die aandag sowel vir die transendent-buitekosmiese en vertikale gerigtheid van arbeid as vir die horisontaal-binnekosmiese gerigtheid daarvan.

Arbeid betrag in respectu Dei, laat arbeid sien as opdrag en roeping van God om deur menslike arbeid, kultuurskeppend en kultuurbeheersend God se naam te verheerlik en die skepping te bewerk en te bewaak. Hiervoor is die mens aan God verantwoordelik en vir sy arbeid toerekenbaar. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die hele kosmos aan die arbeidende mens toevertrou is. Hy moet al die potensialiteite deur God in die skepping gelê aktualiseer. Hy moet die bestemming van die kosmos verwesenlik deur o.a. van natuuridionne kultuuridionne te vorm. Die kosmos het menslike arbeid nodig om o.a. die moontlikhede wat met die skepping gegee is (en wag op die arbeid van die mens) te realiseer, want die kosmos kan dit nie self doen nie. Die idionne wag op menslike arbeid om dit tot kultuuridionne te omskep. Die mens mag nooit antroposentries sy arbeid net vir eie belang en egoïstiese voordele aanwend nie, want al die idionne (w.o. die idiostansies) het aanspraak op die arbeid van die geskape en geroepe mens. Die universele betrokkenheid van arbeid mag nooit deur die arbeidende mens uit die oog verloor word nie. Alle doelstellinge wat in die kosmos geaktualiseer word en moet word is onlosmakelik verbind. Daar is 'n groot verskeidenheid van doelstellinge (gestelde doeleindes) en hulle hang saam. Daar is ook 'n samehang van die doelrealiseringe. Die universele verbondenheid van arbeid mag egter nie kousaal (deterministies) nie maar teleïes ondersoek en besien word.

Die teleïe van arbeid kan soos aangetoon onderskei word volgens die kosmiese dimensies en as die dimensionele samehang ge-eerbiedig word, sal alle arbeidsisolasie verwerp moet word deur die Calvinistiese navorser.

Menslike arbeid is 'n inherente en universele asook integrerende deel van die geskape werklikheid. Dit is verbind met die samehangende verskeidenheid van mens en kosmos. Arbeid betrag "in U lig" en ondersoek vanuit die genoemde drieërlei relasie, bied 'n ruimer arbeidsvisie en groter besef van die taak en doel van menslike arbeid (horisontaal en vertikaal betrag) as enige van die kosmosentriese en horisontaal-kosmies-gerigte arbeidsbeskouinge (soos bv. die Marxisme ens.). Menslike aktiwiteite waarvan arbeid 'n unieke deel uitmaak moet bydra tot die uitbeelding, ja die steeds volmaakter uitbeelding van God in die geskape kosmos. So word die mens mede-arbeider van God.

Wat tot dusver aangebied is oor arbeid kan beskou word as 'n analise en ondersoek van arbeid volgens die "orde van skepping". Dit is egter ook nodig vanweë die vervloeking van die aarde (insluitende menslike arbeid) dat ons menslike arbeid ook nader ondersoek en betrag volgens "die orde van sondeval en verlossing"(resp. van verskeurdheid en herstel).

b. Arbeid volgens die orde van sondeval en verlossing (resp. van verskeurdheid en herstel).

Om die geskape mens as beelddraer van God beter te kan begryp is dit noodsaaklik dat die relasie God-mens nie buite rekening gelaat moet word nie. So is dit nodig vir 'n juiste begrip van arbeid dat arbeid betrag moet word in verband met die sondeval en die daaropvolgende vloek van God oor die aarde uitgespreek (insluitende die mens en sy arbeid). Alhoewel arbeid behoort tot die skeppingsorde en vóór en ná die sondeval en vloek opdrag en roeping van die geskape mens was en is, moet dit tog onomwonde en duidelik gestel word, dat volgens die geopenbaarde Woord van

God, menslike arbeid ingrypend deur die vloek van God aangetas is. Deur die korrupsie en val van die geskape mens het beide die beeld van God en die arbeid nie ongeskonde daar afgekom nie. Slegs die aanvaarding van die Skriflig en die Skrifwaarhede oor die val en vervloeking van die mens (en dus ook sy arbeid) kan m.i. lig werp op die eeue-oue arbeidsproblematiek. Die skepping is getref in al sy verskeidenheid en dus ook t.o.v. die arbeid van die mens. Deur die sonde en die daaropvolgende ingrypende gevolge van die goddelike vloek het arbeid iets bygekry wat nie eie is aan arbeid nie, en voor die sondeval ook nie bekend was nie, nl. die onlus, ooreising, matheid, arbeidsskuheid, spanning, vermoeidheid, onrus, ens. wat arbeid-onder-die-vloek kenmerk. Dit alles het gelei tot die verlies van arbeidsvreugde, arbeidsvrede, arbeidsvoldoening, arbeidssinvolheid ens.

Die verwoestende mag van die kwaad het deurgewerk tot in die arbeidssfeer waar mense saamarbei en in "organiese" arbeidsgemeenskap behoort saam te arbei. Die vervloekte en van God vervreemde de mens sug swaar onder die tirannieke mag van die arbeid-onder-die-vloek. Arbeidsverhoudinge is verskeur, kringeenheid is verbreek, die mens tot arbeidsslaaf verneder en gesag het in magsmisbruik en magusurpasie ontaard. Arbeid-onder-die-vloek het geword slaafse roetine en die vryheidselement het soek geraak. So het ook die verantwoordelikheid in verval geraak. I.p.v. om deur en met sy arbeid God te verheerlik en sy medemens en ander medeskepsels te dien en te bevoordeel, het menslike arbeid dikwels destruktiewe en rampsoedige gevolge vir die arbeidende mens gehad. Menslike arbeid is misbruik, arbeiders uitgebuit ens. en 'n lang lys van tragiese en mensonterende gevolge vir medeskepsels kan hier opgenoem word.

Die Skrifgeoriënteerde Christenarbeider (en dit sluit alle kategorieë arbeidende mense in) verneem ook uit die Heilige Skrif nie net van vloek en rampe oor die afvallige mens en sy arbeid nie, maar

ook van die genade van God in Christus. Skrifkennis bewaar die Christenarbeider van illusionisme m.b.t. menslike arbeid maar leer ook daarby van die opheffing van die vloek (in hierdie bedeling slegs in beginsel maar op die nuwe aarde in volmaaktheid) en die herstel van arbeid en die verskeurde arbeidsverhoudinge deur Christus.

Die opheffing van die vloek en die oorwinning van die kwaad (asook die beperking van die gevolge van die vloek en kwaad) deur Christus, alhoewel slegs in beginsel, het iets te doen met die terugdringing van die Satan en die verkleining van sy invloedsfeer. Prominent figureer die Versoeningsmiddelaar Christus in die herstel en weeroprigting van die skepping asook die versoening en herskepping van die vervloekte mens en sy arbeid. Die genade van God in Christus aan die vervloekte mens bewys, beteken die in beginsel oorwinning van alle demonie, en dus ook van die arbeidsdemonie.

Die arbeidende mens in sy herstelde verhouding tot God deur die soenbloed van die Middelaar Christus beskou sy arbeid in 'n ander lig en perspektief as die Skrifverwerper en -ignoreerder. Die Calvinis hou deeglik rekening met die vloek en sy gevolge (ook vir die arbeid) maar hy mag nie hande-vouend in die status quo berus nie. Hy moet daarvan bewus wees, dat solank hy nog arbei in die deur-sonde-ontwrigte skepping hy steeds teleurstellinge, frustrasies, onlus, vermoeienis, futiliteitsgevoel ens. sal ondervind en dat die ideaal van arbeidsvreugde, arbeidsvoldoening ens. in hierdie bedeling slegs parsieel selfs ook deur die in-Christus-herstelde-mens verwerklik kan word. Tog is daar die vertroostende konsolasie dat deur die bevrydende arbeid van Christus die lewe selfs onder die nog maar in beginsel oorwonne vloek vir die versoende arbeidende mens baie draagliker geword het.

Dit het m.i. duidelik geword dat die analise en ondersoek van menslike arbeid volgens die tweeërlei ordes die verdienstelikste weg is om te kom tot 'n begripsmatige en verklaarbare arbeidsbeskouing en arbeidsvisie.

By die kritiese beoordeling en bespreking van enkele aktuele probleme wat die arbeidsetiese problematiek vir die arbeidende mens vererger het nl. industrialisasie, massifikasie, outomatisering en die vakbeweging, het dit duidelik geword dat die nood van die arbeidende mens (veral die werknemer) roep om 'n indringende arbeidsetiese navorsing met die oog op 'n eventuele oplossing van die probleme en oorwinning van die arbeidsetiese problematiek sover dit moontlik is in hierdie bedeling. Hoe dringend en spoedeisend m.i. die behoefte aan 'n diep-realistiese ondersoek van die legio probleme is wat knelpunte in die lewe van die arbeidende mens vorm, blyk duidelik vir elkeen wat hom in die arbeidsproblematiek en die arbeidsetiese problematiek verdiep. Dit is o.a. om hierdie rede dat ek in hierdie slot ook 'n pleidooi lewer vir die bestaansreg en noodsaaklikheid van 'n Protestants-Christelike Arbeidsetiek.

Verder het ek in die kritiese konfrontering met die arbeids- en arbeidsetiese beskouinge van enkele andersdenkende rigtinge opnuut tot die oortuiging gekom, dat 'n Calvinisties - wysgerige en Protestants-Christelike arbeidsbeskouing groter waardering vir menslike arbeid openbaar en moet openbaar omrede die baie redes wat ek daarvoor genoem het. Dit laat m.i. groter reg geskied aan die arbeidsidion vanweë die drieërlei visie wat dit op arbeid vir ons bied en ook omdat arbeid veral ook as kosmiese idion in sy horisontale maar veral ook in sy vertikale gerigtheid erken en verstaan word. Die arbeidswaardering van die Calvinis is gegrond op kennis wat hy ontvang uit die geopenbaarde Woord van God. Ek het daarop gewys dat die Rooms-Katolieke arbeidsbeskouing en arbeidsetiese beskouinge en die Calvinistiese beskouinge hieroor nader aan mekaar staan as bv. die Calvinistiese beskouinge aan die van die liberalistiese (kapitalistiese) en die sosialistiese (Marxistiese) beskouing oor arbeid en die sedelike. By die laaste twee rigtinge veral vind ons of 'n devaluasie of 'n oorvaluasie van arbeid en 'n horisontaal-gerigte "diesseitige" arbeidsbeskouing.

c. Arbeid en die sedelike.

In hierdie proefskrif is o.a. nagevors wat die wese en die fundamentele eie-aard van die sedelike as skeppingsidione is. Vir die Christen-vakwetens kaplike wat die wesensverskil tussen die idiostansies mens en dier handhaaf, is die sedelike as modaliteit 'n unieke, onselfgenoegsame kosmiese idion met 'n eie-aard, oorsprong, wese en bestemming. Die sedelike as modaliteit word gemanifesteer (kom tot uitdrukking) in die relasie mens tot mens. Dit is inherent in die mens meegegee en die persoonlikheid van die geskape mens is meer as die sedelike idion. Die sedelike word gerealiseer in die intra- en intermenslike verhoudinge. Dit is m.i. die innigste en ingrypendste verhouding waarin die een enkeling tot 'n ander en tot homself kan verkeer.

Die sedelike as modaliteit vind in persoonsliefde sy eie-aard, soewereiniteit, "outonomie" en besondere wetmatigheid. In persoonsliefde vind die sedelike ook sy onselfgenoegsame, oorspronklike en partikuliere universaliteit. In die geheel van die veelheid van kosmiese idionne het die sedelike as sedelike sy eie plek en onmisbare betekenis vir die geheelsstruktuur. Dit het 'n taak om te vervul in die harmoniese geheel. As geskape wese wat deur God in die skepping met 'n opdrag en roeping geplaas is, word die mens gekonfronteer met sedewette of sedenorme wat hy behoort te gehoorsaam maar ook kan oortree. So is daar ook sedenorme wat vir menslike arbeid van toepassing is nl. arbeidsnorme.

Arbeid is geen etiese nie, maar wel ontiese prinsiepe, maar alle arbeid is nie sedelike arbeid nie. So is bv. die arbeid van die komponis wat 'n simfonie komponeer om God te verheerlik nie primêr sedelike arbeid nie, maar dit kan ook indirek sedelike arbeid word (of wees) as die komponis ook sy medemens met sy musiek wil verryk en persoonsliefde hierin vergestalting vind. Dit wat arbeid as sedelike arbeid kwalifiseer is die arbeid wat verrig word om o.a. die medebeelddraer te dien en te bevoordeel sodat persoonsliefde daarin gemanifesteer word.

Ek het in die ondersoek van arbeid en die sedelik onderskei tussen twee groepe normatiewe bepaling wat vir die arbeid geld, en daar op gewys dat in die gehoorsaming van die deur God vir die arbeid gestelde norme die norm van persoonsliefde 'n uiters belangrike bydrae lewer om arbeidsvoldoening te verhoog, konflikvryer arbeidsverhoudinge te bewerkstelling, arbeidsvrede te bevorder en groter onderlinge vertroue en respek te kweek. Aandag is ook geskenk aan sedelik toerekenbaarheid, sedelike verantwoordelikheid en sedelike vryheid asook sedelike gesag. Ook is arbeid en die sedelike in vertikale en horisontale verband ondersoek. Beide die in respectu Dei sowel as die in respectu kosmou visie van arbeid en die sedelike dra by tot beter begrip van hierdie idionne.

Net soos in die geval van die arbeidsidion kan arbeid en die sedelike volgens die tweeërlei ordes ondersoek word. Die vloek wat die arbeid getref het het ook die sedelike getref. I.p.v. persoonsliefde wat spontaan in intermenslike verhoudinge tot realisering gekom het uit gehoorsaamheid aan die verordeninge en sedelike norme van God, het ons in die vervloekte kosmos gevind die krenking van persoonsliefde (die realisering van haat, nyd, ens.) Gebrek aan persoonsliefde in tussen-menslike verhoudinge het funeste gevolge vir arbeid en arbeidsverhoudinge gebaar. Ek het dikwels gewys op die euwels en sedelik-slegte misbruik van werknemers deur uitbuitende ens. werkgewers. Arbeidsverhoudinge - onder-die-vloek het dit baie moeilik gemaak vir werknemers om die arbeidsetiese norme te gehoorsaam en te volbring en dit alles het die arbeidsetiese problematiek vererger.

Verdere gevolge van o.a. die sonde en vloek op arbeidsverhoudinge is die verskeuring van groepe wat bymekaar behoort. Die verdeling van arbeidende mense in twee antagonistiese "klasse" staan arbeidseties veroordeel en is in stryd met die deur die Heilige Skrif verordende arbeidsgemeenskap wat kringeenheid erken en waardeer.

In die deur sonde verskeurde (uitmekaargeskeurde) verhoudinge en in die kosmos waar die kwaad voortwoeker besef die mens sy onmag om die werkinge van die vloek (kwaad) te stuit of te verminder. Maar die in-Chistus-met-God-versoende mens leer uit God se Woord, dat Christus vleesgeword het om die werke van die duiwel (want die duiwel werk ook) te verbreek. Christus herstel deur Sy Soenbloed die verhoudinge soos dit was tussen God en mens (en mens en mens), soos dit was in die status integritatis voor die sondeval en daaropvolgende vloek van God oor die sonde. Christus ondersteun die mens in sy stryd teen die sonde en kwaad deur Sy Heilige Gees. Liefde word ingestort in die harte van bevrydes en herstelde s en in beginsel word die opgerigte mens weer bekwaam om die arbeidsnorme en arbeidsetiese norme te gehoorsaam en om persoonsliefde te betoon. Die sedelike kan alleen aan sy doel beantwoord as skeppingsidion as dit gefundeer is in die diens van God.

Die arbeidende mens wat hom onderwerp aan die gesag van God se onfeilbare Woord het die gewigtige taak en verantwoordelike roeping om in die kring waar hy arbei, in die arbeidsmilieu waar hy geroep is om te arbei, die arbeidsnorme te onderhou en die sedenorm van persoonsliefde in intermenslike verhoudinge te realiseer en tot uitdrukking te bring. Dit is m.i. die enigste weg waarlangs al die euwels en uitwasse a.g.v. die sonde en kwaad bekamp en geëlimineer kan word en arbeidskwaad sover dit moontlik is in hierdie bedeling, bedwing kan word. Gehoorsaam aan God kan die bevryde sondaar deur die gehoorsaming van die arbeidsnorme en die openbaring van persoonsliefde baie bydra om arbeid sinvol te maak en arbeidsverhoudinge te kweek waarin die arbeidende mens vrede, gemoedsrus, voldoening, ens. kan geniet.

2. Pleidooi vir 'n selfstandige Protestants-Christelike Arbeidsetiek.

In my magistersverhandeling het ek gepleit vir die bestaansreg en noodsaaklikheid van 'n Christelik-vakwetenskaplike Etiek. Etiek moet m.i. geëmansipeer word van die oorheersing van die wys-

begeerte of enige ander wetenskap. Dit moet bevry word van sy ondergeskiktheidsposisie as teologiese of dogmatiese dissipline. Ek het samevattend in genoemde tesis die volgende stelling gemaak wat ek graag hier weer met oortuiging wil beklemtoon, nl. "dat Christelik-vakwetenskaplike Etiek as vakwetenskap bestaansreg het, selfstandig uitgebou moet word, en nie as onderdeel van enige ander wetenskap verkneg moet word nie. Dit moet langs eie weg selfstandig, mondig en vrugbaar ontwikkel, soewerein in eie kring. Dit moet verder in vrye wisselwerking verkeer met teologie, wysbegeerte en ander vakwetenskappe."[1)]

In lyn met hierdie beskouing wil ek in hierdie proefskrif 'n ernstige pleidooi lewer vir die uitbou, beoefening en propagering van 'n eie, selfstandige Skrifgeoriënteerde, Protestants-Christelike Arbeidsetiek. Die besondere karakter van die probleme, verhoudinge, situasies, die besondere "vak" waarmee die Arbeidsetiek hom partikulier moet besig hou, en wat dit as wetenskap selfstandig en wetenskaplik moet ondersoek, regverdig die naam en bestaansreg van 'n Christelike Arbeidsetiek. Die Arbeidsetiek het sy eie en besondere veld van ondersoek, sy eie spesifieke probleme, situasies, ens. wat verskil van die van ander etiese dissiplines. Dit wil 'n eie partikuliere visie en beskouing gee van arbeid en die sedelike en die arbeidsetiese problematiek. Dit sal hom besig hou met die arbeidsnorme en die verhouding van ander etiese norme tot die arbeidsidion.

Die Protestants-Christelike Arbeidsetiek sal ook sy eie Skrifgeoriënteerde norme, wette, doelstellinge, opus operandi, ens. hê, en die uitbouing van hierdie etiese dissipline sal mede bepaal word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die vakwetenskaplike navorser. Wat ek in genoemde tesis oor die Christelik-vakwetenskaplike Etiek bied kan met die nodige wysiginge van toepassing gemaak word op die voorgestelde Arbeidsetiek (i.c. Protestants-Christelike Arbeidsetiek om dit te onderskei van die Rooms-Katolieke en ander Arbeidsetieke.)

1) Norval -ongepubliseerde Magisterverhandeling, p. 74. Vir Troost se kommentaar hierop verwys ek na sy Casuistiek en Situasie-etiek, p. 334.

Die belangrike en prominente plek wat die arbeidsidion inneem in die kosmiese geheel, en die nood en problematiek van menige arbeidende mens deur die jare wat verby is (veral vanaf die aanvang van die moderne industrialisasie) vereis intensiewe navorsing, want alleen wanneer al die feite en probleme bekend is kan weë gesoek word om die arbeidsetiese problematiek te oorwin. Hierdie navorsing en ondersoek ens. is die veld van ondersoek van die Arbeidsetiek en in besonder van die Christelike Arbeidsetiek - vir die Calvinisme van die Protestants-Christelike Arbeidsetiek. Slegs deur die gehoorsaming aan die deur God gestelde norme vir die arbeid en deur die gehoorsaamheid aan die etiese norm van persoonsliefde kan arbeid weer in die regte perspektief gesien word, sy sinvolheid vir die arbeidende mens herwin en arbeid weer as roeping en goddelike opdrag beleef en sinvol aangewend word in diens aan God en tot welsyn van die mens en ander mede-skepsels.

Ek wil tenslotte nog hierdie algemene opmerking maak. Ek het my ondersoek van die arbeidsidion aangevang met die doel om o.a. die problematiek veral van die industrie-arbeider nader te bestudeer. Ek het my studie voltooi diep onder die indruk van die pynlike arbeidstragiek van arbeidende mense onder die vloek. Met die wederkoms van Christus wanneer die eindoordeel finaal oor die Satan voltrek sal word, sal ook die arbeid finaal van sy vloek bevry word. Dan sal op die nuwe en herskape aarde menslike arbeid alleen aangewend word vir die doel waarvoor God dit oorspronklik verorden het, nl SOLI DEO GLORIA.

..........

# BIBLIOGRAFIE

AALDERS, W.J. — Handboek der Ethiek, Uitg. Mij. Holland, Amsterdam, 1957.

AALDERS, W.J. — Roeping en beroep bij Calvijn, Noord Holland Uitg. Mij., Amsterdam 1943.

AALDERS, W.J. — De grond der zedelijke, J.B. Wolters' Uitgevers Mij., Den Haag, 1930.

ADAM, D.S. — A handbook of christian Ethics, T.& T. Clark, Edinburg, 1928.

ALBEDA, W. — Vakbeweging en Maatschappij, J.H. Kok, Kampen, 1928.

ALBEDA, W. — De rol van de vakbeweging in de moderne maatschappij, Uitgawe Edeca-Hoorn, s.j.

ALBERTYN, J.R. — Kerk en stad, Pro Ecclesia-Boekhandel, Stellenbosch, 1947.

Althaus, P. — Grundriss der Ethik, C. Bertelmann, Gütersloh, 1953.

BALES, J.D. — Communism, its faiths and fallacies, Grand Rapids, 1962.

BANNING, W. — Het vraagstuk van de arbeid, Vrij Nederland, Amsterdam, 1946.

BANNING, W. — Inleiding tot de sosiale ethiek, Servire, Den Haag, 1946.

BANNING, W. — Hedendaagse sosiale bewegingen, Van Loghum Slaterus N.V., Arnhem, 1954.

BANNING, W. — Moderne maatschappij-problemen, De Erven F. Bohn, Haarlem, 1953.

BAROU, L. — British Trade Unions, London, 1947.

BAVINCK, H. — Gereformeerde Dogmatiek, Deel III, J. H. Kok, Kampen, 1902.

BAVINCK, H. — Hedendaagse moraal, J.H. Kok, Kampen, 1908.

BAVINCK, H. — Christelijke beginselen en maatschappelijke verhoudinge, G.J.A. Ruys, 1908.

BAVINCK, H. — Wijsbegeerte der openbaring, J.H. Kok, Kampen, 1908.

BAVINCK, J.H. — Mens of robot, J.N. Voorhoeve, Den Haag, 1952.

BAVINCK, J.H. — De zegen van den arbeid, J.H. Voorhoeve, S' Gravenage, s.j.

BEDNARIK, Karl. — Gevaarlijke welvaart, Ervan J. Bijleveld, Utrecht, 1908.

BERKOUWER, G.C. — Conflict met Rome, J.H. Kok, Kampen, 1955.

BERKOUWER, G.C. — De mens het beeld Gods (In Dogmatische Studien, J.H. Kok, Kampen, 1957.)

BERKOUWER, G.C. — De zonde I en II, (In Dogmatische Studien) J.H. Kok, Kampen, 1958/1959

BERKOUWER, G.C. — Het werk van Christus, (In Dogmatische Studien), J.H. Kok, Kampen, 1953.

BIDNEY, D. — Theoretical Anthropology, Colombia, University Press, N.Y., 1953

BIENERT, W. — Die Arbeit nach der Lehre de Bibel, Evangelische Verlagwerk, Stuttgart, 1954.

BOK, S.T. — Cybernetica, Aula Boeken, Antwerpen, 1964.

BONHOEFFER, D. — Ethik, Christ. Kaiser Verlag, Munchen 1953.

| | |
|---|---|
| * BLANSHARD, P. | Communism, Democracy and Catholic Power, The Beacon Press, Boston, 1952. |
| BORST, P. | De organisatie van het bedrijfsleven, (In Procesverbaal, Chr. Soc. Conf. Libertas, Utrecht, 1952. |
| BORST, P. e.a. | De verantwoordelijke maatschappij, T. Wever, Franeker, 1958. |
| BOUMAN, P.J. | Revolusie van die eensames, Nasionale Boekhande , Kaapstad, 1958. |
| BOUMAN, P.J. | In de ban der geschiedenis, Prisma-Boeken, Utrecht, 1963. |
| BOTTOMORE, T.B. e.a. | Karl Marx, Penguins, C.A. Watts & Co., 1963. |
| BOWEN, H.G. | A hort history of technology, The Thomas Alva Edison Foundation, New Jersey, 1954. |
| BROWN, J.A.C. | The social psychology of industry, C. Nicholls & Co., 1958. |
| BRUCKBERGER, R.L. | Amerika in beweging, Aula Boeken Utrecht-Antwerpen, 1961. |
| BRUNNING, W. | Philosophische Anthropologie, Ernst Klett-Verlag, Stuttgart, 1960. |
| BRUNNER, Emil. | Gerechtigkeit, Zwingli-Verlag, Zürich, 1943. |
| CALVIJN, J. | Institutie, Deel I, W.D. Meinema, Delft, 1959. |
| CAPLOW, T. | The sociology of work, Univ. of Minnisota Press, Minneapolis, 1954. |
| CHÉNU, M.D. | De arbeid. Pleidooi voor een Theologie, Uitg. Foreholte, Voorhout, 1956. |
| COLE, G.D.H. | An introduction to trade unionism, George Allen and Unwin, London, 1955. |
| DE BIVORT, H. | Automation, some social aspects, Labour Review, LXX:6, 1953. |
| DE BRUIN, P. | Het sociaal probleem, Uitg. Mij., Standaard Boekhandel, Antwerpen, 1956. |
| DE BRUIN, P. | De ethische structuur van de onderneming, H.D. Tjeenk, Willink & Co., Haarlem, s.j. |
| DE JONG, J.J. | Om de plaats van de arbeid, De arbeiderspers, Amsterdam, 1956. |
| * DE KOSTER, L. | Communism and Christian Faith, Grand Rapids, 1962. |
| DE MAN, H. | De psychologie van het sosialisme, Loghum Slaterus, Arnhem, 1927. |
| DE MOOR, J.C. | De kerk en het sociale vraagstuk, W. Kirchner, Amsterdam, 1914. |
| DE RUITER, T. | Ds. J.C. Sikkel en de organisatie van de arbeid, T.Wever, Franeker, 1950. |
| DE RUITER, T. | Minister A.S. Talma, T. Wever, Franeker, 1946. |
| DE VOLDER, N. | De ethiek van de arbeid, E.M. Warnij, Leuven, 1942. |
| DE VOLDER, N. | Arbeid en economische orde, Standaard Boekhandel, Leuven, 1946. |
| DE VRIES, E. | De dienst van de kerk, aan de industriearbeider, T. Wever, Franeker, 1962. |
| DE QUERVAIN, A. | Gesetz und Freiheit, Fr. Frommes, Stuttgart, 1930. |
| DE QUERVAIN, A. | Das Gesetz Gottes, Chr. Kaiser-Verlag, München. Theologische Existenz heute, 1935. |

DIEBOLD, J. — Automation, D. van Nostrand, London 1952.

*DIEDERICKS, N. — Die kommunisme as stelsel, (In Koers in die Krisis, Deel II, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1940.

DIEMER, F.T. — De beloning voor Mannen en vrouwen voor werk van gelijke waarde. Antirevolutionaire Staatkunde, 2 e jaargang, 1948.

DIEPENHORST, P.A. — De loonarbeider, J.H. Kok, Kampen, 1931.

DIEPENHORST, P.A. — Calvijn en de economie, Wagingen, VADA, 1904.

DIRKER, F.W. e.a. — De industrialisatie en ons volk, T. Wever, Franeker, s.j.

DOOYEWEERD, H. — Vernieuwing en Bezinning, T.B. van de Brink & Co., Zuthpen, 1963.

DOOYEWEERD. H. — De Wijsbegeerte der Wetsidee 3 dle, Paris, Amsterdam, 1935.

DOOYEWEERD, H. — A New Critique of theoretical thought, 4 dle, H.J. Paris, Amsterdam, 1953.

DOOYEWEERD, H. — Verkenningen, Buijten & Schipperheijn, Amsterdam, 1962.

DOOYEWEERD, H. — In the twilight of western thought, The Presbyterian and Reformed Publishing Co., Philadelphia, 1960.

DU PLESSIS, P.W.G. — Opskorting van die etiese, Potchefstroom, 1962. Ongepubliseerde proefskrif.

*DUVENAGE, B. — Beroepsarbeid in die lig van die Gereformeerde etiek, 1956, (Proefskrif)

DUVENAGE, S.C.W. — Kerk, volk en jeug, J. Heijns Tzn. Zaandijk, 1962.

DIJK, K. — Om 't eeuwig welbehagen, W.D. Meinema, Delft, 1935.

DRUCKER, P.F. — The new society, New York, 1950.

ELLIOT, J. — The changing culture of a factory, Tavistock Publications, Ltd., 1950

FORSYTH, P.T. — The principle of authority, Independent Press, Ltd., London, 1950.

FORTMAN, — Samewerking in de onderneming, T. Wever, Franeker, 1951.

FORTMAN, W.F. de Caay — Ons sociale erfdeel, H.J. Paris, Amsterdam, 1950.

FROMM, Erich. — The fear of freedom, Kenan Paul, London, 1946.

GEESINK, W. — Van's Heeren Ordinantiën, Inleidende Deel, W. Kirchner, Amsterdam, 1907.

GEESINK, W. — Gereformeerde Ethiek, Deel I en II, J.H. Kok, Kampen, 1931.

GEESINK, W. — De ethiek in de Gereformeerde theologie, (rektorale rede)

GERBRANDY, P.A. — De stryd voor nieuwe maatschappijvormen, De standaard, Amsterdam, 1927.

GOODMAN, L.L. — Man and automation, Unwin Brothers, Ltd., London, 1957.

HABERMEHL, D.N. — Ons dagelijks werk, J.H. Kok, Kampen, 1959.

HAAGOORT, R. — De christelijke sociale beweging, T. Wever, Franeker, 1955.

HAMMOND, J.L. & B. — The rise of modern industry, Methuen & Co., Ltd., London, 1951.

HAMMOND, J.L. & B. — The village labourer, Deel I en II, The British Publishing Guild, London, 1948.

+ HANEKOM, T.N. Die liberalistiese rigting in Suid-Afrika, Die Christenstudentevereniging-maatskappy, van S.A., Stellenbosch, 1951.

HARREMSTEIN, T. Het arbeidsterrein der kerk in de grote steden, J.H. Kok, Kampen, 1913.

HARTLEY, F.A. Our new national labour policy, Funk & Wagnall, Comp., N.Y., 1948.

HAVEMAN, T. De ongeschoolde arbeider, Van Gorcum, & Co., Assen, s.j.

HEPP, V Dr. Herman Bavinck, W. Ten Have, Amsterdam, 1921.

HEPP, V. Ongepubliseerde college diktate, 1926/27

HEYNS, J.A. Die teologiese antropologie van Karl Barth, vanuit wysgering-antropologiese oriëntering, Tafelberg Uitg., Kaapstad, 1964.

HILLERDAL, G. Kirche und Sozialethik, Güterslohr Verlaghaus, Gerd Mohn, 1963.

HOMAN, G.C. The human group, Routledge & Kegan Paul Ltd., London, 1957.

HONIG, A.G. Gereformeerde Dogmatiek, J.H. Kok, Kampen, 1938

HOOGSTRA, e.a. John Calvin contemporary prophet, Baker House, Grand Rapids, Michigan, 1959.

HORNSTRA, D. De mens in de organisasie van de arbeid, Noord Hollandse uitg. Mij. Amsterdam, 1951.

HORRINGA, L. Mens en groep in het bedrijf, Van Gorcum, Assen, 1953.

HOPKINS, C.H. The rise of the social gospel, New Haven, Yale Univ. Press, 1961.

HUIZINGA, J. In de schadu van morgen, H. D. Tjeenk, Willink & Zoon, Haarlem, 1936.

HIJMA, Albert. Christianity, Capitalism and communism, Ann Arbor, Michigan, 1937.

HIJMANS, E. De toekoms van onze arbeid, H. E. Stenfort Kroeze's Uitg. Mij., Leiden, 1950.

JACOBS, P. Prädestination und Verantwortlichkeit, Buchhandlung des Erziehungsverein, Neukirchen Kr. Moers, 1937.

JONES, F.D. The church in communist China, Friendship Press, N.Y. 1962.

KIRN, D. O. Grundriss der Theologischen Ethik, Leipzig, 1921.

KNIBBE, P.G. Particulier bedrijf of sosialisme, T. Wever, Franeker, 1957.

KNUDSON, A.C. The principle of Christian Ethics, Abingdon-Cokesbury Press, N.Y. 1943.

KOHNSTAM, Ph. Gezag en vrijheid in het christelijk leven, W. Ten Have, Amsterdam, 1941.

KUIPER, G. Het ritme in het maatschappelijke proces, (Rede), Van Gorcum & Co,, Assen, 1958.

KRAAN, K.J. Een christelijke confrontatie met Marx, Lenin en Stalin, J.H. Kok, Kampen, 1953.

KRAAN, K.J. Marx (In Denkers van deze tijd), T. Wever, Franeker, 1957.

KUYLAARS, A.M. Het verband tussen werk en leven van de industrie-arbeider, H.E. Stenfort Kroeze' Leiden, 1951.

KRAAYVELD, K.T. Het sociale zekerheid en persoonlijke verantwoordelijkheid, (In Chr. Sos. Conf. Libertas, Utrecht, 1952.

KRUIJT, J.P. Arbeider en nieuwe middenstand, Inoug. rede, 1947.

KUYPER, A. De gemeene gratie, Deel I tot III, Höveker & Wormser, Amsterdam, 1903.

KUYPER, A. Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid, J.H. Kok, Kampen, 1909.

KWANT, R. Ethischen vragen rond wetenschapsbeoefening en techniek, De Erven, F. Bohn, Haarlem, 1962 (In Research en ethiek).

LEVENBACH, M.G. De menselijke verhoudingen in de onderneming (In mensch en Maatscahppij, Sept. 1931)

LEVER, J. Creatie en Evolutie, Gebr. Zomer & Keunings, Wageningen, 1958.

LOUET FEISSER, J.J. De bijdrage van de Wijsbegeerte der Wetsidee tot de vernieuwing van het philosophisch inzicht, J.H. Kok, Kampen, 1961. (In Perspectief)

LOWITH, Karl. Von Hegel zu Nietzsche, Europa-Verlag, Zürich, 1939.

MACHEN, J.G. Christianity and liberalism, The MacMillan Co., N.Y., 1926.

MANNHEIM, K. Man and society, Kegan Paul, London, 1944.

MARCEL, G. Der Mensch als Problem, Frankfurt am Mein, 1957.

+ MARX, Karl. Das Kapital (Kritik der Politische Ökonomie) Laubsche, Berlin, 1921.

MARX, Karl. Capital, Vol. I. J.M. Dent & Son, Ltd., London, 1929.

MARX, Karl. A critical analysis of capitalist production, G. Allen & Unwin, London.

MAYO, Elton. The social problems of an industrial civilization, Boston, 1945.

MAYO, Elton. Democracy and Marxism, Univ. Press, Oxford, N.Y. 1955.

MESS, F. Das Ethik der Freude und der Beruf (In Blätter fur Deutsche Philosophie,) Berlin, 1933/34.

MEYER, H. Op wêg na de samewerking in vrijheid, S' Gravenhage, Martinus Nijhoff, 1950.

MILLER, G.W. The problems of labor, The Macmillan Co., N.Y. 1951.

MOK, S. De vakbeweging, Vrij Nederland, Amsterdam, 1947.

MOK, S. Het arbeidsrecht in zijn maatschappelijke betekenis, (In Mensch en maatschappij) 1931.

MONNEROT, J. Sociology of community, George Allen & Unwin, Ltd., London, 1953.

MONZEL, N. Solidarität und selbstverantwortung, Karl Zink-verlag, München, 1959.

MILLER, A.D. Ethik, Verlag von Alfred, Töpelman, 1937, Berlin.

NAUMANN, G. Arbeid und Beruf (In Die Religion in Geschichte und Gegenwart), J.C.B. Mohn, Tubingen, 1909.

NIEBUHR, R. Moral man in immoral society, Charles Scribner's Sons, London, 1932.

NIEBUHR, R. The nature and destiny of man, Nisbet and Co., Ltd., London, 1945. dle I en II.

NORVAL, D.J.G. Die onderskeid en verband tussen die Teologiese Etiek, Wysgerige Etiek en Vakwetenskaplike Etiek. Ongep. M.A. verhandeling, Potchefstroom, 1950.

ONVLIE, L. Wij mensen, Groningen, 1956, Rede by die aanvaarding van die amp as buitengewone hoogleraar aan die Vrije Universiteit in Kulturele Antropologie.

OSGNIAC, A.J. Must it be communism. J.F. Wagner, London, 1949.

PAUW, S. Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1946.

PEN, J. Moderne economie, Utrecht, Aula-Boeken, Antwerpen, 1963.

POPMA, K.J. Wijsbegeerte en antropologie, Buijten & Schipperheijn, Amsterdam, 1963.

POPMA, K.J. De Plaats der Theologie, T. Wever, Franeker, 1946.

RETIEF, I.F. Die religieuse apriori in die wysbegeerte, Ongep. M.A. verhandeling, Potchefstroom, 1941.

RIETVELD, B. Saecularisatie als probleem der theologische etiek, Uitg. van Keulen, S'Gravenage, 1957 (Dissertasie)

ROGERS, R. Short history of ethics, 1913.

ROSS, A.W. An introduction to Cybernetics, Chapman & Hall, London, 1957.

REICHOLD, L. Die Europaische Arbeitsbewegung, Frankfurt am Main, Deel I en II, 1953.

RICHARDSON, A. The biblical doctrine of word, S.C.M. Press Ltd., London, 1958.

RICHARDSON, A. An introduction to the study of industrial relations, C. Allen & Unwin, London, 1954.

ROETHLISBERGER, F.J. Management and the worker, Harvard University Press, Massachusetts, 1956.

ROGERS, E. The christian approach to the communism, Edinburg House, London.

ROGERS, C.B. Spirit of revolution in 1789, Princeton, Univ. Press, 1949.

ROMME, C.P.M. Over het begrip arbeid, Van Munster's Uitg. Mij., Amsterdam, s.j.

RÖPKE, W. Civitas Humana, Eugen Rentsch Verlag, Erlenbach, Zürich, 1949.

RÖPKE, W. The social crisis of our time, W.Hodge & Co., London, 1950.

RÖPKE, W. International Order and economic integration, D. Reidel Publ. Comp., Dordrecht, 1959.

ROSSMAN, K. Deutsche Geschichtphilosophie von Lessing bis Jaspers, Carl Schuneman Verlag, Bremen, 1959.

RUPERT, A.E. Nywerheidsvennootskap in die praktyk, (Rede), 1961.

RUPP, J.C.C. De sociaal-economische boodschap der Protestantse kerken, Albani, Den Haag s.j.

RUPPERT, M. De Nederlandse Vakbeweging, De Erve Bohn, Haarlem, 1953, Deel I.

RUPPERT, M. De Nederlandse Vakbeweging, De Erve Bohn, Haarlem, 1953, Deel II.

RUPPERT, M. Naar een rechtsorde van de arbeid, J.N. Voorhoeve, Den Haag, s.j.

SAMUELSON, P.A. Economics, McGraw Hill, Book Co., N.Y., 1958.

SCHELER, M. Arbeit und Ethik, Christentum und Gesellschaft, Der Neue Geist Verlag, Peter Reinhold, Leipzig 1924.

SCHELER, M. Moralia, Der Neue Geist Verlag, Peter Reinhold, Leipzig 1923.

SCHELER, M. Die Wissensformen und die Gesellschaft, Bekenntnis und Arbeit, Der Neue Geist Verland, Peter Reinhold, Leipzig, 1923.

SCHILDER, K. Recht tot werkstaking, J.H. Kok, Kampen, 1934.

SCHIPPERS, R. Gereformeerde Zede, J.H. Kok, Kampen, 1954.

SCHIPPERS, R. Het grote stad en het massaprobleem, J.N. Voorhoeve, Den Haag, s.j.

SCHLESINGER, R. Marx, his time and ours, Rouledge & Kegan Paul, London, 1950

SCHOEP, H.J. Was ist der Mensch, Berlin, 1960.

SCHUBART, W. De komende Europeesche Mensch, Uitg. De Librije, Haarlem, 1955.

SCHUMAN, C.G.W. e.a. Ekonomie, Uitg. Stellenbosch, 1957.

SCHNEIDER, E.V. Industrial sociology, Mc Graw-Hill, Book Co., London 1951.

SCHUMPETER, J.A. Capitalism, Socialism and Democracy, G. Allen & Unwin, Ltd., London, 1959.

SCHUMPETER, J.A. Imperialism and social class, A.M. Kelly, N.Y. 1951.

SCHUMPETER, J.A. Aufsätze zur Soziologie, J.C.B. Mohr, Tubingen, 1953.

SEVERIJN, J. Geschiedenis der Ethiek, J.H. Kok, Kampen, 1940

SEVERIJN, J. Principia, Uitg. Mij., Broekhoff, Keminck & Zoon, Utrecht, 1938.

SIETSMAN, K. Goddelijke Soevereiniteit en menschelijke verantwoordelijkheid, S.J.P. Bakker, Amsterdam, 1941.

SIKKEL, J.C. Vrijmaking van den arbeid, Boekhandel Höveker en Wormser, 1903.

SIKKEL, J.C. Vakorganisatie naar christelijke beginselen, J.C. Sikkel9fonds, Haarlem, 1928.

SIZOO, A. Techniek in de oudheid, J.H. Kok, Kampen, 1961.

SMEENK, C. Christelijke sociale beginselen, J.H. Kok, Kampen, 1934, Deel I.

SMEENK, C. De ontwikkeling der maatschappij, J.H. Kok, Kampen, 1955.

SMEENK, C. Christelijke sociale beginselen, J.H. Kok, Kampen, 1936, Deel II.

SMELSER, K.N.T. Social change in the industrial revolution, The Univ. Press of Chicago Press, 1959.

SMITS, P. Kerk en stad, Boekencentrum, S' Gravenhage, 1952.

SOE, N.H. Christelijke Ethik, Chr. Kaiser Verlag, München, 1949.

SOROKIN, P.A. Social and cultural mobility, The Press of Glencoe, Illinois, 1959.

SOMBART, W. Der moderne Kapitalismus, Duncher

& Humbolt, München, 1921.

SOMBART, W. Der Proletarische Sozialismus, Verlag von Gustav Fischer, Jena, 1925 dle I en II.

SOMBART, W. Der Proletarische Sozialismus, Verlag von Gustav Fischer, Jena, 1925. Deel I.

SPIER, J.M. Wat is Calvinistische Wijsbegeerte, J.H. Kok, Kampen, 1950

SPOELSTRA, H.H. De oorsprong van de Nederlandse Vakbeweging, Uitg. van Keulen, Den Haag, 1955.

STÉPHAN, R. De weste op de dwaalweg, T. Wever, Franeker, 1951.

STOKER, H.G. Kristendom en wetenskap, Van Schaik, Pretoria, 1929.

STOKER, H.G. Die wysbegeerte van die skeppingsidee, De Bussy, Pretoria, 1933.

STOKER, H.G. Beginsels van Christelike wetenskapsleer (In Koers in die Krisis) Deel II, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1941.

STOKER, H.G.

STOKER, H.G. Iets oor 'n Calvinistiese Wysbegeerte (In Koers in die Krisis), Deel III, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1941.

STOKERK K.G. Die grond van die sedelike, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1941.

STOKER, H.G. Die stryd om die ordes, Caxton Drukkery, Pretoria, 1941.

STOKER, H.G. Das Gewissen, Verlag von Friedrich Cohen, Bonn, 1925.

STOKER, H.G. Calvinisme en wysbegeerte (In Standpunte) Nrs. 6, 7. en 8, 1948.

STOKER, H.G. Die idee van menslike vryheid, (In Jaarboek van die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, Jaarboek XIII

STOKER, H.G. Praktiese Calvinisme, Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1956.

STOKER, H.G.Die s Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid veral in samelewingsverbande, (In Koers, Jg. XXXI, 1964.

STOKERK H.G. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse (In Philosophia Refomata, Jg. 29, 1964.

STOKER, H.G. Die betekenis van die mens as beeld van God (In Homo viator), H.A.U.M. Kaapstad, 1965.

STOKER, H.G. Moet ons die sedelike tot 'n funksie beperk. (In Koers Aug. 1956)

STOKER, H.G. Die mensbeskouing in die wysbegeerte. (In Koers, Jan -Febr. 1960)

STOKER, H.G. Antropologiese wetenskappe en die beeld van God, (In Koers, Jan-Febr. 1958)

STOKER, H.G. Hoe is ons roeping wêreldwyd. Pro Rege-Pers, Potchefstroo m. 1963.

TALJAARD, J.A.L. 'N kritiese studie van die ontiese status van waardes, Verhandeling vir M.A., ongepubliseer, Potchefstroom 1950.

TAWNEY, R.H. Religion and the rise of Capitalism, John Murray, London, 1926.

TAYLOR, G.R. Are workers human, The Falcon Press, London, 1950.

TAYLOR, G.R. De mensen in de fabrieken, N. Samsons, Alphen aan de Rhijn, 1958.

THIELICKE, H. Theologische Ethik, J.C.B. Mohr, Tübingen, 1951.

TILLCH, P. De verlorene Dimension, Furche Verlag, Hamburg, 1962.

THIERRY, D De bedreigde mens, J.N. Voorhoeve, Den Haag 1956.

TREDGOLD, R.F. Human relations in modern industry, Gerald Duckworth, & Co., London, 1949.

TROOST, H. Casuistiek en Situasie-Ethiek, Drukkerij Libertas, Utrecht, 1958.

TROTSKY, L. The Russian Revolution, Doubleday, & Co., N.Y. 1959.

VAN BIEMEN, A. De Zedelijke waardering van de arbeid in het industiialisme, van Gorcum & Co., Assen, 1950

Van Dijk, R. Vrijheid en gebondenheid van de mens in de samelevinng, Gebr. Zomer en Keunings, Wageningen, s. j.

VAN EOK, H.J. Boeren en fabriekarbeiders, Uitg. Contact, Amsterdam, s.j.

VAN LIER. J.A.M. De sociale boodschap der Pauslijke encyclieken, Albani, Den Haag, 1949.

VAN NIEROP, C. Massificatie in onderneming en bedrifstak, Chr. Soz. Conf. Libertas, Utrecht, 1952.

Van Peursen, C.A. Filosofische Oriëntatie, J.H. Kok, Kampen, 1958.

VAN OYEN, H. Evangelischen Ethik, 1952.

VAN RIESSEN, IR.H. Filosofie en techniek, J.H. Kok, Kampen, 1949.

VAN RIESSEN, Ir. H. Maatschappij der Toekomst, T.Wever, Franeker, 1953.

VAN RIESSEN, Ir. H. Roeping en techniek, J.H. Kok, Kampen, 1952.

VAN RIESSEN, Ir. H. Op Wysgerige wegen Gebr. Zomer en Keunings, Wageningen, 1958.

VAN RIESSEN, Ir. H. Verantwoordelijkheid in verval, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1953.

VAN RIESSEN, Ir. H. Moderne algemeenheid, J.H. Kok, Kampen, 1963.

VAN RIESSEN, Ir. H. Mens en werk, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1962.

VAN RIESSEN, Ir. H. Knooppunten in de moderne cultuur, Uitg. Waltman, Delft, 1964.

VAN DER KOOY, T.P. Tussen beginsel en belang, Gebr. Zomers& Keunings, Wageningen 1950.

VAN DER KOOY, T.P. Over economie en humaniteit, Gebr. Zomers & Keunings, Wageningen 1954.

VAN DER WALT, S.P. Die wysbegeerte van Herman Bavinck, Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1953.

VITELES, M.S. Industrial Psychology, Jonathan, Cape, London, 1955.

VORSTER, J.D. Humanisme (In Koers in die Krisis) Deel I, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1935.

VAN DER SANDEN, L. De mensch als beeld Gods, J.H. Kok, Kampen, s.j.

VON BISMARCK, K. Kontinenten wachsen zusammen, Kreuz Verlag, Stuttgart, 1961.

VON MISES, L. Socialism, Jonathan Cape, London, 1951.

WATERINK, J. Persoonlijkheids-ontplooiing in het bedrijfsleven, J.N. Voorhoeve, Den Haag, s.j.

WEBER, A. Der Kampf zwischen Kapital und Arbeit, Tubingen, 1954.

WEBER, E. Der freie und der gebundene Arbeitsmark, Berlin, 1953.

WHITEHEAD, T.N. The industrial worker, Oxford Univ. Press, London, 1938.

WICKHAM, E.R. Church and people, in an industrial city, Lutterworth Press, London, 1953.

WIENER, N. The human use of human beings, Houghton, Mifflin Co., Boston, 1954.

WRIGHT, D.M. Capitalism, Mc Graw-Hill, Bookshop, N.Y. 1951.

WURTH, G. Brillenburg, De christelijke zedeleer, J.N. Voorhoeve Voorhoeve, Den Haag, 1934.

WURTH? G. Brillenburg. De christelijke vrijheid, J.H. Kok, Kampen, 1934.

WURTH, G. Brillenburg. De antithese in deze tijd, J.H. Kok, Kampen, 1946.

WURTH, G. Brillenburg. Kentering in de vrijzinnigheid, J.H. Kok, Kampen, 1952.

WURTH, G. Brillenburg. Het Christelijk leven, Grondlijnen der Ethiek, J.H. Kok, Kampen, 1957.

WURTH, G. Brillenburg. Gestalten der liefde, J.H. Kok, Kampen, 1953.

WURTH, G. Brillenburg. Het christelijk leven in de maatschappij, J.H. Kok, Kampen, 1951.

WIJNHOLDS, H.W.J. Geld, goud en goedere, Die akademiese Pers, Pretoria, 1953.

YODER, D. Personnel management and industrial relations, Sir Isaac Pitman & Sons, London, 1958.

ZUIDEMA, S.U. Communisme in ontbinding, Gebr. Zomer & Keunings, Wageningen, s.j.

ZUIDEMA, S.U. Schumpeter (In Denkers van deze tijd, T. Wever, Franeker, 1957.

## ARTIKELS GERAADPLEEG.


1. ALBEDA, W. e.a. Bezitvorming. In Nederlands Gesprek Centrum, No. 27.
2. AUMONT, M. Women in factory: a record of personal experience. In International Labour Review, No. 14, Oct. 1956.
3. BARENDSE, B.M. e.a. De vrijheid, In Nederlandse Gesprek Centrum, No. 21.
4. BRUMMER, V. Die funksie van transendentale Kritiek in die Wysbegeerte. In Perspektief, Jaargang 3, Nos. 2 en 3, 1964.
5. CORNELISSEN, L.H. e.a. De arbeid van de gehuwde vrouw buiten haar gezin, In Nederlandse Gesprek Centrum, No. 13, 1956.
6. COUTURIER, W. e.a. Huidige mensbeschouwing, In Nederlands Gesprek Centrum, No. 24.
7. Du Plessis, [illegible] Etiese aard en etiese norm. In Philosophia Reformata, 28 e jaargang 1963.
8. FORTMAN, W. F. de G. Die Ziele der Evangelisch-Sozialer Bewegung. In Unser täglich Brot. Vierter Internationaler Evangelisch-Sozialer Kongress, 1950.
9. GERBER, J.M. Die Christelike wysgerige etiek. In Perspektief. Jaargang 4, No. 1, 1959.
10. GROEN, K. Soevereiniteit in eigen kring. In Nederlands Gesprek Centrum, No. 5.
11. HUG, Walther Die Gewerkschaftsfreiheit. In unser täglich Brot. Vierter Internationaler Evangelisch-Sozialer Kongress, 1950
12. INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. The employment of older women. In International Labour Review, No. I, 1955.
13. INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. Automation and other technological developments. Report I, International Labour Conference, 1957.
14. INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. Employment of married women and mothers of families. In International Labour Review, LXII, No. 6, 1951.
15. KEULEMANS, Th. Het subsidiariteitsbeginsel. In Nederlands Gesprek Centrum, no. 5.
16. LANNES, Xavier International mobility of manpower in Western Europe. In International Labour Review, LXIII, No. 1 -2, 1956.
17. [illegible] The "Labour Foundation" in the Netherlands. In International Labour Review Vol LXXV, 1957.
18. POPMA, K.J. Cursus ter inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, s.j. (Getik)
19. STOKER, H.G. Die beginsel: Eenheid en differensiasie. In Koers, Deel XXX, Julie-Aug. 1962.
20. STRAUS, G. Patterns of participation in Local Unions. In Industrial and Labor Relations Review, Vol. 6. No. 1, 1952.

21. VAN DER KOOY, T.P. Maatschappij en cultuur. In Anti-RevolutionaireStaatkunde. 21 e jaargang, No. 9, Sept. 1951.

22. VAN DER KOOY, T.P. Diepenhorst en de economie. In Anti-Revolutionaire Staatkunde. 23 e jaargang, No. 11, 1951.

23. VAN BIEMEN, A. e.a. Voldoening van de arbeid. In Nederlands Gesprek Centrum, No. 14.

24. VAN DER STELT, J.C. Some tentative remarks concerning the relationship between philosophy and theology. In Perspektief, Jaargang 3, No. 1, 1964.

25. VEIL, CLAUDE Medicla and psychological aspects of industry. In International Labour Review, LXXV, No. 1, 1957.

26. VOLLENHOVEN, D.H. Conservatisme en progressiviteit in de wijsbegeerte. In Conservatisme en progressiviteit in de wetenschap, 1958.

27. WESTRATE, C. Industrial peace in the Netherlands, In Industrial and Labor Relations Review, Vol. 6, No. 1, Oct. 1952.

28. ZIJLSTRA, J. De Ondernemer in dezen tijd. In Ondernemer en zijn maatschappelijk bestel. Redevoeringe uitgesproken op de jaarvergadering van de Protestants-Christelijke Werkgevers in Nederland in 1957.


..............